


MANUALIA 36
UNISA 1986





*Dié afbeelding van Kalliope is afkomstig van die François-vaas (ongeveer 570 v.C., Florence) en is die vroegste voorstelling van 'n identificeerbare muse (die woord KALIOPE is regs van haar kop op die kruik geskryf). Sy hou 'n stel panfluite vas. [Afbeelding na W. Roscher, *Lexicon der griechischen und römischen Mythologie*, Georg Olms, Hildesheim, 1965]*

KALLIOPE I

GRIEKSE JAMBIESE EN ELEGIESE POËSIE VAN ARCHILOCHOS TOT THEOGNIS

Saamgestel met kommentaar deur

J H BARKHUIZEN

Mede-professor in Grieks
Universiteit van Pretoria

W J HENDERSON

Professor in Klassieke Tale
Randse Afrikaanse Universiteit

C A VAN ROOY

Professor in Klassieke
Universiteit van Suid-Afrika

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA
PRETORIA 1986

© 1986 Universiteit van Suid-Afrika
Alle regte voorbehou

ISBN 0 86981 327 7

Geset deur die
Universiteit van Suid-Afrika

Gedruk deur
Gutenberg Boekdrukkers
Pretoria

Uitgegee deur die
Universiteit van Suid-Afrika
Muckleneuk, Pretoria

Μῶσ' ἄγε Καλλιόπα, θύγατερ Διός,
ἄρχ' ἐρατῶν ἐπέων, ἐπὶ δ' ἥμερον
ῥῆμα καὶ χαρίεντα τίθη χορόν

(Alkman fr. 27 P)

Die publikasie van hierdie werk is moontlik gemaak deur bykomende finansiële steun van die volgende:

Die Navorsings- en Publikasiekomitee van die Universiteit van Pretoria;
Die Publikasiekomitee van die Randse Afrikaanse Universiteit.

Inhoud

VOORWOORD xi

AFKORTINGS xiv

1 ARCHILOCHOS VAN PAROS EN THASOS 1

1 INLEIDING 1

1.1 Lewe en werk 1

1.2 Archilochos en Jambiese poësie 2

1.3 Archilochos en Elegiese poësie 4

2 FRAGMENTE VAN ARCHILOCHOS 6

(a) Fr.7D : Standvastigheid in leed 6

(b) Fr.58D : Die mag van die gode en die wisselgang van die lewe 17

(c) Fr.67aD: Volharding te midde van leed 21

(d) Fr.68D : Die mens 'n dagwese 31

(e) Fr.74D : Die ongelooflike gelooflik! 33

2 KALLINOS VAN EFESE 38

1 INLEIDING 38

1.1 Lewe en werk 38

2 FRAGMENTE VAN KALLINOS 39

(a) Fr.1D: Dis edel om vir die vaderland te sterwe 39

3 TURTAIOS VAN SPARTA 50

1. INLEIDING 50

1.1 Lewe en werk 50

2 FRAGMENTE VAN TURTAIOS 52

(a) Fr.6D: Dis edel om vir die vaderland te sterwe 52

- (b) Fr.9D: Dapperheid in die stryd vir die vaderland die ware deug 61

4 SEMONIDES VAN AMORGOS 72

- 1 INLEIDING 72
- 1.1 Lewe en werk 72
- 2 FRAGMENTE VAN SEMONIDES 74
 - (a) Fr. 1D: Die mens 'n dagwese 74
 - (b) Fr.29D: Kortstondigheid van die lewe 84

5 MIMNERMOS VAN KOLOPHON 90

- 1 INLEIDING 90
- 1.1 Lewe en werk 90
- 2 FRAGMENTE VAN MIMNERMOS 92
 - (a) Fr.1D: Liefdes- en lewensvreugde 92
 - (b) Fr.2D: Die kortstondigheid van die lewe 97

6 SOLON VAN ATHENE 103

- 1 INLEIDING 103
- 1.1 Lewe en werk 103
- 2 FRAGMENTE VAN SOLON 106
 - (a) Fr.1D: Die universele menslike strewe na rykdom 106
 - (b) Fr.3D: Regverdige teenoor onregverdige regering 121

7 XENOPHANES VAN KOLOPHON 132

- 1 INLEIDING 132
- 1.1 Lewe en werk 132
- 2 FRAGMENTE VAN XENOPHANES 134
 - (a) Fr.1D: Betoon ontsag vir die gode 134
 - (b) Fr.2D: Kundigheid die ware deug 148

8 THEOGNIS VAN MEGARA 158

- 1 INLEIDING 158
- 1.1 Lewe en werk 158
- 2 FRAGMENTE VAN THEOGNIS 161
 - (a) Reëls 39– 52: Slegte heersers ruïneer 'n stad 161
 - (b) Reëls 133– 142: Die menslike beperktheid 168
 - (c) Reëls 173– 178: Die vloek van armoede 172
 - (d) Reëls 183– 192: Geld verbaster afkoms 174
 - (e) Reëls 197– 208: Straf van diegene wat rykdom onregverdig verkry 179

- (f) Reëls 351– 354: Die vloek van armoede 185
- (g) Reëls 355– 360: Standvastigheid in teëspoed 187
- (h) Reëls 425– 428: Waarom nog lewe? 191
- (i) Reëls 441– 446: Standvastigheid in teëspoed 193
- (j) Reëls 699– 718: Die mag van rykdom 196
- (k) Reëls 731– 752: Pleidooi vir die geregtiges 204
- (l) Reëls 825– 830: Treur oor julle vaderland in ge-
vaar 209
- (m) Reëls 1029–1036: Standvastigheid in teëspoed 213
- (n) Reëls 1135–1146: Hoop ... as laaste hoop 217

BIBLIOGRAFIE 223

Voorwoord

Die lees en bestudering van die vroeë Griekse kortpoësie (jambe, elegie en liriek) word aan ons universiteite so te sê geheel en al verwaarloos. 'n Keur uit die eposse van Homeros en die tragedies van Aischulos, Sophokles en Euripides, of 'n komedie van Aristophanes, is al Griekse poësie waarmee die student (en so die uiteindelijke dosent) kennis maak. Die Grieke se prestasie in epos en drama maak die insluiting van hierdie genres in die studie-program onvermydelik. Maar die beeld van die Griekse poësie bly gevolglik onvolledig: tussen die *Ilias* en *Odusseia* (agste eeu v.C.) en die *Agamemnon* (vyfde eeu v.C.) is daar 'n stilte. Dit is hierdie stilte wat deur die Griekse jambiese, elegiese en liriese poësie gevul is. In daardie drie eeue het die Griekse ideëwêreld en taalontginning in literêre gestalte ontwikkel, en is die Homeriese erfgoed bewaar, omvorm en vergroot, en aan die tragedie-skrywers bemaak. Die koorgedeeltes van 'n drama, byvoorbeeld, het 'n geskiedenis wat tot vóór Homeros teruggaan en veral in die liriese poësie tot die vyfde eeu vergestalt is.

Die huidige werk wil hierdie gaping minder maak deur die materiaal daar te stel wat die kontinuïteit van die Grieke se poësie skepping en denke van Homeros tot die tragici versinnebeeld. Hierdie volume, *Kalliopē I*, konsentreer op die poësie in jambiese en elegiese versmaat, terwyl *Kalliopē II* die liriek sal betrek. In die antieke literêre tradisie was jambe, elegie en

liriek, vir ons almal "liriek", afsonderlike digsoorte, elk met 'n eie aard, geleentheid of funksie, en wyse van aanbieding.

Die soort hulp wat in die kommentaar verskaf word, is bedoel om die student te begelei in die drie fases wat by die ontsluiting van 'n antieke literêre teks ter sprake kom: die taalontleding (filologie), die vormontleding (metrum en struktuuranalise) en vertolking (interpretasie). Die *apparatus criticus* dien om die belangrikste teksvariante en -voorstelle (emendasies) aan te dui as hulpmiddel by die vertolking van die teks.

In die geval van die filologiese kommentaar is aanvaar dat 'n standaard-woordeboek en grammatikaboek gedurig geraadpleeg sal word. Verwysing na Liddell-Scott-Jones se groot *Greek-English Lexicon* is, byvoorbeeld, beperk tot gevalle waar die student probleme met die opspoor van 'n woord of die bepaalde betekenis van 'n woord mag ondervind. Na standaardnaslaanwerke soos die *Oxford Classical Dictionary* (redd. N.G.L. Hammond en H.H. Scullard, 2de hersiene uitgawe, Oxford 1970), die *Realencyclopädie* van Pauly-Wissowa-Kroll, en Schmid-Stählin se *Geschichte der griechischen Literatur* word net selde verwys aangesien hulle geredelik beskikbaar is, en in elk geval deel van 'n student of dosent se navorsings- en studieprogram behoort te wees. In die Interpretasiegedeeltes is eerder die belangrikste kritiese werke en resente bydraes in die vaktydskrifte deurgesif en bespreek om die hoofprobleme te belig en antwoorde te probeer vind. Ons is al te bewus daarvan dat die debat voortduur, dat ou teorieë en opvattinge deur nuwes verander of vervang word. Die interpretasies bied dus geen finale oplossings nie. Ons doel sal vervul wees as verdere bespreking deur die vertolkings geprikkel word.

Die werk is bedoel vir studente in die derde- en honneursjaar van Grieks, alhoewel daar makliker gedigte is wat in 'n vroeër stadium met vrug behandel kan word. Die kort omvang van die tekste bied welkome verligting van die lang epos en tragedie. Daar is ook rekening gehou met die student wat deur middel van selfstudie met die kortpoësie van die Grieke kennis wil maak.

Die verskillende behoeftes van die studente vir wie die werk bedoel is, sowel as die aard van die tekste self en hulle relatiewe onbekendheid in die Griekse kursusse in ons land, het tot gevolg die soms oorbodige en eenvoudige filologiese hulp enersyds, en die meer gevorderde wetenskaplike debat oor die vertolking van die tekste andersyds. Daarby was dit vir ons 'n saak van hoë prioriteit om, anders as in die tradisionele tekskommentaar, voldoende aandag aan die interpretasie van die tekste te skenk.

Vir die Griekse teks van die gedigte is van verskeie uitgawes eerder as van enige besondere uitgawe gebruik gemaak. Aan die standaarduitgawes is natuurlik prioriteit gegee, en ons erken ons skuld aan die waardevolle werk wat die verskillende redakteurs oor die jare verrig het om 'n gangbare *textus communis* daar te stel. Ons het dit dus goedgevind om telkens by die gedigte die numerering in verskeie uitgawes aan te dui.

Elkeen van die skrywers het nagenoeg 'n gelyke verdeling van die stof vir

sy rekening gehad, maar tydens gereelde samesprekings is al die gedeeltes deur almal deurgegaan en goedgekeur, en waar nodig die bibliografie aangevul. Wisseling van skryfstyl, aksentplasing in 'n betoog, en belangstelling is in so 'n gesamentlike poging onvermydelik, en die skrywers hoop dat dit eerder stimulerend as irriterend op die leser sal inwerk.

Graag betuig die skrywers hulle opregte dank en waardering aan Emeritus professor W.J. Verdenius van die Rijksuniversiteit Utrecht, wat te midde van 'n vol program en sy eie navorsing die manuskrip met sorg en 'n skerp oog deurgelees en verbeterings voorgestel het. Hy het ons nie net 'n eer bewys deur die manuskrip te lees nie, maar ons ook daadwerklik van vele foute gered. Ons bedank ook die Universiteit van Pretoria, die Randse Afrikaanse Universiteit en die Universiteit van Suid-Afrika vir die verskaffing van veral tydskrifmateriaal. Aan laasgenoemde inrigting is ons besondere dank verskuldig vir die bereidwilligheid om die publikasie van die werk te onderneem, asook aan die Universiteit van Pretoria en die Randse Afrikaanse Universiteit vir finansiële steun deur hulle verleen. 'n Woord van dank word ook gerig aan mev. G.J. Hattingh wat die tik van 'n besonder moeilike manuskrip met insiklikheid en bekwaamheid behartig het. Vir enige foute en gebreke berus die verantwoordelikheid natuurlik by die outeurs.

Die skrywers
Pretoria/Johannesburg
Januarie 1985.

Afkortings

1. Die name van Griekse en Latynse skrywers en hulle werke word meestal afgekort soos in Liddell-Scott-Jones (afgekort LSJ), *Greek-English Lexicon* xvi–xli, en Lewis-Short, *A Latin Dictionary* vii–xi.
2. Daar word na boeke verwys deur middel van die skrywer se naam as dit sy enigste werk is, of deur middel van 'n sleutelwoord van die werk se titel.
3. Die name van vaktydskrifte word afgekort soos in *l'Année Philologique*. In die Bibliografie word die titels van die artikels verskaf.
4. Die gedigte se nommers word vergesel van die volgende aanduidings van die redakteur(s) (vgl. die Bibliografie vir volledige gegewens):

A	Adrados
B	Bergk
D	Diehl
E	Edmonds
G–P	Gentili-Prato
L–B	Lasserre-Bonnard
Pr.	Prato
T	Tarditi
W	West

5. Die volgende afkortings is in die *apparatus criticus* gebruik:

add. (<i>addidit</i>):	"het bygevoeg"
alii:	"ander" manuskripte, getuies of geleerdes
a.c. (<i>ante correcturam</i>):	die lesing van die manuskrip "voor korreksie" aangebring is
ap. (<i>apud</i>):	"by", waar een antieke skrywer 'n ander (soms verlore) bron aanhaal
cod. (<i>codex</i>):	manuskrip
codd. (<i>codices</i>):	manuskripte
cogit. (<i>cogitavit</i>):	"het oorweeg"
ceteri:	"die res" van die manuskripte of kritici
correxit:	"het gekorrigeer"
edd. (<i>editores</i>):	die meeste redakteurs
inferior(es):	"swakker" manuskripte
manus prima:	"die eerste hand", d.w.s. 'n korrigeerder wat op die manuskrip self 'n "verbetering" aangebring het wat vroeër as enige ander korrigeerder gedateer kan word
manus recentior:	'n "meer onlangse hand" wat 'n later korreksie op die manuskrip aangebring het
manus secunda:	'n "tweede hand" wat die korreksie van 'n tweede persoon op die manuskrip aandui
nonnulli:	"sommige" manuskripte of geleerdes
om. (<i>omisit</i>):	"het weggelaat"
p.c. (<i>post correcturam</i>):	die lesing van die manuskrip "na die korreksie"
sequitur:	"daar volg"
suprascripsit:	"het bokant geskryf", 'n aanduiding van 'n korreksie wat bokant die hoofteks aangebring is

Benewens afkortings hierbo genoem, is daar ook vryelik gebruik gemaak van algemeen taalkundig aanvaarde afkortings soos vervat in Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (Schoonees e.a.)

Vir volledige gegewens oor die tekstkritici, raadpleeg Gentili-Prato, I, XIV–XLIV en West, I, xv–xvi; II, ix–x.

SKRYFWYSE VAN GRIEKSE EIENAME

Griekse eiename word in Afrikaans getranskribeer eerder as om die Latynse vorms te gebruik. Dus is k bo c, -os en -on bo -us en

-um, en u (soos in Afr. **uwe**) bo y (die y-grec) verkies. Die ch, th en ph is behou omdat hulle 'n akkurater weergawe van die Griekse χ , θ en ϕ is. Die Griekse ov (as **ou** getranskribeer) moet soos die **oe** in goed uitgespreek word.

Archilochos van Paros en Thasos

1. INLEIDING

1.1 LEWE EN WERK

Een van die vroegste en letterkundig mees hoogstaande figure ná Homeros en Hesiodos, in 'n ander genre as die epos, was Archilochos, wie se aktiwiteit waarskynlik in die tweede en derde kwarte van die 7de eeu (c.680–640) gedateer moet word. Teen hierdie tyd was daar al 'n reaksie teen sommige van die tradisionele waardes van die aristokrate — nog nie in die gemeenskappe as geheel nie, maar onder die eerste individualiste van die tyd. 'n Totale individualis is Archilochos van die eilande Paros en Thasos (onderskeidelik in die sentrale en noordelike Egeïese See). Só altans leer ons hom ken in sy poësie, wat hoofsaaklik in die vorm van fragmente aan ons oorgelewer is.

Hy is gebore op die eiland Paros wat blykbaar in die vroeë sewende eeu in 'n toestand van armoede verkeer het (eers later in die eeu sou die pragtige wit marmer van die eiland waardevol geag begin word vir marmerbeelde), en alhoewel sy moeder moontlik 'n slavin (as

krygsbuit?) was, het hy hom (blykbaar) nie geskaam om dit in sy poësie te meld nie — soos sy felle kritikus, die aristokraat Kritias in Athene, in die vyfde eeu vermeld het. (Aelian., *VH* 10, 13). Hy was trots op sy voorvaders soos 'n papirusfragment ons leer — trots altans op sy afkoms van sy vader, Telesikles, wat na alle waarskynlikheid 'n aristokraat was, sy dit moontlik 'n verarmde aristokraat van Paros. (Vgl. die teks van die papirus in Treu, *Archilochos* p. 10, reël 13 = fr.23,13 West).

Volgens letterkundige oorlewing het sowel Archilochos se grootvader, Tellis, as sy vader, Telesikles, asook Archilochos self op Paros en Thasos geleef en gewerk. Voorheen is gemeen dat die grootvader (Tellis) of die vader (Telesikles) die oorspronklike Pariese kolonie na Thasos aangevoer het (volgens die Lidiër Xanthos, aangehaal deur Clemens Alexandrinus, *Strom.* 1,333, het die eerste kolonisasie van Thasos in c.708 v.C. plaasgevind). Dit sou dan moontlik wees dat Archilochos se vader in daardie gebied Enipo as slavin verkry het en haar as bywyf of selfs as vrou teruggeneem het na Paros, waar Archilochos blykbaar gebore is en vanwaar hy aan 'n later voortgesette kolonisasie van Thasos (in c. 680?) sou deelgeneem het.

'n Resente heroerwering van sowel die literêre as die argeologiese getuienis het egter tot die gevolgtrekking gelei dat die eerste Griekse kolonisasie van Thasos in c. 650 of selfs vroeër gedateer moet word (bv. c. 660). Archilochos se deelname aan hierdie kolonisasie pas dan goed in by Jacoby se datering van Archilochos van 680 tot c. 640. ('The Date of Archilochus', *CQ* 35, 1941, 97–109, saamgevat in Campbell 137). Vir die jongste datum van die kolonisasie van Thasos, kyk Graham, 'The Foundation of Thasos', *BSA* 73, 1978, 61–98, veral 70–75, 82–87 en 95–98.

Die hoofgenres, of liever versmate, waarin Archilochos geskryf het, was die jambiese (insluitende trogeïese) versmate en die elegiese versmaat.

1.2 ARCHILOCHOS EN JAMBIESE POËSIE

Vanaf Paros het ook die kultusse van die godin Demeter en die god Dionusos — afgesien van dié van Athena — na Thasos gekom. Dit was landelike vrugbaarheidskultusse, en 'n tipiese kenmerk daarvan was die gebruik van growwe en onweloweglike spotterny en geskimp (met 'n apotropaïese funksie, d.w.s. gerig op die afwending van die bose of euwel).

Die letterkundige vormgewing van jambiese poësie met so 'n gespot en geskimp as belangrike kenmerk het waarskynlik deels uit hierdie religieuse kultusse voortgekom, veral as ons in aanmerking neem dat Archilochos persoonlik aan die kultusse van Demeter en Dionusos deelgeneem het. (Wat Demeter betref, vgl. fragmente 119D, 120E, asook die skolias oor Aristophanes, *Voëls*, 1764. Wat Dionusos betref, kyk fr. 77D,E, asook die nuwe inskripsies op die sg. Monumentum Archilochium, waarvoor Treu 46 e.v., 154 en 205 e.v. vergelyk kan word).

Alhoewel die jambes reeds vóór Archilochos bestaan het, was hy blykbaar die eerste belangrike digter wat die gebruik daarvan tot 'n hoë artistieke peil verwerk en verhef het en dit oorwegend — maar *nie* uitsluitlik nie — 'n middel van persoonlike kastyding gemaak het. Dit was nie alleen uiting van sy eie intense gevoelens nie, maar was ook dikwels teen spesifieke persone gerig.

Jambiese poësie was 'n Ioniese skepping, en is tiperend van die uitgesprokenheid van die Ioniërs. Dit is geskryf in die Ioniese dialek, met sterk elemente van die omgangstaal daarin. Die woord *jambe* (Grieks ἵαμβος) kom in die oorgelewerde Griekse letterkunde die eerste keer in Archilochos voor (20D, 22E).

Kyk ook Gerber, *Euterpe* 20 oor Iambic Trimeters; West, *Studies* 22–39.

In die hieropvolgende oorsig kom al die sitate uit die *jambiese* poësie van Archilochos, behalwe in een geval, nl. 6D,E wat in die elegiese versmaat (kyk daaroor onder, p. 4–5 par. 1.3) geskryf is. Die spottend-polemiese toon van die jambiese poësie het selfs in sy elegiese poësie ingedring.

Dit was waarskynlik om aan die armoede te ontkom dat Archilochos as kolonis na Thasos gegaan het. Die ekspedisie(s) daarheen het waarskynlik sowel landboukundige as handelsmotiewe gehad: *enersyds* was die grond vrugbaar en bosryk, *andersyds* was daar goudmyne op die eiland self en ook op die Thrakiese vasteland teenoor die noordelike kant van die eiland. Maar nòg die armoede van die koloniste, nòg die rykdom van die eiland aan skeepshout, kon hom gunstig stem tot 'n nuwe lewe op Thasos, waarvan hy sê: '(Hoe) het die ellende van al die Hellene (*Panhellênes*) in Thasos saamgeeloop' (54D, 52E). In 'n ander fragment, aangehaal deur Plutarchos, verwys laasgenoemde na 'Archilochos wat die wyngaarde van Thasos negeer en die eiland smaad omdat dit so ru en ongelyk

(bergagtig) is, deur te sê: "maar hierdie eiland staan soos die ruggraat van 'n esel, dig bedek met woeste woud'" (Plut. *de Exil.* 12, 604c = fr.18D, 21E).

Archilochos kon hom nie vestig en op 'n konvensionele wyse sy lewe verdien nie — nie as 'n landbouwer nie, en ook nie as 'n visserman of handelaar ter see nie. Sy afkeer van beide soorte lewenswyse word saamgevat in sy afwysende vers oor sy geboorte-eiland: 'Laat Paros gaan en daardie vye van hom, en die lewe op see' (53D, 51E).

Archilochos was wel soldaat, en uit sy fragmente blyk o.a. dat hy vir Thasos teen die Thrakiërs geveg het. Op twee dinge was hy trots, nl. sy lewe as soldaat, en sy digtergawe, maar origins het sy ongenoeë met die lewe daartoe gelei dat 'n groot deel van sy poësie polemies-satiries van aard is. In die besonder openbaar sy individualisme, en tegelyk die veranderde tydsomstandighede waarin hy leef, hulle in sy reaksie teen die ideale en standaarde van die Homeriese aristokrate. So skaam hy hom blykbaar nie om in 'n elegiese gedig te vertel dat hy in 'n geveg teen 'n Thrakiese stam sy skild by 'n bos sou agtergelaat het en homself gered het nie. 'Wat gee ek om om daardie skild? ... Ek sal my weer een koop wat net so goed is' (6D,E). Deur werklik sy skild op die slagveld te laat en weg te hardloop sou hy swaar teen die Homeries-aristokratiese erekode oortree het, maar hy self sien die saak bloot nugter: wat belangrik is, is eerstens dat hy met sy lewe daarvan sou afkom, en tweedens dat hy weer net so 'n goeie skild sou bekom om weer eens te veg. Archilochos het gesterf in 'n oorlog tussen Paros en Naxos.

Archilochos was 'n tydgenoot van Guges, koning van Lidië in Sentraalwestelike Klein-Asië van c. 682 tot c. 650 v.C. By monde van 'n timmerman, genaamd Charon, verwys Archilochos na Guges in die volgende fragment: 'Die besittings van Guges ryk aan goud gaan my nie aan nie, en afguns het my nog nooit beetgepak nie. Ek is ook nie afgunstig op die werke van die gode nie, en ek begeer nie sy magtige koninkryk (monargie) nie. Sulke dinge is ver van my oë verwyder' (22D, 25E).

1.3 ARCHILOCHOS EN ELEGIESE POËSIE

Wat elegiese poësie betref, kom die woord 'elegieon' die eerste keer voor in Kritias (na wie bo verwys is) met verwysing na die *versmaat* waarin die elegie geskryf is. Dit staan ook in verband met 'elegos' wat oorspronklik nie noodwendig met 'n treurlied te doen gehad het nie, maar moontlik in verband gebring moet word met 'n Klein-Asiatiese

woord vir 'fluit' (sodat 'elegie' oorspronklik 'n Klein-Asiatiese fluit-lied was, soos dit ook by die Grieke op die maat van fluitmusiek voorgedra is). Dit kon wel 'n treurlied wees, soos deels reeds by Archilochos wat blykbaar in een van sy elegiese liedere die dood van sy swaer in 'n skipbreuk betreur. In die antieke is die uitvinding daarvan verskeie kere aan Archilochos, Kallinos en Mimnermos toegeskryf. Hoe dit ook sy, dit het sy oorsprong in Ionië gehad, maar Mimnermos is te laat om vir die eer in aanmerking te kom.

Elegiese liedere is in die besonder voorgedra by drinkgeleenthede, sonder dat dit noodwendig oor wyn gegaan het. Geliefde temas was die militêre lewe asook dapperheid, sowel op die slagveld as in die persoonlike lewe.

TESTIMONIA

- Edmonds, *Greek Elegy and Iambus*, vol. II, 82–97 (met Engelse vertaling).
 Lasserre-Bonnard ciii–cxii.
 Tarditi, *Archiloco* 3–55.
 Treu, *Archilochos* 116–141.
 West, *Iambi et Elegi Graeci*, vol. I.

LITERATUUR

- Burn, *Lyric Age* 157–170.
 Campbell xxiv–xxvii.
 Dover, in Pouilloux, *Archiloque* 184 e.v.
 Fränkel, *EGP* 132–151.
 Gasparri, *QUCC* 40 (1982) 33–41.
 Gentili, *QUCC* 40 (1982) 7–28.
 Gerber, *Euterpe* 10.
 Graham, *BSA* 73 (1978) 61–98.
 Gundert, "Archilochos und Solon", in H. Berve (ed.), *Das neue Bild der Antike*, Band 1, 1942, 130–152.
 Jacoby, *CQ* 35 (1941) 97–109.
 Kirkwood 224–226 n.62.
 Latte, *Hermes* 92 (1964) 385–390.
 Lesky 110–114.
 Luria, *Philol.* 105 (1961) 179–197.
 Maehler 49–53.
 Page, in Pouilloux, *Archiloque* 119 e.v.
 Rankin, *Archilochus*. Resensies deur Podlecki in *CJ* 74 (1978) 69–72 en West in *CR* 29 (1979) 137 (albei skerp krities), en Bell in *Phoen.* 33 (1979) 261–266.
 Russo, *GRBS* 15 (1974), 139–152.

Snell, *Discovery* hoofstuk 3: "The Rise of the Individual in the Early Greek Lyric". Die oorspronklike werk is in Duits, *Die Entdeckung des Geistes*, 4de hersiene uitgawe 1975.

Snell, *Poetry*. 'n Duitse verwerking en uitbreiding hiervan is:

Snell, *Dichtung*, hoofstuk III: "Früharchaische Lyrik".

Treu, *Archilochos*.

Treu, *RE Suppl.* Band XI, 136–156.

Van Rooy, *Studies* 95–99.

West, *Studies* 1–21.

Aantekening: Die bostaande verslag van Archilochos gee die min of meer tradisioneel aanvaarde beeld van sy lewe weer. Skepties daarteenoor is veral Lefkowitz, *Lives* 25–31. Vgl. ook Seidensticker, *GRBS* 19 (1978) 5–22, wat egter die saak ooplaat (p. 20).

Oor die verhouding tussen Archilochos en die *persona* in sy poësie, vgl. Kirkwood 224–226 n. 62, wat deur die skrywers onderskryf word. Oor die vraag of die 'ek' by Archilochos outobiografies opgevat kan word, vgl. verder die volgende diskussies:

Bonanno, *MH* 37 (1980) 65–88.

Rankin, *QUCC* 28 (1979) 21 e.v.

Rösler, *RhM* 119 (1976) 304 e.v.

Rösler, *Gnom.* 52 (1980) 610 e.v.

(CAvR)

2. FRAGMENTE VAN ARCHILOCHOS

(a) Fr. 7D (8A, 9E, 1L–B, 10T, 13W)

Standvastigheid in leed

Κήδεα μὲν στονόεντα, Περικλέες, οὔτε τις ἀστών
 μεμφόμενος θαλίσσης τέρπεται οὔδ' ἐ πόλις·
 τοίους γὰρ κατὰ κύμα πολυφλοίσβοιο θαλάσσης
 ἔκλυσεν; οἰδαλέους δ' ἄμφ' ὀδύνης¹ ἔχομεν

1. Gaisford: ὀδύνῃ ἴσχομεν Stob.S

πνεύμονας² ἀλλὰ θεοὶ γὰρ ἀνηκέστοισι κακοῖσιν 5
 ὦ φίλ', ἐπὶ κρατερὴν τλημοσύνην ἔθεσαν
 φάρμακον. ἄλλοτε τ' ἄλλος³ ἔχει τόδε⁴ νῦν μὲν ἐς ἡμέας
 ἐτράπεθ', αἱματόεν δ' ἔλκος ἀναστένομεν,
 ἐξαῦτις δ' ἐτέρους⁵ ἐπαμείψεται. ἀλλὰ τάχιστα 10
 τλήτε γυναικεῖον πένθος ἀπώσάμενοι.

BRONNE

Die gedig is o.a. oorgelewer deur Johannes Stobaeus (4, 56, 30) wat 'n bloemlesing uit die digters en prosaskrywers vir sy seun Septimius gemaak het, waarskynlik in die vroeë 5de eeu v.C. Vgl. ook Philostr. *Vita Apoll.* 7, 26; *P. Oxy.* 2356a; Plut. *Aud.Poet.* 23 a–b, 33 a–b.

1. VERSMAAT

Die versmaat van die fragment is die sg. *elegiese koeplet*. Dit bestaan uit 'n tweereëlige vers waarvan die eerste reël 'n heksameter is en die tweede 'n pentameter. Eintlik bestaan die tweede reël telkens uit die eerste 2½ voete van die heksameter (genoem 'hemíepes').

Die skema van die *heksameter* is soos volg:

1 — —	2 — —	3 — —	4 — —	5 — (—)	6 —
----------	----------	-------------	----------	------------	--------

Die skema van die *pentameter* is soos volg:

— —	— —	— — —	— —	— —
-----	-----	----------	-----	-----

Die spondee (— —) kom nie in die tweede helfte van die vers voor nie.

2. Stob.codd.: πλεῦμονας Fick

3. Stob. MA: τᾶλλος Stob.S: δ' ἄλλος Frobenius: ἄλλον Bethe: ἄλλοτε ἄλλος West

4. Stob.codd.: τάδε Liebel

5. Frobenius: ἐταίρους Stob.S

Die volgende is 'n skandering van die eerste twee reëls van fr. 7D:

Κήδεα | μὲν σονόν | εντα, || Περίκλεες, | οὔτε τις | ἄστων
 μέμφομαι | νος θαλί | ης || τέρεται | οὐδὲ πό | λιν

Daar is *sunizesis* in ἡμέας (reël 7).

2. KOMMENTAAR

- 1 κήδεα ... σονόνεντα: dieselfde uitdrukking as in Homeros *Od.* 9, 12. Toe Archilochos ongeveer die middel van die 7de eeu sy verse gekomponeer het, was die enigste letterkundige taal wat bestaan het dié van Homeros (8ste eeu) en Hesiodos (c. 700 v.C.). Die invloed van Homeros, en tot 'n mindere mate van Hesiodos, was so sterk dat nie alleen Archilochos nie, maar ook die ander liriese digters se taal sterk deur dié van die helde-epos en die didaktiese epos van genoemde skrywers beïnvloed is.

Vertaal σονόνεντα liefs substantiwies: '(leed en) gejammer'.

- 1–2 Die vertolking van die betekenis van die eerste twee reëls is omstrede: vgl. Gerber, *Euterpe* 17: 'The prevailing view has been that the negatives belong to the participle and the verb, i.e. "no citizen will take pleasure", but the position of the participle suggests that special emphasis is attached to it. Fränkel (*DuP* 160), Treu, and Adrados are probably right in taking the negatives only with the participle, i.e. "it is not in disapproval ... that any citizen will take pleasure" or "no citizen will disapprove ... when he takes pleasure"'. (Kyk ook die res van Gerber se kommentaar.) Ons sluit ons by die tweede vertolking aan (Fränkel e.a.) wat die negatief aanbetref. Let egter daarop dat μέμφομαι hier nie beteken 'blame' nie. Die beste vertolking van μέμφομαι (μεμφόμενος, reël 2) is betekenis 2 van LSJ, met die datief van die persoon (hier veronderstel) en die akkusatief van die saak, 'impute as blameworthy (to)'. Vertaal dan, met inversie: 'Geeneen ... sal ons ons leed en gejammer verwyт wanneer hulle hul met feestelikhede vermaak nie'. Dit is nie nodig om μεμφόμενος as korrup te beskou en dit deur μυρόμενος

(LSJ: 'weep for, bewail') of ander lesings te vervang wat in elk geval paleografies twyfelagtig is nie.

θαλίης τέρπεται: vgl. *Od.* 11, 603: τέρπεται ἐν θαλίῃς. θαλίης is die datief mv. van θαλία, Ionies θαλίη, 'bloeï' of 'oorvloed'. In die mv. beteken dit 'feestelikhede'.

οὔτε ... οὐδέ: οὐδέ dui klem na οὔτε aan; vgl. Denniston 193. πόλις word verder beklemtoon deur die plasing daarvan aan die einde van die reël.

3 τοίους = τοιούτους.

κατά: deur tmesis van die ww. ἔκλυσεν geskei.

κῦμα πολυφλοίσβοιο θαλάσσης: Homeries, ook aan die einde van die reël soos in *Il.* 2, 209 en 6, 347.

4 οἰδαλέους: predikatief: 'ons het die longe geswolle'. Die uitdrukking vervat in οἰδαλέους ... πνεύμονας is 'n variasie van o.a. *Il.* 9, 553: χόλος ... οἰδάνει ἐν στήθεσσι. Verder word die (geestelike) smart hier op 'n fisieke wyse beskryf. Die longe is beskou as die setel van die gemoed (vgl. bv. *Soph. fr.* 855 Nauck², 15; vgl. ook ons 'hart' in 'my hart is seer'); maar Archilochos dink ook letterlik aan die werking van die longe gedurende geweën.

ὀδύνης ἔχομεν: hoe het die Stobaeus-lesing ὀδύνη ἴσχομεν ontstaan? Waarskynlik deur 'n foutiewe verdeling van ΟΔΥΝΗΙΣΕΧΟΜΕΝ met 'n haplografie en wegval van Σ deur verwarring van Σ en Ε.

5 πνεύμονας: kyk LSJ s.v. πλεύμων: die oorspronklike en Homeriese asook korrekte Attiese vorm was blykbaar πλεύμων. Die vorm met ν is veroorsaak deur 'n vermeende afleiding van πνεῦμα.

ἀλλὰ ... γάρ: ellipties; vgl. Kamerbeek-Verdenius 11: 'maar (toch moeten we hieraan niet toegeven) want'. Of: 'maar (dit is nie reg nie) want ...'. Vertaal: 'noggans'. Die ἀλλά word hier gebruik om die kontras met μέν (reël 1) te gee, en sodoende 'to contrast 1–5 with the more important pronouncement of 5–7: see Denniston *G.P.* 101' (Campbell 146). Vgl. ook Kühner-Gerth II par. 529, 4: 'Es versteht sich von selbst, dass auf μέν statt δέ auch jedes andere adversative Bindewort folgen kann', bv. ἀλλά, αὖ, αὖτε, αὖθις, ens.

ἀνηκέστοις κακοῖσιν: vgl. Hesiodos *Theog.* 612: ἀνήκεστον κακόν.

- 6 ἐπὶ ... ἔθεσαν: Kamerbeek-Verdenius 11: 'ἐπιτιθέναι zegt men voor het "leggen" van kruiden "op" een wond; ... maar tevens betekent ἐπιτιθέναι: "instellen tegen"'. Waarskynlik is albei gebruike hier ter sake. Vir eersgenoemde, vgl. *Il.* 4, 190 e.v.: ἐπιθήσει/φάρμαχ'. By ἐπὶ en ἔθεσαν het ons waarskynlik tmesis vir ἐπέθεσαν. Indien wel, val daar spesiale klem op κρατερὴν τλημοσύνην deur die omlysting daarvan deur ἐπὶ en ἔθεσαν.

κρατερὴν τλημοσύνην: 'n nuwe uitdrukking, afgesien van die feit dat τλημοσύνη nie in Homeros of Hesiodos voorkom nie. LSJ gee slegs die volgende betekenis vir die woord: I. 'misery', 'distress'; en II. 'endurance', Archil. 9, 6; Plut. *Crass.* 26. Dit is ontoereikend. Vgl. die twee groot Duits-Griekse woordeboeke van Passow en van Pape, wat as tweede betekenis ook 'Standhaftigkeit' gee. Dit hang saam met τλάω, wat volgens LSJ self nie alleen beteken I. 'hold out', 'endure' nie, maar II. 'dare or venture to do, bring oneself to do something contrary to one's feelings (whether good or bad), have the courage', ens. Dat τλημοσύνη en τλάω hier met mekaar saamhang blyk duidelik uit die gedig van Archilochos — in die besonder uit die ringkomposisie tussen τλημοσύνη in die middelkoeplet en τλήτε in die laaste koeplet. In r. 10 impliseer τλήτε duidelik dat 'vroulike smart afgeskud' moet word, en dit vereis 'n sterk poging wat slegs deur durf en nie deur blote 'verduur' bewerkstellig kan word nie. (In Plut. *Crassus* 26,9 beteken τλημοσύνη ook 'durf'.)

- 7 τόδε: Liebel emendeer onnodiglik die MSS τόδε tot mv. τάδε — omdat dit κακά (reël 5) veronderstel. τόδε wys egter vorentoe, en is dan ook partikulier, nl. hierdie wet wat hy nou gaan beskryf, d.w.s. dat smart nou oor die een, dán oor die ander kom. Vgl. verder ook reëls 7–9 en Archilochos fr.58D oor hierdie lewenswet.
- 8 ἐτράπεθ': 'aorist with perfect force' (Campbell 147). Die aoristus stel egter net die gebeure sonder implikasies oor tydsduur: dít word uit die konteks afgelei.

αἱματόεν δ' ἔλκος: ἔλκος, 'wond', verskyn hier vir die eerste maal as metafoor. Tesame met die adj. αἱματόεν en die ww. ἀναστένομεν word 'n sterk beeld geskep wat Archilochos se eie siening dra. Vgl. die ander medies-fisiese beelde: οἰδαλέους ... ὀδύνης ... / πνεύμονας (4–5), τλημοσύνην ... / φάρμακον (6–7) en γυναικεῖον πένθος (10).

7–9 Oor die lewenswet in reëls 7–9, kyk Kamerbeek, *The Plays of Sophocles Commentaries II: The Trachiniae* 55–56 oor *Trach.* 129–131; kyk verder par. 4.2 van die Interpretasie.

ἐπαμείψεται: die med. van ἐπαμείβω beteken: 'beurtelings raak'; vgl. Hom. *Il.* 6,339: νίκη δ' ἐπαμείβεται ἄνδρας: 'oorwinning kom beurtelings na dié, dan daardie manne'.

ἀλλά: met aansporende funksie soos in ἀλλ' ἄγε: 'nee, kom!'

10 τλήτε: kyk bo by reël 6. Campbell 147 sê dat 'the advice is for Pericles and his fellow-mourners'. Die strekking is egter wyer: dit is ook 'n opdrag vir diegene wat in dieselfde omstandighede verkeer.

3. STRUKTUUR

3.1 Page, in Pouilloux, *Archiloque* 126–128 gaan in taamlike besonderhede in op die Homeriese en ander epiëse (o.a. Hesiodiese) elemente in fr. 7D, en kom tot die slotsom dat '(i) in structure, (ii) in sentiment and (iii) in phrasing these lines are wholly within the limits of the traditional oral Epic The whole could stand, in just these words and phrases, in a speech by a person in the *Iliad*' (p. 128).

3.2 Ons let eerste op die *struktuur*, en die eerste vraag is of die betrokke verse 'n fragment of 'n hele gedig is. Campbell 145 betoog: 'To me they have the air of a complete poem: l.1 sounds like a beginning, and 9–10 sound like an end, as well as echoing the central couplet (τλημοσύνην ... τλήτε)'. (Vgl. West I: 'forte carmen integrum'). Op p. 146 vestig Campbell egter die aandag daarop dat die verse algemeen beskou word as deel van 'n elegiese gedig wat Archilochos geskryf het oor die dood van sy suster se man wat in 'n skipbreuk die lewe gelaat het ('n opvatting waarop hy kritiek lewer). Verskeie filoloë wat hierdie mening huldig, beskou 7D as 'n deel van 'n gedig wat *minstens* ook 10–11D (12 en 10E) en moontlik 12D (11E) insluit; so bv. Treu 193–195. (Treu beskou ook die hoogs fragmentariese papiirus wat hy op p. 26 van sy boek afdruk as deel van dieselfde gedig.)

Nie een van die twee bogenoemde standpunte, dié van Campbell en dié van Treu, kan tans bewys word nie, en dit bly 'n ope vraag. Indien 7D wel betrekking het op die dood van Archilochos se swaer en andere in 'n skipbreuk, dan soek Archilochos in 7D na die algemene agter die partikuliere gebeure.

Hoe dit ook al sy, Page 128 ontleed die struktuur van 7D soos volg: 'statement of a theme (1–4) is followed by philosophic-consolatory maxims (5–9), ending in exhortation (9–10)'. Hy toon dat hierdie patroon dieselfde is as die rede van Sarpedon tot Glaukos in *Il.* 12, 310–328: 'statement of the present case (310–321), followed by philosophic reflection (322–327), ending in exhortation (328)'.

3.3 Die struktuur van 7D is egter meer gesofistikeerd as wat uit Page se analise blyk. Daar is 'n verdeling in reël 5, en die tweede deel, nl. reëls 5b tot 9a, vorm 'n sterk kontras met die eerste deel, reëls 1–5a, in inhoud. Die skeiding tussen die twee dele word ook formeel duidelik gemerk deur die ἄλλὰ aan die begin van 5b teenoor die μὲν in reël 1. Hierdie twee dele is van ongeveer dieselfde lengte, en daar kan geen twyfel bestaan dat Archilochos die stuk bewustelik so opgebou het nie. As derde deel is daar die epiloog of slot in die vorm van 'n aansporing in 9b–10. Alhoewel dit 'n slot vir die geheel is, bevat dit in τλήτε baie duidelik 'n weerklank van τλημοσύνη in die eerste koeplet van die tweede deel van 7D (wat tegelyk die middel- of sentrale koeplet van die geheel is).

Hier kry ons dan 'n voorbeeld van ringkomposisie wat ons soos volg kan kenmerk (vgl. W.A.A. van Otterloo se werk, *Beschouwingen over het archaische element in den stijl van Aeschylus*, Utrecht 1937, p. 19). Ringkomposisie kry mens as omraming van 'n opsigselfstaande passasie of van 'n excursus daarbinne of van 'n deel daarvan. Die spreker of skrywer plaas 'n bepaalde gedagte programmaties aan die begin en herhaal dit — nie noodwendig deur presies dieselfde woord(e) nie — in 'n korter of langer passasie aan die slot. Daardeur beklemtoon hy dit en vestig hy die aandag van die hoorder of leser van die slot nog eens op die gedagte, of hoofgedagte waaroor dit gaan.

3.4 SKEMA

Alhoewel ons die algemene struktuur bo as drieledig ontleed het, kan dit ook soos volg in twee hoofde verdeel:

- | | |
|-----------|------------------------------------|
| A 1–5a | Die konkrete situasie |
| (a) 1–2 | smarte naas vreugde (temastelling) |
| (b) 3–4a | oorsaak van die smarte |
| (c) 4b–5a | beskrywing van die fisiese pyn |


- B 5b–10 Universele toepassing
 (a) 5b–7a τλημοσύνη as die heelmiddel
 (b) 7b–9a konsep van die wisselgang van die lewe as fun-
 dering
 (c) 9b–10 oproep om die heelmiddel op te neem, d.w.s. vas te
 staan.

3.5 Binne bostaande kan daar weer kleiner struktuurpatrone met
 parallelle frases (dikwels kontrasterend) vasgestel word, nl.


κήδεα ... μεμφόμενος	(1, 2) ~	θαλήης τέρψεται	(2) (antiteties)
οὔτε τις ἀστών	(1) ~	οὐδὲ πόλις	(2) (klimakties)
ἀνηκέστοισι (κακοῖσιν)	(5) ~	φάρμακον	(7) (antiteties)
νῦν μὲν	(7) ~	ἐξαῦτις δ'	(9) (antiteties)
ἐς ἡμέας	(7) ~	ἐτέρους	(9) (antiteties)


As die argaïese *pendulum*-komposisietegniek soos deur Fränkel, *EGP*
 493 n. 16 geïdentifiseer, hier toegepas word, blyk die volgende:

- (a) 'n Pendulum-opbou om die wisselgang van die lewe te beklem-
 toon:



- (b) Twee chiastiese ringpatrone waardeur die gedagte van *pyn* en
 die oorwin-van-die-pyn beklemtoon word:





4. INTERPRETASIE

Wat die struktuur van 7D betref, het ons nou gesien dat dit nie bloot tot 'n Homeriese struktuur herlei kan word nie. Vervolgens moet ons op die *inhoud* en *gedagtegang* let en vasstel of dit bloot as Homeries bestempel kan word. Hier kom die prinsipe van κρατερή τλημοσύνη ... τλήτε (6, 10) en die 'lewenswet' vervat in verse 7–9 ter sprake.

4.1 Die prinsipe van κρατερή τλημοσύνη. Page 126–127 toon self aan dat κρατερή τλημοσύνη 'is a new combination, suitable to the pentameter verse'. Let tegelyk daarop dat waar die adjektief κρατερός dikwels in Homeros voorkom, die naamwoord τλημοσύνη in die oorgelewerde Griekse letterkunde vir die eerste keer in Archilochos 7D voorkom (vgl. egter ook *Hymn. Apoll.* 191). τλήμων vind ons wel in Homeros (bv. *Il.* 5, 670), ook τλητόν (bv. *Il.* 24, 49), τετληότι (bv. *Od.* 18, 135), ἔτλης en τέτλαθι (bv. beide in *Od.* 20, 18).

Volgens Bruno Snell het ons in die nuwe woord en kombinasie iets nuuts in Grieks wat die betekenis en die belangrikheid van die betrokke prinsipe betref. Vgl. kortliks Snell in Pouilloux, *Archiloque* 114 waar hy betoog dat 'die "kräftigere", "siegreiche" τλημοσύνη zum ersten mal das Bild von einem "inneren Kampf" auftauchen lässt'. Hiervolgens is daar dus vir die eerste keer, in 7D, 'n 'inwendige stryd' as nuwe element waarin die kragtiger τλημοσύνη die neerdrukkende smart in die mens oorwin. Elders in dieselfde werk (p. 169) druk Snell dit versigtiger uit (vertaal): 'Op betekenisvolle wyse lyk in fragment 7, vers 6D die verbinding κρατερήν τλημοσύνην vir my nuut, en in vers 10 die gebruik van die imperatief τλήτε in 'n samehang wat meer as in Homeros 'n sielkundige konfliktsituasie aandui' — m.a.w. daar is slegs 'n *graad*verskil tussen Homeros en Archilochos op hierdie punt.

Die vraag ontstaan nou wáár in Homeros ons 'n passasie kan vind — met een van die verwante woorde — wat met dié van Archilochos vergelyk kan word. Daar kan geen twyfel wees dat dit die volgende moet wees nie — waar Apollo voor die Olimpiese gode vir Achilleus (in sy afwesigheid) soos volg betig oor sy woede teen Hektor wat Achilleus se boesemvriend, Patroklos, gedood het (*Il.* 24, 48–49):

ἀλλ' ἢ τοι κλαύσας καὶ ὀδυράμενος μεθέηκε·
τλητὸν γὰρ θυμὸν θέσαν ἀνθρώποισιν.

J.P.J. van Rensburg, *Ilias*, vertaal dit soos volg: '(’n Mens kan mos iemand nog dierbaarder verloor) ... en tog sal hy ophou om te ween en te weeklag; want *lankmoedig* is die hart wat die Skikgodinne in mense *geplaas het*'.

Wanneer ons die passasie van nader bekyk, sal dit egter spoedig blyk dat die vertaling van τλητὸν met 'lankmoedig' hier nie opgaan nie. Lankmoedig beteken '(geduldig) verdragend', terwyl daar hier (vs. 48) juis *opgehou* word (μεθέηκε) met ween en weeklag, net soos by Archilochos (vgl. γυναικεῖον πένθος ἀπώσάμενοι). In die *Ilias*-passasie moet ons dus vertaal 'want standvastig is die hart', ens.

Dit wil verder sterk voorkom of Archilochos direk deur die betrokke Homeros-passasie beïnvloed is; vgl. maar die parallelismes τλητὸν ... θυμὸν ~ τλημοσύνην en θέσαν ~ ἔθεσαν, afgesien van ander ooreenstemminge in die samehang. Die enigste verskille is dat Archilochos van die konkrete τλητὸν ... θυμὸν oorgegaan het tot die nuwe (abstrakte) skepping τλημοσύνη (waarmee hy dan nog verder κρατερή verbind het) en dat die uitdrukking ἀπώσάμενοι van Archilochos sterker is as die μεθέηκε van Homeros. In beide outeurs is daar van 'n sielkundige konfliktsituasie sprake, alhoewel tot 'n mindere mate in Homeros.

In ander Homeriese passasies is die vertaling van die betrokke stamverwante woorde met 'geduldig' en 'verdragend' soms wel voor die handliggend of aanvaarbaar.

4.2 DIE LEWENSWET

Reëls 7–9: ἄλλοτ' ἄλλος ἔχει τόδε· νῦν μὲν ἐς ἡμέας/ἐτράπεθ' ... ἔξαυτις δ' ἑτέροισιν ἐπαμείβεται.

Page, in Pouilloux, *Archiloque* 127 betoog dat 'this recalls Homer in thought and phrase (*Od.* 4, 236f. ἄλλοτε ἄλλω/Ζεὺς ἀγαθὸν τε κακὸν τε δίδοι, *Il.* 15, 684 ἄλλοτ' ἐπ' ἄλλον ἀμείβεται).'

In die betrokke passasie van die *Odusseia* sê Helena in 'n gesprek met Menelaos dat 'Zeus nou aan die een en dan aan die ander sowel goed as kwaad gee'. Wat *Il.* 15, 684 betref, is dit inhoudelik nie ter sake nie. Daar is egter 'n ander gedeeltelik parallelle passasie in *Il.* 24, 527–531 waar Achilleus die bittere sedeles van die epos aan Priamos gee. Hy verwys na die twee kruike waaruit Zeus geskenke aan die mensdom uitdeel, uit die een euwels, uit die ander seëninge, en gaan dan voort (529–531):

ὦ μὲν κ' ἀμείξας δῶη Ζεὺς τερπικέραυνος,
ἄλλοτε μὲν τε κακῶ ὃ γε κύρεται, ἄλλοτε δ' ἔσθλῳ.
ὦ δέ κε τῶν λυγρῶν δῶη, λωβητὸν ἔθηκε.

'Hy, aan wie Zeus wat die weerlig uitslinger, dit in 'n mengsel gee, dis hy wat nou die kwade kry en dan weer die goeie; maar hom, aan wie Hy (slegs) van die pynlike gee, maak Hy 'n skyf vir beledigings ...' (vertaling van J.P.J. van Rensburg).

Is daar enige verskil tussen Archilochos en Homeros se opvattinge van die 'lewenswet' waarvolgens goed en kwaad die mens afwisselend te beurt val? Eerstens vind ons dat Archilochos slegs van die kwade praat, maar dat die goeie wel by implikasie daar is. Tweedens, blyk dit dat in Homeros daar 'n groep is aan wie Zeus slegs ellende uitdeel (*Il.* 24, 531).

Dit blyk dus dat ten spyte van die ooreenstemming, in struktuur, gedagtegang en bewoording tussen Archilochos en Homeros, eersgenoemde nie heeltemal afhanklik van laasgenoemde is nie.

4.3 SAMEVATTING VAN DIE TEMA VAN DIE GEDIG

Kort gestel, is die tema van die gedig 'Standvastigheid in leed'. Die hooflyne van die gedagtegang is soos volg. Leed is verstaanbaar, veral as voortreflike mense deur 'n groot ongeluk getref is. Andersyds het die gode kragtige *standvastigheid* ingestel om leed te oorwin. Daarby moet die 'lewenswet' steeds in gedagte gehou word, nl. dat euwels nou die één, nou die ander, tref. Daarom (beide faktore in ag geneem) moet die mens *standvastig* wees en vroulike smart so spoedig moontlik afskud.

Vir inhoudelik verwante temas, kyk Archilochos frr. 58D, 57aD en 68D.

4.4 WATTER SOORT LETTERKUNDIGE GENRE IS DIT?

Treu 166 stel dit dat ons hier 'n elegie in sy (vermeende) oorspronklike sin het, nl. dat dit 'n *thrēnos* of dodeklag is. Op p. 171 kwalifiseer hy dit deur te sê dat ons 'n *thrēnos* of dodeklag voor ons het, 'aber einen Threnos ohne Klagen, mit dem Aufruf, gerade das nicht zu tun', m.a.w. om nie te kla nie. Vgl. Gerber, *Euterpe* 17: 'The elegy is not so much a threnody as an exhortation to forbearance'. Uit bostaande (p. 14–16) blyk dit egter dat ons *τλημοσύνη* nie deur 'forbearance', d.w.s. 'verdraagsaamheid' of 'geduld' kan vertaal nie. Die korrekte Engelse vertaling moet 'resoluteness' wees.

LITERATUUR

- Campbell 145–147.
 Fränkel, *EGP* 143–144.
 Gerber, *Euterpe* 16–18.
 Gundert, *Archilochos und Solon*.
 Kamerbeek-Verdenius 11.
 Page, in Pouilloux, *Archiloque* 126–128.
 Perrotta-Gentili 70–74.
 Treu, *Archilochos* 166–171, 193 e.v.
 Treu, *RE Suppl.* Band XI, kol. 136–156.

(CAvR)

(b) Fr. 58D (207A, 56E, 123L–B, 94T, 130W)

Die mag van die gode en die wisselgang van die lewe

Τοῖς θεοῖς τιθεῖν¹ ἅπαντα· πολλάκις μὲν ἐκ κακῶν
 ἄνδρας ὀρθοῦσιν μελαίνῃ κειμένους ἐπὶ χθονί,
 πολλάκις δ' ἀνατρέπουσι καὶ μάλ' εὖ βεβηκότας

1. Jacobs: τ'εἰθεῖα πάντα Stob.S: ἰθεῖα (sc. δίκη) Hofmann: τέλεια πάντα Hommel: τίθει τὰ πάντα Grotius: θεοῖσι ῥεῖα πάντα Wilamowitz: τέλει ἅπαντα Gerber: εἰ(ω)θε πάντα Tarditi: πείθοι ἅπαντα West, *Studies* 132

ὑπτίους, κείνοις δ'² ἔπειτα πολλὰ γίνεται³ κακά,
καὶ βίου χροῖμη πλανᾶται καὶ νόου παρήγορος.

5

BRON

Stob. 4, 41, 24.

1. VERSMAAT

Trogeïese tetrameter (katalekties):

Ɀ — — — | Ɀ — — — || Ɀ — — — | Ɀ — — —

2. KOMMENTAAR

- 1 τιθεῖν: die Weense manuskrip (S) van Stobaeus lees τ'εἰθεῖάπαντα, d.w.s. τ'εἰθεῖ ἅπαντα. Hierdie lesing is verskillend geëmendeer om sin te maak. Hommel se τέλεια πάντα (of τέλει ἅπαντα, Gerber) gee die betekenis 'alles (is) volmaak, vervul, finaal'. Maar Gerber se vertaling 'capable of fullfilment' plaas die fokus op die *begin* van die proses van goddelike doelmatigheid, terwyl die gebruike van τέλειος eerder die proses as *geheel* of *volbring* sien. Dit pas nie by die res van die fragment wat nie oor die 'volmaaktheid' van die gode gaan nie, maar oor hulle *almag*. Jacobs se τιθεῖν ἅπαντα is paleografies moontlik en sou beteken 'laat alles in die hande van die gode', of 'skryf alles aan die gode toe' (infinitief as imperatief gebruik; vgl. Buchholz-Peppmüller I, 131); vgl. ook Grotius se τίθει τὰ πάντα, wat goeie sin gee. In die geval van die emendasie van Wilamowitz (θεοῖσι ῥεῖα πάντα, 'alles is vir die gode maklik') is dit onwaarskynlik dat sulke eenvoudige Grieks tot die manuskriplezing verander kon word. Teen Wilamowitz se voorstel kan ook betoog word dat Archilochos twee opeenvolgende tweelettergrepe woorde aan

2. West: κινούσ' Stob.S: ὑπτίους· κείνοις' Friedländer Lasserre: κλίνουσ' Valckenaer: κείνοις Blaydes

3. Stob.codd.: γίνεται Fick

die einde van 'n versreël vermy (vgl. Campbell). Tarditi se εἰ<ω>θε πάντα: 'laat alles oor', is paleografies minder aanvaarbaar, alhoewel dit goeie sin gee. Die emendasie ἰθεῖα as vroul. enk. met 'n veronderstelde ὀδός, of as nom. neut. mv. ('reguit (pad)' of 'reguit' — Lasserre, in navolging van Hoffmann se veronderstelde δίκη), verdien oorweging, behalwe dat dit nie by die tema van die gode se almag inpas nie.

μελαίνη ... ἐπὶ χθονί: vgl. ook Sol. fr. 24, 5D en Semon. fr. 1, 14D. Page meen (in Pouilloux, *Archiloque* 159) dat 'μελαίνης is used here not because it is appropriate but because it is traditionally associated with "earth" (in Homer, always with γαῖα, never χθών). Vgl. Harvey, *CQ* 51, 1957, 216: 'Perhaps ... the colour of rich soil is intended by μέλας. This seems to suit phrases such as μελαίνη κειμένους ἐπὶ χθονί (Arch. 58.2) ...'. Harvey sien voorts 'some deep religious association behind the word, which was doubtless forgotten even by the time of Homer'. Kamerbeek-Verdenius sien by die vaste epitheton tog 'n effek van patos.

- 3 εὖ βεβηκότας: 'dié wat stewig staan'; vgl. LSJ βαίνω A I, 2.
- 4 κείνοις δ': die Stobaeus-tekse se κινουῖς ('hulle laat beweeg') is nie paslik nie; die sterker κλίνουσ' (Valckenaer) is aanvaarbaar, maar skep dan 'n tweede hoofsin deur καί (3) verbind. Lasserre het ook beswaar daarteen gemaak omdat 'n elisie by 'n sterk pouse veroorsaak sou word: ὑπτίους κλίνουσ' ἔπειτα. Hy stel voor (in navolging van Friedländer) ὑπτίους: κείνοις ἔπειτα wat ook aan καί sy normale betekenis met μάλα ('selfs') teruggee (vgl. Denniston 317–318). κείνοις in so 'n teenstelling (δ') verwys terug na die onmiddellik voorafgaande; vgl. Kühner-Gerth I, 649.
- 5 χροήμη: Ionies vir χροία.
 πλανᾶται: die enkelvoud ná die meervoud in die voorgestelde κείνοις is nie ongewoon nie (vgl. bv. Theognis 381–382).
 νόου: kan genitief van verwydering of betrekking wees.
 παρήγορος: 'n metafoor: die verwysing is na 'n παρήγορος ἵππος, 'n perd wat langs die gebruiklike twee ingespande vasgemaak is (vgl. Hom. *Il.* 16, 471 en 474). Die frase νόου παρήγορος dui dus op 'n situasie of toestand buite die normale (soos die ekstra perd). Vertaal met 'buite sy verstand'. Vgl. Archil. fr. 172, 2W: τίς σὰς παρήειρε φρένας ...; en Buchholz-Peppmüller I, 131.

3. STRUKTUUR

Die gedagtegang verloop met antitetiese en balanserende stellings:

- | | |
|----------|---|
| A 1a | temastelling: die gode se albeskikking |
| B 1b–5 | uitbreiding van tema: die wisselgang van die menslike lewe: die mens in die gode se hande |
| (a) 1b–2 | oprigting uit smarte |
| (b) 3–5 | neerwerping in smarte met sware gevolge. |

4. INTERPRETASIE

4.1 Die onsekerheid van die teks aan die begin maak die presiese betekenis moeilik om vas te stel. Dit gaan egter waarskynlik in die eerste sin om die almag van die gode wat dan in die res van die fragment met die onsekerheid en veranderlikheid van die menslike bestaan in teenstelling geplaas word. Hierdie tema kom algemeen in die antieke letterkunde voor: vóór Archilochos by Homeros (bv. *Od.* 18, 130 e.v.) en ook elders by Archilochos self (frr. 7, 5 e.v.; 8; 67, 7 en 74, 1–2). Treu gebruik die term “Allmachtsformel” (p. 218). Die ‘swart aarde’ is ook reeds by Homeros ‘n geykte uitdrukking en as κλίνουσ’ i.p.v. κείνοισ’ gelees word, is daar ‘n parallel by Homeros *Il.* 7, 271–2: ἀνακλινθεῖς πέσεν ὕπτιος.

4.2 Dit is egter Archilochos se hantering van die tema wat sy vernuf en individualiteit as digter toon. Afgesien van die aanwending in ‘n ander versvorm as die heroïese, is die strukturering van die gedagtes opvallend. Die goddelike en menslike rolle staan in teenstelling met mekaar (τοῖς θεοῖς, 1: ἄνδρας, 2); maar die handeling van die gode word ook in ‘n antitese gestel (πολλάκις μὲν ... πολλάκις δ’..., 1–3) en uitgebou (ὀρθοῦσιν ... κειμένους ἐπὶ χθονί ~ ἀνατρέπουσι ... εὖ βεβηκότας ὑπτίους, 2–4). Ons merk weer die pendulum-beweging. ‘n Eenheid word dan gevorm binne die raamwerk van πολλάκις μὲν ἐκ κακῶν (1) en πολλὰ ... κακά (4).

Die laaste reël van die fragment beklank die gedagte in die realistiese beeld van ‘n mens wat sonder lewensmiddele en redeloos, na liggaam en verstand nietig en hulpeloos, rond dwaal — ‘n skerp kontras met die almag van die gode aan die begin van die fragment. Selfs in so ‘n kort fragment wat deel van ‘n groter geheel gevorm het, blyk die digter se vermoë tot eie strukturering van woord en gedagte.

4.3 Archilochos aanvaar die menslike toestand as 'n feit. Dit is onwaarskynlik dat hy in die verlore gedeelte van die gedig dit sou bekla of bevraagteken het. In ander fragmente (bv. 67a, en *P. Oxy.* 2310 fr. 1 = fr. 25W) kom hy eerder na vore met troos vir en standvastige gedrag te midde van hierdie onvermydelike omstandighede. Direk en realisties kom Archilochos tot die slotsom dat gebeure en omstandighede (soos bv. armoede) die mens se gees vorm of bepaal (hier is die vernietiging van die gees die gevolg) — 'n heel ander beskouing as bv. in Homeros se tekening van die teruggekeerde Odusseus (vgl. Fränkel, *EGP* 135).

LITERATUUR

- Buchholz-Peppmüller I, 131, 206–207.
Campbell 151.
Fränkel, *EGP* 135–136.
Gerber, *Euterpe* 26–27.
Hommel, *Gymn.* 58 (1951) 218–227.
Kirkwood 37–38.
Lasserre-Bonnard 40.
Lattimore, *AJPh* 65 (1944) 172–173.
Treu, *Archilochos* 218.

(WJH)

(c) Fr. 67aD (211A, 66E, 118L–B, 105T, 128W)

Volharding te midde van leed

Θυμέ, θύμ', ἀμηχάνοισι κήδεσιν κυκώμενε,
ἄνα δέ,¹ δυσμενῶν² δ' ἄλέξει προσβαλὼν ἐναντίον

1. Liebel: ἀναδευ Stob.SM: ἀνὰ δ' εὔ Stob.A: ἀνάδου Diehl: ἄνα σύ Pfeiffer: ἄνεχε
Grotius: ἀνὰ δ' ἔχει (ἀναδύει) μένων δ' Bergk: ἄνα τε Nikitas
2. Stob.codd.: δυσμενέων Lasserre

στέρνον, ἐνδόκοισιν³ ἐχθρῶν πλησίον κατασταθείς
 ἀσφαλῆως· καὶ μήτε νικῶν⁴ ἀμφάδην ἀγάλλεο
 μηδὲ νικηθεὶς ἐν οἴκῳ καταπεσὼν ὀδύρεο,
 ἀλλὰ χαρτοῖσιν τε χαῖρε καὶ κακοῖσιν ἀσχάλα⁵
 μὴ λήην· γίγνωσκε⁶ δ' οἷος ῥυσμός⁷ ἀνθρώπους ἔχει.

5

BRON

Stob. 3, 20, 28.

1. VERSMAAT

’n Jambiese gedig in die *trogeïese tetrameter katalekties* (d.w.s. die slotvoet is onvolledig).

Ɀ — — — | Ɀ — — — || Ɀ — — — | Ɀ — — —

- L.W. (i) die *sunizesis* by ἀσφαλῆως (4).
 (ii) ἄνα = Ɀ vir — aan die begin van die eerste voet. Ons kan dus ’n tribrach (ⱿⱿⱿ) i.p.v. ’n trogee (— Ɀ) aan die begin van elke dipodie vind.
 (iii) die ictus val op die arsis van die 1ste, dan die 3de, 5de, en 7de voet.
 Hierdie metrum word opgebou as dipodie (tweevoetig) en verdeel konstant in die middel.
 Ionies skemer veral deur in ἀλέξεν (2) en ῥυσμός (7), terwyl epiese navolging blyk uit die vermyding van sametrekking in ἀγάλλεο (4) en ὀδύρεο (5).

Page meen ook dat in die trogeïese tetrameters die epiese formuletaal weerspieël word, en dat in die frasering van 67aD steeds naby aan die epos beweeg word — vir voorbeelde sien p. 157. Daarnaas wys sowel Bowra as Scherer op die feit dat Archilochos epiese taalgebruik in sy jambes vermy. Die frase μὴ λήην· γίγνωσκε ... ῥυσμός is egter beslis on-Homeries: vgl. die latere Delphiese spreuke van μηδὲν ἄγαν en γνῶθι σεαυτόν.

3. Valckenaer: δοκοῖσιν Stob.SA: δόκοισιν Stob.M: ἐν λόχοισιν Klinger

4. Stob.codd.: νικέων Lasserre

5. Grotius: ἄσχαλλε Stob.SA Apostol.: ἄσχαλε Stob.M

6. Stob.codd.: γίνωσκε Apostol.

7. Stob.S manus prima, Apostol.: ῥυθμός Stob.S a.c. Stob.MA

2. KOMMENTAAR

Tekskritiese probleme

2.1 In reël 2 lees Stobaeus ἀνάδευ δυσμενῶν wat 'n onaanvaarbare anapes (⋮ ⋮ —) oplewer, en miskien uit ἀναδῆ kon voortgevloei het. Die emendasies kan basies in twee kategorieë ingedeel word:

- (a) om een of ander vorm van ἀναδύομαι te aanvaar: Bücheler, Diehl, Bergk, Kamerbeek. Maar ἀνάδϋ van Bücheler en Diehl is ook metries onaanvaarbaar (⋮ ⋮ —); daarom lees Kamerbeek ἀναδύει μένων met die υ kort (⋮ ⋮ ⋮) in navolging van Bergk, wat egter ook δυσμενῶν afwys en ἀναδύει, μένων lees — vgl. onder (2).
- (b) 'n Tweede moontlikheid is Liebel en Pfeiffer se ἄνα = ἀνάστηθι. Terwyl dit vir Campbell onoortuigend voorkom, meen Gerber tereg dat dit die maklikste oplossing bied, alhoewel Pfeiffer se σύ afgewys moet word as palaeografies minder geslaagd as Liebel se δέ: ἄνα δέ staan reeds in 'n cod. van Grotius (Perrotta-Gentili). Nikitas, gevolg deur Nancy Rubin, lees ἄνα τε.

2.2 In reël 2 wil Bergk μένων lees i.p.v. δυσμενῶν. Dit word oorgeneem deur Kamerbeek, maar die beeld van 'die bors wend teen die golfslag van die smarte (?)', 'n beeld wat gesuggereer word deur κυκώμενε (= maalstroom-beeld: Treu en Kamerbeek), doen hom vreemd voor. Die gedagte van die bors teen die vyand te wend (= 'to face the enemy') pas beter in die lig van die beeldspraak van reëls 3–5. Vgl. Turtaios fr. 9,22D. Campbell meen dat Lasserre se δυσμενέων dalk beter is, met verwysing na *Od.* 2,72. Maar dáár is dit part. ml. nom., terwyl uit Lasserre se vertaling blyk dat hy dit as onsamegetrokke genitief mv. van δυσμενής verstaan: 'Weerstaan jou vyande'!

2.3 In reël 3 lees Stobaeus SA ἐν δοκοῖσιν en M lees ἐν δόκοισιν.

Valckenaer se ἐνδόκοισιν word meestal aanvaar ooreenkomstig Hesuchios se ἐνδοκος = 'hinderlaag'. Bergk lees δοκῆσιν (gevolg deur Wilamowitz) met heenwyse na *Il.* 4, 107: δεδεγμένος ἐν προδοκῆσι. Jaeger, Klinger en nou ook weer Nikitas en Rubin, emendeer na ἐν λόχοισιν, wat dieselfde sin gee as ἐνδόκοισιν. Vroeër is ook gemeen dat hier miskien 'n heenwyse is na 'spiese' (δοκός = 'spies') of 'verwagting' (δόκοι = 'verwagting') van die vyand. Friedländer vertaal 'wenn wir den Feind annehmen' en verwys na die tegniese gebruik van δέχομαι (LSJ II, 2). Sien ook onder 3 hieronder.

- 1 θυμέ: Vgl. hier LSJ s.v. θυμός: θυμός omvat drie fasette van die hele persoonlikheid, te wete — as setel (i) van sy emosies; (ii) van sy wil, en (iii) van sy intellek. Rubin argumenteer oortuigend (a) dat θυμός in al drie hierdie manifestasies *hier* voorkom, sodat ons dus hier 'n geval van polisemie het, en (b) dat ons hier 'n semantiese verskuiwing van θυμός in hierdie gedig het van een vlak na die ander. Sien hier onder Interpretasie. θυμός is hier verder die aangesprokene by elke imperatief, al word dit net aan die begin vermeld, dus: 'n geval van ellips.
- 2 δυσμενῶν: is nie afhanklik van ἀλέξεν nie (so Lasserre), maar van ἐναντίον. Kyk ook bo onder Tekskritiese probleme.
- 3 ἐνδόκοισιν κτλ: die vertaling en interpretasie lewer met hierdie reëls (3–4) probleme, wat spruit uit die funksie, d.w.s. die plasing van πλησίον κτλ: drie moontlikhede kan gestel word:
 - (i) dit is 'n voorsetsel met die datief en bepaal dus ἐνδόκοισιν = 'nadat jy naby die hinderlae van die vyande jou gevegsposisie ingeneem het/onbeweeglik vas';
 - (ii) dit is 'n voorsetsel met die genitief en bepaal dus ἐχθρῶν = 'nadat jy in die hinderlae naby die vyande jou gevegsposisie ingeneem het ...' — Gerber (p. 30) se beswaar is egter: 'the simple dative after κατασταθείς is hard';
 - (iii) dit word hier adverbiaal gebruik saam met κατασταθείς, en
 - (a) ἐνδόκοισιν word vertaal 'midde in die hinderlae' of
 - (b) ἐν λόχοισιν kan gelees word indien die 'simple dative' na κατασταθείς problematies sou wees = 'nadat jy in die hinderlae van die vyande jou gevegsposisie digby en onbeweeglik vas ingeneem het'.

Ten opsigte van bogenoemde moontlikhede die volgende:

- (a) Die eerste moontlikheid is die onwaarskynlikste omdat die woord 'hinderlaag' semanties gemerk word as iets wat 'heimliks' voorberei word sonder dat die persone vir wie dit bedoel is, dit verwag. 'n Mens is primêr eers bewus daarvan as jy *in* die hinderlaag te lande kom.
- (b) Die blote datief na κατασταθείς is heeltemal in orde, omdat die datief ook lokatief is, en ἐν + datief as lokatief eers later dominerend geraak het, terwyl die datief sonder ἐν = lokatief ook later stéeds voorkom.
- (c) Die tweede moontlikheid is aanneemlik behalwe dat die

orde/posisie ἐνδόκοισιν ἐχθρῶν 'hinderlae van die vyande' (d.w.s. 'n noue verbinding) suggereer.

- (d) Die derde moontlikheid met ὅς ἐνδόκοισιν ὅς ἐν λόχοισιν lyk die waarskynlikste. Vir ἐν λόχοισιν pleit onlangs nog ook Rubin: 'while you are stationed close at hand, firmly set midst their ambushes'.

- 4 ἀσφαλέως: hier met die volle etimologiese krag (ἀ-σφάλω), d.w.s. 'onwrikbaar'; vgl. Kamerbeek-Verdenius 17 by Archil. fr. 60, 4D. ἀμφάδην: net hier in oorgelewerde Grieks; ekwivalent aan Homeros se ἀμφαδόν, 'openlik'.

- 5 μηδέ: vir die orde μήτε ... μηδέ vgl. Archil. fr. 7, 1–2D: οὔτε ... οὐδέ.

- 7 μὴ λίην moet saam met sowel χαῖρε as ἀσάλα geles word.

γίγνωσκε: miskien konatief 'probeer verstaan', of net 'verstaan' (Snell), in elk geval nie 'erken' ('recognize') nie. Kyk Rubin 5 n. 17.

ῥυσμός: Ionies vir ῥυθμός: Dié woord het vele opvattinge ontlok, terwyl vir hierdie passasie veral 3 moontlikhede gestel word. Vir 'n detailuiteensetting met bibliografie kyk Wolf, *WS* 68, 1955, 99–119:

- (i) Met verwysing na Theognis 964 en Anakreon 65D word ῥυσμός verstaan as 'karakter/aard', 'n moontlikheid wat vir hierdie passasie deur Schroeder goed afgewys is.
- (ii) Dit word afgelei van ῥεῖν ('vloei', 'stroom') en dui vervolgens op die golfagtige wisselgang van geluk en ongeluk — 'n betekenis wat op die oog af goed inpas by Archilochos se lewenskonep soos blyk uit o.a. fr. 7D, 10b, 67aD. (Só Schroeder, Plüss, Chantraine, *Dict.Etym.*; anders Leemans; vgl. LSJ s.v. ῥυθμός).
- (iii) Dit gaan terug op die indg. *eru, *ru, Grieks ῥυσθαι/ἔρυσθαι (kyk LSJ ἐρύω B) ('vashou') en beteken dus *schema*, 'that which imposes limit on flow or change' — wetmatigheid of patroonmatigheid (Jaeger, Renihan, Rubin; anders Chantraine).
- (iv) Wolf kies 'n eie standpunt: die woord kom van ῥεῖν af (= ii), maar beteken 'wetmatigheid', 'patroonmatigheid' (= iii).

Terwyl groep (ii) dit sien as 'flux/alternation', wil groep (iii) dit sien juis as dit wat die 'vloei' beheer — vgl. Jaeger: '... the Greek discovery of rhythm in music and dancing is not flow but pause, the steady limitation of movement'. Lg. betekenis (groep (iii)) word natuurlik bevestig deur die gedigte van Archilochos: dit is nie net die wisselende gang van geluk en ongeluk nie, maar die patroonmatigheid daarvan wat hierin na vore kom. Miskien is 'n kombinasie die mees waarskynlike oplossing, en kan ons die slotreël soos volg vertaal: 'Leer die veranderende/wisselende wetmatigheid wat die mens beheer, ken'. Vgl. hieroor Seidensticker: 'the idea of a ῥυθμός, a constant change of ebb and flow' (GRBS 19, 1978, 17), en ook Schnabel 52: 'ῥυθμός ... bezeichnet hier den steten Wechsel im Leben'.

ἔχει: 'beheers': vgl. Schnabel 52.

3. STRUKTUUR

3.1 Campbell meen dat 67aD die indruk van volledigheid skep, en dat 67b nie noodwendig uit dieselfde gedig hoef te kom nie. Net soos in die geval van 7D en 10–12D, het ons ook hier geen vaste grond om fragmente met dieselfde inhoud as 'n noodwendige eenheid te beskou nie.

3.2 Die *opbou-motief* van die gedig is 'n ketting van imperatiewe wat vanuit 'n situasie van smarte op drie vlakke ontplooi word, en waar die derde vlak die basis van die voorafgaande vorm:

- | | |
|---------|--|
| A 1 | Aanspreek van die eie-self in 'n situasie van leed wat dien as agtergrond en vertrekpunt van die gedig |
| B 2–4a | Oproep om op te staan en die vyand onbeweeglik vas te trotseer (vlak a) |
| C 4b–7a | Oproep tot selfbeheersing in alle lewensomstandighede (vlak b) |
| D 7b | Oproep tot lewensinsig (vlak c). |

Ten spyte van probleme meen ons dat die ontplooiing van hierdie imperatiefketting *beeldryk* geskied:

1. A beeld van 'n maalstroom van leed (κυκώμενε)
2. B militêre beeld van vasstaan in jou gevegsposisie (κατασταθείς κτλ.)

3. B via νικῶν en νικηθείς 'n voortvloeiende beeld van 2

4. A die beeld van 'n reëlmatige golfslag/wisselgang (ῥυσμός).

Indien die gedagte van hierdie beeldryke ontplooiing korrek is, sou ons hier 'n beeldontplooiing in 'n chiastiese patroon kon aandui: A B B A.

3.3 Verdere struktuurpatrone blyk ook uit reëls 4–5 en 6, wat 'n duidelike parallisme vertoon:

- (a) 4–5 μήτε (4): μηδέ (5) (vgl. 7D 1–2: οὔτε ... οὐδέ)
 νικῶν (4): νικηθείς (5) = kontrasterend
 ἀμφάδην (4): ἐν οἴκῳ (5) = kontrasterend
 ἀγάλλεο (4): ὀδύρεο (5) = kontrasterend met endrym
 (b) 6 χαρτοῖσιν (a) + χαῖρε (b): κακοῖσιν (a) + ἀσχάλα (b).

Ten slotte kan ons daarop wys dat die woorde θυμέ, θύμ' (1), στέρον (3), ἀσφαλέως (4), en ἀλλά (6), asook μὴ λίην (7) klem verkry deur hulle reliëf-posisie, veral deur die gebruik van enjambement in 3, 4 en 7.

4. INTERPRETASIE

4.1 Terwyl 67aD inhoudelik verwant is aan 7D, 58D en 68D, vertoon dit beslis die mees persoonlike karakter deurdat Archilochos daarin direk tot sy eie hart spreek, met die gevolg dat die digter hier sowel die spreker is wat adviseer as die hoorder wat reflekteer. Jaeger, *Paideia*, noem die gedig dan ook die eerste groot monoloog in die Griekse letterkunde. Daar word gewoonlik na *Od.* 20, 18–21 gewys as voorbeeld, waar Odusseus sy κραδίη aanspreek:

τέτλαθι δῆ, κραδίη· καὶ κύντερον ἄλλο ποτ' ἔτλης.

Die woorde τέτλαθι en ἔτλης vind veral weerklank in τλημοσύνην (6) en τλήτε (10) van fr. 7D. Tog is hier nie 'n blote oordra van vorm en inhoud nie, en kan ons op 'n wesentlike verskil tussen die twee wys: Odusseus spreek uit die afstand van herinnering (verlede) en vooruitsig (toekoms), terwyl Archilochos midde-in die smarte van die teenwoordigheid staan (Gundert 85–86); ons hoor hier die nood van die vrye individu wat die probleem van die lewe sien en probeer oplos *buite* die mitiese inhoud van die epiese digkuns (Jaeger, *Paideia* 124; Will, 101). Die sprokiesdroom van die epos is verby,

want vir Archilochos is volharding (τλῆναι) nie langer 'n geduldige verdraging van euwels soos vir Odusseus nie (vgl. Hom. *Od.* 18, 135), maar 'n middel om weerstand te bied teen die wisselgang van die lewe van dag tot dag (Fränkel, *EGP* 143). Die τλημοσύνη van Odusseus het 'n bepaalde doel in die toekoms en spruit uit 'n τλημοσύνη in die verlede, maar daar is by hom geen aanvaarding van verantwoordelikheid nie (Kirkwood 36). Vir Lasserre (39) dra Archilochos se poëtiese bepeinsing in 67aD dan ook 'n meer dramatiese én liriese aksent. Dit word veral bevestig deur die sterk herhaling van θυμός aan die begin.

4.2 Hierdie teenwoordige situasie van leed, waarna bo verwys is, hierdie *nou* waarin die liriese 'ek' hom bevind, word in reël 1 verbeeld in die woorde: ἀμηχάνοισι κήδεσιν κυκώμενε, waar θυμός op die setel van die emosies wys (Rubin). Sowel Kamerbeek (17) as Treu (220) sien in κυκώμενε die beeld van 'n maalstroom van smarte, met verwysing na Solon 1, 61D: νούσοισι κυκώμενον ἀργαλέησιν. Dit bly natuurlik altyd 'n probleem om vas te stel of 'n digter die grondliggende beeld in 'n woord in gedagte gehad het. Duidelik is in elk geval dat ἀμηχάνοισι κήδεσιν sowel κήδεα en veral ἀνηκέστοισι κακοῖσιν in 7,1 en 5D weerspieël. In beide gedigte word die smarte aan die begin ongeneeslik, sonder teenmiddel omskrywe, waardeur die gedagte van die ἀμηχανία gesuggereer word, 'n tema wat Pfeiffer oortuigend uitgewys het as kenmerkend van die argaïese digkuns: die hulpeloosheid van die mens wat vasgevang is in die wisselgang van die lewe. Maar soos uit 7D geblyk het, het ons ook hier die beginsel van τλημοσύνη as middel teen hierdie ἀμηχανία: die weerstand-bied van 'n aktiewe wil wat wil oorwin, en nie 'n passiewe gaan lê midde selfbejammering nie. Hierdie wil-tot-oorwinning vind hier uitdrukking in die sterk militêre beeld van reëls 2–4, waar θυμός nou die setel van moed of krag is, en selfs vermenslik word. Dit gaan hier oor die opstaan uit die ellende, die uittree van die 'ek', die onverskrokke vasstaan in die aangesig van die vyand.

4.3 Die etiese voorskrifte in reëls 4–7, waar θυμός nou die setel van die emosies is, kan via νικῶν en νικηθείς gesien word as uitvloeisel van hierdie militêre beeld. Dit hou inhoudelik sowel as formeel verband met die Griekse gedagte van 'niks te veel nie', van matige selfbeheersing, 'n gedagte wat telkens in die argaïese liriek tot uiting kom. Die naasmekaar-stel van vreugde en smarte in 4–7 vertoon dieselfde pendulum-komposisietegniek en -motief van 7D en verskeie passasies in latere outeurs (vgl. Fränkel, *EGP* 493 n. 16). Hier word egter meer klem gelê op die wyse hoe die 'ek' hom in beide

omstandighede, by beide pole van die lewe, moet handhaaf — nie in oormaat nie! Uit reël 6 blyk — net soos immers uit 7D — dat nòg die blywees nòg die treur verkeerd is: verheug jou, en verknies jou — maar in beide gevalle is daar 'n beperking: μή λήν. Dit is die ἀμφάδην (4) en die ἐν οἴῳ καταπεσών (5) wat afgewys word as λήν. Roem en vreugde sonder 'n besef dat daar ook 'n teenkant is, ἐν 'n oorgawe aan smarte, 'n soort passiewe resignasie, is beide 'n teken van die onkunde van die lewenswetmatigheid wat die mens beheers. Om dié onkunde te verhoed en tot insig te lei, geld die oproep van die slotreël, waar θυμός die setel van die intellek is, soos blyk uit γίγνωσκε. Kamerbeek-Verdenius 19 wys tereg op die verwantskap van γίγνωσκε met die latere Delphiese γνῶθι σεαυτόν. Maar vir Archilochos gaan dit om meer as die eie-self; dit gaan meer bepaald om 'n universele aangeleentheid as objek van die 'kennis': die ὅσμος wat die mens beheers: die wetmatige orde van wisselende geluk en ongeluk wat die mens vashou en waaraan hy nie kan ontkom nie.

Maar juis in die erkenning van dié patroonmatigheid lê die oorwinning oor die leed: die wete dat daar naas die skadukant ook 'n vreugdekant is wat mekaar met onafwendbare reëlmaat afwissel. Die gedagte van die τλημοσύνη as middel teen die leed, wat in 7D reeds geblyk het, word hier egter verder geneem deur te wys op die soeke na kennis en insig in dié wetmatigheid as bron vir dié volharding te midde van leed (vgl. die praesens γίγνωσκε teenoor die aoristiese γνῶθι).

In hierdie opsig wys Nancy F. Rubin goed daarop dat die gedig in 'n lineêre lyn beweeg van 'emotion to understanding'. Hierdie beweging loop hand aan hand met 'n beweging van *individuele* θυμός tot die *algemene* ἀνθρώπους, wat 'n voortgang van die spesifieke en konkrete setel van die emosies (θυμέ, θύμ') tot die universele beginsel wat die mensdom beheer, aangedui deur ὅσμος, suggereer. 'The chain of imperatives addressed to the θυμός is broken only in the climactic final line, where a shift in syntax accompanying the semantic shift from specific to general signals the dramatic change. A command to behave steadily and not too emotionally precedes the order to understand the principle behind such action. It is the understanding, however, that will initiate a change from ἀμηχανία (line 1) to εὐπορία or εὐμηχανία (implied)' (6).

LITERATUUR

Besprekinge van 67aD in die volgende (a) algemene; en (b) besondere werke.

- (a) Bowra, *EGE* 12–13.
Campbell 153–154.
Farnell, *GLP* 302.
Fränkel, *EGP* 143, 493 n. 16.
Geerebaert 13.
Gerber, *Euterpe* 29–30.
Jaeger, *Paideia* 121–124.
Kamerbeek-Verdenius 16–19.
Kirkwood 36.
Pfeiffer, *Philologus* 84 (1929) 137–152.
Will 101.
Wolf, *WS* 68 (1955) 99–119.
- (b) Crusius, *RE* II, kol. 487–507.
Darcus, *Glotta* 55 (1977) 178–182.
Friedländer, *Hermes* 64 (1929) 378.
Gundert in Pfohl, *Die griechische Elegie* 85–87.
Jaeger, *CR* 60 (1946) 103.
Kamerbeek, *Mnem.* 14 (1961) 5–6.
Lasserre-Bonnard 39.
Leemans, *AC* 17 (1948) 403 e.v.
Nikitas, *WJA* 5 (1979) 33–46.
Page, in Pouilloux, *Archiloque* 154–157.
Renehan, *CPh* 58 (1963) 36–37.
Rubin, *CJ* 77 (1981) 1–8.
Scherer, in Pouilloux, 96–97.
Schnabel 52.
Schroeder, *Hermes* 53 (1918) 324–329.
Seidensticker, *GRBS* 19 (1978) 5–22.
Snell, *JHS* 93 (1973) 172–184.
Tovar, *Anales de Filol. Clásica* 4 (1947–9) 345 e.v.
Treu, *Archilochos* 220–221.

(JHB)

(d) Fr. 68D (212A, 70E, 115 + 116L–B, 107 + 108T, 131 + 132W)

Die mens 'n dagwese

Τοῖος¹ ἀνθρώποισι θυμός,² Γλαῦκε, Λεπτίνεω πάι,
γίγνεται θνητοῖς³, ὁκοῖην³ Ζεὺς ἐφ' ἡμέρην ἄγη,⁴
καὶ φρονεῦσι τοῖ³, ὁκοίοισ' ἐγκυρέωσιν ἔργμασιν.

BRONNE

o.a. Stob. 1, 1, 18; 4, 31, 117; Diog. Laert. 9, 71.

1. VERSMAAT

Trogeïese tetrameter (katalekties)

— — — — | — — — — || — — — — | — — — —

met *sunizesis* by Λεπτίνεω (1) en ἐγκυρέωσιν (3); en let wel: ὁκοῖην (2) en ὁκοίοισ' (3).

2. KOMMENTAAR

1 θυμός: 'geestesgesteldheid'.

Λεπτίνεω: Ioniese genitiefvorm.

2–3 ὁκοῖην en ὁκοίοισ' is Ionies vir ὁποῖην en ὁποίοισ'.

ἐφ' ... ἄγη: tmesis; hier word ἄν in die onbepaalde bysin (met ἄγη en ἐγκυρέωσιν, 3, in die subjunktief) verswyg soos dikwels in Homeros wanneer die verwysing algemeen is.

φρονεῦσι: Ionies vir φρονοῦσι.

ἔργμασιν: 'gebeurtenisse', soos dikwels by Homeros.

1. [Plut.] Theon, Stob.codd: τοῖς Stob.F, *Suda*

2. [Plut.] Theon, Stob.codd: νόος (νοῦς) Diog.codd., *Suda*, Syr. *Rhet*.

3. Diog.codd.: ὁποῖην Sext.codd.: οἰκοῖην Stob.codd.: ὁκοῖον [Plut.] Theon, Syr.*Rhet*.

4. Stob.codd., Syr.: ἄγει ceteri.

3. STRUKTUUR EN INTERPRETASIE

’n Inskripsie van die einde van die 7de eeu v.C. by Thasos gevind en in 1955 gepubliseer, dui daarop dat Glaukos steeds in Thasos vereer is as een van die leiers van die kolonisasie van Thasos deur Paros waaraan Archilochos deelgeneem het en waarna hy meermale in sy poësie verwys: vgl. fr. 19D (19T, 20W, 280L–B), 89W (81L–B, 99T), 54D (88T, 97L–B, 102W), 51D (120T, 98L–B, 93W); vgl. ook fr. 129B (124L–B, 157T, 228W), 159T (148L–B, 104W). Vgl. Pouilloux, *Archiloque* 1–36, wat die inskripsie in die tweede helfte van die 7de eeu dateer.

Dit is onseker of die derde reël deel van dieselfde fragment is: die versmaat, die *poluptoton* in τοῖος (1) — τοῖα (3) en ὁκοῖν (2) — ὁκοῖοις (3), en die gedagtegang skep die indruk van ’n eenheid.

Die eerste twee reëls stel dit as ’n aanvaarde feit (vgl. Hom. *Od.* 18, 136–7) dat die mens se wese verander na gelang van wat Zeus daardie bepaalde dag op hom laat kom. Die derde reël breek effens deur die fatalisme van aanvaarding soos by Odusseus (vgl. die kommentaar op 67aD) en fokus op die individu se wil of denke te midde van eksterne gebeure of omstandighede. Laasgenoemde gedagte sluit aan by die slotreël van fr. 58D. Gebeure of omstandighede dring van buite af in die menslike gemoed in en vorm of vervorm dit, elke dag. Dit is hierdie fokus op die individu en sy wese en lot, op die hier en nou, wat Archilochos die voorloper van die liriese digters maak.

LITERATUUR

Dihle, *Gr. Literaturgeschichte* 51 § 3.

Fränkel, *EGP* 134–136.

Fränkel, *Wege* 1–22.

Gerber, *Euterpe* 30–31.

Kirkwood 37.

Lasserre-Bonnard 38.

Pouilloux, *Archiloque* 1–36.

Treu, *Archilochos* 221.

(WJH)

(e) Fr. 74D (206A, 74E, 74L–B, 74T, 122W)

Die ongelooflike gelooflik!

Χρημάτων ἄελπτον οὐδέν ἐστιν οὐδ' ἀπώμοτον
 οὐδὲ θαυμάσιον, ἐπειδὴ Ζεὺς πατὴρ Ὀλυμπίων
 ἐκ μεσημβρίας¹ ἔθηκε νύκτ' ἀποκρύψας φάος
 ἡλίου λάμποντος. ὑγρόν² δ' ἦλθ' ἐπ' ἀνθρώπους δέος.
 ἐκ δὲ τοῦ καὶ πιστὰ³ πάντα κἀπίελπτα γίγνεται
 5
 ἀνδράσιν. μηδεὶς ἔθ' ὑμέων εἰσορέων θαυμαζέτω,
 μηδ' ἐάν⁴ δελφῖσι θῆρες ἀνταμείψωνται νομόν
 ἐνάλιον καὶ σφιν θαλάσσης ἡχέεντα κύματα
 φίλτερ' ἡπείρου γένηται, τοῖσι δ' ὑλῆειν⁵ ὄρος.

BRONNE

Stobaeus 4, 46, 10; Aristoteles *Rhet.* 3, 17, p. 1418b28 (slegs reël 1). Daar is ook 'n papiirus-fragment (*P. Oxy.* XXII, 1954, nr. 2313, fr. 1a) wat slegs die laaste woorde van reëls 5–16 bevat. Dit gee die volgende vir reëls 10–16:

Ἀρχινοκτίδης	10
ἡτου πάις	
τύθη γάμω.	
]. . . γνε..	
ἡνέειν	
]	15
ἀνδράσιν	

(Kyk verder onder Interpretasie)

1. VERSMAAT

Die versmaat is die *trogeïese tetrameter katalekties*:

Ɀ — — — | — — — — || — — — — | — — — —

Vir variasies hierop, vgl. Raven, *Greek Metre* Seksie 35, pp. 33–34.

1. Schneidewin: -ας Stob.S: μεσαμβρίας Hoffmann
2. Valckenaer: λυγρόν Stob.S: ὠχρόν Bentley: αὖον Kamerbeek
3. Liebel: οὐκ ἄπιστα Stob.S: κᾶπιστα Doederlein
4. Valckenaer: ἵνα Stob.S: ἵν' ἄν Thiersch
5. Bergk:]ειν ὄρος pap.: ἦ δύνειν ὄρος Cook: ἦδὺ ἦν Stob.S: ἦδὺ ἦν ὄρος Gerber: ὑλέειν ὄρος Lobel: ὑλέην Fick: ἦ δύνειν cogit. Lobel

2. KOMMENTAAR

- 1 **χρημάτων**: Volgens LSJ beteken **χρῆμα** hier: 'thing, matter, affair'; volgens Muller se *Grieksch Woordenboek*: 'saak, aangeleentheid, handeling, gebeurtenis'. Vertaal vryelik: 'in die wêreld'.
ἄελπον: Volgens LSJ beteken die woord hier 'beyond hope, despaired of'. Dit beteken hier egter 'unexpected', d.w.s. 'onverwags' (so korrek Campbell 155). Oor die oorspronklike betekenis van **ἐλπς** as 'verwagting', vgl. Verdenius, *Mnem.* 24, 1971, 230. Vgl. verder by Semon. fr. 1,6D; 28,8D.
- 3 **μεσημβρίας**: Ioniese vorm; die Attiese is **μεσημβρία**. Dit was *middag* toe die sonsverduistering plaasgevind het. Dit word vry algemeen aanvaar dat die verduistering dié van 6 April 648 v.C. was (en nie die een van 711 v.C. nie). Oor die datering en probleme in dié verband, kyk Jacoby, *CQ* 35, 1941, 97–98. Gerber, *Euterpe* 32 meen korrek dat 'the language suggests that it was a recent event'. Die hele kwessie hang saam met die waarskynlike tydperk waarin Archilochos gelewe het en met die vertolking van die inhoud en betekenis van die fragment.
- 4 **ύγρόν**: Valckenaer se emendasie van die onmetriese **λυγρόν** van Stobaeus; **ύγρόν** beteken hier predikatief 'wat natmaak', d.w.s. 'wat laat sweet' (vgl. Engels 'cold sweat' wat angs vergesel). Renahan 37 e.v. verkies Bentley se **ώχρόν** ... **δέος**, 'vrees wat bleek maak'; **ώχρόν** ook Lasserre-Bonnard.
- 5 **ἐκ ... τοῦ**: 'sedertdien' (veronderstel dan **χρόνου**) of 'gevolglik'.
καί: 'dan ook'. Wat die teksprobleem betref, lees met Liebel **ἐκ δὲ τοῦ καὶ πιστὰ πάντα**: 'sedertdien (gevolglik) is dan ook alles geloofwaardig ...'
κάπιελπτα: *krasis vir καὶ ἐπίελπτα*.
- 7 **θήρες**: hier as *algemene* woord vir landdiere gebruik. Kontrasteer: **δελφῖσι**, 'n *spesifieke* woord wat hier die seediere verteenwoordig.
νομόν: Let op die aksent (nie **νόμον**, 'wet', nie).
- 8 **σφιν**: d.w.s. vir die **θήρες**.
- 9 **τοῖσι δ' ύλήειν ὄρος**: 'terwyl die bosryke berg (aangenamer word) vir die dolfyne'. **ύλήειν** is Bergk se emendasie vir Stobaeus se **ήδὺ ἦν** (die papirus het, volgens verskillende opvattinge, slegs

veiv of ηειν of bloot ειν). Die vorm ὑλήειν kom slegs in die laat grammatikus Choiroboskos (4de tot 5de eeu n.C.) voor, en moet dan as 'n ongewone onsydige vorm van ὑλήεις-εσσα-εν beskou word.

- 7–9 Die skynbare ommekeer van die natuurwet is 'n vorm van die *adunaton*-tema, 'n topos of gemeenplaas wat in die antieke literatuur dikwels voorkom. Van hierdie topos van die 'omgekeerde wêreld' is die huidige fragment die eerste voorbeeld in die oorgelewerde Europese literatuur. Vir later voorbeelde kyk bv. Herodotus 5,92a waar Sokles die Korinthiser spreek: 'Voorwaar die hemel sal onder die aarde wees en die aarde hoog bo die hemel' ens. met verwysing na die optrede van die Spartane; en Theokritos 1,132–136: 'Dra viooltjies nou, julle doringstruik, en julle distels ook' ens.

Tegelyk kry ons in die Archilochos-fragment 'n tweede topos, die θαῦμα- (verbasing-) motief (vgl. θαυμάσιον 2, θαυμαζέτω 6) oor die dae van die gode; vgl. verder Bakchulides 3, 57–58: 'niks is ongelooflik, wat die sorg van die gode ook al bewerkstellig nie', en Pindaros, *P.* 10, 48–50, 'maar wat my aangaan, in die dinge wat deur die gode voltrek word lyk niks ooit te ongelooflik om oor te wonder nie'.

3. STRUKTUUR

- 3.1 Die fragment val min of meer in twee helftes, 1–4 en 5–9.

SKEMA

- | | | | |
|----|---|-------|---|
| I | A | 1–2 | stelling: niks is meer bo verwondering nie |
| | B | 2b–4a | rede: sonsverduistering deur Zeus |
| | C | 4b | gevolg: vrees by mense. |
| II | D | 5–6a | stelling herhaal: alles is geloofbaar |
| | E | 6b–9 | oproep: laat niemand verbaas staan oor 'n omme-swaai in die natuur nie. |

- 3.2 Detail-elemente in die struktuur is die volgende:

- (i) Die triade in reëls 1–2 ἀελπτον οὐδέν ... οὐδ' ἀπώμοτον ... οὐδὲ θαυμάσιον.
- (ii) Die volgende kontraste of kontraselemente, ook tipierend van die argaïese liriese poësie:

ἄελπτον οὐδέν ... οὐδ' ἀπώμοτον (1) ~ πιστὰ πάντα κἀπίελπτα (5)
(indien πιστὰ die korrekte lesing is).

Moontlik Ζεὺς πατήρ Ὀλυμπίων (2) teenoor ἀνθρώπους (4) en
ἀνδράσιν (6).

4. INTERPRETASIE

4.1 Volgens Aristoteles wat slegs een reël van die fragment siteer (*Rhet.* 3, 17, 1418b28) spreek Archilochos in hierdie gedig nie in eie persoon nie, maar laat die digter 'n vader sy dogter berispe — klaarblyklik omdat sy haar aan onmoontlike (*adunaton*-) gedrag skuldig gemaak het. Ons weet nie wie die vader of dogter was nie, ook nie wat haar wangedrag was nie (vir verskillende teorieë hieroor kyk Gerber *Euterpe* 31e.v. of Treu 223). Ons het hier natuurlik slegs 'n fragment van die gedig. Een teorie (vgl. Treu en Campbell 155) kan daarby aansluit dat, soos ons weet, 'n sekere Lukambes die verlowing van sy dogter Neoboule met Archilochos gebreek het, as gevolg waarvan Archilochos vir Lukambes van verbreking van (trou) belofte beskuldig het (96E, 95D, en vgl. Treu 223). Hier kan die paar beweerde woorde van die papyrusfragment van ons gedig 74D moontlik lig op die omstandighede van die gedig werp. *Moontlik* wou Lukambes hê dat Neoboule liewer met die aristokraat Archenaktides moes trou (vgl. Ἀρχινακτίδης in r. 10 en γάμω in r. 12 wat met huwelik te doen het), en het sy geweier om aan haar vader se wens en opdrag te voldoen.

So 'n weiering sou ondenkbaar gewees het, 'n *adunaton*, maar indien dit wel gebeur het, dan sou die vader in die gedig 'n vergelyking tref tussen sy kind (παῖς van r. 11?) se weiering en 'n *adunaton* in die natuur wat tog moontlik geword het: by name 'n sonsverduistering, 'n natuurgebeure wat 'n hoogs ontstellende verskyning was vir die mense van die argaïese tydperk wat in die sewende eeu v.C. altans die betrokke natuurwette nog glad nie geken het nie.

4.2 Om hierdie gedig te kan waardeer moet die moderne leser die vrees — Archilochos sê die vrees 'wat laat sweet' (indien die emendasie ὑγρόν vir λυγρόν korrek is) — of minstens die verbasing probeer besef wat oor mense van dié tyd gekom het om te sien dat in die *middel* van die dag (ἐκ μεσημβρίας, 3), terwyl die son geskyn het (r. 4), dit *nag* (νύκτ', 3) word. Hulle kon dit slegs aan die aksie van Zeus die oppergod toeskryf, met verbasing vervul word (vgl. die θαῦμα-motief), en dit vrees vir die slegte voorteken wat dit vir hulle moes wees. Wat ons gedig of fragment betref dra die digter die onverwagte

gebeure in die natuur of kosmos oor op die onverwagte in die menslike lewe, die gedrag van 'n dogter, iets wat selfs haar vader na aanleiding van die sonsverduistering nie meer as 'n ἄελπτον of ἀπώμοτον of θαυμάσιον kan beskou nie.

4.2 Op sonsverduisterings en die gevolge daarvan ook later in die antieke tyd kan hier nie ingegaan word nie. Vergelyk egter verduistering van die *maan* wat ook 'n gevreesde voorteken was, bv. in die sewende boek van Thukudides met verwysing na die finale mislukking van Athene se militêre ekspedisie na Sicilië. Toe die Atheense leër en vloot in 413 v.C. nog gered kon word deur tydig van Sirakuse terug te trek, het Nikias geweier, en die twee ander generaals, Demosthenes en Eurumedon, het hulle — altans onwillig — aan sy beslissing onderwerp, veral toe daar op 27 Augustus 'n maansverduistering plaasgevind het. As gevolg van hierdie slegte voorteken het die meerderheid van die Atheense troepe toe ook by die generaals aangedring om te wag, en die bygelowige Nikias het toe selfs heeltetal geweier om oor 'n terugtrekking te praat (Thuc. 7, 50, 4).

44. Archilochos was natuurlik geen Nikias nie, en 'n sonsverduistering was in die digter se tyd niks nuuts nie. Weens die onvolledigheid van die gedig (fragment) is dit moeilik om te besluit of dit as ernstig of as ironies van die kant van Archilochos beskou moet word.

LITERATUUR

- Buchholz-Peppmüller I, 132–133, 207–208.
Campbell 154–156.
Gerber, *Euterpe* 31–33.
Kamerbeek-Verdenius 19, 21.
Renehan, *Studies* 37–38.
Treu, *Archilochos* 222–223.
Verdenius, *Mnem.* 24 (1971) 230.

(CAvR)

Kallinos van Efese

1. INLEIDING

1.1 LEWE EN WERK

Kallinos het waarskynlik in die tweede en derde kwart van die 7de eeu in Efese, Klein-Asië, gelewe. Die vraag rondom sy tyd hang nou saam met die oorloë van die Griekse stede van Klein-Asië teen die Kimmeriërs. (Die gedagte van Peppmüller en Campbell dat in Kallinos se gedigte sprake is van 'n oorlog teen die Magnesiërs, word meestal verwerp). Volgens Hdt. IV, 12 was hulle afkomstig uit Suid-Rusland, en het hulle Klein-Asië in die 7de eeu binnegedring en Lidië en Ionië tweemaal binnegeval. Tydens die tweede inval is die Lidiese koning Guges gedood (652), Sardis verower en Magnesia verwoes (vgl. Burn 100–106). In fr. 19 vermeld Archilochos die val van Magnesia, waaruit Strabo afgelei het dat Kallinos ouer was, omdat dié nog praat van die voorspoed van Magnesia — só ook nog Lesky 118 — iets wat kommentatore met omsigtigheid beskou en eerder net aanvaar dat hulle tydgenote was (vgl. Gerber, *Euterpe* 44). Dit is in

elk geval waarskynlik dat Kallinos deel gevorm het van die militêre aristokrasie van Efese, maar verder is niks van sy lewe bekend nie.

Pausanias en Strabo verwys na historiese en mitologiese gedigte van Kallinos, maar behalwe vir enkele fragmente in die elegiese versmaat (frr. 1–4) het alles verlore gegaan. Van die 4 fragmente is net 1 van substansiële lengte, en dit is deur Stobaeus oorgelewer onder die titel ἔπαινος τόλμης. Volgens Strabo behoort frr. 2–4 tot 'n gedig λόγος πρὸς Δία, waarin Zeus se hulp gevra word teen die invalle van die Kimmeriërs. Saam met die gedigte van Turtaios word dié van Kallinos geklassifiseer as oorlogselegie. Hy het in die Ioniese dialek geskryf, maar alhoewel sy woordeskat grotendeels aan Homeros ontleen is, toon hy soms 'n sekere oorspronklikheid in frasering.

TESTIMONIA

Edmonds, *Greek Elegy and Iambus* I, 40–44.
Gentili-Prato 1–3.

LITERATUUR

Fränkel, *EGP* 152.
Gerber, *Euterpe* 44.
Kroll, *RE* X, 1652 e.v.
Lesky 118.

(JHB)

2. FRAGMENTE VAN KALLINOS

(a) Fr. 1D (1A, 1B, 1E, 1G–P, 1W)

Dis edel om vir die vaderland te sterwe ...

Μέχρῃς τεῦ κατάκεισθε; κότ' ἄλκιμον ἔξετε θυμόν,
ὦ νέοι; οὐδ' αἰδεῖσθ' ἀμφιπερικτίονας
ὥδε λίην μεθιέντες; ἐν εἰρήνῃ δὲ δοκεῖτε
ῆσθαι, ἀτὰρ πόλεμος γαῖαν ἅπασαν ἔχει.

* * *

καί τις ἀποθνήσκων ὕστατ' ἀκοντισάτω. 5
 τιμῆν τε γάρ ἐστι καὶ ἀγλαὸν ἀνδρὶ μάχεσθαι
 γῆς πέρι καὶ παίδων κουριδίας τ' ἀλόχου
 δυσμενέσιν· θάνατος δὲ τότ'¹ ἔσσεται, ὁππότε² κεν δῆ
 Μοῖραι ἐπικλώσωσ'· ἀλλὰ τις ἰθὺς ἴτω 10
 ἔγχος ἀνασχόμενος καὶ ὑπ' ἀσπίδος ἄλκιμον ἦτορ
 ἔλσας, τὸ πρῶτον μειγνυμένου³ πολέμου.
 οὐ γάρ κως θανάτὸν γε φυγεῖν εἰμαρμένον ἐστίν
 ἀνδρ', οὐδ' εἰ προγόνων ἢ γένος ἀθανάτων.
 πολλάκι δηϊότητα φυγῶν καὶ δοῦπον ἀκόντων 15
 ἔρχεται, ἐν δ' οἴκῳ μοῖρα κίχεν θανάτου.
 ἀλλ' ὃ μὲν οὐκ ἔμπη⁴ δῆμῳ φίλος οὐδὲ ποθεινός,
 τὸν δ' ὀλίγος στενάχει καὶ μέγας, ἦν τι πάθη·
 λαῶ γὰρ σύμπαντι πόθος κρατερόφρονος ἀνδρός
 θνήσκοντος, ζῶων δ' ἄξιος ἡμιθέων·
 ὥσπερ γὰρ μιν πύργον ἐν ὀφθαλμοῖσιν ὀρώσιν· 20
 ἔρδει γὰρ πολλῶν ἄξια μοῦνος ἐών.

BRON

Stobaeus 4, 10, 12.

1. VERSMAAT

Die versvorm is die *elegiese distichon*; vgl. hiervoor die kommentaar op Archilochos fr. 7D.

2. KOMMENTAAR

Vóór reël 5 vertoon die teks 'n lakune — waarskynlik net 'n heksameter of dan gering. Sommige het fr. 3 probeer invoeg:

νῦν δ' ἐπὶ Κιμμερίων στρατὸς ἔρχεται ὀβριμοεργῶν.

Die verbinding kom miskien nie bevredigend voor nie, maar Defradas se beswaar dat die lakune aansienlik groter is, is spekulatief. Kamerbeek-Verdenius meen dit het in elk geval gehandel oor die nadere omskrywing van die oorlogsgevaar.

1. Paris. 1985: ποτ' Stob.SMA

2. Stob.codd.: ὁκότε Bach

3. Bucherer: μινυμένου Stob.codd.

4. Stob.A: ἔμπας Stob.SM

Kallinos skryf Ionies — vgl. τεῦ ... κότε (1), λίην (3), πως (12), ἔμπης (16), maar sy *woordeskat* en *formulering* is oorwegend epies — slegs ἀμφιπερικτίονας en ποθινός is nie in Homeros terug te vind nie. Tog het die gedig 'n kragtige effek (Campbell) en moet ons Kallinos nie bloot as nabootser beskou nie: die aard van sy gedigte was só na aan dié van die epiese dat daar vir die situasie en sy gedagtes om dit te verwoord 'n skat van epiese frases voorhande was. Vgl. hier veral Bowra 15–16 en Campbell 162, en in die besonder Schulhoff.

- 1 κατάκεισθε: die praes. dui op die huidige situasie: 'hoe lank nog lê julle leeg?'

ἔξετε is ingressief: 'wanneer sal julle ... begin kry?'

- 2 νέοι: in wyere sin beteken dit wapenvaardige manskappe (Buchholz-Peppmüller I,25 e.v.), soos in Turt.fr. 7,1D.

οὐδέ lei hier 'n verontwaardigde vraag in: vgl. Denniston 198 oor Aristoph. Eq. 1302.

οὐδ' αἰδέισθ(ε): 'julle skaam julle nie eers (vir die omwoners) nie.' Dodds, *The Greeks and the Irrational*, praat hier van die 'shame-culture', d.w.s. die gevoel van skaamte vir wat die mense sal sê. Campbell 163 verwys na Hom. *Il.* 6, 442 en *Od.* 2, 65 vir die akkusatief na αἰδέομαι: 'In these passages αἰδέομαι with accusative means "feel a sense of shame before"'. Vgl. ook Buchholz-Peppmüller I,26. Verdenius, *Mnem.* 12, 1944, 47–60, meen die onderliggende gedagte is bloot dié van 'ontsag'.

- 3 μεθιέντες: onoorganklike gebruik van μεθίημι.

ἐν εἰρήνῃ: 'in 'n staat van vrede', en nie 'rustig', 'kalm' nie. Let op die lacuna na r.4.

- 5 τις = ἕκαστος = 'elkeen' (vgl. hiervoor reeds Hom. *Il.* 2, 382: εὖ μὲν τις δόρυ θηξάσθω) — (m.a.w. nie in die hopliete-formasie nie: kyk by ἀκοντισάτω). Die beklemtoning van die individuele held in die tweede helfte van die gedig (vanaf r. 5) is heeltemal anders as die gees van gesamentlike optrede in die falanks.

ἀποθνήσκων: Verdenius pleit oortuigend vir 'n emfatiese gebruik: 'eers as hy sterwe' = 'nie voor hy sterwe nie', téén die gebruikelike 'wanneer hy sterwe'. Leimbach 271 n. 33 meen die emfatiese funksie is moontlik, maar nie noodsaaklik nie. Hy wys ook daarop dat die gedagte om te veg tot die dood toe on-Homeries is.

ἀκοντισάτω: Leimbach (270 n. 21 en 274) betoog tereg dat die falankstegniek nog nie vir Kallinos gegeld het nie, aangesien die gebruik van die werpspies nie daarmee te versoen is nie. Die geleidelike instelling van die falanksformasie op die Griekse vasteland dateer vanaf 675 v.C. In Ionië, en dus in Efese, is die formasie later as op die Griekse vasteland ingevoer. Leimbach verwys hier na Kiechle, "Lakonien und Sparta" 269; Snodgrass, *JHS* 85, 1965, 113; en Latacz 232.

- 7 κουριδίης ... ἀλόχου: 'wettige vrou', d.w.s. die vrou wat die Spartaan geneem het as hy op 30-jarige leeftyd die barakke verlaat het.
- 11 ἔλσας: aor.part. van εἶλω (vgl. LSJ), nie 'verberg' nie, maar 'saamtrek', en derhalwe 'n verinnerliking van Hom. *Il.* 13, 408: τῇ (ἄσπίδι) ὑπο πᾶς ἐάλῃ. Leimbach 273 en n. 46 handhaaf die gedagte van 'im Schutz des Schildes das wehrhafte Herz zu bergen'; vgl. ook so Buchholz-Pepmüller I, 26: 'unter dem Schilde die männliche Brust bergend'.
- 13 γένος: waarskynlik 'n akkusatief van betrekking: 'in afkoms/ge-slag' (Verdenius contra Hudson-Williams, Campbell en Matsen, wat γένος as nom. = 'kind', 'nakomeling' verstaan).
- 14–15 Campbell 166 merk op dat reëls 14–15 'amplify 12–13 by providing an example'. Verdenius verwerp hierdie uitbreidings-funksie van die *asundeton*. Vgl. egter weer Campbell: 'Homer frequently has asyndeton when a sentence explains or amplifies the previous one', met verwysing na *Od.* 22, 73–74.
- 15 ἔρχεται: reeds in Hom. as 'veilig huistoe keer' (*Od.* 14, 382 ens.). Gerber se gedagte dat τις of ἀνὴρ die subjek is, word tereg deur Verdenius afgewys. Die subjek is die substantiwiese φυγών = 'hy wat ontkom het ... keer veilig terug'.

κίχεν: gnomiese aoristus. Met verwysing na die werk van Ruijgh en van Krimpen oor κιχάνω (*Mnem.* 22, 1969, 124), wys Verdenius ook op die beeldspraak van reël 15: die lewe is 'n δίαυλος (Eur. *Her. Fur.* 660–662: κατθανόντες τ' εἰς αὐγὰς πάλιν αἰλίου/δισσοῦς ἂν ἔβαν διαύλους), waarop ook die Dood hardloop en die sterfling 'inhaal'. Campbell wys ook daarop dat hierdie beeldspraak nie epies is nie.

- 16 ὁ μὲν: Matsen neem ὁ as substantivering van φίλος en ποθεινός en die μὲν met emfatiese en deiktiese funksie, en δέ van 17 as

apodoties, en vertaal: 'Maar die man in elk geval nie geliefd by die volk of 'n voorwerp van hulle begeerte/verlange nie, hóm sal klein en groot beween ...'. Hiermee verwerp sy die gewone opvatting dat ὁ μὲν deur τὸν δ' gekontrasteer word (vgl. ook Campbell 166). ὁ μὲν kan tog nie na die lafaard verwys nie, want daar is nie van 'n lafaard sprake nie — vgl. die Interpretasie.

- 19 θνήσκοντος: Verdenius vertaal hier korrek 'as hy dood is', teenoor die gewone vertaling van 'wanneer hy sterf'. Vgl. bo, reël 5. ἄξιος; vgl. Hom. *Il.* 8, 234: νῦν δ' οὐδ' ἐνὸς ἄξιου εἶμεν.
- 20 ἐν ὀφθαλμοῖσιν: Gerber vertaal ἐν lokatief: 'in front of'; Verdenius wys op die Hollandse uitdrukking 'in het oog krijgen'. Ander hou dit vir instrumentalis (Adrados, Defradas), d.w.s. 'met die oog', maar die hele uitdrukking is waarskynlik bloot 'n uitgebreide en poëtiese weergawe van ὁρῶσιν, 'beskou', 'aansien'.
- 21 πολλῶν: brachulogie vir 'die dade van baie mense': ἄξια τούτων ἂ πολλοὶ ἐξοδουσιν.

3. STRUKTUUR

3.1 Matsen en Leimbach het tereg getoon dat Bowra se stelling dat daar géén logiese struktuur of gedagteontwikkeling in dié gedig is nie, maar slegs emosionele appelle, geheel ongegrond is. Hierby kan ons ook Fränkel voeg wat ewenseer ten onregte meen dat die reeks argumente nie konsekwent ineengeweeft is nie (vgl. ook Schulhoff 104).

Leimbach 266–267 wys daarop dat die doel van die gevegsparanese (oproep tot die geveg) daarin bestaan om ὁf die gebrek aan gevegsbereidheid uit die weg te ruim ὁf bestaande gevegsbereidheid te versterk. Hierdie doel word dan bereik deur argumente en oproepe. Die oproepe word gewoonlik deur bepaalde argumente gefunder. Die motiverende krag tot só 'n oproep spruit uit die volgende bronne:

- (a) die normatiewe motivering — die norme kan ὁf eties ὁf stryd-tegnies wees;
- (b) die beloning-bestraffingsmotivering;
- (c) die risiko-motivering (die gevegspotensie en kanse op oorlewing);
- (d) die emosionele motivering (gevoelens van haat of wraak van die vyande).

3.2 As ons hierdie motiewe in gedagte hou, kan ons die opbou van die gedig soos volg uiteensit. Die skema volg in teenstelling met Leimbach se drieledige, 'n tweeledige indeling. *Let op*:

- (i) die slotdeel waar ons die interpretasie van Matsen t.o.v. 16–17 navolg en nie kan aanvaar dat hier van 'n lafaard sprake is nie; en
- (ii) dat Leimbach nalaat om die spiraal of halfkonsentriese samestelling van 5–21 aan te dui:

A 1–4 Inleiding Die klag teen die νέοι vir hulle ongeërgdheid: 'n beroep op hulle αἰδώς en die gebrek aan 'n gevegsbereidheid (= normatiewe motivering).

B 5–21 Parenese

- (a) 5 oproep tot geveg — tot die dood toe (= normatiewe motivering)
- (b) 6–8a beloningsfundering: dit bring eer
- (c) 8b–9a risikofundering: sekerheid van die dood
- (a) 9b–11 oproep tot geveg — dapper = (normatiewe motivering)
- (b) 16–21 beloningsfundering: eer en aansien vir die krygsman wat op die slagveld sterf òf dit oorleef
- (c) 12–15 risikofundering: sekerheid van die dood.

L.W. Die motiverings b en c ruil later om omdat motivering b die kern van die gedig is en vir prominensie laaste geplaas word. Vgl. die Interpretasie. Krischer 389 laat die paranese-tema (5) uit, en meen dat die eerste motief eers met reël 6 begin, maar só ignoreer hy die imper. ἀκοντισάτω van reël 5.

3.3 Let op die volgende patrone:

- (a) kontrastering εἰρήνη ... ἦσθαι (3–4):
πόλεμος ... ἔχει (4)
θνήσκοντος: ζώων (19)

- (b) herhaling:

ἀποθνήσκων (5)	}	verleen reliëf aan die <i>doods-</i> tema
θάνατος (8)		
θάνατον (12)		
θανάτου (15)		
θνήσκοντος (19)		

(vgl. kommentaar by struktuurskema)	<	$\left. \begin{array}{l} \alpha\lambda\kappa\mu\omicron\nu \dots \theta\upsilon\mu\omicron\nu \quad (1) \\ \alpha\lambda\kappa\mu\omicron\nu \quad \eta\tau\omicron\upsilon \quad (10) \end{array} \right\}$	beide aan die einde van reël
		$\left. \begin{array}{l} \varphi\upsilon\gamma\epsilon\acute{\iota}\nu \quad (12) \\ \varphi\upsilon\gamma\acute{\omega}\nu \quad (14) \end{array} \right\}$	in die middel
		$\begin{array}{cc} 1 & 2 \\ \alpha\acute{\xi}\iota\omicron\varsigma & \eta\mu\iota\theta\acute{\epsilon}\omega\nu \quad (19) \\ 2 & 1 \\ \pi\omicron\lambda\lambda\acute{\omega}\nu & \alpha\acute{\xi}\iota\alpha \quad (21) \end{array}$	
		$\begin{array}{l} \delta\acute{\eta}\mu\upsilon \dots \omicron\upsilon\delta\grave{\epsilon} \pi\omicron\theta\epsilon\iota\nu\acute{\omicron}\varsigma \quad (16) \\ \lambda\alpha\tilde{\omega} \dots \pi\acute{\omicron}\theta\omicron\varsigma \quad (18) \\ \acute{\alpha}\kappa\omicron\nu\tau\iota\varsigma\acute{\alpha}\tau\omega \quad (5) \\ \acute{\alpha}\kappa\omicron\nu\tau\omega\nu \quad (14). \end{array}$	

4. INTERPRETASIE

4.1 Die gedig as gevegsparanese is dikwels met dergelike gevegsparaneses in Homeros vergelyk. Vgl. hieroor volledig: Snell, *Entdeckung*⁴ 164 e.v.; Latacz se studie oor die gevegsparanese; Leimbach 268 e.v., en Krischer.

Terwyl Leimbach meen dat Kallinos 1D 'n kombinasie van en uitbreiding op verskeie Homeriese tipes is, meen Krischer dat dit gebaseer is op een model in Homeros, nl. *Il.* 12, 310 e.v., Sarpedon se paranese aan Glaukos. Vgl. Krischer 386 e.v.

4.2 Die gedig begin met 'n klag gerig tot die νέοι (Bowra meen ten onregte dat die νέοι hier bepaald by 'n feesmaal aanlê) oor hulle ongeërgdheid (κατάκεισθε, λίην μεθιέντες) en bevat indirek reeds 'n aansporing tot dapperheid, en so word deur αλκίμον ... θυμόν reeds dié tema in 9–11 geantisipeer (αλκίμον ἦτορ). Terwyl Jaeger meen dié klag is ernstig van aard, wil Verdenius in navolging van Fränkel dit sien bloot as retoriese oproep. (Fränkel en Verdenius wys op *Il.* 2, 796; 4, 371; 5, 782–783. Maar as dáár ongegronde beskuldigings van toepassing is, geld dit nie *ipso facto* van Kall. 1 nie). Dat hierdie klag wel met erns bedoel is, word gesuggereer deur die feit dat die νέοι traag is om in die stryd betrokke te raak: deur die stryd te vermy, vermy hulle só die dood. Nou skep hulle die indruk (δοκεῖτε) dat Efese in werklikheid ἐν εἰρήνῃ verkeer. Kallinos probeer nou om hulle daartoe aan te spoor deur daarop te wys dat om te veg vir die eie land, kinders en vrou dié risiko werd is. Die hele tweede deel van die gedig bevat die basis hiervoor.

4.3 Maar eers bring Kallinos sy klag tuis deur twee sake voor te hou:

- (1) te speel op hulle gevoel van αἰδώς (2)
- (2) hulle valse indruk van die situasie te onderskep (δοκεῖτε, 3).

Deur 'n beroep te maak op hulle αἰδώς-gevoel, neem Kallinos hulle direk na die heroïese wêreld van Homeros, waarin αἰδώς die negatiewe kant van τιμή en κῦδος vorm, en wat gegeld het as rigsgoed vir die held se optrede. Die groot verskil hier is natuurlik dat die *held* nou vervang word met die *groep* — vgl. Leimbach 272: 'Es ist klar, dass diese neue Wertung zum Bürgerheer der Polis passt. Sie ist aus ihrem Geist entstanden'. αἰδώς is hier inderdaad die gevoeligheid vir die ideale norm van die gemeenskap en dus die emosionele basis van deug: 'wat die mense sal sê' — soos Kallinos ook hier inderdaad verwys na die omwoners — wat hulle sal sê van sulke ongeërgde optrede! (vgl. Hom. *Od.* 2, 65, waar αἰδώς ook op die omwoners betrekking het). Kallinos waarsku so die νέοι dat hulle 'n valse indruk het van die situasie waarin hulle gemeenskap verkeer: dis nie vrede nie, maar oorlog wat die land teister.

4.4 Wat presies vóór reël 5 inpas is nie ter sake nie, want dit bly spekulatief. Tog bevat reël 5 genoeg informasie waaruit ons kan aflei dat Kallinos van hier af tot aan die einde met drie motiewe werk, wat, soos in die struktuur aangedui is, in afwisselende patroon ineengewef is.

Reël 5 bevat dus die eerste motief in bevelvorm, nl. dié van dappere oorlogsvoering, wat hy kwalifiseer as 'tot die dood toe' (ἀποθνήσκων), waar Verdenius se siening van die deelwoord sin gee aan hierdie motief. Matsen meen dat reël 5 die funksie het van 'n skoktaktiek waarmee hy die νέοι se aandag wil verkry.

Vervolgens (6–8a) fundeer (γάρ) hy hierdie oproep deur te wys op die motief van eer en aansien — deur te veg vir die land en familie — wat vanaf 16–21 meer volledig uitgewerk word, sodat ons hier kan praat van die kern of eintlike tema van die gedig. Burn en Gerber wys daarop dat ons in dié fundering van veg vir die *land* reeds die eerste voorbeeld van 'n beroep op patriotisme het. Verdenius wil dit eerder as preliminêre fase sien omdat vir hom γῆ hier nog nie geïdentifiseer word met vaderland ('Heimat') nie. Vgl. sy bespreking (*Mnem.* 25, 1972, 4–5) én die literatuur. Leimbach 272 n. 36 aanvaar Verdenius se beswaar teen Burn en Gerber, maar meen dat Verdenius γῆ nie korrek aandui nie ...: 'der Sache nach ist hier eindeutig mit γῆ das Land gemeint, das zur Heimatpolis gehört, worunter auch der eigene

Besitz mitgedacht is.’ Hy aanvaar derhalwe nie Verdenius se ontwikkelingsfase van patriotisme nie, aangesien γῆ in die *Ilias* sowel die persoonlike landeïendom as die hele vaderland kan wees (vgl. *Il.* 15, 498, 663; 12, 243). Dat dit die *hele vaderland* is, blyk egter duidelik uit reël 4: πόλεμος γαῖαν ἅπασαν ἔχει ~ μάχεσθαι γῆς πέρι (6–7). Soos reeds by die bespreking van die αἰδώς-gedagte aangedui, wys τιμῆν en ἀγλαόν hier op die positiewe sy daarvan, nl. τιμή in die eg-Homeriese sin van die woord. Vgl. Matsen 57–58.

4.5 Om hulle vrees vir die dood uit te skakel, omdat dit hulle weerhou van oorlogvoering, raak Kallinos die motief van die noodwendigheid van die dood aan (waar θάνατον, 12, reeds deur ἀποθνήσκων geantisipeer is): ‘n mens kan aan die dood nie ontkom nie, al is sy voorsate van goddelike/onsterflike afkoms. Hierdie motief vind ons alreeds terug in Homeros (vgl. veral *Il.* 6, 487–489 en *Od.* 3, 236–238; 10, 174–175). Kallinos gebruik hierdie motief egter *anders* as in Homeros, soos blyk uit reëls 14–15: waar die risiko van die dood *op die slagveld* vir die Homeriese held uit die aard van die saak *noodwendig* groter is, omdat die Homeriese held hom in ‘n voortdurende oorlogsituasie bevind, en waar strewe op die slagveld roem impliseer, skryf Kallinos vanuit ‘n *onheroïese oorlewingsgevoel* en wys hy die νέοι ten gevolge op die feit dat die risiko van die dood *in elke situasie* ewe groot is — op die slagveld, *maar net so ewe tuis* (Leimbach 273): ‘dikwels keer hy wat aan die stryd en gedruis van werpspiee ontkom het/veilig tuis, maar haal die doodslot hom tuis in’ (14–15). Vir die beeld van die Moirai wat die lewensdraad afspin, vgl. Dietrich, *Phoenix* 16, 1962, 86–101, en *Death, Fate and the Gods*; Greene, *Moirai*; Pötscher, *WS* 73, 1960, 5–39.

4.6 Verdenius maak beswaar teen kommentatore wat by ἐν δ’ οἴκῳ meen dat aan bv. Agamemnon gedink word, en wel op twee gronde: (a) die teenwoordigheid van πολλάκι (14); en (b) dat reël 15 op ‘n nie-gewelddadige dood dui: ‘This does not refer to Agamemnon ... for πολλάκι and the next line show that a non-violent death is meant’ (p. 7). Dit kan toegegee word dat πολλάκι daarop dui dat Kallinos *in die algemeen* dink, maar dis nie duidelik hoe reël 15 ‘n nie-gewelddadige dood impliseer nie. Kallinos kontrasteer *dood op die slagveld* (wat gewelddadig is) met *dood tuis*, d.w.s. die risiko van dood in elke situasie, afgesien daarvan watter manier van dood ter sprake is. Reël 15 sluit Agamemnon dus nie uit nie, al sou Kallinos nie spesifiek aan hom gedink het nie.

4.7 Die slot van die gedig (16–21) bevat die aansien-motief en geld as finale fundering vir sy oproep om betrokke te raak by die stryd. Matsen het veral 'n insiggewende interpretasie van hierdie reëls en die gedig in sy geheel voorgestel: dit gaan nl. hier nie basies om nét die gedagte van 'dis edel om vir die vaderland te sterwe nie' (Bowra); ook nie om die kontras tussen 'n krygsman wat die slagveld oorleef en tuis sterf nie, en 'n kontras tussen 'n lafaard (16) en 'n dapper man (17) nie. Kallinos spoor bloot mense, wat nie by die stryd betrokke wil raak nie uit vrees vir die dood, aan om te veg want — (1) ons moet buitendien sterwe; (2) daar wag groot aansien vir een wat vir sy land veg: hy wat aan die stryd deelneem word 'iets' by die volk (17–20) al was hy dit nie voorheen nie (16). Die loon vir die krygsman is gejammer en gemis as hy sterwe, roem en status as hy dit oorleef. Matsen se teorie pas in by die hele gang van die gedig soos ons dit aan die hand van die struktuur uiteengesit het. Ons moet onthou dat ook die Homeriese helde dikwels moes retireer, sodat φυγών (14) nie 'weghardloop' beteken en met 16 'n lafaard geïmpliseer word nie. Kallinos hou aan die νέοι die lokmiddel voor van sosiale status op gelyke voet met die heroïese helde (ἄξιος ἡμιθέων) as hulle 'n ἄλκιμον ἦτορ verkry en tot die stryd toetree. Leimbach 275 en n. 54; 276 n. 58, aanvaar nie Matsen se interpretasie van 16–17 nie, en wil verder φυγεῖν in 12 en φυγών in 14 beide as 'fliehen vor' vertaal. Hy deel reëls 16–21 dienooreenkomstig soos volg in (268):

16–21	Beloningsfundering
16	Bestraffing van die lafaard
17–19a	Kompensasie vir die gevallene: weeklaag by die volk
19b–21	Premie vir die oorlewende: groot aansien by die volk.

Teen sy opvatting van φυγεῖν as 'vlug voor' kan Turtaios 9, 35–37: εἰ δὲ φύγῃ μὲν κῆρα τανηλεγέος θανάτοιο./ ... πάντες μιν τιμῶσιν ὁμῶς νέοι ἢ δὲ παλαιοί, vergelyk word, waar Turtaios die gedagte uitspreek van 'wie aan die oorlog of die dood *ontkom*, word vereer ...'.

Ook ἄλλ' pas nie heeltemal in by Leimbach se uiteensetting van 12–15 nie; so ook die openingstelling — Leimbach gee self toe dat die doel is om 'n gebrek aan gevegspanese weg te neem!

Die slotkoeplet bevat 'n algemene beeld van die toring (vgl. *Od.* 11, 556; *Theognis* 233; *Alkaios* 112, 10 — en Longo, *BIFG* 1, 1974, 211–228; *Soph. Ajax* 159; *O.T.* 1201; *Eur. Alkestis* 311; *Medea* 390; *Psalm* 61:2) en saam met die slotwoorde met hul prominente posisie

(μοῦνος ἕών), beweeg Kallinos duidelik in die epiese wêreld: die heroïese held wat soos 'n toring alleen veg. Kallinos hou dié heroïese held as spieëlbeeld voor die νέοι.

As tema kan ons stel: om dapper te veg vir die 'eie' bring aansien en eer, in lewe of dood.

LITERATUUR

- Adkins, *HSCP* 81 (1977) 59–97.
 Adrados I, 107–113.
 Bowra, *EGE* 14–16.
 Buchholz-Peppmüller I, 25–27, 170–171.
 Burn, *Lyric Age* 171–172.
 Campbell 165–167.
 Defradas, *Les élégiaques grecs* 23–25.
 Fränkel, *EGP* 152–153.
 Geerebaert 1–5.
 Gerber, *Euterpe* 44–47.
 Jaeger, *Paideia* 93, 103.
 Kamerbeek-Verdenius 22–25.
 Krischer, *Hermes* 107 (1979) 385–389.
 Kroll, *RE* X, 1652–53.
 Latacz, *Kampfparänese, Kampfdarstellung und Kampfwirklichkeit*.
 Leimbach, *Hermes* 106 (1978) 265–279.
 Matsen, *CJ* 59 (1973) 57–59.
 Peppmüller, *Philologus* 51 (1892) 172–174.
 Schulhoff, *CR* 14 (1900) 103–106.
 Snell, *Entdeckung*⁴ 164–166.
 Verdenius, *Mnem.* 12 (1944) 47–60.
 Verdenius, *Mnem.* 25 (1972) 1–8.
 Zuretti, *RFIC* 41 (1910) 1.

(JHB)

Turtaios van Sparta

1. INLEIDING

1.1 LEWE EN WERK

Laat in die 8ste eeu v.C. (c. 730) het Sparta onder koning Theopompos die gebied rondom Messenê in die westelike deel van die Peloponnesos onder Lakoniese beheer probeer bring. Die stryd het twintig jaar geduur (Turt. fr. 4; Suda) voordat die Messeniërs tot oorgawe en slawerny gedwing is (Turt. fr. 5). Na sowat vyftig jaar (in c. 660 v.C. of iets later) het die Messeniërs teen hul Spartaanse onderdrukkers in opstand gekom, en is die Spartane genoodsaak om 'n bitter en langdurige stryd weer aan te knoop (die sogenaamde Tweede Messeense Oorlog) om hul grondbesit en voortbestaan te handhaaf.

Dit is in hierdie stryd waar die digter Turtaios sy verskyning maak. Sy *floruit* (d.w.s. die periode van sy fleur) word deur die Suda-leksikon (uit die 10de of 11de eeu n.C.) aangegee as die 35ste Olimpiade (= 640–637 v.C.). Alhoewel sommige bronne, waarskynlik onder die invloed van latere Atheense propaganda, hom as 'n Athener eien wat na Sparta gebring is om die geteisterde stad te red (Plato *Leg.*

629a + die Skolias; Paus. 4, 15, 6), word die getuienis dat hy 'n gebore Lakoniër was (Strabo 8, 362; Athenaios 14, 630f.; Lycurg. *Leocr.* 106; Diod. Sic. 8, 36; die *Souda*) vandag algemeen aanvaar. Sy betrokkenheid en belangrike rol in die politieke en militêre lewe en stryd van Sparta, soos uit sy oorblywende fragmente blyk, is te sterk om dié te wees van 'n genooide vreemdeling of selfs 'n ingeburgerde Spartaan. In fr. 6D spreek hy die ouer garde soldate aan as een van hulle, en in fr. 7D rig hy hom tot die jonger Spartaanse burgersoldate in terme wat in 'n vreemdeling of nie-Spartaan ondenkbaar sou wees.

Die *Souda*-leksikon, wat Turtaios as elegie-digter en fluitspeler tipeer, skryf vyf boeke poësie aan hom toe, waarvan 'n Πολιτεία ('Konstitusie'), Ὑποθήκαι ('Goeie Raad') en μέλη πολεμιστήρια ('Oorlogsliedere') genoem word. Die bestaande fragmente kom uit sy *Eunomia* en die oorlogsverse, en word vandag algemeen as eg beskou (vgl. Prato, 8*–20*). Hierin kom sy betrokkenheid as digter by die oorlewingsstryd van Sparta na vore. Hy gebruik die poësie in diens van die stadstaat om die Spartane teen die komende krisis te waarsku en om hulle tot die regte optrede aan te moedig. Propagandis was hy egter nie: die rol van die antieke Griekse digter as spreekbuis vir die *polis* maak so 'n aantyging anachronisties (vgl. veral Prato, 20*–26*).

Die taal wat Turtaios in sy poësie gebruik is naverwant aan dié van Homeros. Dit is 'n onvermydelike uitvloeisel van die groot rol wat die Homeriese eposse in die opvoeding van die argaïese Griek gespeel het. Dit dui ook nie noodwendig 'n Ioniese, d.w.s. nie-Spartaanse, herkoms van hierdie digter aan nie, alhoewel die afwesigheid van Doriese elemente in sy taal steeds problematies is (vgl. verder Prato, 48*–59*).

TESTIMONIA

Edmonds, *Greek Elegy and Iambus* I, 50–59.

Prato 1–19.

Gentili-Prato 6–19.

LITERATUUR

Burn, *Lyric Age* 175–185.

Degani-Burzacchini 83–84.

Dover, in Pouilloux, *Archiloque* 190–195.

Gerber, *Euterpe* 69–70.

Lesky 118–121.

Prato 1*–26* (lewe en werke).
 27*–37* (Messeense oorloë).
 37*–47* (Sparta ná die oorloë)
 48*–59* (Turtaios se taalgebruik).

(WJH)

2. FRAGMENTE VAN TURTAIOS

(a) Fr. 6D (6A, 10E, 6G–P, 6Pr, 10W)

Dis edel om vir die vaderland te sterwe

Τεθνάμεναι γὰρ καλὸν ἐνὶ προμάχοισι πεσόντα
 ἄνδρ' ἀγαθὸν περὶ ἧ πατρίδι μαρνάμενον,
 τὴν δ' αὐτοῦ¹ προλιπόντα πόλιν καὶ πίονας ἀγρούς
 πτωχεύειν πάντων ἔστ' ἀνιηρότατον²,
 πλαζόμενον σὺν μητρὶ φίλῃ καὶ πατρὶ γέροντι 5
 παισὶ τε σὺν μικροῖς κουριδίῃ τ' ἀλόχῳ.
 ἐχθρὸς μὲν γὰρ τοῖσι μετέσσεται, οὓς κεν ἴκηται
 χρημοσύνη τ' εἴκων καὶ στυγερῇ πενίῃ,
 αἰσχύνει τε γένος, κατὰ δ' ἀγλαὸν εἶδος ἐλέγχει,
 πᾶσα δ' ἀτιμίῃ καὶ κακότης ἔπεται. 10
 εἰ δ'³ οὕτως ἄνδρός τοι ἄλωμένου οὐδεμί' ὥρη⁴
 γίγνεται οὔτ' αἰδῶς οὔτ' ὀπίσω γένεος⁵,
 θυμῷ γῆς περὶ τῆσδε μαχώμεθα καὶ περὶ παίδων
 θνήσκωμεν⁶ ψυχέων⁷ μηκέτι φειδόμενοι.

BRON

Lukourgos *in Leocr.* 107.

1. Stephanus: αὐτοῦ Lyc.codd.: ἦν δ' αὐτοῦ Francke
2. edd.: ἀνιηρότατον Lyc.NA
3. Francke: εἴθ' Lyc.codd.
4. edd. ὥρη Lyc.codd.
5. Ahrens: οὔτ' ὀπίσω τέλος Lyc.codd.: ὅπῃς οὔτ' ἔλεος Bergk
6. edd.: θνήσκωμεν Lyc.NA
7. Aldina: ψυχῶν Lyc.codd.

1. VERSMAAT

Die *elegiese koeplet* (vgl. Archilochos, fr. 7D).
 Let op die volgende: ἀτίμη (10; ook by Hom. *Od.* 13, 142);
 ἀλωμένοῦ/οὐδέμῃ (11); ψυχέων (14; *sunizesis*).

2. KOMMENTAAR

- 1 τεθνάμεναι: Aiolies-epiese vorm (vgl. bv. Hom. *Il.* 24, 225; 15, 497) van die pf. inf. van θνήσκω (vgl. τεθνάναι). Om μαρνάμενον sinvol te maak, is die perfectum beklemtonend ('tot sterwe kom') eerder as 'n aanduiding van die toestand ('dood wees', 'dood lê'); vgl. Kühner-Gerth I, 150; en Verdenius, *Mnem.* 22, 1969, 337, en Degani-Burzacchini 86, teenoor Prato.

γάρ: volgens Verdenius (*Mnem.* 22, 1969, 337–338) wys dit vorentoe na en verduidelik dit reël 13, en word die motivering by εἰ δέ (11) weer opgeneem, soos by Hom. *Od.* 17, 78–83 (vgl. Denniston 69–70; ook 182–183: 'resumptive δέ').

καλόν: 'edel', met estetiese en morele konnotasies; vgl. Snell, *Entdeck.* 23 en Verdenius, *Mnem.* 22, 1969, 338; so ook Degani-Burzacchini 86.

ἐνί: kom in epiese poësie voor i.p.v. ἐν. In Homeros is die betekenis 'op ... af': *Od.* 24, 526: ἐν δ' ἔπesson προμάχοις Ὀδυσσεὺς καὶ φαίδιμος υἱός. Verdenius (*Mnem.* 22, 1969, 338) wys op twee idees in *pro*-vervat: νόορ-vegters (lokatief) en vegter vir of ten behoeve van (modaal); vgl. Hom. *Il.* 3, 16: Τρωσὶν μὲν προμάχιζειν Ἀλέξανδρος.

ἐνὶ προμάχοισι: 'onder die voorste (jong) vegters', d.w.s. in die falanksformasie van swaargewapende hopliete wat vanaf c. 675 v.C. in Griekeland en sekerlik ook in Sparta in gebruik gekom het. In Homeros is die πρόμαχοι die individuele kampvegters soos Achilleus en Hektor wat voor die res van die leërs na vore tree. Ons teks weerspieël moontlik 'n oorgangsfase waarin daar nog sowel van die ou taktiek as die nuwe falanktaktiek gebruik gemaak is. Vgl. Snodgrass, *JHS* 85, 1965, 115–116; Snodgrass, *Greek Armour* 48–88; Calame, II, 25 e.v.; Toynbee, *Problems* 225 e.v.

- 1–2 πεσόντα/ἄνδρα ἀγαθόν: die akkusatief dui hier die onderwerp van die infinitief τεθνάμεναι aan: 'dat 'n dapper man val en sterf ...'.

ἀγαθόν: 'dapper'; die woord dui op die ware *aretê* (ἀρετή) van die kryger: sy fisiese krag en moed (vgl. Perrotta-Gentili 13), soos dit op die slagveld geopenbaar word (vgl. fr. 9, 20; fr. 9, 10 e.v.; Hom. *Il.* 13, 278–284; 21, 279–280. Vgl. ook Verdenius, *Mnem.* 22, 1969, 338–339 se kritiek (met verwysings) op Bowra, *EGE* 62.

περὶ ἧ πατρίδι: περί neem in hierdie betekenis gewoonlik die genitief (vgl. reël 13, en Kallin. fr. 1, 7; vgl. Kühner-Gerth II, 1, 493); vir die gebruik met die dat., vgl. Hom. *Od.* 17, 471; en Chantraine, *Gramm. Hom.* II, 127.

ῆ: dat. enk. vrl. van ὅς = (Lat.) *suus*, "syne".

- 3 προλιπόντα: 'banneling', d.w.s. wat gedwing is om te vlug ná die verowering van sy stad (vgl. fr. 4, 7–8; Jaeger, *Scripta Minora* I, 109; Verdenius, *Mnem.* 22, 1969, 339; Degani-Burzacchini 87, wat fr. 5, 7–8 vergelyk waar dit die lot van die Messeniërs was: κατὰ πίονα ἔργα λιπόντες) en nie 'droster' (Prato) of vlugteling weens pligsversuim (Jaeger, *Paid.* I, 133) nie.

πίονας ἀγρούς: die metaforiese gebruik kom reeds by Homeros voor (bv. *Il.* 23, 832; 16, 437).

- 4 ἀνιηρότατον: van ἀνιηρός, Ionies vir ἀνιαρός; 'smartlikste', d.w.s. wat smart ly (passief), anders as in Hom. *Od.* 17, 220: πτωχὸν ἀνιηρόν, wat smart veroorsaak (aktief); vgl. Verdenius, *Mnem.* 22, 1969, 340. Vgl. Hom. *Od.* 16, 273 en 15, 342 vir die haglike toestand en lot van die bedelaar.

- 5 πλαζόμενον: die participium passief van πλάζω kan as werklike passief ('verdryf', 'verban', 'banneling') of as medium ('wandelend') vertaal word.

φίλη: hier nie net 'eie' nie, maar 'geliefd'.

γέροντι: substantief byvoeglik gebruik; vgl. Hom. *Il.* 1, 358: παρὰ πατρὶ γέροντι; 9, 477: φύλακας τ' ἄνδρας δμῶας τε γυναῖκας, en vgl. verder Verdenius, *Mnem.* 22, 1969, 341.

- 6 μικροῖς: met emotiewe konnotasie: 'arme klein kinders'; vgl. Verdenius, *Mnem.* 22, 1969, 341; Moorhouse, *CQ* 41, 1947, 31–45.

ἀλόχῳ: 'bedgenoot'; vgl. Hom. *Il.* 9, 336 (van Briseis); as wettige vrou bedoel word, word κουριδίη bygevoeg (*Il.* 19, 298).

- 7 μετέσσειται = μετέσται (μέτειμι), met dat. τοῖσι.
οὗς: acc. van beweging by ἵκηται.
κεν: of κε = ἄν, en dui met die subjunktief ἵκηται 'n onbepaalde stelling aan: 'na wie hy ook al mag kom'. μέν (7) gevolg deur τε (9) is algemeen (vgl. Denniston 374 e.v.).
- 8 χρημοσύνη ... πενίη: die woorde verskil in betekenis: 'gebrek' (d.w.s. 'n behoefte aan iets) en 'armoede' (wat arbeid noodsaak); vgl. Theogn. 155–156; Eur. *El.* 375–376; Verdenius, *Mnem.* 22, 1969, 341–342 (met verdere literatuur).
- 9 κατὰ ... ἐλέγχει: tmesis vir κατελέγχει.
ἀγλαόν: 'glansryk', 'edel'. Die verbinding met εἶδος kom nie by Homeros voor nie, maar wel met γυῖα, 'ledemate' (*Il.* 19, 385).
ἐλέγχει: 'beskaam', 'weerspreek', 'weerlê'; die bedoeling is dat 'n persoon se fisiese voorkoms hoë verwagtings skep; vgl. Hes. *Erg.* 714: σὲ δὲ μὴ τι νόος κατελεγχέτω εἶδος (= 'houding'); Pind. *O.* 8, 19: ἦν δ' ἔσορ' ἄν καλός, ἔργω τ' οὐ κατὰ εἶδος ἐλέγχων; ook *I.* 3, 13–14; *P.* 8, 19.
- 10 πᾶσα ... ἀτιμῇ: 'algehele skande', soos by Hom. *Il.* 24, 407; Pind. *N.* 7, 56.
κακότης: 'ellende', soos by Hom. *Od.* 5, 414 en Pind. *P.* 2, 35.
ἔπεται: veronderstel αὐτῷ (vgl. bv. Hom. *Il.* 4, 415); die enkelvoud met twee onderwerpe is algemeen.
- 11 εἰ δ': Francke se korreksie van die onhoudbare manuskriplezing εἶθ' (= εἶτα) is verkieslik bo West se voorstelle ἴσθ' (= ἴστε, 'weet') of ἔσθ' (= ἔστι) wat 'n *lacuna* na reël 2 moet veronderstel; vgl. Degani-Burzacchini 89. Die δ' is hervattend (Denniston 182–183).
τοι: aan die gehoor gerig, eerder as net 'n etiese datief (vgl. Denniston 537–538): 'sê ek u', 'weet u'.
ἀλωμένον: participium van ἀλάομαι.
- 11–12 ἀνδρός ... ἀλωμένου en γένεος: objektiewe genitiewe.
- 12 γίγνεται: 'bestaan'; vgl. Verdenius, *Hermeneus* 39, 1967–1968, 125: 'blijkt te bestaan' (ook in *Mnem.* 22, 1969, 343).
αἰδώς: 'agting', 'ontslag', 'respek'. Vgl. verder Verdenius, *Mnem.* 22, 1969, 343–344, i.v.m. die respek jeens bedelaars in Homeros

(bv. *Od.* 6, 207; 14, 388). Turtaios beklemtoon die afwesigheid van hierdie sosiale en godsdienstige respek in die oorlogssituasie.

ὀπίσω: In Homeros kom hierdie woord net in die betekenis van 'terugwaarts' voor, omdat die argaïese Griek die verlede as reeds gesien en dus vóór die oë voorgestel het; die toekoms was nog onbekend en dus áfter die waarnemer. Vertaal: 'daarna', 'agterna'. Vgl. fr. 12, 30: γένος ἐξοπίσω en 11, 13: λαὸν ὀπίσσω (ook Sol. fr. 13, 32). Die lesing ὀπίσω τέλος in die manuskripte van Lukourgos pas nie in die versmaat nie: ὅπῃ | σὼ τῆ ᾤ | λῶς. Bergk se emendasie οὐτ' ὅπῃς οὐτ' ἔλεος probeer 'n reeks negatiewe partikels in balans bring: ἀνδρὸς ... /οὐδέμῃ' ὥρῃ/οὐτ' αἰδῶς/οὐτ' ὅπῃς/οὐτ' ἔλεος: 'nòg besorgdheid nòg agting nòg bedagsaamheid nòg medelye'. Hierdie voorstel vereis die gebruik van ὅπῃς in 'n betekenis wat dit in Homeros se tyd en voor Pindaros (bv. *O.* 2, 6) nie gehad het nie; maar steun vir hierdie lesing word verskaf in die ooreenkoms in woorde en gedagtes by Hom. *Il.* 24, 44–45: ὥς Ἄχιλῆος ἔλεον μὲν ἀπώλεσεν, οὐδέ οἱ αἰδῶς/γίγνεται, en *Od.* 14, 82: οὐκ ὀπιδα φρονέοντες ἐνὶ φρεσὶν οὐδ' ἔλεητύν. Die gebruik van Homeriese woorde in nuwe betekenis of verbindings is ook nie by Turtaios onbekend nie (vgl. Treu, *Von Homer* 267 e.v.; Snell, *Tyrtaios*).

In sy verdediging van die lesing οὐτ' ὅπῃς οὐτ' ἔλεος, wys Verdenius, *Mnem.* 22, 1969, 344 daarop dat 'n wandelende man (ἀλωμένον) se ellendes nie op sy toekomstige nakomelinge kan dui nie (vgl. fr. 9, 30), en dat die lesing οὐτ' ὀπίσω γένεος die verandering van die tweede οὐτε na οὐδέ sou meebring (Wilamowitz). Hy bevind ook dat die gebruik van ὅπῃς in *Od.* 14, 82 tog agting kan beteken, en verwerp Prato se beswaar teen ὅπῃς, 'agting', as toutologies vir αἰδῶς, 'ontsag'. Perrotta-Gentili 12 wys ook daarop dat by Pind. *O.* 2, 6 religieuse respek bedoel word, en Degani-Burzacchini 89 verwys na die Homeriese gebruik van ὀπίζομαι (bv. *Il.* 18, 216 en 22, 332).

Die emendasie van Ahrens (οὐτ' ὀπίσω γενέος) herstel 'n belangriker en meer tipiese belansering van gedagtes. Begrippe word in pare van fisiese (A) en geestelike (B) ontberinge gerangskik:

A	χρημοσύνη καὶ πενίη	(8)	gebrek en armoede
B	αἰσχύνει ... ἐλέγχει	(9)	oneer en skande
B + A	ἀτιμία καὶ κακότης	(10)	oneer en ellende

- | | | | | |
|-------|---|---------------------|---------|------------------------|
| C | [| ἀνδρὸς ... ἀλωμένου | (11) | enkeling-banneling |
| D | | ὀπίσω γένεος | (12) | familie-nakomelinge |
| A + B | | ὥρη ... αἰδῶς | (11–12) | versorging ... agting. |

Degani-Burzacchini vind hierdie stilistiese argument deurslaggewend.

- 13 θυμῷ: 'met moed' (Buchholz-Peppmüller I, 30; Prato; Snell, *Entdeck.* 15) of 'verwoed' (Verdenius, *Mnem.* 22, 1969, 345) met behoud van die betekenis van θύω.
- 14 ψυχέων: hier 'leuens' in konkrete sin; vgl. Hom. *Il.* 9, 332: αἰὲν ἔμην ψυχὴν παραβαλλόμενος; *Od.* 22, 245: περὶ τε ψυχέων ἐμάχοντο; 7, 74: ψυχὰς παρθέμενοι; fr. 9, 23.
- μηκέτι: emfaties ('glad nie', 'nooit'), en nie 'nie meer' nie; vgl. Verdenius, *Mnem.* 22, 1969, 345 en Degani-Burzacchini teenoor Prato 93.

3. STRUKTUUR

3.1 Die partikel γάρ in die eerste reël van die fragment impliseer 'n voorafgaande bewering. Volgens Van Groningen, *Comp.* 126 en Gerber, *Euterpe* 72, impliseer die γάρ in die eerste reël 'n voorafgaande verlore gedeelte. Maar γάρ kan antisiperend wees (Denniston 68 e.v.), alhoewel hierdie gebruik nie by Homeros voorkom nie. Prato se verwysing (p. 87 en 61) na γάρ in fr. 2D (2West, 1aPrato) as voorbeeld van hierdie partikel aan die begin van 'n gedig, is nie onbetwisbaar nie: West las bv. 'n fragment van *P. Oxy.* 2824 vooraan. Fr. 8D (11West, 8Prato) begin met ἀλλ'—Ἡρακλῆος γὰρ ...: die γὰρ volg op die ekshortatiewe ἀλλ(ά) ('kom nou'), en is dus nie antisiperend nie, maar redegewend (Prato 103). Verdenius, *Mnem.* 22, 1969, 338, volg Jacoby en Peppmüller; laasgenoemde beweer kategorieë: 'Das Gedicht ist kein Fragment, sondern ein organisch gegliedertes Ganzes'.

3.2 Diehl en ander (bv. Wilamowitz, Jacoby, Fränkel, Lesky, Prato, Snell, Degani) onderskei fr. 6 (tot by reël 14) van die volgende, fr. 7D, ten spyte daarvan dat Lukourgos die twee fragmente aaneen aanhaal. Die argumente wat vir hierdie skeiding onlangs weer deur Prato na vore gebring is, is soos volg:

- (a) Die skielike oorgang van 'ons, die ou manne' na 'julle, die jongmanne' veroorsaak 'n verandering in toon en situasie.
- (b) Lukourgos se aanhaling van die twee fragmente sonder 'n breuk

is geen sekere aanduiding dat hy geweet of bedoel het dat dit een gedig is nie; die eenderse tema van die twee fragmente sou genoeg rede vir die samevoeging kon gewees het.

- (c) Die fragmente verskil in inhoud omdat twee verskillende momente van die oorlog belig word: in fr. 6 is die eintlike oorlog nog ver, alhoewel 'n konkrete situasie in die verlore aanvang van die gedig geïdentifiseer sou kon gewees het; die oproep aan die ouer manne is meer algemeen, minder dringend en berispens; in fr. 7 word die jongmanne na aanleiding van onlangse terugslae waarin die ouer manne erg gely het, aan hulle plig herinner in dringende, byna aantygende terme.
- (d) Die terme van die oproep vir die twee groepe is ook anders: vir die ou manne is dit die welsyn van hul gesinne, die behoud van hul grond en vaderland, en die toekoms van hul kinders, met ballingskap as die gevolg van nederlaag; vir die jongmanne is dit die trots in hul fisiese krag en voorkoms, met skande as die gevolg van hulle pligsversuim teenoor die ouer geslag.
- (e) Die laaste twee koeplette van fr. 6 (reëls 11–14), met die voorwaardesin waarin die ballingskapsituasie opgesom word (11–12), en die finale oproep om te veg en selfs te sterf (13–14) is 'n natuurlike en effektiewe afsluiting op 'n klimaks. Reël 15, die begin van fr. 7, begin 'n nuwe gesprek. Fr. 6 bied die einde van 'n parainesis, fr. 7 die begin van 'n ander parainesis.

Ander geleerdes (bv. Sitzler, Jaeger, Rossi, Bowra, Van Groningen, Verdenius, *Mnem.* 22, 1969; *Hermeneus* 39, 1968, 126; Adrados, West) verdedig die eenheid van frr. 6 en 7.

Vgl. verder Prato 81–86; en Gerber, *Euterpe* 72.

3.3 SKEMA

A	—1–2	dis edel om vir die vaderland te veg en te sterf.
B	—3–4	dis smartlik om stad en grond te verlaat en bedelaar te word,
C	—5–6	'n balling vergesel van moeder, vader, kinders en vrou,
D	—7–8	oral onwelkom, behoeftig en arm.
E	—9–10	verlies van aansien vir self en nageslagte, oneer, ellende volg
F	—11–14	die enigste teenmiddel teen so 'n situasie is om dapper te veg en te sterf vir vaderland en kinders.

Die plasing van τεθνάμεναι (1) en θνήσκωμεν (14) omraam die hele

fragment. Hierdie omraming word versterk deur die woorde of gedagtes aan die einde van hierdie reëls: πεσόντα (1) en μηκέτι φειδόμενοι (14), en ook die frases περὶ ἧ πατρίδι μαρνόμενον (2) en γῆς περὶ τῆσδε μαχώμεθα (13). 'n Basiese kontras tussen die edele (καλόν, 1) en die smartlike (ἀνιηρότατον, 4) word uitgewerk in die kontras ἄνδρ' ἀγαθόν (2): πλαζόμενον (5), ἐχθρός (7) en αἰσχύνει ... ἐλέγχει (9), met die saambindende opsomming in ἄνδρὸς ... ἄλωμένου (11). Binne die omraming is die gedagtes in reëls 3–10 lineêr na 'n klimaks gerangskik.

4. INTERPRETASIE

4.1 Die motief van 'n erbare dood op die slagveld kom algemeen voor. Ook in die letterkunde is voorbeelde uit verskillende tye: Hom. *Il.* 15, 494–499; Alk. fr. 400L–P; Hor. *Carm.* 3, 2, 13. Formules in dié trant verskyn op inskripsies uit die argaïese en klassieke tyd:

ἐν προμάχοις [ἔπεσεν] (*IG* 7, 2247);
 περὶ πάτρας μαρνόμενος, πρῶτος δ' ἐμ
 προμάχοις θάνεν [ο]ὔχι [κ]αταισχύνας
 πατρίδ' οὐδὲ γονῆας ἑαυτοῦ (*IG* 9, 2, 466)

(vgl. Friedländer & Hoffleit, *Epigrammata* 79 e.v.).

4.2 Met die verskyning van die falanksformasie in die argaïese leër, het die fokus verskuif van die enkeling-kampvegter na die lid van die falanks wat vir sy stadstaat en medeburgers se lot of glorie gegee en gesneuwel het. Die motief van die ἀνὴρ ἀγαθός (reël 2) is hier nou met die Spartaanse opvattinge oor ἀρετή verbind. Al ontbreek die woord ἀρετή self in ons teks, word iets van die inhoud en betekenis daarvan in hierdie fragment vergestalt. Vir die Spartaan (en die argaïese Griekse aristokraat in die algemeen; vgl. Hom. *Il.* 6, 208 e.v., waar Hippolochos se raad aan sy seun Glaukos genoem word; en Pind. *O.* 8, 19–20, waar die Olimpiese wenner se sege die verwagtinge van sy voorkoms vervul) het ἀρετή 'n aangebore, innerlike krag, fisiese voorkoms, en geestelike eienskappe behels. Hierdie eienskappe, wat die geboortereg van die aristokraat was, is in die nasionale atletiese spele, maar veral op die slagveld geopenbaar (Turt. fr. 9, 13–14). Op inskripsies word 'n gesneuwelde soldaat ἀνὴρ ἀγαθός genoem.

4.3 Die materiële, fisiese en geestelike voorregte en voordele van die aristokratiese ideaal verskyn as basis vir die gedagtegang in hierdie fragment. Die mooie en edele word teenoor die lelike en

skandelike gestel: burgerregte en materiële welvaart (πόλιν καὶ πόνον ἀγοῦς, 3), gevestigde gesinslewe en familietradisie (5–6), respek en aansien (10, 11–12), en fisiese skoonheid (εἶδος, 9; eerder as in die filosofiese sin van ‘... “Bild” des Spartiatentums’, Fränkel, *EGP* 155 n. 7; vgl. Prato 90; Verdenius, *Mnem.* 22, 1969, 342–343). Dit is dan juis hierdie materiële en geestelike eienskappe en voorregte wat deur ‘n nederlaag verloor of vernietig word. Die keuse vir die Spartaanse aristokraat-soldaat het gelê tussen die dood op die slagveld, slawerny of (soos hier) die verlies van burgerskap en daaropvolgende ballingskap. Die liggaamskrag en -skoonheid, die heldemoed, d.w.s. juis die ideale van die ἀνὴρ ἀγαθός — word deur armoede en ballingskap vernietig (vgl. Perrotta-Gentili 13–14). Skande volg onvermydelik op wat vir pligsversuim en lafhartigheid aangesien is.

4.4 Turtaios gebruik hier die elegiese digvorm om sy medeburgers in die aangesig van ‘n krisis tot dapper, edele en opofferende optrede te inspireer. Die realistiese beelding en die direktheid van die appèl tot die emosies, die egtheid en betrokkenheid van die gedagtes en gevoelens, maak hierdie reëls en hul skepper belangrik in die geskiedenis van patriotiese of betrokke poësie.

LITERATUUR

- Adkins, *HSCP* 81 (1977) 59–97.
 Degani-Burzacchini 84–94.
 Fränkel, *EGP* 153–159.
 Gerber, *Euterpe* 72–74.
 Jacoby, *Hermes* 53 (1918) 1–44.
 Jaeger, *Paideia* 71–98.
 Lesky 118–121.
 Perrotta-Gentili 10–18.
 Rossi, *AIV* 112 (1953–54) 369–437.
 Schmid-Stählin I, 1, 357–361.
 Snell, *Tyrtaios*.
 Snodgrass, *JHS* 85 (1965) 110–122.
 Snodgrass, *Greek Armour* 48–88.
 Verdenius, *Hermeneus* 39 (1967–68) 122–127.
 Verdenius, *Mnem.* 22 (1969) 337–355.

(b) Fr. 9D (12E, 9G–P, 9Pr, 12W)

Dapperheid in die stryd vir die vaderland die ware deug

Οὐτ' ἂν μνησαίμην οὐτ' ἐν λόγῳ ἄνδρα τιθείην¹
οὔτε ποδῶν ἀρετῆς οὔτε παλαιμοσύνης²,
οὐδ' εἰ Κυκλώπων μὲν ἔχοι μέγεθός τε βίην τε,
νικῶν δὲ θεῶν Θρηίκιον Βορέην,
οὐδ' εἰ Τιθωνοῖο φῦνι χαριέστερος εἶη, 5
πλουτοίη δὲ Μίδεω καὶ Κινύρῳ μάλιον³,
οὐδ' εἰ Τανταλίδεω Πέλοπος βασιλεύτερος εἶη,
γλῶσσαν δ' Ἀδρήστου μελιχόγηρυν ἔχοι,
οὐδ' εἰ πᾶσαν ἔχοι δόξαν πλὴν θούριδος ἀλκῆς·
οὐ γὰρ ἀνὴρ ἀγαθὸς γίγνεται ἐν πολέμῳ, 10
εἰ μὴ τετλαίῃ μὲν ὀρώων φόνον αἱματόεντα
καὶ δῆλων ὀρέγοιτ' ἐγγύθεν ἰστάμενος.
ἦ δ'⁴ ἀρετῇ, τόδ'⁵ ἄεθλον ἐν ἀνθρώποισιν ἄριστον
κάλλιστόν τε φέρειν γίγνεται ἀνδρὶ νέφω.
ξυνὸν δ' ἐσθλὸν τοῦτο πόλῃ τε παντί τε δήμῳ, 15
ὅστις ἀνὴρ διαβᾶς ἐν προμάχοισι μένη
νεωλεμέως, αἰσχυρῆς⁶ δὲ φυγῆς ἐπὶ πάγχυ λάθηται
ψυχὴν καὶ θυμὸν τλήμονα παρθέμενος,
θαρσύνῃ δ' ἔπαισιν⁷ τὸν πλησίον ἄνδρα παρεστῶς·
οὗτος ἀνὴρ ἀγαθὸς γίγνεται ἐν πολέμῳ. 20
αἰψα δὲ δυσμενέων ἀνδρῶν ἔτρεψε φάλαγγας
τρηχείας, σπουδῇ δ' ἔσχεθε κύμα μάχης.
αὐτὸς⁸ δ' ἐν προμάχοισι πεσὼν φίλον ὤλεσε θυμόν
ἄστυ τε καὶ λαοὺς καὶ πατέρ' εὐκλείσας,

1. Stob.codd. Stephanus: τιθείμην Plato, *Leg.* 629a–30b, 660e–661a

2. Stob.M: παλαιμοσύνης Stob.SA

3. Schneidewin Schmidt: Κινυρέοιο μάλλον Stob.codd.

4. Oxon. Novi Coll. 270 Ursinus Hermann: ἡ δ' Stob.codd.: ἡ δ' Francke

5. Stob.AS: τό δ' Stob. M: τὸ τ' Francke

6. Bergk²: αἰσχυρᾶς Stob.SM: αἰσχυρός Stob.A

7. Paris.gr. 2092 Hermann: δὲ πεσεῖν Stob.codd.

8. Stob.codd.: ὅς δ' αὐτ' (ἐν) Bergk: αὐτὰρ ὅς (ἐν) Defradas

πολλά διὰ στέρνοιο καὶ ἀσπίδος ὁμφαλοέσσης 25
 καὶ διὰ θώρηκος πρόσθεν ἐληλαμένος,
 τόνδ'⁹ ὀλοφύρονται μὲν ὁμῶς νέοι ἡδὲ γέροντες
 ἀργαλέω τε πόθῳ πᾶσα κέκηδε πόλις,
 καὶ τύμβος καὶ παῖδες ἐν ἀνθρώποις¹⁰ ἀρίστημοι
 καὶ παίδων παῖδες καὶ γένος ἐξοπίσω· 30
 οὐδέ ποτε κλέος ἐσθλὸν ἀπόλλυται οὐδ' ὄνομ' αὐτοῦ,
 ἀλλ' ὑπὸ γῆς περ ἑὼν γίγνεται ἀθάνατος,
 ὅντιν' ἀριστεύοντα μένοντά τε μαρνάμενόν τε
 γῆς πέρι καὶ παίδων θούρος Ἄρης ὀλέσῃ.
 εἰ δὲ φύγῃ μὲν κῆρα τανηλεγέος θανάτοιο, 35
 νικήσας δ' αἰχμῆς ἀγλαὸν εὖχος ἔλῃ,
 πάντες μιν¹⁰ τιμῶσιν ὁμῶς νέοι ἡδὲ παλαιοί,
 πολλὰ δὲ τερπνὰ παθὼν ἔρχεται εἰς Αἶδην,
 γηράσκων ἀστοῖσι¹¹ μεταπρέπει, οὐδέ τις αὐτόν
 βλάπτειν οὔτ' αἰδοῦς οὔτε δίκης ἐθέλει, 40
 πάντες δ' ἐν θώκοισιν ὁμῶς νέοι οἳ τε κατ' αὐτόν
 εἵκουσ' ἐκ χώρης οἳ τε παλαιότεροι.
 ταύτης νῦν τις ἀνὴρ ἀρετῆς εἰς ἄκρον ἰκέσθαι
 πειράσθω θυμῷ μὴ μεθίεις πολέμου.¹²

BRON

Stobaeus 4, 10, 1 en 6.

1. VERSMAAT

Die *elegiese koeplet* (vgl. die vorige fragment).

L.W. Μίδεω ... Κινύρεω (6) en Τανταλίδεω (7).

2. KOMMENTAAR

- 1 μνησαίμην ... τιθείην: die optatief met ἄν in die hoofsin (apodosis) en εἰ in die voorwaardesin (protasis) dui op 'n potentialis-stelling. Sommige lees die medium τιθείμην na aanleiding van Plato se aanhalings van die openingsreëls (*Leg.* 629a, 660–661a) en

9. Diehl: τόν δ' Stob.codd.

10. Stob.SM: om. Stob.A: μὲν Schneidewin

11. Stob.A: δ' ἀστοῖσι Stob.SM

12. Camerarius: πόλεμον Stob.codd.

LSJ s.v. τίθημι B II. Vgl. egter West, *Studies* 187; Gerber, *Euterpe* 75.

ἐν λόγῳ: 'in (die) woord', d.w.s. 'in my poësie'. In argaïese Griekeland is 'n man se gimnastiese of militêre prestasies o.a. in die loflied vereer. Die betekenis 'in ere', 'in hoë agting' (bv. in Buchholz-Peppmüller) kom eers in outeurs ná Turtaios voor; vgl. Gerber, *Euterpe* 75.

- 1–2 οὐτ(ε) ... οὐδ(έ): die anafora aan die begin van die koeplette, en die herhaling van οὐτε in die eerste koeplet bind die lang sin saam tot 'n eenheid en beklemtoon die verskeie vorms van ἀρετή wat verwerp gaan word.

- 2 ποδῶν: genitivus causalis. Die voetwedloop was die oudste van die Olimpiese items (720 v.C.): vgl. Hom. *Od.* 8, 147 e.v.

ἀρετῆς: 'voortreflikheid', 'vermoë'; genitivus causalis: 'vanweë'.

παλαισμοσύνης: oor die stoeiwedstryde, vgl. Finley and Pleket, *The Olympic Games*, Index s.v. 'Wrestling'.

- 3 Κυκλώπων: die Kuklope (Siklope) was eenogige reuse wat onder die vulkaan Etna die weerligskigte van Zeus gesmee het; vgl. Hom. *Od.* 9, 187, 481; 12, 209 e.v.

- 4 θέων: praes. part van θέω. Prato 126 wil hierdie in verband bring met die wawedren, eers met twee perde (*biga*), later (vanaf 648 v.C.) met vier perde (*quadriga*), by uitstek 'n aristokratiese *agôn* (vgl. Hom. *Il.* 23, 262 e.v.). Hierdie vertolking word egter nie deur die teks self gedra nie: 1. θέων verwys na 'n persoon wat hardloop eerder as die perde van 'n renwa; en 2. νικῶν δὲ θέων Θρηϊκιον βορέην tel chiasities ποδῶν weer op, soos Κυκλώπων ... μέγεθος τε βίην τε (3) vir παλαισμοσύνης 'n *exemplum* is. Vgl. ook Shey, *Arethusa* 9, 1976, 24n.8, wat die herhaling sonder toeligting as 'uiters effektief' beskryf. Aan die ander kant steun Prato se vertolking op 'n tradisionele patroon. In Homeros verskyn die *agônes* in 'n omgekeerde orde: wawedren (*Il.* 23, 262 e.v.), boks (653 e.v.), stoei (700 e.v.), en voetwedloop (740 e.v.). Die Noordewind, Boreas, word as 'n perd voorgestel in *Il.* 20, 223–224. Vgl. ook Hes. *Op.* 553; Hom. *Il.* 9, 5; *Od.* 5, 385; Theogn. 715–716.

- 5 Τιθωνοῖο: Tithonos, seun van Laomedon, is weens sy skoonheid deur die godin van die daeraad, Eos, bemin; vgl. die *Hymn.* Hom. (aan Aphrodite) 5, 200–201, 218–238.

- φυήν: acc. resp.: 'van voorkoms'. Uiterlike skoonheid was reeds by Homeros 'n belangrike ἀρετή (bv. *Il.* 3, 39–45; *Od.* 8, 169–185); vgl. Shey, *Arethusa* 9, 1976, 24n.9.
- 6 Μίδεω καὶ Κινύρεω: Midas, koning van Frigië, en Kinuras, koning van Cyprus, was beroemd vir hulle groot rykdom (vgl. Ovid. *Met.* 11, 85 e.v.; Hom. *Il.* 11, 20 e.v.; Pind. *N.* 8, 18).
- μάλιον: Ionies vir μάλλον. Die woord verskyn net hier en by Kallim. fr. 67, 13 Pfeiffer.
- 7 Τανταλίδεω Πέλοπος: Pelops, seun van Tantalos, na wie die Peloponnesos vernoem is, was bekend vir sy koninklike mag (vgl. Thuk. 1, 9).
- 8 Ἀδρήστου: Adrastus, koning van Argos, was een van die sewe helde wat teen Thebe opgetrek het om Poluneikes op die troon te plaas. Sy welsprekendheid word nie voor Turtaios vermeld nie, maar kon in die verlore sikliese lied, die *Thebais* (Paus. 8, 25, 8) voorgekom het. Vgl. Geerebaert 23: 'Because of his ability to win favor and to please (cf. Hdt. V 67), Adrastus deserved Tyrtaeus' epithet μειλιχόγηρυν, which was repeated by Plato in the *Phaedrus* (269A)'. Vgl. Theog. 714 (Nestor). Vgl. egter Shey, *Arethusa* 9, 1976, 10–11, 25–26n.15, en die Interpretasie 4.3.
- 9 Θούριδος ἀλκῆς: 'aanvalsmoed', 'stormende krag'; θούρις is die vroulike vorm van die adjektief θούρος. Die frase kom reeds by Homeros voor (*Il.* 7, 164; *Od.* 4, 527).
- 11–12 τετλαίη ... ὀρέγοιτ(ο): die optatief (sonder ἄν of κε) in die protasis na 'n indikatief (γίνεται, 10) in die apodosis is dalk potensiaal: 'tensy hy dit kon verduur'. Vir μὲν gevolg deur καί vgl. Denniston 374.
- δῆων: gen. mv. van δαῖος; dus substantiwies soos by Hom. *Il.* 4, 373 (vgl. Prato). Vir die gen. met ὀρέγω, vgl. *Il.* 16, 322 en Turt. 12, 12D. ὀρέγοιτ': '(self of hand) uitstrek', 'n hou toedien'. Die handelinge is: naby aan die vyand staan (ιστάμενος, praes. med. part.) en dan 'n hou teen die vyand mik (ὀρέγοιτ'), alles byna gelyktydig.
- ἐγγύθεν: = ἐγγύθι.
- 13 ἦδ' ἀρετή ...: 'Hierdie is die (ware) voortreflikheid, hierdie is die beste prys ter wêreld ...'.
- ἄεθλον is 'n metafoor uit die atletiese *agôn*.

- 15 ἐσθλόν: 'voordeel'.
 πόλις ... δήμος: d.w.s. die stad as politieke eenheid en die burgers daarvan.
- 16 ὅστις ἀνὴρ: εἴ τις ἀνὴρ.
 διαβάς: = εὖ διαβάς, soos in Homeros, 'die voete stewig plant', 'met bene wyd staan' (*Il.* 12, 458); vgl. ook Turt. fr. 7, 31D (=10,3W).
- 17 ἐπὶ ... λάθεται: tmesis.
- 18 παρθένος: sterk aor. med. part. van παρτίθηναι, Dories en poëties vir παρατίθηναι, wat hier met sowel ψυχὴν en θυμὸν τλήμονα vertaal moet word in twee verskillende betekenisse (zeugma): 'terwyl hy sy lewe waag en 'n volhardende hart (imbors) vertoon'.
- 19 πλησίον ἄνδρα: 'n aanduiding van die falanksformasie; vgl. φάλαγγας (21).
- 21–23 ἔτρεψε ... ἔσχεθε ... ὤλεσε: die aor. dui 'n gewoontehandeling aan (gnomiese aor.).
- 22 τρηχέας: Ionies vir τραχείας: 'ruwe' (soos in Homeros), waarskynlik 'n tipering van die visuele effek van die rye spiese.
 σπουδῇ: 'met ywer'.
 ἔσχεθε: = ἔσχε.
 κύμα μάχης: die metafoor is deur Turtaios geskep na aanleiding van Hom. *Il.* 5, 469: ἐκ φλοίσβοιο, en *Il.* 2, 209: κύμα θαλάσσης.
- 23 αὐτὸς δ': sterk beklemtoon, en in τὸν δ' (27) weer opgeneem. Kommentatore wat die beklemtoning te sterk vind, verander die manuskriplezing na ὃς δ' αὐτ(ε): 'en hy, weer (verder) ...'
 φίλον: 'eie'.
- 24 ἄστυ: Alhoewel Sparta in hierdie periode as πόλις opgetree het, het dit eintlik nog uit verskeie dorpie bestaan (vgl. Thuk. 1, 10, 2).
- 25 ἀσπίδος ὀμφαλοέσσης: 'geëmbosseeerde skild', 'klinknaelskild', met verwysing na die hegnaels om die rand van die hoplietes-kild. By Homeros verwys ὀμφαλοέσσης ὃς na die enkele, sentrale knop van die skild (bv. *Il.* 13, 192), ὃς na meerdere knoppe (*Il.* 11, 34, waar Agamemnon se skild twintig ὀμφαλοί

het). Sommige geleerdes meen dat Turtaios eenvoudig die Homeriese adjektief oorgeneem het sonder inagneming van die presiese betekenis daarvan: vgl. Snodgrass, *Greek Armour* 181–182. Maar die heenwysing van die woord sou vanself met veranderde wapengebruik verander het. Vgl. by fr. 6, 1D.

- 26 θώρηκος: daar is nou getuienis dat die borsplaat van bronsmetaal reeds aan die einde van die laat-geometriese tydperk (c. 700 v.C.) in gebruik was; vgl. Bury⁴ 95 (ill. 3.2) en Jeffery, *Archaic Greece* 134.
- 27 τόνδ' ὀλοφύρονται: die rituele begrafnislied (γόος of ἐπικήδειον) is deur die leidende burgers, familieleden en vriende rondom die lyk gesing (Proklos, *Bib. Phot.* 321a30). In die *Ilias* (22, 429; 24, 720 e.v.) sing die burgers (πολίται of δῆμος) die refrein vir die gestorwe held. Hier is die verwysing eerder na 'n grafskrif (*epitaphion*) ter ere van die gestorwene (τύμβος, 29); vgl. Prato 134.
- 28 κέκηδε: die perf. act. van κήδω het 'n praesens betekenis: 'is bedroef'.
- 29 ἀρίσημοι: 'in aansien'.
- 35 φύγη ... ἔλη: die subjunktief met εἰ (sonder ἄν) kom in die poësie voor, en is die meer gewone konstruksie in Homeros vir *algemene* voorwaardes. Vgl. Goodwin § 1396 en 1406 oor 'general conditions' in Homeros.
κῆρα: akk. van κῆρ: 'vernietiging'; vgl. Lee, *Glotta* 39, 1961, 191 e.v., en Mīm. fr. 2, 5 D.
τανηλεγέος: dalk 'wat langdurige smart meebring' (LSJ; vgl. Hom. *Il.* 8, 70: δύο κῆρε τανηλεγέος θανάτιοι — ook *Od.* 2, 100; 11, 171). Leumann, *Homerische Wörter* 44–45 stel dit egter gelyk aan ἀνιλεγέος.
- 36 αἰχμῆς: genitivus auctoris: 'vanuit die lans', d.i. 'met die lans behaal'; vgl. Kühner-Gerth I, 332–333.
εὔχος: 'roem', soos by Pind. *P.* 1, 68: κλέος αἰχμᾶς, ook verkry uit of met sy spies.
- 38 παθών: hier vir die eerste keer van aangename ervaringe gebruik.
- 39 γηράσκων: asindeties met die vorige verbind om verdere informasie te verskaf. Prato en Shey bring hierdie woorde in nouer verband met lidmaatskap van die Gerousia; ἄστοισι is dan

'kollegas in die Gerousia'; vgl. West se resensie van Prato se uitgawe, *CR* 20, 1970, 50.

- 40 αἰδοῦς: 'ontsag'. Die genitief (ook δίκης) dui verwydering aan: 'van sy ontsag en reg verhinder (berooft)'. Die twee begrippe αἰδώς en δίκη is belangrik in die argaïese Griekse morele en politieke denke, eersgenoemde as basis van menslike verhoudinge, laasgenoemde as regmatige deel vir elke wese en basis van die politieke bestel. Vgl. Plat. *Prot.* 322c; Hesiod. *Op.* 192–193; Hom. *Od.* 9, 112 e.v.; *Il.* 19, 180; Hirzel, *Themis* 170 e.v. Vgl. kommentaar by Kallin. 1.
- 41 ἐν θώκοισιν: 'by byeenkomste'. Die eresitplekke (προεδρία) by spele, dramatiese opvoerings en godsdienstige geleenthede is in Sparta vir die konings gehou (Hdt. 6, 57, 2), maar voorrang is ook aan ouer burgers gegee (Xenoph. *Resp. Lac.* 9, 5).
- 42 εἴκουσ' ἐκ χῶρης: 'hulle (oud en jonk) maak plek'.
- 43 τις ἀνήρ: 'elke man'.
- 44 θυμῷ: 'met sy volle wese'. Vir θυμός en ψυχή, vgl. Snell, *Tyrtaios* 9–20.

πολέμου: genitivus separationis.

3. STRUKTUUR

3.1 Hierdie is waarskynlik 'n volledige gedig. Stobaeus (4, 10) haal die gedig in twee dele (1–14 en 15–44) aan, maar Theogn. 1003–6 gee reëls 13–16 weer as 'n eenheid. Stobaeus se indeling stem ook nie ooreen met die natuurlike skeiding van die gedig by reël 20 nie. Vgl. ook Plato, *Leg.* 629a, 660e–661a.

3.2 SKEMA

- A 1–22 Fisiese heldemoed die ware *aretê*
 (a) 1–12 die verskeie vorms van *aretê* met die θοῦρις ἀλκή as die ware *aretê* in oorlog
 (b) 13–20 nadere bepaling van die ware *aretê*: hoe die ἀνὴρ ἀγαθός moet optree.
 (reël 20, die klimaks van dié gedeelte, herhaal byna woordeliks reël 10, die klimaks van die *priamel*, of lys van *aretai*, en sluit die twee afdelings met ringkomposisie saam)

- (c) 21–22 opsomming van reëls 11–20, wat as oorgang na volgende deel dien.
- B 23–44 Geestelike voordele van heldemoed
die voordele van ware *aretê* vir stadstaat, burgers
en ἀνὴρ ἀγαθός
- (a) 23–34 as hy dapper sterwe of
- (b) 35–42 as hy die stryd oorleef
- (c) 43–44 *exhortatio*.

(Vgl. Van Groningen 79; Campbell 176–177).

Shey, *Arethusa* 9, 1976, 6–7, 23n. 7, onderverdeel hierdie skema nog verder:

1. 1–9 ander ἀρεταί teenoor θοῦρις ἀλκή = 'Wertepriamel' (Schmid)
 2. 10–22 argumente ten gunste van ἀλκή
 3. 23–34 roem vir die gesneuwelde
 4. 35–42 verering van die oorlewende
- slot 43–44 *exhortatio*.

Belangrik is sy hele betoog dat die stemming van negatief tot affirmatief opbou.

3.3 Sekere elemente van die argaïese denkstruktuur kan waargeneem word: die priamel wat reeds by Homeros 'n ontwikkelde vorm vertoon (vgl. Fränkel, *EGP* 517 (Index A); Van Otterlo, *Mnem.* 8, 1940, 145–175; Snell, *Tyrtaios* 27–36; Schmid, *Priamel*; Race; vgl. oor Sem. fr. 29D); die gebruik van herhaling, veral in kontras (ἐν προμάχοισι μένη, 16 ~ ἐν προμάχοισι πεσών, 23), of variasie (πόλη ... δήμῳ, 15 ~ ἄστυ ... λαούς, 24; ὁμῶς νέοι ἡδὲ γέροντες, 27 ~ ὁμῶς νέοι ἡδὲ παλαιοί, 37 ~ ὁμῶς νέοι οἳ τε κατ' αὐτόν/... οἳ τε παλαιότεροι, 41–2; en reëls 10 en 20); die gebruik van *poluptoton* (παίδων παῖδες, 30); die parataktiese sinsbou in die tweede helfte (ἔτρεψε ... ἔσχεθε ... ὤλεσε, 21–23; ὀλυφύρονται ... κέκηδε ... ἀρίσῃμοι, 27–29; ἀπόλλυται ... γίγνεται, 31–32; μεταπρέπει ... ἐθέλει ... εἰκουσ', 39–42); en die pendulum-kontrastering (reëls 27–34 en 35–42). Al hierdie elemente is die gevolg van die argaïese denkstruktuur en deel van die mondelinge voordrag of kommunikasie van die poëtiese teks. Oor die priamelvorm en die gedig as paraineties, vgl. Shey, *Arethusa* 9, 1976.

4. INTERPRETASIE

4.1 Die egtheid van die gedig word nie meer betwis nie. Die gedagtes en inkleding is dié van Turtaios en nie dié van latere sofiste nie.

Vgl. veral Jaeger, *Paideia* 91–92; Prato, *Tyrtaeus* 15* e.v., 116–123; Snell, *Tyrtaios* en *Dichtung und Gesellschaft* 84–88; Shey, *Arethusa* 9, 1976, 23 n. 5; vir die ander siening, vgl. Fränkel, *EGP* 153–159.

4.2 Die invloed van Homeros blyk duidelik in sekere metriese effekte (bv. reël 15 ~ *Il.* 3, 50; reël 17 ~ *Il.* 13, 3) en woord-eggo's (reël 3 ~ *Il.* 7, 288; reël 19 ~ *Il.* 4, 233; reël 25 ~ *Il.* 6, 118). Belangrik is egter Turtaios se gebruik van Homeriese materiaal in 'n nuwe genre, konteks en betekenismilieu. Vgl. Snell, *Tyrtaios* 37–49, 50–58.

4.3 In Homeros kom mitologiese stof natuurlik deurgaans voor, maar as beskrywing, as veronderstelde wêreld van die verlede. In fr. 9D van Turtaios word die mitologiese materiaal as verwysings-raamwerk, as vergelyking (*exemplum*) vir die hede aangewend. Hierdie beeldende gebruik van mite het geleerdes (bv. Schmid-Stählin I, 1, 361n.1) laat glo in 'n latere datum (4de eeu) vir die gedig. Maar in 1914 is 'n papirusfragment ontdek en in 1918 gepubliseer waarin Turtaios verwys na Semele, Dionusos en die Tundaridai (*P. Berol.* 11675 = fr. 1D, 10 Prato, 18–23 West). Die mitologiese *exempla* word in fr. 9 gebruik om die grootheid van die ἀρετή van die ἀνὴρ ἀγαθός te beklemtoon: die mitologiese voorbeeld van 'n bepaalde vorm van ἀρετή is in normale opvattinge van die tyd voortreflik, maar die ἀνὴρ ἀγαθός oortref hulle met sy besondere ἀρετή.

Vgl. Snell, *Tyrtaios* 34–35; Shey, *Arethusa* 9, 1976.

4.4 Die hooftema van die gedig is die bepaling van die ware ἀρετή wat vir 'n spesifieke tyd (νῦν, 43) en geleentheid (ἐν πολέμῳ, 10, 20; ἥδ', 13; ταύτης, 43) van die grootste belang is. Turtaios begin deur in die eerste gedeelte (1–12) 'n lys (priamel) te gee van die tradisionele prestasies of eienskappe wat aristokratiese ἀρετή veroorsaak en bewys. Dit was veral die atletiese prestasies by die Olimpiese of ander nasionale spele wat as die hoogste menslike prestasie beskou is. Hierdie agonale ἀρεταί is veral deur oorwinning in die voetwedloop, stoeiwedstryde, boksgevegte en wawedrenne verkry. Daarby plaas Turtaios die geboortereg-ἀρεταί van die aristokrasie: persoonlike skoonheid, rykdom, mag en welsprekendheid. En die digter skakel hulle byvoorbaat met die reeks negatiewe uit om plek te maak vir die ware ἀρετή: fisiese krag en durf in die geveg (θοῦρις ἀλκή). Dit is die ἀρετή wat benodig word in die oorlewingsstryd van die πόλις.

Die ander ἀρεταί bring wel eer op 'n individu en sy stadstaat, maar dra nie tot die stadstaat se voortbestaan by nie. Die Homeriese held het ook so 'n ἀρετή gehad, maar sy vermoë in oorlog het glorie vir homself besorg. Die ἀνὴρ ἀγαθός wat Turtaios soek is 'n nuwe ideaal van die burger-kryger wat in die krisis vir sy πόλις, medeburgers en familie sal veg en desnoods sterf. Sy dapper optrede is 'n ξυνὸν ... ἐσθλόν (15), 'n voordeel vir almal in sy πόλις. Vir die ἀνὴρ ἀγαθός word ook roem en selfs 'n soort onsterflikheid (13 e.v.) deur die πόλις gewaarborg, 'n voortlewing, m.a.w., as *heros*. Al die ander ἀρεταί (grootte, krag, vlugtigheid, wedywering, uithouvermoë) word in die soldaat se *aretē* vervat (vgl. Shey 14–15). Hierdie is 'n nuwe gedagte in die Griekse 'Geistesgeschichte' (vgl. Treu, *Glotta* 43, 1965, 11; Snell, *Tyrtaios* 21–26, 34). Die digter se oproep namens die πόλις tot die individu blyk duidelik uit hierdie gedig: die πόλις moet die bron, doel en raamwerk van die Spartaan se optrede en bestaan word. Selfs die 'ek' in die gedig (reël 1) gaan op in die gemeenskap as geheel, waarvan die digter die verteenwoordigende spreekbuis is.

4.5 Ander begrippe in die gedig vereis die aandag: μνήμη, λόγος (1), γλώσσα (8), δόξα (9), κλέος (31) en ὄνομα (31). In 'n mondelinge kultuur soos dié van argaïese Griekeland is die gesproke en gehoorde woord van kernbelang as draer van die 'volksensiklopedie' (Havelock, *Preface to Plato*), d.w.s. die geakkumuleerde kennis en ervaring van die gemeenskap. Dit is dan die digter wat by uitstek hierdie volksensiklopedie help skep en bewaar. Μνήμη, herinnering (*memoria*); δόξα, κλέος, ὄνομα, wat mense van jou sê, jou 'naam' of reputasie; en λόγος en γλώσσα, die poëtiese woord en welsprekendheid, het almal deel gevorm van die skep en bewaar van die individu en groep se 'kultuur', verlede en hede. By Homeros was hierdie roem net vir helde soos Achilleus en Hektor beskore; Turtaios se gedig is 'n rekord van die moontlikheid daarvan vir die aristokratiese burger-soldaat van Sparta.

Vgl. Detienne, *Les maîtres ...* 9 e.v. Verdenius, *Mnem.* 22, 1969, 339–340; *Hermeneus* 39, 1967/68, 126–127, bespreek kortliks die probleem van die konteks waarin die gedig 'gepubliseer' is. Vgl. West, *Studies* 10 e.v.

4.6 Hierdie gedig is meer beheersd en beredeneerd as die driftige fr.

6. Die omstandighede wat daartoe aanleiding gegee het, is minder dringend. Maar dit is nie bloot filosofiese bespiegeling oor ἀρετή nie: die uiting kom steeds uit 'n militêre, sosio-politieke situasie.

4.7 'n Vergelyking met Perikles se begrafnisrede (Thuk. 2) bied boeiende insigte in die gemeenskaplike en onderskeidende denke van die Spartane en Atheners.

4.8 Die gedigte van Turtaios verteenwoordig 'the first stage in the development of city-state morality' (Jaeger, *Paideia* 93). Volgens Shey, *Arethusa* 9, 1976, 24n.11 (vgl. ook Campbell 177–178), skat Jaeger en Bowra (*EGE* 61–70) Turtaios se oorspronklikheid as denker te hoog en ongekwalifiseerd. Maar Turtaios moes sy medeburgers oorreed om hul lewens in gevaar te stel om die voortbestaan van Sparta te verseker, en moes dus ander ἀρεταί geringskat (Shey 8–9). Hy vergestalt hier wat van lewensbelang vir die voortbestaan van Sparta was: 'n ἀρετή wat berus op θοῦρις ἀλκή. Hierdie gedig is 'n kernteks vir die begrip van die Spartaanse stadstaat voor die 6de eeu.

Vgl. ook Shey 20 e.v.; Dover, in Pouilloux, *Archiloque* 190–195; Fuqua, *GRBS* 22, 1981, veral 219–226.

LITERATUUR

Bowra, *EGE* 35 e.v., 61 e.v.

Buchholz-Peppmüller I, 34–37.

Campbell 176–177.

Detienne, *Les maîtres de vérité dans la Grèce archaïque*.

Finley-Pleket, *The Olympic Games. The First Thousand Years*.

Fränkel, *EGP* 153–159.

Fuqua, *GRBS* 22 (1981) 215–226.

Geerebaert 23.

Gerber, *Euterpe* 75.

Havelock, *Preface to Plato* 36–86, veral 47–48.

Jaeger, *Paideia* 74 e.v., 90 e.v.

Prato 15* e.v., 116–123.

Schmid, *Priamel*.

Schmid-Stählin I, 1, 357–362.

Shey, *Arethusa* 9 (1976) 5–28.

Snell, *Dichtung und Gesellschaft* 84–88.

Snell, *Tyrtaios*.

Snodgrass, *Greek Armour* 181–182.

Treu, *Glotta* 43 (1965) 11.

West, *Studies* 10 e.v., 187.

Semonides van Amorgos

1. INLEIDING

1.1 LEWE EN WERK

In die bronne staan hy bekend as Simonides, maar Choiroboskos in die *Et. Magn.* 713, 17 handhaaf die spelling Semonides, wat algemeen aanvaar word as 'n goeie onderskeiding van Simonides van Keos. Volgens die *Souda* is hy oorspronklik in Samos gebore en lei 'n koloniestigting na Amorgos waar hy hom te Minoa vestig. Die Suda en Clemens van Alexandrië plaas hom as tydgenoot van Archilochos. Literêre oorweginge dateer hom in die tweede helfte van die 7de eeu v.C.: Sem. fr. 7, 51–52 word gewoonlik gesien as 'n eggo van Archil. fr. 18, 3–4; fragment 2 van Phokulides wat aan die begin van die 6de eeu v.C. gelewe het, weerspieël weer Sem. fr. 7, terwyl Sem. fr. 1 miskien Solon fr. 1 kon beïnvloed het. Die algemeen aanvaarde tyd is dan die tweede helfte van die 7de eeu. Dit maak Semonides 'n jongere tydgenoot van Archilochos.

Die *Souda* laat ook blyk dat Semonides jambes en twee boeke elegieë geskryf het. Hiervan het een elegie (29D) en enkele jambes oorgebly

(± 33), waarvan 1D en 7D die enigste substansiële stukke is. Beide is waarskynlik volledig. Dis uit die behoue gedigte en fragmente duidelik dat Homeros, Archilochos en veral Hesiodos invloed op hom uitgeoefen het. Wat Archilochos se invloed betref, is Semonides in sy oorgelewerde fragmente veel minder persoonlik en polemies, maar hy het wel 'n skerp spotgedig op die vrou geskryf o.a. deur verskillende tipes vroue met verskillende diere te vergelyk. Dit is 'n buitengewoon lang fragment (7D, 7E) van meer as 'n honderd verse, waarin hy die tradisie van misogynie (vrouehaat) voortsit (vgl. ook 6D, 6E) wat by Hesiodos begin, maar andersyds met hom saamstem dat daar vir 'n man niks beter as 'n goeie vrou is nie (Hes. *Op.* 702–703, Sem. fr. 7, 83–93). Invloed wat hyself uitgeoefen het is waarneembaar in Solon 1, Phokulides 2, en Bakchulides 3.

TESTIMONIA

Edmonds, *Greek Elegy and Iambus* II, 210–212.

LITERATUUR

Burn, *Lyric Age* 170–171.

Fränkel, *EGP* 200–201.

Gerber, *Euterpe* 53.

Lesky 114–115.

Maas, *RE* III, A, 184 e.v.

(JHB)

2. FRAGMENTE VAN SEMONIDES

(a) Fr. 1D (2A, 1B, 1E, 1W)

Die mens 'n Dagwese

Ἦ παῖ, τέλος μὲν Ζεὺς ἔχει βαρύκυτος
 πάντων ὅσ' ἐστὶ καὶ τίθησ' ὅπη θέλει.
 νόος δ' οὐκ ἐπ' ἀνθρώποισιν· θάλλ' ἐφήμεροι
 ἅ δὴ βοτὰ ζώομεν¹ οὐδὲν εἰδότες,
 ὅπως ἕκαστον ἐκτελευτήσῃ θεός. 5
 ἐλπίς δὲ πάντας κάπιπειθείη τρέφει
 ἄπρηκτον ὀρμαίνοντας· οἱ μὲν ἡμέρην
 μένουσιν ἐλθεῖν, οἱ δ' ἐτέων περιτροπάς.
 νέωτα δ' οὐδεὶς ὅστις οὐ δοκεῖ² βροτῶν
 πλούτῳ τε ἀγαθοῖσιν ἵζεσθαι φίλος. 10
 φθάνει δὲ τὸν μὲν γῆρας ἄζηλον λαβόν³,
 πρὶν τέρμ' ἵκηται⁴. τοὺς δὲ δύστηνοι νόσοι
 φθείρουσι θνητῶν· τοὺς δ' Ἄρει δεδμημένους⁵
 πέμπει μελαίνης Ἀΐδης ὑπὸ χθονός.
 οἱ δ' ἐν θαλάσῃ λαίλαπι κλονεόμενοι⁶ 15
 καὶ κύμασιν πολλοῖσι πορφυρῆς ἁλός
 θνήσκουσιν, εὖτ' ἂν μὴ δυνήσωνται⁷ ζόειν.⁸
 οἱ δ' ἀγχόνην ἄψαντο δυστήνῳ μόρῳ
 καὐτάγρετοι λείπουσιν ἡλίου φάος.
 οὕτω κακῶν ἅπ' οὐδέν· ἀλλὰ μυρίαι 20
 βροτοῖσι κῆρες κἀνεπίφραστοι δύαι
 καὶ πῆματ' ἐστίν. εἰ δ' ἐμοί⁹ πιθοίαιτο,
 οὐκ ἂν κακῶν ἐρώμεν οὐδ' ἐπ' ἄλγεσι
 κακοῖσ' ἔχοντες θυμὸν αἰκίζοίμεθα.

1. δὴ βροτοὶ ζώομεν Stob.codd.: sequitur αἶδη (ἄδη A) βοτὰ ζώομεν Stob.MA: ἅ δὴ βοτὰ ζώουσιν Ahrens: ἅ δὴ βοτὰ ζόουσιν West: ζώομεν Allen

2. Paris. 1985: δοκεῖ Stob.codd.

3. Stob.codd.: λαβὼν Adrados

4. Stob.codd.: ἰκέσθαι Sitzler

5. Stob.codd.: δαμνημένους Adrados

6. Fick: κλονεῖμενοι Stob.codd.

7. Stob.SM: δυνήσονται Stob.A: εὖτε μηχανήσονται Ahrens: εὖτ' ἂν νῆα νήσονται Sitzler

8. Porson: ζόειν Stob.codd.: ζοῆς Sitzler

9. Brunck: δέ μοι Stob.codd.

BRON

Stobaeus 4, 34, 15.

1. VERSMAAT

Akatalektiese jambiese trimeter:

— — — | — — — | — — —

- L.W. (i) sunizesis by νόος (3), ἐτέων (8); en κλονεόμενοι (15).
 (ii) ζώομεν (4) bewerk 'n ongewone choriambes i.p.v. twee jambes in die tweede metron. Vgl. hieroor Babut 19 n. 12 en Gerber, *TAPhA* 100 (1969) 179–180.

2. KOMMENTAAR

Semonides skryf in Ionies met aanklanke aan die epos: bv. ἡμέρην/μένουσιν ἐλθεῖν (7–8) ~ μένον δ' ἐπὶ ἔσπερον ἐλθεῖν (*Od.* 1, 422); μελαίνης ... ὑπὸ χθονός (14) ~ γαῖα μέλαινα (*Od.* 11, 365); λείπουσιν ἡλίου φάος (19) ~ λείψειν φάος ἡελίοιο (*Il.* 18, 11).

- 1 ὦ παῖ: die gebruik van die direkte rede wys op die didaktiese karakter van sy digkuns en dra die stempel van kommunikasie van lewenservaring aan die volgende geslag.

Vgl. Fränkel 201; Jaeger, *Paideia* 124. Maas (*RE* III, 186) meen hier is blote vorm sonder persoonlike kleur.

τέλος: dieselfde gedagte in Archil. fr. 84, 2: καὶ τέλος αὐτὸς ἔχει. Solon fr. 1, 17: ἀλλὰ Ζεὺς πάντων ἐφορᾷ τέλος, en direk nageboots deur Eur. *Orestes* 1545: τέλος ἔχει δαίμων βροτοῖς./τέλος ὅπα θέλη. Uit die parallelle met Archilochos en Solon kan ons aflei dat dit 'n algemene gedagte was.

- 2 τίθησ(ι): 'hy beskik daaroor'.

νόος: vgl. Sol. fr. 1, 67D; en ook reëls 33 e.v.

- 3 ἐφήμεροι: die uiteensetting van die betekenis van hierdie woord deur Fränkel (*TAPhA* 77, 1946, 131–145 en *Wege und Formen* 23–39) het wye aanname verkry. Volgens Fränkel beteken dit oorspronklik nie 'dit wat vir 'n dag duur' of 'kortstondig' nie, maar 'onderworpe aan die veranderende dag/die gang van elke dag' of 'wisselvallig'. Mense word ἐφήμεροι genoem nie omdat hulle kortstondig is nie, maar omdat daar in die argaïese tydvak geglo is dat hulle karakter of persoonlikheid uitgelewer was aan

die genade van die veranderinge wat elke dag met hom meebring. In 1976, dertig jaar later, het Dickie in 'n artikel genaamd 'On the Meaning of ἐφήμερος' (*Illinois Classical Studies*, I, 1976, 7–14) hierdie opvatting betwis. In sy opsomming wys Dickie daarop dat 'n analise van dié passasies wat Fränkel behandel het ons eerder tot die konklusie bring dat 'ἐφήμερος may mean "by day", "from day to day", and "lasting for a day" ...' (p. 14). Wat Sem. fr. 1D betref meen hy dat ἐφήμεροι bloot 'n sinoniem van θνητοί of βροτοί kan wees, maar skrywe: 'However, the presence of the topic of the brevity of human life in a number of other poems dealing with the enjoyment of present pleasures and the avoidance of hopes for the distant future encourages one to think that ἐφήμεροι may be pointed in this poem and mean "short-lived"' (p. 11). Hierdie kortstondigheid word ook in fr. 29D beklemtoon.

- 4 ἃ δῆ: Volgens Denniston 219 is dit hier 'depreciatory or sceptical'.

ἃ δῆ βοτά (ζώομεν): 'soos skape', d.w.s. 'onnosel', 'sonder insig'. Hierdie vergelyking onderstreep die gedagte van reël 3. Vir die gepastheid van dié vergelyking én die keuse van βοτά bo βροτοί sien die artikel van Gerber, *TAPhA* 100 (1969) 177–180, waarin hy parallelle aanhaal waaruit duidelik blyk dat die Grieke ook soos ons die gedagte van 'onnoselheid', 'stompsinnigheid' aan die skaap gekoppel het. Dit pas ook in by Semonides se fr. 7D waarin hy vroue volgens diere tipeer.

οὐδὲν εἰδότες: vgl. *Mimn.* fr. 2, 4–5D.

- 6 ἐλπίς: vgl. Solon fr. 1, 36D. Vgl. Lachnit 35.

κάπιπειθείη: *krasis* vir καὶ ἐπιπειθείη.

- 7 ἄπρηκτον: 'dit wat nie volbring word nie' (πράσσω, 'volbring', 'volvoer'). Vgl. ook Sem. fr. 28, 7D: ἀτέλεστα, en Simon. fr. 37, 22: κενεὰν ἐς ἄπρηκτον ἐλπίδα.

- 9–10 'Elkeen dink dat hy volgende jaar as vriend van Rykdom en Voorspoed sal kom', d.w.s. 'ryk sal wees'. νέωτα is objek van ἵκεσθαι (West, *Studies* 177); letterlik dus: 'hy wat dink dat hy volgende jaar sal bereik'. Gewoonlik kom dit met εἰς voor. Ons het hier ook 'n gedeeltelike personifikasie van Rykdom en Voorspoed soos by Solon fr. 1, 9 e.v. D, Pind. *P.* 5, 1 e.v. Die vertaling '... hy sal kom as vriend van mense vanweë sy rykdom en voorspoed' is ook grammaties korrek en word weerspieël in

Theognis 929: ἦν μὲν γὰρ πλουτῆς, πολλοὶ φίλοι. Maar eersgenoemde gedagte pas beter in by die konteks hier van die mens se verwagtinge van 'n beter toekoms. Vgl. ook Gerber, *Euterpe* 55, Babut 19 n. 11, wat wys na Philemon fr. 82 (Kock): ἀεὶ γεωργὸς εἰς νέωτα πλούσιος ἀγαθοῖσιν (= *krasis vir kai agathoisin*). Verder ook κἀνεπίφραστοι in 21 *vir kai anepifrastoi*. West, *Studies* 177, wil die personifikasie in ἀγαθοῖσιν ontken, en verklaar ἀγαθοῖσι φίλος as: 'moving in the best circles'.

- 12 δύστηνοι: Hier vir die eerste keer nie van die persoon gesê wat getref is nie, maar van die ongeluk wat hom tref (vgl. Römisch 51 n. 1).

- 14 πέμπει ... 'Αΐδης: in fr. 7, 117D van Semonides is Hades die *ontvanger* ('Αΐδης ἐδέξατο), maar hier is hy, soos later in Pindaros, die *stuurder* van die dooie of afgestorwe siele (οὐδ' 'Αΐδας ἀκινήταν ἔχε ῥάβδον/βρότεια σώμαθ' ἔκ κατάγει κοίλαν πρὸς ἄγνιαν/θνασκόντων, *Ol.* 9, 33–35; vgl. ook Pind. fr. 133, 1–2: Φερσεφόνα ... /δέξεται). Vgl. hieroor Riess 60: Hades neem hier die rol van Hermes Psuchopompos (Rohde, *Psyche* II, 199, 3), en Riess verbind Hades hier met 'Thanatos, who garners the dying, and also with Hermes, guide of souls'. Riess vermoed verder dat Semonides polemies verwys na die populêre geloof dat die siele van die biaiothanatoi veroordeel word om op die aarde te dwaal totdat hulle vasgestelde tyd uitgeloop het.

μελαίνης ... ὑπὸ χθονός: vgl. oor Arch. fr. 58, 2D; Solon fr. 24, 5D, en Campbell 151; Irwin 191–193.

- 16 πορφυρῆς: 'n moeilike adj. om te vertaal. Dit verwys na of (i) die kleurverandering) of (ii) die beweging van die see. Vgl. Campbell 186, Gerber, *Euterpe* 100 wat verwys na: Derooy, *REC* 16, 1948, 3–10, en Gipser, *Glotta* 42, 1964, 39–69; vgl. ook met bykomstige literatuur Irwin, *Colour Terms* 18–19 en 31: 'the apparent mixture of light and darkness on a changing surface' (18). Dié uitdrukking kom reeds voor in Homeros *Ilias* 16, 391: ἐς δ' ἄλλα πορφυρέην, en ook in verbinding met κῆμα (golf): *Il.* 1, 481–482; 21, 326; *Od.* 2, 427–428; Theogn. 1035.

- 17 μὴ δυνήσωνται: 'wanneer hulle ook al nie meer fisies in staat is nie', teenoor die αὐτάγρετοι van die selfmoordenaars, aldus Björk. Ahrens het dit tot μηχανήσωνται geëmendeer in navolging van die gedagte van Solon fr. 1, 43–46D, waar daar verwys word na die seevaarder wat rykdom najaag. Babut 19 n. 13 behou die

lesing, maar verklaar dit soos volg: wanneer mense nie meer hulle lewensonderhoud kan verseker nie, dan waag hulle dit op die see en verloor daar hulle lewe. So ook (tentatief) West, *Studies* 177–178 met verwysing na Hes. *Op.* 646–647. Die professie van seevaarder (hetsy as visser, hetsy as handelaar) was, naas dié van landbouer, ambagsman en soldaat (ook huursoldaat) die aangewese beroep in die vroeg-argaïese tydperk. Vgl. oor die lewe van Archilochos, Van Rooy, *Studies* 96 e.v.

- 18 ἄψαντο: gnomiese aor. Teenoor LSJ en Fränkel meen Babut 19 n. 14 dat ons nie ἄψαντο met ἀγχόνην moet verbind en δυστήνω μόρω moet verklaar as datief van oorsaak nie, maar dat ons ἄψαντο met δυστήνω μόρω moet verbind terwyl ἀγχόνην akkusatief van kwalifikasie is: ‘hulle gee hulle aan ‘n ellendige dood deur die strop’, en bring dit in verband met Soph. *Aias* 1058–1059: τήνδε ... τύχην θανόντες.

Gerber, *Phoenix* 33, 1979, 19, verwerp egter hierdie opvatting van Babut: ‘This is harsh and unnecessary. For ἀγχόνη in the sense of “noose” cf. especially Aesch. fr. 474.14 Mette, ἀγχόνην ἄρ’ ἄπομαι ...’.

- 20 ἄπ(ο) = ἄπεστι.

ἀλλά: die gebruik kan hier ‘n sterk toegewing wees, waar die spreker alle teenspraak uitsluit: ‘Ja, seker’; ‘inderdaad’; Vgl. Denniston 16. Die normale adversatiewe funksie van ἀλλά (‘maar’) is ewegoed van krag.

- 22 δ(έ) is hier konklusief ‘dan’; vgl. Denniston 170–171.

πιθοίαιτο: Ioniese aor. opt. med. Die subjek is βροτοί via βροτοῖσι van 21.

- 24 θυμόν: kan saam met ἔχοντες sowel as αἰκίζοίμεθα gaan, en sou ons só kan vertaal:

(a) met ἔχοντες (tmesis met ἐπ’ = ἐπέχω): ‘rig op’; ‘vestig op’: ‘deur ons hart te rig op smarte wat vol ellende is, onself folter’ (= Hes. *Op.* 444);

(b) met αἰκίζοίμεθα: ‘deur smarte wat vol ellende is, na te jaag, ons hart leed berokken’ (ἐπέχω = ‘najaag’). Vgl. hiervoor Von Sybel 361–362 en Babut 20 n.18.

3. STRUKTUUR

3.1 Sowel Fränkel as Babut meen dat die slot ontbreek en op dieselfde hedonistiese noot van fr. 29D moes geeëindig het. Dié aanname is egter onnodig. Al word die slotreëls hier negatief geformuleer (οὐκ ... οὐδ'), dra dit dieselfde positiewe inhoud van die slot van fr. 29D.

Ten spyte van negatiewe kritiek teenoor Semonides se digterskap (vgl. Babut 17 e.v.), wys Van Groningen tereg op dié goed gekonstrueerde gedig, wat vir hom geld as perfekte voorbeeld van 'n eenvoudige, maar nou-ineengeweepte en logiese gang van gedagte wat kulmineer in 'n sterk konklusie.

Saam met Van Groningen, Campbell en Gerber neem ons aan dat die gedig 'n geheel vorm en kan ons dit in vier dele indeel (4a + b = Van Groningen 4 en 5).

3.2 Van Groningen gee egter twee uiteensettinge van die struktuur (19 en 180):

- (a) 1–5 Zeus alleen beskik sonder dat ons sy ingrype kan begryp.
- (b) 6–10 Ons kan slegs hoop.
- (c) 11–19 Dikwels is hierdie hoop net 'n illusie.
- (d) 20–22a Só is die lewe vol ellende.
- (e) 22b–24 Les: moenie vir jou 'n illusie skep op grond van 'n bestaan wat slegs vol ellende is.

- (a) 1–2 Algemene tese: Zeus beskik.
- (b) 3–22a Besondere tese in 4 dele:
 - (i) 3–5 Die mens weet niks van die toekoms.
 - (ii) 6–10 Hy leef op hoop.
 - (iii) 11–19 Die dood haal hom in op alle wyses.
 - (iv) 20–22a Die ellendes is talryk.
- (c) 22b–24 Praktiese konklusie — moenie die ellende probeer nie, en as dit kom te veel jou daarvoor kwel nie.


Ons kan bostaande só integreer:

- A 1–5 *Almag* van Zeus en *onkunde* van die mens.
- B 6–10 *Verwagting* en *vertroue* voed die mens in sy jaag na onbereikbare dinge.
- C 11–19 Die *werklikheid* toon dat dié hoop 'n *illusie* is.

- D 20–24 *Konklusie* (οὕτω in 20)
- (i) 20–22a Die lewe is vol ellende
- (ii) 22b–24 oproep om nie deur valse hoop κακά na te jaag nie.
(= oproep tot insig)

3.3 Detail-struktuurmomente van elke deel:

- (a) 1–5 Die inleidingsdeel vertoon 'n nou-ineengewefde ring-komposisie waardeur die digter die verskil tussen Zeus se almag en die mens se onkunde skerp onder die aandag bring:



- (b) 6–10 Let op die posisie van ἐλπίς wat hierdie deel begin. Dit is die sleutelwoord tot hierdie gedeelte en staan in kontras met τέλος van reël 1. 'n Soortgelyke posisie word ingeneem deur ἄπρηκτον, wat reeds die illusie-motief van deel 3 antisipeer.
- (c) 11–19 Die sleutelwoorde van hierdie deel is γῆρας, νόσοι en Ἀΐδης. Uit 12 (τέρμα) blyk dat ons hier 'n beeld uit die spele het; vgl. by Kallinos fr. 1, 151. Belangrik in hierdie 2 dele (2 + 3) is die swaar klem op die *dood* soos dit uitdrukking vind in die opeenhoping van die volgende begrippe:
βροτῶν (9): θνητῶν (13): Ἀΐδης (14): θνήσκουσιν (17):
μὴ ... ζόειν (17): ἀγχόνην ἄψαντο (18): μόρω (18):
λείπουσιν ἡλίου φάος (19): βροτοῖσι κῆρες (21)
en die herhaling δύστηνοι (12), δυστήνω (18).
- (d) 20–24 Ook in hierdie deel word begrippe van *ellende* en *pyn* sterk beklemtoon:

κακῶν (20): δύαι (21): πῆματ(α) (22): κακῶν (23): ἄλγεσι (23): κακοῖς (24) met die slotwoord: αἰκίζοίμεθα (24).

Só 'n sterk beklemtoning van 'dood' en 'ellende' in só 'n klein spasie is net te vergelyk met die beklemtoning van die noodlotsgedagte in Pind. *Ol.* 2.

4. INTERPRETASIE

4.1 Die opbou van die gedig, soos in die struktuur aangetoon, word gedra deur die volgende motiewe:

- (a) Die motief van die almag van Zeus gestel teenoor die onmag én onkunde van die mens (1–5): terwyl Zeus alle dinge se verwerkliking na sy wil reguleer, word die mens gekarakteriseer deur —
 - (i) sy *onkunde*, wat weer op twee wyses beklemtoon word:
 - (α) deur die herhalingstegniek in νόος οὐκ ... οὐδὲν εἰδότες;
 - (β) deur die skaap-vergelyking (Fränkel 202 meen ten onregte dat hierdie vergelyking en die begrip ἐφήμεροι 'los' ingewerk is. Dit dra intendeel sterk by tot die beklemtoning van die mens se stompsinnige onkunde);
 - (ii) sy *kortstondigheid* (ἐφήμεροι).
- (b) Die motief van *verwagting* en *selfvertroue* (6–10) wat die mens voed in sy gejaag na die onbereikbare (vgl. Pind. fr. 214: 'Ελπίς, ἂ μάλιστα θνατῶν πολύστροφον γνῶμαν κυβερνᾷ) sluit nou aan by die onkunde van die mens in motief (a), en word gestel teenoor die *werklikheid* (die τέλος van reël 1; vgl. Babut 21) wat in die hande van Zeus berus, en wat dan nader uitgebeeld word in 11–19 as blote illusie. Die aard van dié ἐλπίς word nader bepaal deur ἄπρηκτον (in fr. 29D noem Semonides dit ἀτέλεστα: vgl. Simon. fr. 37, 21–24 P) — dit wat nie realiseerbaar is nie, en wat dan in 9–10 veral as rykdom en voorspoed gesien word — of beter: die begéerte daartoe (Schrijen 42 meen ten onregte dat die ἄπρηκτον nie nader omskrywe word nie). Vir Semonides is dit 'n valse ἐλπίς (vgl. só tereg Von Sybel 361), want dit wil nie met die huidige besittings tevrede wees nie; dit hunker steeds na meer. En dat hierdie ἐλπίς 'n illusie is, blyk dan uit die werklikheid van die mens se bestaan as ἐφήμερος: ouderdom, siekte en dood haal hom in voordat hy dié dinge kan bereik. Die klem lê hier veral op die 'dood' soos reeds uit die begripsherhaling onder 3 aangedui is (só ook in elk geval Fränkel 202), en dit word aan ons voorgehou as talryk in vorm, bv. dood in die oorlog (13–14); deur natuurlike

rampe soos dié ter see (15–17); dié wat selfmoord pleeg as hulle ervaar dat hulle hoop blote illusie is (18–19). Vgl. Nisetich 258: ‘Semonides ... scorns them (i.e. human hopes) ... because he knows that there is always death to frustrate them’. Vgl. ook Lachnit 35. Vgl. Solon fr. 1D vir dieselfde hoofgedagtes as in (a) en (b).

4.2 Dit bring die digter ten slotte by sy *konklusie* wat ‘n tweërlei vorm aanneem:

- (i) die slotsom dat alles κακά inhou en die leed en pyn en dood talryk en *onvoorsien* oor die mens kom. Veral ἀνεπίφραστοι is belangrik want dit wys terug na die mens se gebrekkige insig in die gang van die lewe;
- (ii) tweedens eindig die digter op ‘n meer positiewe klank, nl. ‘n oproep tot wysheid en insig (ook in die vroegste passasie waar die gedagte van die mens as ἐφήμερος voorkom, *Od.* 18, 136–137, word verwys na insig hierin — reël 125), wat egter *negatief* gestel word, sodat Fränkel en Babut na ‘n ‘verlore’ deel gaan soek het. As Semonides skryf οὐκ ἄν κακῶν ἐρῶμεν οὐδ’ ... αἰκίζοίμεθα, dan wil hy wel ‘n positiewe stuk advies voorhou soos in 29D — om nie ‘n valse ἐλπίς na te jaag nie, omdat dié net κακά inhou. Want ten spyte van ons smartvolle ervaring van die harde werklikheid, verkry ons steeds nie insig nie, jaag ons steeds na die ἀπρηκτον, sodat dit lyk asof ons κακῶν ἐρῶμεν. Hierteen maan Semonides ons. Ons moet nie op hierdie ἐλπίς leef nie, want, soos Bakchulides (3, 75–76) in aansluiting by hierdie passasie (Schmid, *Geschichte der griech. Literatur*, I, 1, 398, is dus nie heeltemal korrek om te beweer dat van ‘n literêre nawerking geen spore is nie) sê, hoop ontnem ons dagwesens van ons insig (περὸεσσα — of δολόεσσα — δ’ ἐλπίς ὑπολύει νόημα/ἐφαμερίων). Schrijen 42 se gedagte dat ‘elk hoopvol streven volmaakt zinloos’ is (vgl. ook sy stellings op p. 43: ‘alle hoop bannend’, en p. 44: ‘waarbij elk gevoel van hoop geweerd dient te worden’; vgl. ook Fränkel 202 en Gerber, *Euterpe* 56; veral eersgenoemde se ‘Of the spiritual pride in high endeavor, which is part of even the ephemeral nature of man, he knows nothing’), moet miskien afgewys word, want soos blyk uit Hesiodos *Op.* 96 e.v. en Theognis 1135 e.v., was daar ook ‘n positiewe siening van ἐλπίς. Die gedagte dat die mens hom moet weerhou van die ‘onbereikbare’ is ‘n algemene een in die Griekse digkuns en lê selfs aan die pastorale digkuns van Theokritos ten grondslag. Dat daar beslis

'n sterk pessimisme ten grondslag lê van hedonisme wat ook Semonides gehandhaaf het, is gewis, maar hierdie pessimisme is miskien gebore uit 'n sterk realistiese waarneming van die mens se ydele en valse najaag van die *onbereikbare*. Semonides vertoon beslis nie die sterk oorwin-die-leed motief van Archilochos nie, maar Jaeger, *Paideia* 124 het juis aangedui dat sowel fr. 1 as fr. 29 *didakties* van aard is. Semonides wil leer en lei tot insig. Sy oplossing val in elk geval binne die gedagtewêreld of -patroon van sy tyd, sodat dit nie juis is om hom as die eerste absolute pessimis van die westerse wêreld aan te dui nie (só tereg Laurenti).

LITERATUUR

- Adrados I, 143 e.v.
 Babut, *REG* 84 (1971) 17–23, 29–30.
 Björck, *SO* 15–16 (1936) 86–97.
 Campbell 183–186.
 Dickie, *ICS* 1 (1976) 7–14.
 Fränkel, *EGP* 200–202.
 Gerber, *Euterpe* 53–56.
 Gerber, *Phoenix* 33 (1979) 19.
 Gerber, *TAPhA* 100 (1969) 177–180.
 Gipper, *Glotta* 42 (1964) 39–69.
 Irwin, *Colour Terms* 189–193.
 Jaeger, *Paideia* I, 124–125.
 Lachnit 35.
 Laurenti, *Sophia* 32 (1964) 83–100.
 Maas, *RE* III, 184–186.
 Nisetich, *TAPhA* 107 (1977) 257–258.
 Riess, *CW* 41 (1947–8) 60.
 Römisch 48–55.
 Schadewaldt, *Die Antike* 9 (1933) 294–295.
 Schrijen, *Elpis* 42–44.
 Van Groningen, *Composition* 19, 180.
 Von Sybel, *Hermes* 7 (1873) 359–362.

(JHB)

(b) Fr. 29D (85B, 1A, Sim. 8 dubium W)

Kortstondigheid van die lewe

ἐν δὲ τὸ κάλλιστον Χῖος ἔειπεν ἀνὴρ·
 “οἷη περ φύλλων γενεή, τοίη δὲ καὶ ἀνδρῶν.”
 παῦροι μὲν ἱ θνητῶν οὔασι δεξάμενοι
 στέρνοις ἔγκατέθεντο· πάρεστι γὰρ ἐλπίς ἐκάστῳ
 ἀνδρῶν, ἥ τε νέων στήθεσιν ἐμφνεται. 5
 θνητῶν δ’ ὄφρα τις ἄνθος ἔχη πολυήρατον ἥβης,²
 κοῦφον ἔχων θυμὸν πόλλ’ ἀτέλεστα νοεῖ·
 οὔτε γὰρ ἐλπίδ’ ἔχει γηρασέμεν οὔτε θανεῖσθαι
 οὐδ’, ὕγιής ὅταν ᾖ, φροντίδ’ ἔχει καμάτου.
 νήπιοι, οἷς³ ταύτη κεῖται νόος, οὐ δὲ ἴσασιν, 10
 ὥς χρόνος ἔσθ’ ἥβης καὶ βιότου ὀλίγος
 θνητοῖς. ἀλλὰ σὺ ταῦτα μαθὼν βιότου ποτὶ τέρμα
 ψυχῇ τῶν ἀγαθῶν τλήθῃ χαριζόμενος.

BRON

Stobaeus 4, 34.

1. VERSMAAT

Vir die *elegiese versmaat*, vgl. by Archilochos fr. 7D.

2. KOMMENTAAR

Daar bestaan uiteenlopende menings oor die outeurskap van hierdie elegie. Stobaeus haal dit aan onder die naam Simonides. Bergk was die eerste wat dit aan Semonides toegeskryf het op grond van die ooreenkoms met fr. 1. Met die verskyning van itasisme het daar verwarring ontstaan tussen hierdie twee name, en dat dit deur Simonides van Keos gedig sou wees, vind vandag feitlik geen steun nie. Fränkel meen dit was ’n *epitaphios logos* sodat die wegval van die eerste reël (geen elegie begin met ’n pentameter nie) verklaarbaar sou wees uit die feit dat dit die persoonlike gegewens van die persoon

1. Hermann: μὲν Stob.codd.

2. Stob.codd.: τις ἔχη πολυήρατον ἄνθος ἥβης Trypanis

3. Stephanus: νηπίοισι Stob.codd.

sou bevat het. 'n Latere opvatting (Steffen) skryf die gedig toe aan Mimnermos op grond van die ooreenkoms met fr. 1, 2 en 5. Lloyd-Jones is die nuutste om dit aan Mimnermos toe te skrywe. Die verwarring Simonides/Semonides is verklaarbaar, maar dit lyk nie waarskynlik dat Stobaeus dit kon verwar met Mimnermos nie. Ooreenkomste kan nie 'n waterdigte argument wees nie, omdat Semonides buitendien blykens fr. 1 in dieselfde trant dink as Mimnermos. Sien volledig oor die standpunte Babut 23 n. 36; vgl. ook Schrijen 43 n.1.

- 1 ἔν ... τὸ κάλλιστον: 'n tipiese element in die sogenaamde priamel-tegniek waardeur verskeie voortreflike sake naasmekaar gestel word. ἔν versterk die superlatief: Kühner-Gerth I, 28. Hier noem die digter net die een saak wat hy wil uitbou; vir voorbeelde en besprekinge van hierdie tegniek, vgl. Barkhuizen, *AClass.* 20, 1977, 7 en 17; vgl. ook die kommentaar op Sappho fr. 16 L-P (Vol. II).

Χῖος ... ἀνήρ: d.w.s. Homeros. Vgl. die Homeriese Himne aan Apollo (3, 172): τυφλὸς ἀνὴρ, οἰκεῖ δὲ Χίῳ ἐν παιπαλοέσση ἐν Theokritos 7, 47: Χίον αἰοδόν.

- 2 Aanhaling van Hom. *Il.* 6, 146. Dit vorm ook die begin van die gedagtegang van Mimnermos fr. 2D. Vgl. Willcock oor *Il.* 6, 146. Vir hierdie probleem van 'aanhaling' van outeurs in die vroeë digkuns en in besonder hierdie aanhaling, vgl. Davison 70–77 en Craig 243–5 oor dié reël in die *Ilias*: Davison meen dat dié reël nie oorspronklik deel uitgemaak het van *Il.* 6 nie, terwyl Craig dit verdedig.
- 3 οὔασι δεξάμενοι: 'met die ore ontvang'. Vgl. Hom. *Il.* 12, 442: οἱ δ' οὔασι πάντες ἄκουον, waaruit wil blyk dat Semonides se uitdrukking sinvoller is as dié in die *Ilias*.
- 4 στέρνοισ' ἐγκατέθεντο: soortgelyk ook in Hom. *Od.* 23, 223: τὴν δ' ἄτην οὐ πρόσθεν ἑῷ ἐγκάτθετο θυμῷ. Die uitdrukking bedoel: dit bewaar as lewenswet of -reël.
ἐλπίς: vgl. reël 8: ἐλπίδ' ἔχει; Sem. fr. 1, 6D; Solon fr. 1, 36D.
- 6 ἄνθος ... ἥβης: die beeld kom reeds in Hom. *Il.* 13, 484 voor: ἔχει ἥβης ἄνθος, voorts in *Od.* 15, 366: ἥβην πολυήρατον, Mimnermos fr. 1, 4: ἥβης ἄνθεα, fr. 2, 3: ἀνθεσιν ἥβης, Turtaios fr. 7, 14 (6–7, 28): ἥβης ... ἄνθος.
- 7 ἀτέλεστα: vgl. ἄπρηκτον, fr. 1, 7.

- 8 ἐλπίδ(α): 'verwagting', die oorspronklike betekenis; vgl. Verdenius, *Mnem.* 24, 1971, 230. Vgl. ook by Archil. fr. 74, 1D.
- 8–9 Dié gedagte verskyn in die passasie waarna reeds by Archilochos verwys is, nl. Hom. *Od.* 18, 132–133: οὐ μὲν γὰρ ποτέ φησι κακὸν πείσεσθαι ὀπίσσω, / ὄφρ' ἄρετήν παρέχῃσι θεοὶ καὶ γούνατ' ὀρώρη. Vgl. verder Aisch. fr. 273, 19 M; Soph. *Trach.* 296 e.v.
- 9 καμάτου: die eerste voorbeeld van dié woord as 'siekte', op grond waarvan Fränkel aanneem dat dit (as 'n *epitaphios logos*) uit die 5de eeu stam. Gerber wys egter tereg op 'n 6de eeuse *epitaphios* waar dit ook dié betekenis het (Friedländer-Hoffleit, *Epigrammata* 89).
- 10 νήπιοι ... οὐ δὲ ἴσασιν: 'n weerklank van Hes. *Op.* 40: νήπιοι, οὐδὲ ἴσασιν ...
ταύτη: 'op hierdie wyse'; vgl. LSJ s.v. οὗτος C VIII, 4c.
- 12 βίотου ποτὶ τέρμα: Babut 24 n. 38, betoog dat dié uitdrukking nie 'aan/teen die einde van jou lewe' kan beteken nie, want dit sou sinloos wees om dán op jou oudag aan die kortheid van die jeug te dink en dán eers die lewe te wil geniet. Die preposisie ποτὶ moet geneem word in die sin van 'met ... in gedagte', '... in berekening gebring' — μαθὼν dui dus die skeiding aan: 'Maar — nou dat jy dít geleer het — gee aan jou siel van die goeie met die einde van jou lewe in gedagte', d.w.s. vóór jy oud word. Só vertaal Von Sybel 362 ook βίотου ποτὶ τέρμα ('voor die einde van jou lewe'); Schrijen 43 verstaan ποτὶ τέρμα in die sin van 'tot aan die einde (van jou lewe) toe'.
- 13 ψυχῇ: vir die konstruksie met die datief van die objek saam met χαριζέσθαι, vgl. Theogn. 1000: γαστρὶ χαριζόμενοι; en ook Aisch. *Pers.* 841: ψυχῇ διδόντες ἡδονὴν καθ' ἡμέραν. Die gebruik van ψυχῇ wys in teenstelling met Homeros dat die mens se lewe geïdentifiseer word met die somtotaal van sy begeertes. Vgl. Darcus, *Glotta* 57, 1979, 30 e.v., en Snell, *Tyrtaios* 9–20. Vgl. ook θυμὸν in fr. 1, 24.
- τῶν ἀγαθῶν is partitiewe genitief ná χαριζόμενος soos in Hom. *Od.* 1, 140: χαριζομένη παρεόντων, en Theognis 1000: παντοίων ἀγαθῶν ... χαριζόμενοι.

τλήθι: Campbell verklaar die woord as 'verduur/aanvaar met berusting'. Dit is te passief en pessimisties in die lig van τῶν

ἀγαθῶν ... χαριζόμενος. τλήθι is hier vergelykbaar met Archilochos se τλήτε (fr. 7, 10D). Schnabel 60 vertaal 'waag'.

3. STRUKTUUR

3.1 Die gedig vertoon 'n spiraalvormige gedagtepatroon wat afgerond word met 'n *exhortatio*:

- A (1–2) Homeriese openingstelling: die lewe is kort
- B (3–5) (i) min steur hulle daaraan (3–4a)
(ii) want hoop is deel van die mens vanaf sy jeug (4b–5)
- C (6–9) (i) die jeug beplan dit wat ἀτέλεστα is (6–7)
(ii) want hulle verwag nie ouderdom, dood en siekte nie (8–9)
- D (10–12a) Konklusie:
(i) die mens se dwaasheid en onkunde oor
(ii) die kortheid van die jeug en die lewe
- E (12b–13) *Exhortatio*:
(i) Oproep tot insig
(ii) lewensadvies: die beginsel van 'geniet jou lewe!'
- L.W. D(i) = B+C
D(ii) = A

3.2 Net soos in fr. 1 vind ons in hierdie gedig die volgende begrippe:

(i) *sterflikheid/verganklikheid* op die voorgrond. Dit word reeds gesien in die beeld van die blare (wat gou verwelk, afval, e.d.m.). Vervolgens vind dit weerklank in die herhaling van θνητῶν (3), θνητῶν (6), θανείσθαι (8) en θνητοῖσ' (12), en waarby die begrippe van ouderdom (γηρασέμεν, 8) en kortstondigheid (χρόνος ... ὀλίγος, 11 — let op die omramingstegniek in hierdie reël: tyd — jeug/lewe — kort — βίотου ποτὶ τέρας, 12) aansluit. Daarteenoor vind 'n mens 'n soortgelyke afsluiting in meer positiewe terme (τλήθι χαριζόμενος, 13); (ii) verder ook die *onkunde* van die mens, en sy gejaag na die onbereikbare, omdat hy deur *hoop* gevoed word (νόος, οὐ δὲ ἴσασιν (10); ἀτέλεστα νοεῖ (7); ἐλπίς (4).

4. INTERPRETASIE

Ook in sy elegie polemiseer die digter teen die jaag na onbereikbare geluk (vgl. Von Sybel 362–363). Die heenwyse na siekte, ouderdom en dood geld hier, soos ook in sy jambes, as grondslag en

motief van sy polemieek. Dié ydele gejaag vind hy veral in die jeug, en hy kwalifiseer dit, net soos in die jambes, as 'n ἐλπίς na ἀτέλεστα (vgl. fr. 1: ἐλπίς ... ἀπρηκτον). Die jeug staan vanweë die bloei (ἄνθος ... ῥῆγης) van hulle jare, blind vir die werklikheid van ouderdom, dood, siekte (8, 9). En hoe mislei hulle in werklikheid is, dui Semonides aan deur die beeld van ἐλπίς as 'n plant wat in hulle binneste *groei* — d.w.s. dit vorm 'n eenheid met die wese van die jeug. Die verwagting (ἐλπίδ' ἔχει) dat nōg ouderdom of dood of siekte die blom van die jeug bedreig, bestempel Semonides as 'n dwaasheid, 'n nie-weet-nie, 'n illusie, want in werklikheid is nie net die *jeug* self kortstondig nie (= Mimn. fr. 2, 3–4, 7–8D), maar die hele *lewe* (11). Vgl. hier Nisetich 258: 'What makes it (ἐλπίς) untrustworthy is the brevity and uncertainty of life itself'. Vgl. ook Lachnit 35. Semonides gaan hier dus nog verder as Mimnermos. Om dit tuis te bring sluit hy net soos Mimnermos fr. 2D by Homeros aan, maar die Homeriese invloed gaan net tot 'n bepaalde punt: die Homeriese konsep wat voortvloei uit die bepeinsing van die kortstondigheid van die lewe, is een van tragiese heroïsme wat met piëteit die hand van die gode hierin aanvaar (vgl. weer eens die bekende *Od.* 18, 141–142: τὼ μὴ τίς ποτε πάμπαν ἀνὴρ ἀθεμίστιος εἶη;/ἀλλ' ὅ γε σιγῇ δῶρα θεῶν ἔχοι, ὅττι διδοῖεν), word hier vervang in die laaste reël met 'n realistiese hedonisme. Schrijen (44) se 'een zwak hedonisme' en Lesky (114) se 'rather lame appeal' skyn nie geregverdig te wees nie; vgl. hierteenoor Babut 24 e.v.; Jaeger 125. Nisetich (257 n. 78) se opvatting, 'the fragment is anything but hedonistic. Rather the tone is resigned', bots met die hele laaste reël waar τλῆθι nie berusting aandui nie, maar waagmoed. Van die twee vertolkings wat deur Schnabel aangebied word, is die tweede korrek: 'wage es, deinem Herzen von den Gütern willig zu schenken' (60).

LITERATUUR

- Adrados I, 145–147.
 Babut, *REG* 84 (1971) 24–29.
 Björck, *SO* 15–16 (1936) 86–97.
 Bowra, *EGE* 22–24.
 Campbell 191–192.
 Gerber, *Euterpe* 64–65.
 Jaeger, *Paideia* I, 125.
 Lachnit 35.
 Lesky 114.
 Nisetich, *TAPhA* 107 (1977) 258.
 Pellizer, *QUCC* 22 (1976) 15 e.v.
 Schadewaldt, *Die Antike* 9 (1933) 294–295.

Schnabel 60.

Schrijen, *Elpis* 43–44.

Verdenius, *Mnem.* 24 (1971) 230.

Von Sybel, *Hermes* 7 (1873) 362–363.

(JHB)

Mimnermos van Kolophon

1. INLEIDING

1.1 LEWE EN WERK

Die elegiese digter en fluitspeler, Mimnermos van Kolophon, se bloeitydperk word deur die *Souda* in die 37ste Olimpiade (= 632–629 v.C.) geplaas. Dit beteken dat hy ongeveer in 670 gebore is (vgl. West, *Studies* 72–74, wat sy geboorte vóór 600 plaas; Dihle, *Hermes* 90, 1962, 257–275, plaas die lewe van Mimnermos c. 630–570 v.C.; vgl. Gerber, *CW* 61, 1968, 270). Alhoewel sommige bronne hom as Kolophoniër beskou (Stob. 14,643; Procl. *Phot. Bib.* 319b11), is daar aanduidings dat hy of sy familie oorspronklik van Smirna as koloniste na Kolophon gekom het (vgl. sy frr. 12D, 9W, 10E; 13D, 14W, 14E; 13aW, 10aE, p. 518 met die kommentaar van Strabo 14,14,634 en Paus. 9,29,4. Vgl. ook Cook, *ABSA* 53–54, 1958–59, 1–34). Hy was veral bekend vir sy liefdesverse in die elegiese versvorm, maar ander soorte poësie (bv. hekelgedigte en simpotiese gedigte) word ook aan hom toegeskryf (Hermesianax *ap.* Athen. 13,597f; Hor. *Epi.* 1,6,65–66; 2, 2, 99–101; Prop. 1,9,9–14). Kallimachos het twee boeke verse van

Mimnermos geken, die een oor sy liefde vir Nanno, die ander met korter gedigte (Kallim. *Ait. Prol.* fr. 1,11–12 Pf. = *P. Oxy.* 2079, 1–12; Porph. *ad* Hor. *Epi.* 2,2,99–101). Die fragmente wat van sy werk behoue gebly het, handel oor die liefde en jeug (frr. 1–3W, E), en oor Nanno (frr. 4, 5, 8, 9, 11, 12W = 4–10E), asook oor die ouderdom (fr. 6W, 11E), die stryd van Smirna teen die Lidiërs (fr. 14W, E en ook fr. 9W, 10E; vgl. Strabo 14,634; Paus. 9,29,4), en, volgens die getuienis van Plutarchos (*de Facie Lunae* 19,931e), 'n sonsverduistering. Alhoewel hy die tradisionele mitiese elemente in sy poësie vertoon (Jason, fr. 11W, 7E; Helios, fr. 12W, 8E; Niobe, fr. 19W, E; Ismene, fr. 21W, E; en die Amasone, fr. 21aW, 23E), is daar ook verwysings na werklike historiese gebeure. Veral fr. 9W is 'n waardevolle dokument in die ontwakende historiese bewussyn van die vroeë Grieke gedurende die kolonisasiebeweging. Mimnermos plaas die gebeure in 'n kousaliteitsverband as hy die Smirneërs se ontberinge as vergelding van 'n oerskuld (ἀρχαλῆς ὕβριος ἡγεμόνες, 4) en hulle terugkeer na Smirna as 'n goddelike bepaling (θεῶν βουλῇ, 6) sien (vgl. Gentili-Cerri, *Le teorie del discorso storico nel pensiero greco* 19–21).

In die elegiese poësie van Archilochos, Kallinos en Mimnermos kry ons dus soms historiese verwysingsmateriaal wat selfs in die weinige fragmente van Mimnermos opval. So verwys hy o.a. betreffende die oorlog tussen Guges — of Aluattes (konings van Lidië c. 685–657 en 610–560 v.C.) — en Smirna na 'n dapper man wat 'die digte falankse van Lidiese ruiters op die vlakte van Hermos op die vlug gejaag het' (14W, 14E). Mimnermos behoort minstens tot die tweede helfte van die sewende eeu, en binne dié tydperk is Smirna, oorspronklik 'n Aioliese stad, deur die Kolophoniërs beset en gekoloniseer, sodat dit 'n Ioniese stad geword het. Teen die einde van die eeu is dit deur koning Aluattes verower. Van Mimnermos se *Smirneïs*, oor die geskiedenis van Smirna geskryf, is slegs één sekere fragment aan ons oorgelewer (9W), tensy die fragment 14W ook daartoe behoort.

TESTIMONIA

Edmonds, *Greek Elegy and Iambus* I, 82–89.
Gentili-Prato 39–46.
West, *Iambi et Elegi Graeci* II, 81–89.

LITERATUUR

Burn, *Lyric Age* 172–174.
Campbell 222–224.

- Cook, *ABSA* 53–54 (1958–1959) 1–34.
 Dihle, *Hermes* 90 (1962) 257–275.
 Gentili-Cerri 19–21.
 Gerber, *CW* 61 (1968) 270.
 Gerber, *Euterpe* 105–106.
 Talamo, *PP* 28 (1973) 343–375.
 West, *Studies* 72–74.

(WJH)

2. FRAGMENTE VAN MIMNERMOS

(a) Fr. 1D (1B, 1E, 7G–P, 1W)

Liefdes- en lewensvreugde

Τίς δὲ βίος, τί δὲ τερπνὸν ἄτερ χρυσῆς¹ Ἀφροδίτης;
 τεθναίην, ὅτε μοι μηκέτι ταῦτα μέλοι,
 κριπταδίῃ φιλότης καὶ μείλιχα δῶρα καὶ εὐνή·
 οἷ'² ἥβης ἄνθεα γίγνεται ἀρπαλέα
 ἀνδράσιν ἢ δὲ γυναιξίν· ἐπεὶ δ'³ ὀδυνηρὸν ἐπέλθῃ
 γῆρας, ὃ τ' αἰσχρὸν ὅμως⁴ καὶ καλὸν⁵ ἄνδρα τιθεῖ,
 αἰεὶ μιν⁶ φρένας ἀμφὶ κακαὶ τείρουσι μέριμναι,
 οὐ δ' αὐγὰς προσορῶν τέρεται ἡελίου,
 ἀλλ' ἐχθρὸς μὲν παισίν, ἀτίμαστος δὲ γυναιξίν·
 οὕτως ἀργαλέον γῆρας ἔθηκε θεός.

5

10

BRON

Stobaeus 4,20.

-
1. Brunck: χρυσῆς Stob. codd.
 2. Ahrens: οἷ Stob. M: εἰ Stob. A: οἷ' Bergk
 3. Gesner: τ' Stob. MA: ἐπὶν δ' Brunck
 4. Doederlein Verdenius: ὁμῶς Stob.codd.
 5. Stob.codd.: κακόν Hermann
 6. Bergk: μὲν Stob.MA

1. VERSMAAT

Die *elegiese koeplet*, met sunizesis in reëls 1 (χρυσέης) en 4 (ἄνθεα) en dalk in reël 8 (προσορέων); vgl. West en Gentili-Prato.

2. KOMMENTAAR

- 1 δέ: inseptief (= δή); vgl. Verdenius, *Mnem.* 27, 1974, 173–174.

χρυσέης Ἀφροδίτης: Hierdie beskrywing is reeds by Homeros metafories of 'n geïkte formule: *Il.* 3,64; *Od.* 4,14; 8,337: χρυσέης Ἀφροδίτης; vgl. ook die Homeriese himne aan Aphrodite 61–65, 84–90. Vir die gedagte dat daar 'n letterlike verwysing na 'n goue standbeeld is, sien Campbell 224 en Gerber, *Euterpe* 106–107. Ameis-Hentze verklaar die adjektief as verwysing na ou versierings op 'n hout standbeeld (*ad Il.* 8,337).

- 2 τεθναῖν ... μέλοι: die optatief van wens assimileer hier die onpersoonlike werkwoord ook na die optatief, maar daar is reeds 'n element van hipotese (ὅτε het hier die krag van εἰ, vandaar μή negatief) om die modus van μέλοι te bepaal.

ταῦτα: wys vooruit na wat in reël 3 kom; vgl. Kühner-Gerth I,646.

- 3 κρυπταδίη κτλ: Mimnermos kombineer in een reël frases wat byna net so, maar verspreid, in Homeros se werk voorkom: κρυπταδίη φιλότῃ (Il. 6,161), δῶρ' Ἀφροδίτης (Il. 3,54; vgl. μείλιχα δῶρα, *Hymn. Hom.* 10,2), φιλότῃ τε καὶ εὐνή (Il. 15,32). Daar is geen morele afkeur in die woord κρυπταδίη, 'heimlik', 'intiem', nie.

- 4 οἷ(α) ... γίγνεται: 'die soort dinge wat ... blyk te wees' (met ἄνθεα in apposisie by οἷα); Bergk se οἷ(α), 'alleen', 'net' is wel moontlik maar vereis 'n asindeton wat by Mimnermos onwaarskynlik is. Vir γίγνεται in hierdie betekenis, vgl. oor Turt.fr.6,12D.

ἀρπαλέα: 'wat aangegryp moet word' (Schmiel); vgl. Pind. *P.* 8,65.

- 5 ἐπεὶ ... ἐπέλθῃ: die subjunktief van meermalige handeling ('telkens as'), kom gewoonlik met ἄν voor (vgl. LSJ s.v. ἐπεὶ A II, 2; vgl. ἐπὶν, fr. 3,1D, en Hom. *Il.* 15,363).

- 6 ὅμως ... καλόν: Die manuskriplezing ὅμως ... καλόν is nie logies nie: ὅμως met αἰσχρόν strook nie met καὶ καλόν nie: 'sowel

gemeen (laag, onedel) as mooi maak' (τιθεῖ, vgl. ἔθηκε, 10). Fränkel, *EGP* 209 n. 4 en Perrotta-Gentili (tentatief) wil die teks behou en effens geforseerd vertaal: 'ook (selfs) die mooi man net so lelik (soos die lelike) maak'. Die uitweg lyk eerder om ὁφ' ὁμῶς na ὅμως, ὁφ' καλόν na κακόν te verander. In eersgenoemde geval word die sin: 'selfs 'n mooi man lelik maak' (Verdenius, Schmiel 286); in laasgenoemde geval word die sin: 'sowel (uiterlik) lelik as (innerlik) sleg' (Hermann, Edmonds, Gerber, Campbell, West). Vgl. ook fr. 3 wat dieselfde gedagte bevat as καλόν gelees word. τιθεῖ: Ionies vir τίθισι.

7 αἰεί: 'aanhoudend'.

φρένας: 'hart', akk. met ἀμφί. Ander neem ἀμφί met τείρουσι (tmesis), in welke geval φρένας met μιν 'n dubbele akk. verskaf.

9 παισίν: 'vir jongelinge'; die erotiese verhouding tussen mans en jongelinge was in die antieke Griekeland nie abnormaal of gebrandmerk nie: alle vorms van die liefde was die gevolg van Aphrodite se invloed. Vgl. Solon fr. 14,5D, en Perrotta-Gentili en Dover, *Greek Popular Morality* 213–216.

ἀτίμαστος: die woord kom net hier voor; Homeros het ἀτίμητος of ἄτιμος.

10 θεός: Zeus.

3. STRUKTUUR

3.1 Die gedig lyk na 'n volledige eenheid; die δέ(1) is hier inseptief.

3.2 SKEMA

Die volgende skema is aanvullend by die basiese drieledige skema van Van Groningen, *Composition* 124; vgl. ook Schmiel 283–285:

- | | |
|---------|------------------------------------|
| A 1–5a | Aanprysing van die jeug: |
| (a) 1–2 | geen vreugde sonder liefde |
| (b) 3 | drie elemente van die jeug/liefde: |

- | | | |
|----------|---|---|
| | (i) heimlike liefde (κρυπταδὴ φιλότης) | } |
| | (ii) geskenke (δῶρα) | |
| | (iii) bed (εὐνή) | |
| (c) 4–5a | ἦβης ἄνθεα ... ἀρπαλέα | } |
| | | |
| B 5b–9 | Leed van die ouderdom: | } |
| (a) 5–6 | ὀδυνηρὸν ... γῆρας | |
| (b) 7–9 | 3 aspekte van die ouderdom: | } |
| | (i) μέρμυαι | |
| | (ii) onbehae in sonlig (αὐγὰς ... ἡλείου) | |
| | (iii) ontbering van seksuele liefde
(ἐχθρὸς ... παισὶν, ἀτίμαστος ... γυναιξίν). | |
| C 10 | Epiloog op B: ἀργαλέον γῆρας | |
- chiasme met
kontrastering

Daar is ook 'n kontras in die 'beweging' van die gedig: waar net twee en 'n halwe reëls aan die kortstondige jeug toegewy word, neem die moeisame ouderdom twee reëls meer (met asindeton tussen reëls 7 en 8).

Let op die rym (homoioteleuton) in die pentameter (μοι–μέλοι, 1; ἄνθεα–ἀρπαλέα, 4), maar ook die heksameter (παισὶν–γυναιξίν, 9).

4. INTERPRETASIE

4.1 Die tema word in die eerste koeplet gestel: die lewensvreugde is van Aphrodite, godin van skoonheid en liefde, afkomstig. Sonder haar gawes en invloed sou die lewe nie die moeite werd wees nie. Maar die gawes van Aphrodite, skoonheid en liefde, is net vir die jongmens beskore. Mimnermos glo dat 'n mens die lewe moet geniet terwyl jy jonk is (die *carpe diem*-motief), want met die ouderdom verdwyn alle genot en vreugde as 'n goddelike bepaling, byna straf. Vir ons, wat die ouderdom as minder wreed, of selfs met sy eie voordele sien (en let wel dat Mimnermos *geen* voordele aan die ouderdom verleen nie), lyk Mimnermos se opvatting pessimisties. Hierdie opvatting verskyn ook in ander van sy behoue fragmente (2W, 2E; 3W, 3E; 4W, 4E; 5W, 5E; 6W, 11E), en kom ons melankolies voor (vgl. Gerber, *Euterpe* 106). Ons moet ons egter probeer instel op die jammerlike toestand van die bejaarde in die antieke tyd, sonder staatshulp, sonder maatskaplike en mediese dienste, sonder nuttige funksie in die samelewing, eintlik 'n las. Alleen die kinders van so 'n persoon sou die lot van die ouderdom kon verlig. Vgl. Kamer-

beek-Verdenius *ad* 14 oor dié kinders as ouderdomsversorgers (γηρότροφοι, γηροβοσκοί); en vgl. Schadewaldt, *Die Antike* 9, 1933, 294–295.

4.2 Maar daar is ook 'n positiewe noot wat deur hierdie oënskynde pessimisme (wat eintlik realisme is) deurskemer. In die eerste koeplet stel Mimnermos sy geloof in die noodsaaklike rol van Aphrodite. Hy konsentreer op háár gawes, die skoonheid en die liefde, wat die jeug betref. (Kontrasteer die slotreël hiermee: die onverbiddelikheid van die ouderdom deur θεός (= Zeus) gestuur). En sonder háár gawes is die lewe sinloos. Ons vind hier terug die tradisionele *aretê* van uiterlike voorkoms. Maar 'n nuwe element het bygekom: die erotiese. Die erotiese verskyn wel in die poësie en kuns van vroeër tye. Maar hier word dit aangewend as 'n doelstelling van die jongmens, as 'n voorvereiste vir geluk, as 'n vorm van *aretê*. Waar Turtaios die jongmanne tot dapperheid opgeroep het, roep Mimnermos hulle tot die liefde en genieting van die lewe (vgl. Jaeger, *Paideia* 126–127). Waar Homeros die seksuele as 'n godgegewe wet (*themis*) beskou het (*Il.* 9,134), omgewe Mimnermos dit met die kleur en geur en aantreklikheid van blomme (vgl. Gentili, *Maia* 17, 1965, 384; Fränkel, *EGP* 209), en 'n heel ander toepassing. Dit word middel tot betekenisgewing aan die lewe.

4.3 Nou verwant hieraan is die na vore tree van die individu wat sy eie mening oor 'n aangeleentheid in die poësie verkondig. Dit is op sigself ook nie iets nuuts nie: Archilochos het reeds die weg aangewys. Maar Mimnermos spreek *namens* die gewone mens. Ten spyte van die Homeriese eggo's, is ons in 'n ander wêreld. Teenoor rykdom, mag en aansien as ideaal en lewenswyse, betree ons die alledaagse lewe en omstandighede van die gewone mens. In Fränkel se woorde verteenwoordig Mimnermos 'n 'transition to the bourgeois outlook' (*EGP* 208; vgl. Gentili, *Maia* 17, 1965, 383). Die jeug en sy lewensvreugde is kortstondig — daaroor het Mimnermos geen illusies nie. Maar die waarde en kosbaarheid daarvan het hy raakgesien en aan sy gehoor probeer oordra.

Vgl. Babut, *REG* 84, 1971, 39–43, oor Mimnermos se oorspronklikheid t.o.v. Homeriese moraliteit en lewensbeskouing.

LITERATUUR

Bowra, *EGE* 35.

Campbell 222–226.

Degani-Burzacchini 95–99.

- Fränkel, *EGP* 207–214.
 Gentili, *Maia* 17 (1965) 383–384.
 Gerber, *Euterpe* 105–108.
 Jaeger, *Paideia* 126–127.
 Perrotta-Gentili 34–37.
 Preisshofen 86 e.v.
 Schadewaldt, in Pfohl, *Gr.Eleg.* 174 e.v.
 Schmiel, *RFIC* 402 (1974) 283–289.
 Van Groningen, *Composition* 124.
 Verdenius, *Mnem.* 6 (1953) 197.
 Verdenius, *Mnem.* 27 (1974) 173–174.

(WJH)

(b) Fr. 2D (2B, 2E, 8G–P, 2W)

Die kortstondigheid van die lewe

Ἡμεῖς δ' οἷά τε φύλλα φύει πολυάνθεμος ὦρη
 ἔαρος, ὅτ' αἰψ' αὐγῆς¹ αὔξεται ἡελίου,
 τοῖσ' ἱκελοι πῆχυιον ἐπὶ χρόνον ἄνθεσιν ἥβης
 τερπόμεθα, πρὸς θεῶν εἰδότες οὔτε κακόν
 οὔτ' ἀγαθόν· Κῆρες δὲ παρεστήκασι μέλαιναι, 5
 ἥ μὲν ἔχουσα τέλος γήραος ἀργαλέου,
 ἣ δ' ἑτέρη θανάτοιο· μίνυνθα δὲ γίγνεται ἥβης
 καρπός, ὅσον τ' ἐπὶ γῆν κίδναται ἡέλιος.
 αὐτὰρ ἐπὴν δὴ τοῦτο τέλος παραμείνεται² ὦρης,
 αὐτίκα δὴ τεθνάναι βέλτιον ἢ βίोटος· 10
 πολλὰ γὰρ ἐν θυμῷ κακὰ γίγνεται· ἄλλοτε οἶκος
 τρυχοῦται, πενίης³ δ' ἔργ' ὀδυνηρὰ πέλει·
 ἄλλος δ' αὖ παίδων ἐπιδευέται, ὧν τε μάλιστα
 ἱμεῖρων κατὰ γῆς ἔρχεται εἰς Ἀἶδην·
 ἄλλος νοῦσον ἔχει θυμοφθόρον· οὐ δέ τίς ἐστιν 15
 ἀνθρώπων, ᾧ Ζεὺς μὴ κακὰ πολλὰ διδοῖ.⁴

1. Schneidewin: αὐγῇ Stob.codd.: αὐγαῖς Sitzler
 2. Stob. S: παραμείψαι Stob.AM: παραμείψαι Cobet
 3. Stob. S: περίης Stob. M: περὶ ἥς Stob. A
 4. Stob. B: διδῶ Stob. ASM

BRON

Stobaeus 4, 34, 12.

1. VERSMAAT

Die *elegiese koeplet*, met sunizesis in reëls 2 (ἔαρος) en 4 (θεῶν); die skyn-*hiatus* van ἄλλοτε οἶκος is te wyte aan 'n verswygde digamma: Φοῖκος. In reël 12 word die digamma om metriese redes weer geïgnoreer: δ' ἔργα. Let op die enjambement tussen die pentameter en heksameter in reëls 4–5.

2. KOMMENTAAR

- 1 δ': inseptief; vgl. Theogn. 699, 799, 817; Denniston 173.

φύλλα κτλ: Mimnermos gebruik die blare-vergelyking anders as Hom. (*Il.* 6,146–149): i.p.v. die opeenvolging van die geslagte van mense, is die *tertium comparationis* die kortstondigheid van die jeug. Vgl. ook Semon. fr. 29D.

- 2 αὐγῆς: = αὐγαῖς. Die manuskriplezing αὐγή sou beteken: 'as die lig van die son vermeerder'; die moeilikste lesing αὐγῆς, abl. van oorsaak, met φύλλα as onderwerp van αὔξεται, is waarskynliker. Dit vermy ook 'n hiaat met αὔξεται.

- 3 πῆχυν: 'elmboog', 'el', die lengte van die voorarm vanaf die elmboog tot die punt van die middelvinger; vertaal hier met 'kort'; vgl. Semon. fr. 29,6 en 11D. Hierdie is die vroegste bestaande gebruik van die woord.

- 4 πρὸς θεῶν: 'van die kant van die gode'; Pind. *P.* 12,10–11; *P.* 4,63. LSJ s.v. πρὸς A II,1.

- 4–7 εἰδότες κτλ: Mimnermos bedoel dat die jongmense in hulle jeug nog nie kennis van die goeie en die kwade het nie: juis dáárom is hulle gelukkig. Hierdie interpretasie van Gerber, *GRBS* 16,1975, 263–268 (met opgaaf van ander menings) verskil van die vertolkings van bv. Perrotta-Gentili 38; Babut, *REG* 84, 1971, 32–43; Degradas, *Les Élég.* 67; en Gerber se vroeëre mening, *Euterpe* 109, dat die jeug nie weet watter ellendes (armoede, kinderloosheid, siekte: 11–16) op hulle wag nie, en daarom nie hulle jeuggeluk (ἀγαθόν) besef nie. Die *crux* van die probleem lê by die vraag of die jeug se onkunde betrekking het op hul *huidige* geluk en *toekomstige* ellende, of op hul *huidige* geluk én/of ellende (d.w.s. waar hulle nòg hul geluk nòg hul ellende

bewustelik probeer onderskei). Laasgenoemde is Gerber se latere vertolking; vgl. ook Campbell 227. Ons moet met Schmiel, *RFIC* 102, 1974, 286–287 (met n. 3), akkoord gaan dat Mimnermos nie die jeug kritiseer nie: die gode gee nie kennis van òf goed òf kwaad aan die jeug nie: vgl. *Soph. Aj.* 552–555; *Tr.* 144–147; *OC* 1229–1238; *Eur. fr.* 205 Nauck. Enige sulke kennis sou hulle geluk bederf.

- 5 Κῆρες: gepersonifieerde magte van die noodlot; vgl. Lee, *Glotta* 39, 1961, veral 192–194; Dietrich, *Death, Fate and the Gods* 240–248; Campbell; vgl. ook *Turt.fr.* 8,6 en die twee lotsbepalings vir Achilleus (*Hom. Il.* 9,410–416): deelname aan die Trojaanse oorlog, geen terugkeer na sy land (d.w.s. 'n vroeë dood), maar ewige roem; of onttrekking van die oorlog, terugkeer na sy geliefde land, verlies van roem, maar 'n lang lewe. μέλαινα: in teenstelling met αὐγῆς ... ἡελίου; vgl. Irwin, *Colour Terms* 182–183: 'the darkness of fate ... is a result of its connection with death which is dark'.

- 6–7 γῆρας ... θανάτοιο: die genitiewe is definiërend: 'd.w.s. die ouderdom ... die dood'.

- 8 ὅσον ... ἡέλιος: in temporele sin in noue verband met μίνυνθα: 'vir solank die son op die aarde uitstraal', d.w.s. vir 'n dag (Perrotta-Gentili, Gerber). Die werkwoord 'versprei word', kan egter ook hier op die sonsopkoms dui: dan sou die vertaling wees: 'vir solank die opkomende son versprei word' (Campbell). Kontrasteer *Hom. Il.* 7,451, waar ὅσον in 'n ruimtelike of lokale sin gebruik word: τοῦ δ' ἦτοι κλέος ἔσται ὅσον τ' ἐπικίδναται ἡώς ('voorwaar, die roem daarvan sal voortbestaan sover as wat die oggendlik versprei word').

- 9 ἐπὶν: = ἐπεὶ ἄν; vgl. *by fr.* 1,5.

τοῦτο τέλος: 'hierdie tydstop (hoogtepunt, voltooiing) van die lewe'.

παρραμείψεται: aor. subjunktief met die kort temavokaal, soos meermale in Homeros (vgl. *πειρήσεται*).

ῶρης: 'bloei van die jeug'; vgl. *LSJ s.v.* ὥρα B,II,1.

- 10 αὐτίκ' ὃτ' ἐθνήναι: die lesing van die Stobaeus-manuskripte; maar in *fr.* 1,2 word ἐθναίην met 'n lang tē- geskandeer, terwyl hier 'n kort tē- vereis word. Op grond hiervan het Bach (gevolg

deur Perrotta-Gentili) die lesing αὐτίκα τεθνάμεναι verkies. *Correptio attica* is egter moontlik hier, al verskyn dit net tweemaal elders in Mimnermos (fr. 1,1: Ἀφροδίτης, en fr. 12a,2: ἃ ἰπείσῃ φραξάμεναι). Vir hierdie implisiete keuse vir die dood eerder as die ouderdom, vgl. Theogn. 425–428 en Soph. *OC* 1224–1228.

- 11–12 οἶκος/τρυχοῦται: vgl. Hom. *Od.* 1,248: τρύχουσι δὲ οἶκον.
 12 πενίης ... ἔργ(α): 'omstandighede (toestand) van armoede' (Kamerbeek-Verdenius; vgl. LSJ s.v. ἔργον II,1), alhoewel ' 'n lewe van armoede' (Campbell, Gerber; vgl. LSJ 3 c) ewe goeie sin gee.
 14 ἱμείρων: die part. is emfaties en predikatief: 'na hulle veral smag hy as hy ... gaan'; vgl. Kallin. fr. 1,5.
 15 θυμοφθόρον: 'sielvernietigend', 'lewenskraguitputtend', 'moraal-brekend' eerder as 'lewevernietigend' wat 'n verligting sou wees (Römisches, Perrotta-Gentili, Gerber). Vgl. Hom. *Il.* 6, 169; *Od.* 2, 329; 4, 716; 10, 363; 19, 323).
 δέ: konkluderend; vgl. Denniston 170.
 16 διδοῖ: Ionies vir δίδωσι.

3. STRUKTUUR

3.1 Die gedig, waarskynlik volledig, vertoon 'n komplekse chiasiese ordening van die gedagtes (vgl. Maas, *RE* XV, kol. 1726; Szádeczky-Kardoss, *RE* Suppl. XI, kol. 950; Gerber, *Euterpe* 108):


1–3	ὥρη	=	seisoen	A
	ἡελίοιο		son	B
	(ἄνθεσιν) ἥβης		jeug	C
7–9	(καρπός) ἥβης		jeug	C
	ἡέλιος		son	B
	ὥρης	=	seisoen van	A
			die jeug	

3.2 SKEMA

- A 1–5a Die *jeug* is kort (blare- + sonbeelde)
 — geen kennis van goed of kwaad
 B 5b–7a Die *Kῆρες* met *dood* of *ouderdom*

C 7b–8 Die jeug is kort (vrug- + sonbeelde)

D 9–10 (a) Die *dood* is beter as die *ouderdom*



3.3 Die argaïese denkpatroon van antitese blyk weer in die polarisering van die jeug en die ouderdom, reëls 1–7a, en 7b–16 (vgl. Fränkel, *EGP* 210), en in die drie nadele van die ouderdom (verlies van eiendom, kinderloosheid en siekte) in 'n reeks verbind met ἄλλοτε (11), ἄλλος (13 en 15). Vir so 'n drieledige (triadiese) reeks, vgl. Theogn. 203–204, 205–206, 207–208, waarvan die eerste twee met ἀλλ(ά) begin en die laaste met ἀλλόν. Reëls 11 en 16 vorm 'n raam. (Vgl. Van Groningen, *Composition* 124; Schmiel 284–285).

4. INTERPRETASIE

Soos in die vorige fragment, konsentreer Mimnermos op die genot van die jeug en die nadele van die ouderdom. Weer kom die vraag ter sprake of sy siening heeltemal pessimisties is. In hierdie gedig kom daar bv. die stelling dat die jeug die kwade en die goeie nie ken nie. Bedoel die digter dat hulle dus nie kan *beseft* hoe gelukkig hulle is nie omdat hulle nie die kwale van die ouderdom as vergelyking het nie? Dit sou 'n pessimistiese, totaal negatiewe mening wees. Mimnermos bedoel eerder dat *juis* die onkunde oor die kwade en goeie die jeug in staat stel om hulle stadium van die lewe ten volle te geniet. Die realistiese beeld van die ouderdom wat dan vir hulle voorgehou word, in kontras met die jeug wat in terme van lenteblare, blomme, sonskyn en die oes uitgebeeld word, is bedoel om die jeug die waarde van hierdie periode van die lewe te laat beseft en dit dus intenser te laat belewe (vgl. Fränkel, *EGP* 210). Hierdie positiewe oproep tot genot tot die jeug gerig is deel van die digter se opvoedingsrol (vgl. Jaeger, *Paideia* 128–130; en die oproep van Turtaios aan die Spartaanse jongmanne). Die plek waar hierdie proses veral plaasgevind het, was die *sumposion*; vgl. Gundert, *Gnom.* 27, 1955, 473.

Vergelyking met Semonides toon Mimnermos se siening duideliker: waar eersgenoemde alles onder goddelike bestiering, en die mens as onkundig en dwaas, met net ydele hoop om sy lot te temper, beskou, plaas Mimnermos die klem op die positiewe aspekte van ten minste die jeug, met die bygaande waarskuwing oor die jammerlike toestand van die ouderdom (vgl. verder Fränkel, *EGP* 210; Babut, *REG* 84, 1971, 32 e.v.).

Soos in fr. 1, wys Mimnermos op die haglike situasie van bejaardes in die antieke samelewing. Hy sonder hierdie keer drie tipes uit wat eintlik drie fases in die lewensproses verteenwoordig: toenemende swakheid en daaropvolgende armoede en verlies van eiendom (11–12), eensaamheid as gevolg van kinderloosheid (13–14), en uiteindelijke siekte (15). In fr. 1 was die klem op die fisiese agteruitgang: verlies van liggaamlike skoonheid, verlies van plesier, en die gevolglike haat van vrouens en seuns. Maar die uiterlike aftakeling in die huidige gedig affekteer ook die innerlike of geestelike *thumos* (11; 15). Mimnermos is weliswaar die eerste Griek om die ouderdom se aftakelende effek op sowel die gees as die liggaam te beskryf. In so 'n toestand en in so 'n gemeenskap was kinders die enigste troos en hulp, en hulle afwesigheid 'n katastrofe en vervloeking (vgl. bv. Eur. *Alc.* 654–672; *Med.* 1032–1037).

LITERATUUR

- Babut, *REG* 84 (1971) 32–43.
 Degani-Burzacchini 99–103.
 Dietrich, *Death, Fate and the Gods* 240–248.
 Fränkel, *EGP* 207–214.
 Gentili, *Maia* 17 (1965) 380.
 Gerber, *GRBS* 16 (1975) 263–268.
 Griffith, *CSCP* 8 (1975) 74–88.
 Gundert, *Gnom.* 27 (1955) 473.
 Lee, *Glotta* 39 (1961) 191–207.
 Lesky 120.
 Perrotta-Gentili 38–41.
 Römisch 58
 Schmid-Stählin I, 1, 361–363.
 Schmiel, *RFIC* 102 (1974) 283–289.

Solon van Athene

1. INLEIDING

1.1 LEWE EN WERK

Solon is gebore c. 640 v.C. en is oorlede c. 560 v.C. Hy was 'n aristokraat van geboorte, maar in die praktyk het hy moontlik tot die handelsklas behoort. Hy was 'n patriot en het 'n leidende rol in die stryd teen Megara gespeel om Salamis vir Athene te annekseer. Hy was 'n man van die *midde* wat teen alle uiterstes gekant was, en op politieke gebied was hy veral teen 'n tiranneregering gekant. Toe die ekonomiese en politieke stryd tussen die adel en die gewone volk gedreig het om te ontplof, is hy deur die adel, waarskynlik in 594/3 v.C., tot 'archon en versoener' benoem om ekonomiese, konstitusionele en juridiese hervormings deur te voer (vir die besonderhede en 'n evaluering daarvan, kyk Van Rooy, *Antieke Griekse Geskiedenis* 203–211, of korter 222–224).

Volgens oorlewering het Solon hom vir 'n periode van 10 jaar ná sy hervormings op 'n oorsese reis begeef en Egipte, Cyprus en moontlik

Lidië besoek. Toe hy na Athene teruggekeer het, het daar anargie geheers wat met die vestiging van Peisistratos as tiran geëindig het. Sy ekonomiese en juridiese hervormings was 'n sukses, sy konstitusionele hervormings klaarblyklik nie.

Die fragmente (ongeveer 285 verse in totaal) van Solon se gedigte, sowel jambies (insluitende die trogeïese versmaat) as elegies, kan grotendeels as 'n soort verslag beskou word van wat hy met sy 'program' van hervormings beoog het.

Wat die bevryding van die grond van die kleinboere betref wat aan die adel verpand was, begin Solon 'n lang jambiese fragment (24D, 36E) deur te verwys na die 'donker aarde (*Gê*) vanwaar ek die *horoï* wat oral ingeplant was, eens verwyder het, sodat sy wat voorheen in slawerny was, nou vry is' (vv. 5–7). Hierdie 'horoï' was verbandpilare of -klippe wat die grense aangetoon het van die grond van kleinboere wat verpand was aan hul krediteure, die adel. Hy gaan dan voort om te vertel hoe hy menige een wat deur dié stelsel in slawerny geraak het, sowel in die buiteland (waarheen hulle verkoop was) as in Attika, weer hulle vryheid gegee het.

Dikê of Geregtigheid speel as personifikasie 'n belangrike rol in Solon waar hy voortgaan om in bogenoemde fragment sy program en beginsels soos volg te kenskets. Eerstens sê hy dat hy sy program uitgevoer het deur die 'dwang van die wet (lees νόμου) aan dikê te koppel' (vers 16). (In Plutarchos se sitaat van vs. 16 kry ons ὁμοῦ. Die emendasie νόμου vir ὁμοῦ geniet wye steun, bv. by Myres in *CR* 61, 1947, 81). Tweedens sê Solon dat hy 'wette (*thesmoi*) neergelê het met geregtigheid (*dikê*) wat op 'n reguit weg gaan vir elkeen, hoog en laag' (vv. 18–20).

In 'n later gedeelte van waarskynlik dieselfde gedig (25D, 37E) kritiseer Solon albei partye, die gewone volk en die adel. Hy begin met die volk: 'wat die dêmos betref, as ek hulle openlik moet kritiseer, dan sê ek dat wat hulle nou besit, hulle nooit van kan gedroom het nie ...'. Die fragment sluit met Solon se aanduiding van die posisie wat hy (as bemiddelaar) tussen die twee strydende partye ingeneem het: 'maar ek het soos 'n *horos* (merker) in die middel tussen hulle gestaan'.

In sy elegiese gedigte keer Solon telkens terug tot die maatstaf van *dikê*. In fragment 1D,13E sê hy, met homself as voorbeeld: 'Om rykdom te besit begeer ek wel, maar nie om dit onregverdig (ἀδίκως) te verwerf nie. Dikê (hier in die sin van 'vergelding') volg altyd

agterna' (vv. 7–8). Diegene wat die straf ontvlug, hulle onskuldige kinders of kindskinders sal daarvoor betaal. Hier (vv. 31–32) beaam Solon die leer wat ons voorheen ook by Homeros (*Ilias* 4, 161–162) en veral by Hesiodos (*Op.* 267–285) vasstel, dat die oortredings van onregverdige vaders op hulle nageslagte besoek sal word.

'n Verwante begrip is dié van Eunomia (met Dusnomia as teenoorgestelde) wat oorspronklik 'goeie orde' (en dissipline) beteken. In 3D, 4E vv. 31–34 sê Solon: 'Dit is wat my gees my beveel om die Atheners te leer, nl. dat *dusnomia* vele euwels oor 'n stad bring, maar dat *eunomia* alle dinge in goeie orde en harmonie vertoon, en dikwels boeie op die onregverdiges lê'. Hier beteken *eunomia* moontlik nie bloot goeie orde soos by Turtaios nie, maar 'goeie orde deur die (nakoming van die) wet', met die oog op die wette wat Solon beoog het of neergelê het. Hieroor kan daar egter nie sekerheid bestaan nie. Kyk verder p. 129, par. 4.5.

Oor Solon se begrippe 'regverdigheid' en 'onregverdigheid', vgl. ook Snell, *Discovery* 178 wat o.a. daarop let dat 'Solon's notion of justice is as yet tied to religion'.

Dit is duidelik uit Solon se fragmente dat sy hervormings sterk kritiek uitgelok het van beide partye (die 'volk' en die adel), en hy sinspeel hierop in fragment 5D,7E waar hy sê dat 'in groot sake is dit moeilik om almal te bevredig'.

Die vermanende en aansporende funksie van Solon se elegiese gedigte is waarskynlik af te lei van die elegieë van Turtaios. Andersyds het hy die persoonlike jambiese poësie van Archilochos ontwikkel tot 'n instrument van 'politieke' kritiek. Daar is egter 'n belangrike verskil tussen Archilochos en Solon. Archilochos se verse ontspring hoofsaaklik uit 'n *persoonlike aporia*; Solon se verse ontstaan uit sy siening van die *aporia* van die *polis*, en dit gaan hom nie — soos by Archilochos — om persoonlike geregtigheid nie, maar om geregtigheid vir die polis *as geheel*. Die hooftfunksie van sy poësie is vermanend-didakties, om sy medeburgers *te leer*, nie om bytend te kritiseer of te bespot (soos dikwels by Archilochos) nie. Dit hang saam met sy selfbeheersdheid en met die middeweg waartoe hy nie alleen andere opgeroep het nie (vgl. 4D,28E aan die adel), maar wat hy self nagevolg het.

Solon se verse is die eerste Attiese literatuur wat aan ons oorgelewer is, en hy was na alle waarskynlikheid die enigste belangrike Atheense digter voor Aischulos. Hy was geen groot digter nie, maar 'n wyse

man by uitnemendheid, soos ook blyk uit die feit dat hy tot een van die Sewe Wysies van die Griekse Wêreld gereken is.

TESTIMONIA

Edmonds, *Greek Elegy and Iambus* I, 104–115.

Gentili-Prato 61–92.

Martina, *Solon, Testimonia*.

Masaracchia 1–77.

LITERATUUR

Campbell 231–233.

Gentili-Prato XXXI–XXXVII.

Gerber, *Euterpe* 123.

Gundert, 'Archilochos und Solon' in *Das neue Bild der Antike*, I, 130–152
= Pfohl (ed.), *Die Griechische Elegie*, WBD (1972) 72–102.

Lesky 121–128.

Linforth 3–102.

Masaracchia 79–195.

Myres, *CR* 61 (1947) 81.

Van Rooy, *Studies* 99–101.

(CAvR)

2. FRAGMENTE VAN SOLON

(a) Fr. 1D (13B, 13E, 1G–P, 13W)

Die universele menslike strewe na rykdom

Μνημοσύνης καὶ Ζηνὸς Ὀλυμπίου ἀγλαὰ τέκνα,

Μοῦσαι Πιερίδες, κλυτὲ μοι εὐχομένῳ·

ὄλβον μοι πρὸς θεῶν μακάρων δότε καὶ πρὸς ἀπάντων

ἀνθρώπων αἰεὶ δόξαν ἔχειν ἀγαθὴν·

εἶναι δὲ γλυκὺν ὧδε φίλοις, ἐχθροῖσι δὲ πικρόν,

5

τοῖσι μὲν αἰδοῖον, τοῖσι δὲ δεινὸν ἰδεῖν.

χρήματα δ' ἱμείρω μὲν ἔχειν, ἀδίκως δὲ πεπᾶσθαι

οὐκ ἐθέλω· πάντως ὕστερον ἦλθε δίκη.

πλοῦτον δ' ὃν μὲν δῶσι θεοί, παραγίγνεται ἀνδρὶ

ἔμπεδος ἐκ νεάτου πυθμένος ἐς κορυφὴν·

10

ὄν δ' ἄνδρες τιμῶσιν¹ ὑφ' ὕβριος, οὐ κατὰ κόσμον
 ἔρχεται, ἀλλ' ἀδίκοις² ἔργμασι πειθόμενος
 οὐκ ἐθέλων ἔπεται, ταχέως δ' ἀναμίσγεται ἄτη·²
 ἀρχὴ δ' ἐξ ὀλίγου³ γίγνεται ὥς τε⁴ πυρός
 φλαύρη μὲν τὸ πρῶτον, ἀνιερῇ δὲ τελευτᾷ· 15
 οὐ γὰρ δὴν⁵ θνητοῖς ὕβριος ἔργα πέλει.
 ἀλλὰ Ζεὺς πάντων ἐφορᾷ τέλος, ἐξαπίνης δέ —
 ὥστ' ἄνεμος νεφέλας αἶψα διεσκέδασεν
 ἡρινός, ὃς πόντου πολυκύμονος ἀτρυγέτοιο
 πυθμένα κινήσας, γῆν κατὰ πυροφόρον 20
 δηώσας καλὰ ἔργα θεῶν ἔδος αἰπὺν ἰκάνει
 οὐρανόν, αἰθρίην δ' αὖτις⁶ ἔθηκεν ἰδεῖν·
 λάμπει δ' ἡελίοιο μένος κατὰ πίονα γαῖαν
 καλόν, ἀτὰρ νεφέων οὐδὲν ἔτ' ἔστιν ἰδεῖν —
 τοιαύτη Ζηνὸς πέλεται τίσις, οὐ δ' ἐφ' ἐκάστω 25
 ὥσπερ θνητὸς ἀνὴρ γίγνεται ὀξύχολος,
 αἰεὶ δ' οὐ ἔ⁷ λέληθε διαμπερές, ὅστις ἀλιτρόν
 θυμὸν ἔχη,⁸ πάντως δ' ἐς τέλος ἐξεφάνη·
 ἀλλ' ὁ μὲν αὐτίκ' ἔτεισεν, ὁ δ' ὕστερον· οἱ δὲ φύγωσιν
 αὐτοί, μὴ δὲ θεῶν μοῖρ' ἐπιούσα κίχη, 30
 ἤλυθε πάντως αὖτις⁹ ἀναιτίοι ἔργα τίνουσιν
 ἢ παῖδες τούτων ἢ γένος ἐξοπίσω.¹⁰
 θνητοὶ δ' ὥδε νοεῦμεν ὁμῶς ἀγαθὸς τε κακὸς τε,
 † ἐν δηνῇ¹¹ αὐτὸς δόξαν ἕκαστος ἔχει,
 πρίν τι παθεῖν· τότε δ' αὖτις ὀδύρεται· ἄχρι δὲ τούτου 35

1. Stob.codd.: μετίωσιν Ahrens: τίλλωσιν Oliver: τέτρωσιν Sitzler

2. Stob.codd.: ἄτη Regin.gr.146 Camerarius Stephanus

3. Stob.S: ἀρχῆς ἐξ ὀλίγης West: ἀρχὴν δ' ἐξ ὀλίγου Arnott: ἄτη δ' ἐξ ὀλίγου Schenkl

4. Defradas: ὥστε alii: ὃς τε Adrados

5. Paris.1985, Regin.gr.146: δὴ Stob.codd.

6. Bach: αὐθις Stob.codd.

7. Hermann: οὔτε Stob.codd.: οὐχ ἔ Kalinka

8. Bergk: ἔχει Stob.codd.

9. Brunck: πάντως αὐτίκ' Stob.codd.: αὐθις Wyttenbach: ἄτη Ahrens

10. Stob.B manus secunda: ἡγεμόνων ὀπίσω Stob.SB

11. Stob.codd.: ἐν δὴν ἢ manus recentior: δεινὴν εἰς (αὐτοῦ) Paris. 1985 suprascripsit manus secunda: ἐσθλὴν ἢ Camerarius: εὐθεῖν εἰς Schneidewin: εὐθεῖν ἢ Büchner: εὐθηνεῖν Ahrens: δηνεύειν Bergk: ἐρδων ἢ Ziegler: ἐρδειν ἢ Römisch: εὐδρᾶν ἢ Allen: σπεύδειν ἢ Reinhardt: ἐνδον ἢ Lattimore: ἦνδανεν, ἦν Valckenaer

χάσκοντες κούφαισ' ἐλπίσι τερπόμεθα.
 ᾧσσι μὲν νούσοισιν ὑπ' ἀργαλέησι πιεσθῇ,
 ὡς ὕγιῃς ἔσται, τοῦτο κατεφράσατο·
 ἄλλος δειλὸς ἐὼν ἀγαθὸς δοκεῖ ἔμμεναι ἀνὴρ
 καὶ καλὸς μορφὴν οὐ χαρίεσσαν ἔχων 40
 εἰ δέ τις ἀχρήμων, πενίης δέ μιν ἔργα βιάται,
 κτήσεσθαι¹² πάντως¹³ χρήματα πολλὰ δοκεῖ.
 σπεύδει δ' ἄλλοθεν ἄλλος· ὁ μὲν κατὰ πόντον ἀλάται
 ἐν νηυσὶν χρήζων οἴκαδε κέρδος ἄγειν
 ἰχθυόεντ' ἀνέμοισι φορεύμενος ἀργαλείοισιν, 45
 φειδωλὴν ψυχῆς οὐδεμίαν¹⁴ θέμενος·
 ἄλλος γῆν τέμνων πολυδένδρεον εἰς ἐνιαυτόν
 λατρεύει, τοῖσιν καμπύλ' ἄροτρα μέλει·
 ἄλλος Ἀθηναίης τε καὶ Ἡφαίστου πολυτέχνειω
 ἔργα δαεῖς χειροῖν ξυλλέγεται βίον, 50
 ἄλλος Ὀλυμπιάδων Μουσέων¹⁵ πάρα δῶρα διδαχθεῖς,
 ἱμερτῆς σοφίης μέτρον ἐπιστάμενος·
 ἄλλον μάντιν ἔθηκεν ἄναξ ἐκάεργος Ἀπόλλων,
 ἔγνω δ' ἀνδρὶ κακὸν τηλόθεν ἐρχόμενον,
 ᾧ συνομαρτήσωσι θεοί· τὰ δὲ μόρσιμα πάντως 55
 οὔτε τις οἰωνὸς ῥύσεται οὔθ' ἰερά·
 ἄλλοι Παιῶνος πολυφάρμακου ἔργον ἔχοντες
 ἰητροί, καὶ τοῖσ' οὐδὲν ἔπεστι τέλος·
 πολλάκι δ' ἐξ ὀλίγης ὀδύνης μέγα γίγνεται ἄλγος,
 κοῦκ' ἂν τις λύσαιτ' ἥπια φάρμακα δούς· 60
 τὸν δὲ κακῶς νούσοισι κυκώμενον ἀργαλέησιν¹⁶
 ἀψάμενος¹⁷ χειροῖν αἶψα τίθησ' ὕγιῃ.
 Μοῖρα δέ τοι θνητοῖσι κακὸν φέρει ἡδὲ καὶ ἐσθλόν,
 δῶρα δ' ἄφνικτα θεῶν γίγνεται ἀθανάτων.
 πᾶσι δέ τοι κίνδυνος ἔπ' ἔργμασιν, οὐδέ τις οἶδεν, 65
 ἧ μέλλει σχήσειν χρήματος ἀρχομένου·
 ἀλλ' ὁ μὲν εὖ ἔρδειν¹⁸ πειρώμενος οὐ προνοήσας
 ἐς μεγάλην αἶψαν καὶ χαλεπὴν ἔπεσεν,

12. Bergk: -σασθαι Stob.codd.

13. Gesner: πάντων Stob.codd.

14. Schneidewin: οὐδὲ μίην Stob.codd.: οὐδεμίην Voss

15. Stephanus: Μουσάων Stob.codd.: Μουσῶν Grotius

16. Wilamowitz: κακαῖς ... ἀργαλέαις Stob.codd.

17. Stob.codd.: ἀψάμενον Adrados

τῷ δὲ κακῶς ἔρδοντι¹⁸ θεὸς περὶ πάντα δίδωσιν
 συντυχίην ἀγαθήν, ἔκλυσιν ἀφροσύνης. 70
 πλούτου δ' οὐδὲν τέρμα πεφασμένον ἀνδράσι κεῖται·
 οἱ γὰρ νῦν ἡμέων πλείστον ἔχουσι βίον,
 διπλασίως¹⁹ σπεύδουσι· τίς ἂν κορέσειεν ἅπαντας;
 κέρδεά τοι θνητοῖς ὥπασαν ἀθάνατοι,
 ἅτη δ' ἔξ αὐτῶν ἀναφαίνεται, ἣν ὁπότεν²⁰ Ζεὺς 75
 πέμψῃ τεισομένην, ἄλλοτε ἄλλος ἔχει.

BRON

Stobaeus 3,9,23

1. VERSMAAT

Die *elegiese koeplet* (vgl. Archilochos fr. 7D). Let op die volgende voorbeelde van sunizesis:

θεῶν (3), πολυτέχνεω (49), Μουσέων (51), ἡμέων (72).

2. KOMMENTAAR (insluitende die struktuur en interpretasie)

Oor die onderverdeling en struktuur van die gedig ('n volledige gedig) — afgesien van die vertolking daarvan — bestaan daar verskillende opvattinge. Die volgende onderverdeling word hier aangebied:

Prooimion : 1–6
 Deel I : 7–32
 Deel II : 33–42
 Deel III : 43–62
 Deel IV : 63–70
 Slot : 71–76

Prooimion, 1–6: Aanroeping van die Muses

In die opening van sy gedig vra Solon die Muses blykbaar nie, soos gebruikelik was, om die digtergawe nie (hy was geen professionele digter nie, en het waarskynlik in die praktyk tot die handelsklas

18. Stob.codd.: ἔρδειν ... ἔρδοντι Adrados

19. Stob.S: διπλασίον Brunck

20. Stob.S: ὁπότε Defradas alii (cf. Theognis 231: ἣν ὁπότε Ζεὺς)

behoort). Hy vra om: (i) ὄλβος, d.w.s. welvaart (sowel in die algemeen, as — in die besonder — materiële welvaart); (ii) 'n goeie reputasie onder die mensdom, sodat (ὥδε, 5) hy soet vir sy vriende en deur hulle gerespekteer mag wees, en bitter asook 'n voorwerp van ontsag vir sy vyande mag wees. Oor die vertolking van δεινόν (6) as 'awful', d.w.s. 'ontsagwekkend' (en nie 'vreeswekkend' nie), vgl. Karin Alt 393, en Hom. *Il.* 18,394; 3,172; *Od.* 8,22.

Die vertolking van die prooimion is egter betwisbaar. Daar bestaan basies twee opvattinge oor die aard daarvan:

- (i) Wilamowitz (*Sappho und Simonides* 263) en Römisch (*Studien zur älteren griechischen Elegie* 45) sien in hierdie aanroeping van die Muses 'n blote konvensionele epiiese formule, sodat Solon hier die Muses nie om die digtergawe vra nie (vgl. bo).
- (ii) Hierteenoor betoog verskeie geleerdes dat Solon se opvatting van die digkuns nie bloot konvensioneel is nie. Die Muses inspireer nie net nie, maar geld tewens as waarborg vir die waarheidskarakter van die digter se kuns, sodat hy aldus 'n δόξα ἀγαθή onder sy medeburgers mag bekom. Volgens Maehler 64–68 het Solon só selfs 'n nuwe dimensie aan σοφίη verleen: σοφίη (die digterlike bekwaamheid) word by hom óók die 'rechte Denken' (68), νόος ἄρτιος (vgl. ook Kamerbeek-Verdenius by δότε, onder aangehaal) om só aan ἄτη te ontkom: 'so ist das höchste geistige Gut, um das man beten kann, die σοφίη, und dieses Geschenk gewähren die Musen' (67). Oor die gawes geskenk deur die Muses, vgl. Solon 1D, reëls 51–52.

Kyk nou Maurach 31–33 oor 'Der Musenanruf'.

1–2 Μνημοσύνης ... Μοῦσαι: vir hierdie verbinding kyk ook Pindaros *Paian* 6,54–57, asook Sandys se opmerking daarby in die Loeb-uitgawe (537): 'i.e. the Muses, together with their mother, Mnemosyne, and their father, Zeus, are able to inspire the poet'.

2 Πιερίδες: 'van Piërië', 'n gebied aan die voet van berg Olumpos.

3–4 ὄλβον ... ἀγαθήν: 'gee dat ek welvaart van die geluksalige gode en altyd 'n goeie reputasie van alle mense sal hê (ontvang)'. In die samehang beteken ὄλβος hoofsaaklik rykdom (vgl. χρήματα, 7 en πλοῦτον, 9, albei aan die begin van 'n reël).

Kamerbeek-Verdenius gee die volgende kommentaar: 'ὄλβον: "voorspoed"; de acc. hangt af van ἔχειν (d.w.s. nie van δότε


nie) ... δότε: door voor de juiste formulering van 's dichters gedachten te zorgen'. Let op die klem op ὄλβον aan die begin van reël 3 en op ἀγαθήν aan die einde van reël 4.

- 4 δόξαν: soos ὄλβον voorwerp van ἔχειν, wat weer die voorwerp van δότε is. Hier word δόξα gebruik in die sin van 'reputasie' — soos eerste in Turt. 9,9.

- 5 εἶναι: volg na δότε.

ὥδε: 'so', 'daardeur'. Kyk verder Campbell 235.

- 4–6 Detail-struktuur, tiperend van die prooimion tot 'n gedig in die Griekse letterkunde, is soos volg:



Oor die prooimion, vgl. verder Karin Alt 390–394; Maurach 18 (volgens wie die prooimion tot en met vs. 8 strek).

Die aanroeping van die Muses eindig met vs. 6, en die res van die gedig het 'n krities-didaktiese funksie met as hooftema (een wat Solon na aan die hart lê, soos ook uit ander fragmente blyk) die onregverdige en buitensporige verkryging van rykdom en die straf wat dit bring van Dikê (Geregtigheid) òf van die gode òf spesifiek van Zeus. Moontlik hang die tema ook met sy ondervindings as handelaar saam.

I. Reëls 7–32

Die eerste hoofseksie begin soos volg (vgl. Theognis 145–148): 'Om rykdom (χρήματα) te besit begeer ek wel, maar nie om dit onregverdig te verwerf nie. Dikê (hier in die sin van 'vergelding') volg altyd agterna' (7–8). Die straf van Zeus — wat die einde (τέλος, 17) kan vooruitsien — kom gewis, hetsy vroeg, hetsy laat. En dié wat daaraan

ontsnap, hulle straf word deur hulle onskuldige kinders of kinds-kinders betaal.

In hierdie seksie kom Solon met belangrike kwalifiserings voor die dag, eerstens van sy bede(s) in die prooimion. Sy bede om 'n goeie reputasie laat hy val, en die ὄλβος wat hy verlang word vereng tot χρήματα, d.w.s. spesifiek materiële rykdom; maar, verder, nie ἅλλε χρήματα nie, d.w.s. nie dit wat onregverdig verkry is nie. Die straf vir onregverdige verkryging van rykdom noem hy δίκη in vs. 8, ἄτη in vs. 13, en Ζηνὸς τίσις in vs. 25. Op die kwalifikasie in die slotreëls van seksie I kom ons terug. Vgl. Gagarin, *CPh* 69, 1974, 186–197.

Let op die klem op χρήματα en πλοῦτον aan die begin van reëls 7 en 9.

7 πεπᾶσθαι: nadat hy reeds twee keer ἔχειν gebruik het (verse 4 en 7), wissel Solon dit af met πεπᾶσθαι, perf. infinitief van *πάομαι (= κέκτημαι).

8 ἦλθε: die aoristus is gnomies. Dieselfde geld van die volgende aoristusvorme in die gedig: διεσκέδασεν (18), ἔθηκεν (22), ἐξεφάνη (28), ἔτεισεν (29), ἦλυθε (31), κατεφράσατο (38), ἔθηκεν (53), ἔγνω (54), ἔπεισεν (68) en ὤπασαν (74).

9 πλοῦτον: omgekeerd betrek in die naamval van die relatief ὅν (vir ander voorbeelde, kyk Kühner-Gerth, vol. 2, 413 e.v.). Die gebruik van πλοῦτος bevestig — indien dit nodig sou wees — die betekenis van χρήματα as materiële rykdom. Let daarop dat χρήματα geensins as 'geld' vertaal moet word nie. Solon se gedig is c. 600 v.C. geskryf, en gemunte geld is deur die groter handelsstede in Wes-Griekeland soos Aigina, Korinthe en Athene, eers vanaf (vroegstens) 600 v.C. in gebruik *begin* neem (oor Griekse geldmunting, kyk Van Rooy, *Antieke Griekse Geskiedenis* hfst. 11).

δῶσι: konjunktief sonder ἄν, dikwels so gevind in die liriese digters en vooraf ook in Homeros. Vgl. reël 55 onder.

10 πιθμένος: genit. van ὁ πυθμήν, 'bodem', die basis of fondament van enigiets. Vgl. vs. 20.

11 τιμῶσιν. Die MSS-lesing is korrek. Vgl. Theognis 189 χρήματα ... τιμῶσι, en verder Eur. fr. 354. Kyk egter Maurach 19 n. 9.

ὑφ' ὕβριος: 'onder die invloed van hubris'. *Hubris* beteken hier waarskynlik 'aanmatiging' ('arrogance'), nie 'wanton violence' (LSJ) nie.

κατὰ κόσμον: 'behoorlik', of met 'n negatief soos hier, 'onbehoorlik'. Vir die uitdrukking vgl. Hom. *Od.* 8, 179; 20, 181–182; *Il.* 2, 214.

- 13 ἄτη: hier, soos in reëls 68 en 75, nie 'verblindings' nie maar 'verderf'. Gerber, *Euterpe* 126 verwys na Dawe, *HSCP* 72, 1968, veral 95–101.
- 14 ἀρχή: *scil.* ἄτης, en (ἀρχή) πυρός.
- 15 φλαύρη: *scil.* ἄτη ἐστίν. Die Attiese adjektief kom hier die eerste keer in die oorgelewerde literatuur voor. Dit beteken 'swak', 'gering', 'minderwaardig'.
- 17 τέλος: 'voltooing', 'vervulling'. Oor τέλος en god elders, kyk die aantekening by Semonides fr. 1,1.
- 18 ὥστ': 'soos'. Oor die funksie van die lang uitgerekte Homerostipe similee in reëls 18–25, kyk Campbell 236 e.v., Lattimore 164 e.v. en Allen 53 e.v.
- 25 ἐφ' ἑκάστω: 'oor elke ding', 'by elke geleentheid'.
- 27 αἰεί: word versterk deur διαμπερές, 'voortdurend'. Gerber vertaal 'for ever and ever'.
λέληθε: perf. van λήθω (λανθάνω), met dieselfde betekenis as die praesens.
- 28 θυμόν: vgl. Kamerbeek-Verdenius 43: 'In teenstelling tot Homerus legt S. nadruk op die gezindheid van de boosdoener; dit is een vorm van verinnerlijking, vgl. Call. 1,11, Mimn. 2,11'.
ἐς τέλος: 'op die lange duur'. Let op hoe die lang beskrywing van Zeus se wraak (insluitend die similee) met τέλος in vs. 17 begin en met ἐς τέλος in vs. 28 eindig.
- 29–32 Vir *loci* oor die straf wat die (onskuldige) afstammelinge van onregplegers tref, kyk Gerber, *Euterpe* 126 e.v.
- 29 οἱ (δέ) is 'n relatief. Veronderstel ἐπ' αὐτοῦς by ἦλυθε (31) as antesedent vir οἱ.

Let op die kwalifikasie in die slotverse van seksie I. Voorafgaande het Solon betoog dat die goddelike straf oor almal kom wat 'n bose gees het, of dit nou dadelik (αὐτίκ', 29) gebeur of later (ὑστερον, 29). Hy besef egter dat daar sommiges is wat die straf vryspring, en daarom bring hy die kwalifikasie in dat hulle *kinders* of *nageslag* vir hulle wandade gestraf sal word. Vgl. verder Maurach 19–20 oor reëls 9–32.

II. *Reëls 33–42*

Na die lang en omvattende beeld (17–28) wat Solon van Zeus in die voorafgaande deel gegee het ('n *vooruitsiende* Zeus wat die einde, τέλος, 17, van alles aanskou), gevolg deur 'n verwysing na die *moira van die gode* en die straf wat oor die nageslag kom (29b–32), gaan Solon nou — by wyse van *kontras* — oor na *sterflinge* (θνητοί, aan die begin van vers 33) se *ydele gelowe en hoop*, die sieke dat hy gesond sal word, die lafaart dat hy 'n dapper man sal wees, die lelike dat hy mooi sal wees, en die arm man dat hy groot rykdom (χρήματα πολλά, 42) sal bekom. Met die sleutelwoord χρήματα (vgl. χρήματα aan die begin van vs. 7, die begin van deel I) keer die digter terug na die tema van die mens se strewe na rykdom; maar nou gaan dit nie meer oor rykdom wat *onregverdig* (ἀδίκως, 7) verkry is nie, maar bloot oor die najaag van (*te*) *veel* rykdom, χρήματα πολλά (42), wat tegelyk die oorgang tot deel III is.

33 Let op die klem op θνητοί aan die begin van reël 33.

34 Dit is baie moeilik om die korrekte lesing uit die MSS se ἐνδὴνην te herstel. Büchner se voorstel εὖ ῥεῖν ἦν pas wel goed in die samehang in (vgl. Gerber, *Euterpe* 127). Oor die hele probleem vgl. Maurach 21 n. 20, met verwysing o.a. na ἦνδανεν, ἦν (Valckenaer).

36 κούφαισ' ἐλπίσι: vgl. bo Semonides fr. 1,6–10 oor die hoop en vertroue wat die mens in sy jaag na onbereikbare dinge voed. Oor ἐλπίς hier in Solon, vgl. ook Schrijen, *Elpis* 44–48.

37 χῶστις: = καὶ ὅστις. Vgl. oor καὶ Kamerbeek-Verdenius wat daarop let dat καὶ hier eksplikatiwe betekenis het (eintlik 'en wel'); vertaal: 'byvoorbeeld'.

Oor reëls 33–42, vgl. verder Karin Alt 397–399; Maurach 21–22.

III. *Reëls 43–62*

Nou word die begeerte om χρήματα πολλά (42) te bekom toegelig met die verskillende wyses waarop die mens rykdom seek: deur die seevaarder (43b–46); die landbouer (47–48); die ambagsman (49–50); die digter (51–52); die siener (53–56); en die dokter (57–62). Die kommentatore let daarop hoedat in hierdie katalogus die klem verskuif van *metodes* van die verkryging van *rykdom* (nie 'money-

making' soos Campbell 234 sê nie) na die *onsekerheid* van die uitkoms van hulle (menslike) arbeid of professie. Hierdie verskuiving is eksplisiet in die kensketsing van die professie en taak van die siener en die dokter. Ten slotte word van almal se werk gesê dat καὶ τοῖς οὐδὲν ἔπεσι τέλος, 58: hiermee sluit die digter by wyse van *kontras* aan by deel I waar hy van Zeus sê ἀλλὰ Ζεὺς πάντων ἐφορᾷ τέλος (17).

Wat die aansluiting van deel III by deel II betref, kry ons dit verder by wyse van woordherhaling: vgl. νοῦσοισι ... ἀργαλείαις (61) aan die *einde* van deel III en νοῦσοισιν ὑπ' ἀργαλέῃσι (37) aan die *begin* van die voorbeelde in deel II. Wat die byv. nw. betref, is daar ook woordherhaling in III self, vgl. (ἀνέμοισι) ἀργαλείοισι (45). Die gesegde in 31b–32 dui die *einde* van deel II aan.

43 σπεύδει δ' ἄλλοθεν ἄλλος: hierdie gesegde dui die oorgang van deel II tot deel III aan: veronderstel κτήσεσθαι ... χρήματα πολλὰ van vs. 42 daarby, en vertaal dé met 'en so'.

45 ἰχθυοέντ(α): (akkusatief) gaan saam met πόντον (43); vgl. *Od.* 9,82.

46 θέμενος: = ποιησάμενος. Let daarop dat die *medium* τίθεσθαι en veral ποιεῖσθαι plus 'n selfstandige nw. dikwels 'n ww. omskryf, daarom hier φειδωλὴν θέμενος = φειδόμενος.

47 εἰς ἐνιαυτόν: vgl. Hom. *Il.* 21,444. '„een jaar lang" (ἐ. is eig. de dag, waarop het jaar vol word)' (Kamerbeek-Verdenius). Vgl. *Il.* 19,32.

48 τοῖσιν: 'n relatief, meervoud: 'hierdie groep'. Die antesedent is ἄλλος, enkelvoud, maar met 'n kollektiewe betekenis: ' 'n ander groep'.

49 Athena en Hephaistos was beskermgode van kunshandearbeiders en ambagsmanne.

50 δαεῖς: aoristus deelwoord by ἐδάην, 'kenner wees van'.

51 Μουσέων: saam met πάρα en δῶρα.

52 σοφίης: hier, soos dikwels, 'digterlike bedrewenheid'. Kyk verder Campbell 238 en 348 (tweede par.), ook oor μέτρον. Laasgenoemde woord beteken hier 'die volle maat' (*Od.* 18, 217).

54 ἔγνω: die onderwerp is μάντις, nie Apollo nie.

55 ᾧ συνομαρτήσωσι θεοί: vertaal dit voorwaardelik, 'as die gode

met hom is'. In Attiese prosa sou dit ὃ ἄν (met die konjunktief) gewees het. Vgl. bo reël 9.

πάντως: hoort by οὐτε, 56.

56 οἰωνός: 'uitlê van 'n voorteken'.

58 τέλος: kyk bo reël 17.

59 δ': eksplikatief, 'byvoorbeeld'.

60 λύσαι(ο): kyk Gerber, *Euterpe* 129: "'effect relief". λύω and λύσις are common in medical contexts.'

Oor reëls 43–62, vgl. verder Karin Alt 399–402; Maurach 22–24.

IV. Reëls 63–70

Wat is nou die verbinding van IV met III? In die twee laaste voorbeelde in III het die digter die feilbaarheid van die siener en die dokter beklemtoon: die siener kan die toekoms voorspel slegs as die gode hom help, en hy kan dit nie afweer nie; en ook die dokter kan nie die einde (τέλος, 58) van sy werk voorsien nie.

Hierdie feilbaarheid van die mens en die almag van die gode word nou in IV in die algemeen oorgedra op die lot, goed of kwaad, van sterflinge. Die uitkoms van die mens se strewe hang van die *moira* van die gode af. Die mens weet nie wat die uitkoms van sy arbeid gaan wees nie (ἢ μέλλει σχήσιν, 66 ~ τέλος): verderf kan kom oor een wat onvoorbedag (οὐ προνοήσας, 67) goed probeer doen, terwyl god weer aan dié wat euwel doen 'n goeie uitkoms kan gee as verlossing van sy (die mens) se dwaasheid.

63 δέ τοι: konkluderend. Let op die klem op μοῖρα aan die begin van reël 63.

64 δῶρα ... ἄφυστα: 'geskenke waaraan mens nie kan ontkom nie'. γίγνεται: 'blyk te wees'.

65 δέ (na παῖσι): 'en daarom'.

66 ἦ: 'waarheen', 'hoe'.

σχήσιν: 'dit met hom sal afloop' (eintlik: 'hy aan land sal stap (nie)'): kyk Campbell 239; Gerber, *Euterpe* 129 met verwysing na LSJ s.v. ἔχω A.II.8).

67 εὔ: in 'n algemene sin (nie moreel nie; so ook κακῶς, 69); vgl. Campbell 239: 'εὔ ἔρδειν: "to act in the right way", with

reference to technical skill; ὁ κακῶς ἔρδων(69) sets about his business (e.g. healing the sick) in the wrong way, and his condition is ἀφροσύνη. Laasgenoemde is 'onkunde', die teenoorgestelde van σοφία in die algemeen.

Waar in deel I *dikê*, d.w.s. 'vergelding', en *atê*, 'verderf', oor die mens kom wat *onregverdig* of *gewelddadig* rykdom verwerf, kom *atê* in deel IV oor die mens wat nie *vooraf insig* het nie, οὐ προνοήσας (67), selfs al probeer hy om goed te doen. So 'n persoon is nie *vooruitsiende* soos Zeus wat die einde (τέλος, 17) of voltooiing of vervulling van alles aanskou nie. Hier sluit deel IV implisiet wel by deel I aan, en ook by deel II waar dit oor sterflike se beperkte visie gaan, nl. hulle valse (letterlik leë) hoop en verwagtings. In dié opsig is κίνδυνος (65) 'n sleutelwoord. Kyk verder Maurach 23–24 oor die samehang tussen deel II (33–42) en ons dele III (43–62) en IV (63–70). Laasgenoemde twee dele vorm by Maurach saam deel III (43–70) — maar kyk sy p. 26 waar dit ook in twee onderdele (43–62 en 63–70) verdeel word. Oor die almag van Zeus en die onkunde van die mens, vgl. bo Semonides fr. 1, 1–5: ὦ παῖ, τέλος μὲν Ζεὺς ἔχει κτλ.

Oor reëls 63–70, kyk ook Karin Alt 402–403; Maurach 23–24.

V. Reëls 71–76

Slot (6 reëls lank, net soos die prooimion). Vgl. Theognis 227–232, met 'n paar wysigings.

Mens kon verwag dat met die sleutelwoord πλούτου aan die begin (71) Solon terugkeer na χρήματα ... πλούτον aan die begin van seksie I, maar dáár gaan dit om *atê* of verderf wat kom oor dié wat *onregverdig* of *gewelddadig* rykdom verkry het. Hier in die eerste drie verse van die slot (71–73) kry ons weer die gedagte wat ons reeds aan die einde van seksie II teëgekom het, nl. oor die najaag van (te) veel rykdom, χρήματα πολλά (42). Die idee van die *oordrewe* najaag van rykdom is nou egter eksplisiet in die Slot: 'daar is geen eindpunt (τέρμα, 71) duidelik sigbaar *vir die mens* nie' (dit kontrasteer met die *god* Zeus wat wel die τέλος van alles kan sien, deel I, reël 17) en 'wie kan almal versadig?' (73).

Met die laaste 3 verse, 74–76, keer die digter terug na die beeld van Zeus wat straf as vergelding in deel I stuur (vgl. Ζηνὸς ... τίσις, 25), hetsy vroeg, hetsy laat.

71 πεφασμένον: van φαίνω.

72 βίον: = βίοντον, 'lewensonderhoud', hier 'welvaart', 'rykdom'.

74 ὠπασαν: van ὀπάζω, hier 'verleen', 'gee'.

76 τεισομένην: van τίνω, 'betaal', fut. τέισω; medium, 'straf'.

ἔχει: *scil.* ἄτην (nie κέρδεα nie). Maar vgl. hieroor Lattimore 178.
Oor reëls 71–76, kyk ook Maurach 24–26.

3. DIE STRUKTUUR EN SAMEHANG

3.1 OORSIG

Hieroor sê Lattimore 162: 'The elegy seems no longer to fall into a series of sections, or even into two main parts, but becomes a progression of thought, each subsequent stage being an expansion, or revision, or illustration of a previous stage. It is thus a self-generating series of connected ideas'.

Hierdie uitspraak moet enigsins gewysig word. In die eerste plek bestaan die gedig wel duidelik uit 6 dele, waarvan verse 1–6 'n prooimion in die vorm van 'n gebed aan die Muses is ('n gebed wat nie in die res van die gedig voortgesit word nie), en waarvan verse 71–76 duidelik 'n Slot is. Tweedens is die gedig *tegelyk* 'n 'progression of thought' of 'n 'self-generating series of connected ideas' — behalwe wat die Slot betref. Lattimore erken dat wat die laaste 6 verse betref 'the link is least obvious, the transition most abrupt' (169). Maar, gaan hy voort om te sê, 'the last six lines must be generated from συντυχίην ἀγαθήν'. Sy poging om dit aan te toon is egter nie oortuigend nie (vgl. Defradas 41). Die Slot wys terug na dele I en II soos bo aangedui is. Allen meen dat die slot ook terugwys na die prooimion: 'There is ... a return in the conclusion to the need for divine aid which was expressed at the beginning in the form of a direct prayer for success' (51). Hierdie skakel kan ons oorweeg sonder om Allen se opvatting dat 'the elegy is a prayer throughout' (65) te aanvaar.

Volgens Alt 394 bestaan die hoofdeel van die gedig, d.w.s. verse 7–70, uit twee 'Abschnitte', nl. vv. 7–32 en 33–70. Dit kan ons oorweeg, maar moet daarop wys dat die sg. tweede hoofdeel, 33–70, weer in drie (onder)dele verdeel kan word soos bo aangetoon is, en soos Alt ook aanvaar (vgl. Alt 397, 399, 402). Vir Maurach se struktuuroorsig, kyk sy p. 26 e.v.

Oor Solon se doelstelling met die gedig, kyk Alt 405–406; Maurach 26–31.

3.2 BESONDERHEDE

Ten slotte let ons op sekere tipiese elemente van die argaïese vorm- en denkstruktuur in die gedig.

- (i) *Kontraste*, bv. siek-gesond, 37–38; lafhartig-dapper, 39; lelik-mooi, 40; arm-ryk, 41–42; in verse 5 en 6; ὁ μὲν εὖ (ἔρδειν?) πειρώμενος, 67 — τῷ δὲ κακῶς (ἔρδοντι?) 69; θνητοῖς — ἀθάνατοι, 74.
 - (ii) *Katalogi*, bv. die lys van fortuinsoekers: die seevaarder, 43–46; landbouers, 47–48; ambagsman, 49–50; digter, 51–52; siener, 53–56; dokter, 57–62. In 4.1 bo kry ons ook 'n soort katalogus (verse 37–42).
 - (iii) *Variasie*: τέλος, 17 ~ ἐς τέλος, 28 (met omramingstegniek in die beskrywing van Zeus en die straf wat hy stuur); Ζηνὸς ... τίσις, 25 ~ Ζεὺς ... τεισομένην, 75; νούσοισιν ὑπ' ἀργαλέῃσι, 37 ~ νούσοισι ... ἀργαλείαις, 61, met omramingstegniek; ἀδίκως δὲ πεπᾶσθαι (χρήματα), 7 ~ πλούτον δ' ὃν μὲν δώσει θεοί, 9.
Vgl. ook die mate van variasie in die terminologie vir die god(e) en die mens(dom) gepaard met herhalings:
 - (a) *god(e)*: θεῶν, 3; θεοί, 9; Ζεύς, 17; Ζηνός, 25; θεῶν μοῖρ', 30; θεοί, 55; μοῖρα, 63; θεῶν ... ἀθανάτων, 64; θεός, 69; ἀθάνατοι, 74; Ζεύς, 75.
 - (b) *mens(dom)*: ἀνθρώπων, 4; ἀνδρί, 9; ἄνδρες, 11; θνητοῖς, 16; θνητὸς ἀνὴρ, 26; θνητοί, 33; ἀνδρί, 54; θνήτοισι, 63; ἀνδράσι, 71; θνητοῖς, 74.
 - (iv) *Parataktiese sinsbou*: die gedig is vol hiervan; vgl. bv. ἔρχεται, 12; ἔπεται, 13; ἀναμίσγεται, 13; γίγνεται, 14.
 - (v) *Chiasme*: vgl. bo.
- Die gedig bevat ook 'n groot aantal nie-stilistiese herhalings.

3.3 SKEMA

- A 1–6 Prooimion: gebed om ὄλβος en δόξα.
- B 7–32 Die πλούτος-motief:
 - (a) 7–8a : algemene stelling
 - (b) 8b : die straf
 - (a1) 9–16 : uitbreiding van algemene stelling
 - (b1) 17–32 : uitbreiding op die straf
- C 33–42 Die κούφη ἐλπίς-motief:
 - (a) 33–36 : gnomiese stelling
 - (b) 37–42 : katalogus-illustrasie

- D 43–62 Die σπεῦδος-motief:
(a) 43a : gnomiese stelling
(b) 43b–62 : katalogus-illustrasie
- E 63–70 Die κίνδυνος-motief:
(a) 63–66 : gnomiese stelling
(b) 67–70 : katalogus-illustrasie
- F 71–76 Slot:
(a) 71–73 : die πλοῦτος (κόρος)- en σπεῦδος-motief
(b) 74–76 : die τίσις- en ἄτη-motief.

LITERATUUR

- Allen, *TAPhA* 80 (1949) 50–65.
Alt, *Hermes* 107 (1979) 389–406.
Björk, *Eranos* 40 (1942) 177–181.
Bowra, *EGE* hoofstuk III.
Büchner, *Hermes* 87 (1959) 163–190 (het as geheel nie 'n goeie ontvangs geniet nie). Volgens Büchner het die gedig een 'Gedankengang' maar dit kan in drie dele verdeel word (1–32, 33–62, 63–76).
Campbell 233–240.
Fränkel, *EGP* 232–236.
Gerber, *Euterpe* 124–130.
Kamerbeek-Verdenius 41–47.
Lattimore, *AJPh* 68 (1947) 161–179.
Lesky 123–125.
Linfirth 227–243.
Maddalena, *RFIC* 20 (1942) 182–192: kyk verder *RFIC* 21 (1943) 1–12.
Masaracchia 201–241.
Maurach, *GGA* 235 (1983) 16–33, met uitgebreide bibliografie op 17–18.
Nestle, *Hermes* 77 (1942) 129–133: par. 5. 'Solon und die Odyssee' = G. Pfohl (ed.). *Die Griechische Elegie*, WDF (1972) 205–213.
Snell, *Discovery* 211–212 = *Entdeckung*⁴ 145, 173–174.
Spira in Kurz e.a. (edd.), *Gnomosyne* (1981) 177–196.
Wilamowitz, *Sappho und Simonides* 257–275.

(CAvR)

(b) Fr. 3D (4B, 4E, 3G–P, 4W)

Regverdige teenoor onregverdige regering

ἡμετέρῃ δὲ πόλις κατὰ Διὸς οὐποτ' ὀλεῖται
 αἴσαν καὶ μακάρων θεῶν φρένας ἀθανάτων·
 τοίῃ γὰρ μεγάλθυμος ἐπίσκοπος ὀβριμοπάτρη
 Παλλὰς Ἀθηναίῃ χειρὰς ὑπερθεν ἔχει.
 αὐτοὶ δὲ φθείρουν μεγάλην πόλιν ἀφραδίῃσιν 5
 ἄστοι βούλονται χρήμασι πειθόμενοι,
 δῆμον θ' ἡγεμόνων ἄδικος νόος, οἷσιν ἐτοῖμον
 ὕβριος ἐκ μεγάλης ἄλγεα πολλὰ παθεῖν·
 οὐ γὰρ ἐπίστανται κατέχειν κόρον οὐδὲ παρούσας
 εὐφροσύνας κοσμεῖν δαιτὸς ἐν ἵσυχίῃ. 10
 * * *
 πλουτεοῦσιν δ' ἀδίκοις ἔργμασι πειθόμενοι
 * * *
 οὐθ' ἱερῶν κτεάνων οὔτε τι δημοσίων
 φειδόμενοι κλέπτουσιν ἐφ' ἄρπαγῇ¹ ἄλλοθεν ἄλλος
 οὐδὲ φυλάσσονται σεμνὰ Δίκης θέμεθλα,²
 ἥ σιγῶσα σύνοιδε τὰ γινόμενα³ πρό τ' ἔδοντα, 15
 τῷ δὲ χρόνῳ πάντως ἦλθ' ἀποτεισμένη.⁴
 τοῦτ' ἦδη πάσῃ πόλει ἔρχεται ἔλκος ἀφυκτον·
 ἐς δὲ κακὴν ταχέως ἦλυθε δουλοσύνην,
 ἥ στάσιν ἔμφυλον πόλεμόν θ' εὐδοντ' ἐπεγεῖρει,⁵
 ὃς πολλῶν ἐρατὴν ὤλεσεν ἡλικίην· 20
 ἐκ γὰρ δυσμενέων ταχέως πολυήρατον ἄστν
 τρύχεται ἐν συνόδοις τοῖς ἀδικοῦσι φίλαις.⁶

1. Dem.O (saec.XV) alii: ἀφᾱρπαγῇ Dem.YPFQ (saec.X–XIII): ἀφᾱρπαγῇ West Gentili-Prato: ᾱφ' ἄρπαγῇ Ebert

2. Dem.codd.: θέμεθλα Δίκης Bergk

3. Dem.codd.: γινόμενα nonnulli

4. Hiller: ἀποτισμένη Dem.B post correcturam: ἀποτισμένη Dem.YPFQ

5. Dem.P post correcturam: ἐπεγεῖρουν Dem.FQ: ἐπαγεῖρουν Dem.YP ante correcturam: ἐπέγειρεν Schneidewin

6. Bergk: ἀδικοῦσι Dem.codd.: φίλοις Dem.QY: φίλους Dem.F p.c.: ἄδικ' ἐστὶ φίλα Bergk²: τ' ἴσ' ἀδικοῦσι φίλοις Diels: ταῖς (=τῆς) ἀδικησᾱφίλοις Ahrens: τοῖς ἀδικέουσι φίλους West: τοῖς ἀδικοῦσι φίλαις Gentili-Prato

ταῦτα μὲν ἐν δήμῳ στρέφεται κακά· τῶν δὲ πενιχρῶν
 ἰκνέονται πολλοὶ γαῖαν ἐς ἄλλοδαπὴν
 πραθέντες δεσμοῖσι τ' ἀεικελίοισι δεθέντες. 25

* * *

οὕτω δημόσιον κακὸν ἔρχεται οἴκαδ' ἐκάστω·
 αὐλαιοι δ' ἔτ' ἔχειν οὐκ ἐθέλουσι θύραι,
 ὑψηλὸν δ' ὑπὲρ ἕρκος ὑπέρθορεν, ἡῦρε⁷ δὲ πάντως,
 εἰ καὶ τις φεύγων ἐν μυχῷ ἢ θαλάμῳ.⁸

ταῦτα διδάξαι θυμὸς Ἀθηναίους με κελεύει, 30
 ὥς κακὰ πλείστα πόλει δυσνομίη παρέχει,
 εὐνομίη δ' εὐκοσμα καὶ ἄρτια πάντ' ἀποφαίνει
 καὶ θαμὰ τοῖς ἀδίκοις ἀμφιτίθησι πέδας·
 τραχέα λειαίνει, παύει κόρον, ὕβριν ἀμαυροῖ,
 αὐαίνει δ' ἄτης ἄνθεα φνόμενα, 35

εὐθύνει δὲ δίκας σκολιὰς ὑπερήφανά τ' ἔργα
 πρᾶννει, παύει δ' ἔργα διχοστασίης,
 παύει δ' ἀργαλέης ἔριδος χόλον, ἔστι δ' ὑπ' αὐτῆς
 πάντα κατ' ἀνθρώπους ἄρτια καὶ πινυτά.

BRON

Demosthenes 19,254 e.v.

1. VERSMAAT

Die *elegiese koeplet*, met sunizesis in reëls 2 (θεῶν), 11 (πλουτέουσιν), 22 (ἀδικέουσιν) en 24 (ἰκνέονται), en *correptio attica* in θέμεθλα (14), δὲ (16) en κακὰ (31).

2. KOMMENTAAR

1–2 κατὰ Διὸς ... /αἶσαν: 'volgens Zeus se lotsbepaling'; vgl. Hom. *Il.* 3,59: κατ' αἶσαν; 9,608: Διὸς αἶση; 17,321: ὑπὲρ Διὸς αἶσαν.

ὀλεῖται: fut. med.: 'sal ... vergaan'.

φρένας: 'wil'.

7. Fick: εὔρε West

8. Schneidewin: ἢ θαλάμῳ Dem.codd.

- 3 ἐπίσκοπος: hier vir die eerste keer met 'n bepaalde god verbind; die gode is ἐπίσκοποι in *Il.* 22,255, en Hektor ἐπίσκοπος in *Il.* 24,729. Die beskrywings van Pallas Athena as μέγθυμος, ὀβριμοπάτηρ kom reeds in Hom. voor (bv. *Il.* 5,747; *Od.* 8,520).
- 4 χείρας ὑπερθεν ἔχει: hierdie gebaar van die godheid herinner aan die beeld van Apollo op die pediment van die tempel by Olimpia; vgl. ook Hom. *Il.* 4,249;9, 419–20; Theogn. 757–758; *AP* 6,155, 5–6; Aristoph. *Equit.* 1373–1374.
- 5 ἀφραδίησιν: dat. mv. soos altyd in Hom. (bv. *Il.* 5,649): 'deur dwaasheid'. Hierdie verseinde kom ook by *Od.* 10,27 voor.
- 6 χρήμασι πιθόμενοι: 'deur gewin beïnvloed', 'met hul vertroue in rykdom' (nie 'geld' nie), vgl. oor fr. 1,9D; en ook Theogn. 194.
- 6–7 ἄστοι ... /δήμου θ' ἡγεμόνων: word hier net die adel, of almal wat skuldig aan ongeregtigheid en hebsug was, betrek? As Gerber reg is dat dit op die hele volk slaan, ontstaan die vraag of die *dēmos* tot hierdie euwels in staat was. Hierdie reëls reflekteer 'n situasie gemeenskaplik aan verskeie stede van die 6de eeu v.C. Die handelsontwikkeling het 'n nuwe ekonomiese, en derhalwe sosiale, orde meegebring; vgl. Defradas, *Les Éléγ.* 48; Theogn. 41 e.v.
- 7 ἐτοῖμον (ἐστί): 'seker', soos by Hom. *Il.* 18,96; Anakr. fr. 50, 11–12 P.
- 9 κατέχειν κόρον: 'om hulle oormatige drang (na rykdom) in te kort', konkreet en letterlik (vgl. Gagarin 191; Halberstadt 199: 'overfed gluttony') eerder as abstrak (Campbell, Gerber).
- 9–10 Solon verwys na die bankette van die adel om te waarsku teen die komende ἄλγεα (Campbell, teenoor die metaforiese interpretasie van Linforth), maar Gerber is sekerlik reg om die gedrag van manne by 'n banket as vergelyking te sien met die gedrag van manne wat na mag en rykdom smag. So ook Halberstadt 199–200. Fränkel, *EGP* 231, interpreteer anders: Solon raai die adel aan om hul tyd skadeloos by bankette deur te bring eerder as om die staat deur hul hebsug te ondergrawe. Hierdie vertolking vereis die betekenis 'om op paslike wyse te smaak' vir κοσμεῖν (vgl. sy vertaling op p. 220), eerder as die normale 'te beheer', 'te orden', of 'te versier'. Vgl. Theogn. 825–830 vir 'n dergelike gedagte; en vgl. ook Xenoph. 1,4D: εὐφροσύνης; Sol. 1,71 e.v.; 4,5 e.v.; 5,7 e.v.

- 10 δαιτός: gaan saam met εὐφροσύνας. Degani-Burzacchini 108 verbind δαιτός egter met ἐν ἡσυχίῃ wat dan 'n metriese eenheid vorm.
- 13 ἐφ' ἄρπαγῃ: 'met die oog op buit', aanvullend by κλέπτουσιν, 'ongemerkt wegneem'. Die manuskripte se lesing ἀφαρπαγῇ kan dalk iets anders as ἐφ' ἄρπαγῇ oorspronklik bedoel het (Campbell). Vgl. fr. 23,13: οἱ δ' ἐφ' ἄρπαγαῖσιν ἦλθον. Die datief het doelfunksie ('om te'): vgl. Humbert, *Syntaxe grecque* §524.
- 14 σεμνὰ Δίκης θέμεθλα: 'die eerbiedwaardige fundamente van Diké', dalk 'n oorspronklike beeld van Solon.
- 15 τὰ γινόμενα πρό τ' ἐόντα: 'die hede en die verlede': vgl. Hom. *Il.* 1,70: (Kalchas) ὅς ἤδη τά τ' ἐόντα τά τ' ἐσσόμενα πρό τ' ἐόντα: 'wat die hede, die toekoms en die verlede geken het'; ook by Hes. *Theog.* 32,38.
- 16 τῷ ... χρόνῳ: 'een of ander tyd'; vgl. fr. 1,29–32 vir dieselfde gedagte.
πάντως: 'sekerlik', 'gewis'.
ἦλθ': Hierdie is 'n goeie illustrasie van die gnomiese aoristus: πάντως bevestig die algemene waarheid van die stelling.
ἀποτεισομένη: fut. part. med. van ἀποτίνω.
- 17 τοῦτ(ο): d.w.s. die gedrag van die adel (7–16); vgl. Campbell 242; Gerber.
πάσῃ πόλει: 'op die hele stad' (d.w.s. ryk en arm), eerder as 'op/aan elke stad' (Edmonds I, 119; Jaeger, *Paideia* 141,450 n. 27; Linforth 15 e.v.)
- 18 ἦλυθε: gnomiese aor; vgl. ook ἦλθ' (16) en ὤλεσεν (20). Die gnomiese aor. kan ook op die toekoms slaan (vgl. ταχέως).
- 19 πόλεμον: 'burgeroorlog'.
εὕδοντ(α): met die metafoor versterk Solon die beeld wat by Hom. *Il.* 20,31 met πόλεμον, by 5,496 met φύλοπιν, by 2,440 met Ἄρηα en by 13,788 met μάχην voorkom.
- 20 ἡλικίην: = ἥβην.
- 21 ἐκ ... δυσμενέων: 'deur toedoen van die vyande', d.w.s. die adel of ál die ongeregtiges.

- 22 συνόδοις: 'verbintenis', waarskynlik 'n verwysing na die politieke groepe (ἐταῖροι) of vriende (ἐταῖροι).
- 23 Vir die manuskriplezing ἀδικοῦσι φίλοις is verskeie emendasies voorgestel: Bergk se φίλαις is die maklikste korreksie ('in verbintenis aan die onregplegers geliefd'); sy alternatiewe voorstel ἐν συνόδοις θ' αἷς ἀδικοῦσι φίλαις ('in verbintenis wat vir onregplegers geliefd (is)') behels onnodige verandering van τοῖς; Diels se τ' ἴσ' ἀδικοῦσι φίλοι ('en is net soos vriende vir onregplegers') oortuig nog minder; Ahrens se ἐν συνόδοις ταῖς ἀδικησιφίλοις ('in verbintenis van liefhebbers van ongereg-tigheid') verdien oorweging alhoewel τοῖς ook verander moet word. West se φίλους verskaf die gebruiklike akk. in die argaïese gebruik van ἀδικέω, maar lewer swak betekenis ('wat vriende veronreg'; vgl. Gagarin 191 n.38). Gagarin stel voor ἀδίκοισι (adj.) i.p.v. ἀδικοῖσι (part.): 'in verbintenis aan die ongereg-tiges geliefd'.
- στρέφεται: 'heen en weer draai', 'rondbeweeg'.
- 25 πρᾶθέντες: van πέρνημι, epies vir πιπράσκω; vertaal: 'as slawe verkoop', 'verhandel', 'n verwysing na die gebruik om skulde-naars te verkoop om hulle skuld uit te wis. Solon se *Seisáchtheia*, 'afskud van laste', het probeer om hierdie proses van verslawing van vrygebore armes te bekamp (vgl. Aristot. *Ath. Pol.* 6,1; Plut. *Lyc.* 20).
- 27 αὐλαιοι ... θύραι: 'en die buitedeure (d.w.s. deure wat op die αὐλή oorpmaak) wil (= kan) dit nie meer buite hou (of: uithou) nie'; vgl. Hom. *Il.* 21,366: (die Xanthosrivier) οὐδ' ἔθελε προρέειν, ἀλλ' ἴσχετο.
- 28 ὑπέρθορον: epiese vorm van ὑπερέθορον, aor. van ὑπερθράσκω, hier gnomies gebruik; vgl. Hom. *Il.* 9,476: ὑπέρθορον ἐρκίον αὐλῆς.
- ἡῖρε (of εὔρε): gnomies, met ἕκαστον as voorwerp veronderstel.
- 29 εἰ καὶ ... ἦ: 'selfs as ...'; die ἄν ontbreek soos bv. by Kallinos fr. 1, 13 en 15, en in Homeros; vgl. LSJ s.v. εἰ II (veral 12), en VIII.
- 32 ἀποφαίνει: 'maak (tot)'; vgl. LSJ s.v. ἀποφαίνω A IV.
- 34 τραχέα λειαίνει: Vir Treu, *Von Homer* 274, is Solon se siening hier nie-Homeries, en iets meer as Hesiodos se ἰθύνει σκολιόν. Solon visualiseer nl. die hoë en lae onderskeidings in 'n landskap

(τραχύ, 'ongelyk'; λειόν, 'glad'; ἄρτιον, 'gelyk'), en ἄρτια word 'n sentrale begrip in Solon se staatsetiek, 'das A en O ... seiner Eunomie'. Vgl. ook Fränkel, *EGP* 222: 'even and reasonable', 'proper and right'.

ἄμαυροῖ: 'sy verswak'.

- 35 αὐαίνει ... φυόμενα: hierdie oorspronklike beeld van Solon kom later by Aisch. *Pers.* 821–822 en *Sept.* 601 voor.
- 36 εὐθύνει ... σκολιάς: 'sy maak skewe regspraak reguit'; vgl. *Hes.Op.* 221, 250, 264; *Pind.P.* 4,153; *Theogn.* 40. Vgl. oor 3,32 e.v. Campbell; Gagarin 190.
- 37 διχοστασίης: hier vir die eerste maal in oorgelewerde Grieks.

3. STRUKTUUR

- 3.1 Die partikel δέ in die eerste reël is inseptief (vgl. Archil. fr. 1,1), en die oorgelewerde teks is waarskynlik die hele gedig.
- 3.2 'n Heksameterreël voor en na reël 11, en 'n pentameterreël na reël 25 ontbreek sonder enige aanduiding van 'n *lacuna* in die manuskripte. 'n Laat *codex* vul die *lacuna* na reël 25 aan met 'n onaanvaarbare

— — — — — — — — — — — — — — — — — —
 πάγκακα | καὶ | δουλοσύ | νης || ζυγά φέ | ρουσι κα | κά —

καί pas nie in nie en ζυγά word 'n valse kwantiteit gegee; die betekenis is ook lomp: 'hulle dra groot ongeluk en die ongelukkige jukke van slawerny'.

3.3 SKEMA

- A 1–4 Die gode sal nie die stad verwoes nie
- B 5–8 Die burgers self wil die stad verwoes
- C 9–14 Rede vir B: Die gedrag van die burgers en leiers
- D 15–16 Dikê sal vergelding kom eis
- E 17–29 Die stad se ondergang en individu se lyding: die onontwykbaarheid van die rampe
- F 30–39 Die digter se raad.

Let ook op die volgende chiasiese en parallelle patrone in reëls 30–39:

—εὐνομία εὐκοσμία καὶ ἄρτια πάντα		
(a)	τραχέα λειαίνει	(ab)
(b)	πάνει κόρον	(ba)
(c)	ὑβριν ἄμαυροῖ	(ab)
(d)	αὐαίνει ἄτης ἄνθεα	
	φυόμενα	(ba)
(e)	εὐθύνει δίκας	(ba)
(f)	ἔργα πραῖνει	(ab)
(g)	παύει ἔργα	(ba)
(h)	παύει χόλον	(ba)
—πάντα ... ἄρτια καὶ πινυτά		

Die eerste agt reëls (A en B) bied 'n kontras tussen die gode se beskerming van Athene (1–4) en die burgers se oënskynlike doel om die stad te vernietig (5–8). Hierdie kontras word gedra in die woorde ἡμετέρη πόλις (1) ~ μεγάλην πόλιν (5); οὐποτ' ὀλεῖται/ αἶσαν ... φρένας (1–2) ~ αὐτοὶ ... φθείρειν ... ἄστοι βούλονται (5–6); Παλλὰς ... χεῖρας ... ἔχει (4) ~ ἄλγεα πολλὰ παθεῖν (8). Teenoor 'die dekreet van Zeus en die wil van die salige, onsterflike gode' word die gedrag van die burgers gekenmerk deur dwaasheid, gierigheid, ongeregtigheid en hoogmoed; die groot stad word deur groot *hubris* bedreig: μεγάλην πόλιν ~ ὑβριος ἐκ ... μεγάλης. Hierna beweeg die gedig progressief met verdere tipering van die optrede van die burgers (C: 9–14) wat basies herleibaar is tot onwetmatige verkryging van rykdom. Reëls 15–16 (D) met die verskyning van Dikē, vorm 'n wentelpunt, waarna die gevolge vir die stad en individu geteken word (E: 17–29). Die onverbiddelikheid daarvan word deur die herhaling (in dieselfde posisie in die reël) van die verwante vorms ἦλθε (16), ἔρχεται (17) en ἦλυθε (18) beklemtoon. In die laaste deel (F: 30–39) bied die digter die oplossing vir die stad se kwale: *Eunomia*. Vgl. Halberstadt 201 n. 10, wat wys op die tweeledige indeling in B (twee groepe: die burgers, die leiers) en E (die staat en die individu).

Let op die *simmetriese komposisie* soos dit ooreenkom met dieselfde element in die voorafgaande reëls (vgl. Halberstadt 201–202):

- ἀδίκους' (33): ἄδικος νόος (7)
- κόρον/ὑβριν (34): ὑβριος (8) en κόρον (9)
- δίκας σκολιά (36): Δίκης θέμεθλα (14)
- ὑπερήφανά ... ἔργα (36): ἀδίκους' ἔργμασι (11)
- διχοστασίης (37): στάσιν (19)
- ἀργαλέης ἔριδος (38): πόλεμον (19).

Vir die ringkomposisie in reëls 32 en 39, vgl. Van Groningen, *Composition* 51–56. Die reeks chiasmes en werkwoorde met asundeton en homoioteleuton in reëls 35–38 het Jaeger, *Scripta Minora* I, 315 daartoe gelei om 'n kultiese invloed hier en by Hesiodos *Op.* 3–8 te postuleer; vgl. Campbell 243–245; Gerber, *Euterpe* 133; Treu, *Von Homer* 273.

4. INTERPRETASIE

4.1 Solon tree hier op as opvoeder van sy gemeenskap (διδάξαι, 31; Jaeger, *Paideia* 139–140; Fränkel, *EGP* 219), en ons merk weer dié funksie van die poësie in die vroeë Griekse samelewing. Solon rig aan die Atheners 'n waarskuwing maar ook raad wat spruit uit sy ontleding van die werklike toestande in die Athene van sy tyd (Fränkel, *EGP* 141). In dié sin is die gedig nou verbind met die ekonomiese, sosiale en politieke situasie, asook met Solon se eie hervormings.

4.2 Die hoofgedagte in die gedig is dat die uiteindelijke heil van die stadstaat die verantwoordelikheid van die burgers is. Reeds in Homeros (*Od.* 1,33 e.v.) is menslike verantwoordelikheid as aanvullend by goddelike bestiering en beskerming gestel. Solon is oortuig van die goddelike beskerming oor sy stad Athene (1–4), maar besorgd oor die optrede van die burgers, en veral die leiers (5 e.v.). Hy probeer by hulle tuisbring dat dit die plig en verantwoordelikheid van elke individu in die staat is om met sy optrede die heil van die πόλις te verseker (vgl. Jaeger, *Paideia* 143–144). Sy eie rol as individu kom dan ook sterk na vore in reël 30: ταῦτα διδάξαι θυμὸς ... με κелеύει.

4.3 Die bedreiging vir die staat kom van die verwaarlosing van geregtigheid deur die adel. Hulle optrede en gedrag, en veral hulle ongeregtige verkryging van rykdom, word uitgesonder: hul dwaasheid (5), hebsug (6, 11, 12–14), ongeregtige houding (7), hoogmoed (8), uitspattigheid by bankette (9–10) en ongeregtige verbintenisse (21–22). Dit is duidelik dat die ekonomiese kwale van Athene volgens Solon om die *onwettige verryking* van die adel wentel. Daarteenoor word die optrede van Dikê gestel (15–16). Die gevolge is slawerny (18), broedertwis en oorlog (19–20), en die verslawing en verbanning van die armes (23–25). Hierdie kwaal van die stadstaat raak almal waar hulle hulle ook al mag versteek (26–29).

4.4 Rondom die begrip Dikê is al baie gedebateer. By Hesiodos beteken dit 'regmatige deel' (Jaeger, *Paideia* 99 e.v.), of 'ooreenkoms'. Reeds by Hesiodos is Dikê verpersoonlik as suster van Eunomia en Eirênê, almal kinders van Zeus en Themis (*Theog.* 902; *Op.* 256 e.v.; vgl. Pind. *O.* 13,6–7; fr. Adesp. 100(b) Page); en Dusnomia is die dogter van Eris (*Theog.* 230). Volgens Jaeger, Vlastos e.a. ontwikkel Solon die aard en werking van Dikê tot 'n immanente morele krag in die natuur en die menslike bestaan. Waar Hesiodos die onvermydelike gevolge van ongeregtigheid (d.w.s. onwettige optrede) gesien het in terme van afsonderlike katastrofes wat die gemeenskap van buite geteister het (bv. pestilensie, hongersnood, onvrugbaarheid, oorlog, die dood; vgl. *Op.* 213 e.v., 238 e.v., met die kontrasterende beeld van die regverdige staat: 225 e.v.), is die werking van Dikê vir Solon van binne die gemeenskap, 'n innerlike progressiewe verskeuring van die organisme van die staat. Dit neem dan die vorm aan van onderlinge twis, burgerstryd en die verslawing van die burgers. Dis 'n onafwendbare wond ἔλκος ἄφυκτον, 17) wat op die hele staat kom (Linthorpe 141,201). Elke deel van die staat ly a.g.v. die ongeregtige optrede van die adel.

4.5 Die genesing van die kwaal lê vir Solon in Eunomia. Ook oor hierdie begrip, wat net hier in Solon se werk voorkom, is al veel geskryf. Dit is verstaan as 'die inherente wetmatigheid in die sosiale lewe' of 'n innerlike orde in die verloop van die natuur en menslike lewe' (Jaeger, *Paideia* 142); of 'goeie sosiale en morele orde' (Fränkel, *EGP* 222); of 'goeie wette goed gehoorsaam' (Gerber); of 'wet en orde' (Havelock, *Justice* 256). Hierdie wetmatigheid word volgens Fränkel bevestig in die woord πάντως, 'seersekerlik', wat telkens in Solon se poësie voorkom (vgl. fr. 1,8; 3, 16,28; 28; 31; 55). Die invloed van die Ioniese filosowe Thales en Anaximandros met hulle idees van oorsaak en gevolg in die natuur is na die oordeel van Jaeger herkenbaar in Solon se siening van die kwale van Athene as die gevolg van die optrede van haar burgers (*Paideia* 142; vgl. Fränkel, *EGP* 228 en n. 19; Sol. fr. 8 en 11D). Dit is waarskynlik in hierdie sin dat Snell (*Discovery* 175) Solon se siening van Eunomia as steeds godsdienstig tipeer. Hierdie opvatting word deur Treu, *Von Homer* 275–276, in navolging van Nestle, *Hermes* 77, 1942, 130 n. 1, verwerp, terwyl Ostwald, *Nomos* 66 en n. 4, Eunomia en Dusnomia as 'poetic personalities' eerder as godinne verstaan. Die konkrete betekenis van Eunomia as goeie orde deur (die nakoming van) die wet is verkieslik bo die filosofies-religieuse of sosio-morele. Vgl. bo, p. 105.

4.6 Hierdie interpretasies van Dikê en Eunomia in Solon se werke word in resente publikasies bevraagteken. Veral die artikel van Gagarin en die boek van Havelock verwerp die gedagte van Dikê en Eunomia as algemene, universele, immanente, kosmiese morele magte in die denke van Solon. Gagarin (veral 191–192) toon aan dat die gebruik van die woord dikê en sy verwante vorms en hul teenoorgesteldes tot minstens die tyd van Plato byna uitsluitlik in kontekste van spesifieke wetlikheid in veral ekonomiese verband, optrede en ooreenkomste, met die politieke implikasies daarvan, voorkom. Volgens hom is dikê 'lawful behavior', of 'the more or less divine power of Law which ... brings ruin upon the whole city, not just upon those who violate her' (191).

Havelock 251–258 verwerp ook die vertolking van Dikê as 'n aanvaarde politieke beginsel wat die bestaan van die vroeë stadstaat besiel, of as 'n omvattende kosmiese beginsel van metafisiese omvang. Hy betwyfel die opvatting dat dikê deur Solon uitgebrei is tot meer as 'n geregtelike proses in ekonomiese verband; op die meeste verbeter Solon sy model Hesiodos net in bepaalde besonderhede; Dikê word nie die abstrakte beginsel van 'Geregtigheid van die staat' nie; Solon se siening is nie-filosofies, nie-abstrak, nie-konseptueel. Havelock konkludeer: 'To suppose that concealed in such imagery lies some conceptual grasp of a profound moral and cosmic principle is to misconceive what is actually happening in the usage of the Greek tongue during the archaic period of its development' (262). Vgl. verder Ehrenberg se bespreking, *Aspects of the Ancient World* 70–93; Dickie, *CPh* 73, 1978, 91–101.

LITERATUUR

- Degani-Burzacchini 105–112.
 Dickie, *CPh* 73 (1978) 91–101.
 Ehrenberg, *Aspects of the Ancient World* 70–93.
 Fränkel, *EGP* 217–237.
 Gagarin, *CPh* 69 (1974) 186–197.
 Halberstadt, *CW* 48 (1955) 197–203.
 Havelock, *Justice* 249–262.
 Henderson, *AClass* 25 (1982) 21–34.
 Jaeger, *Solons Eunomie* (Sitz. Berl. Akad. 1926, 69–71 = *Scripta Minora* I, 315 e.v. = *Five Essays* 77 e.v.).
 Jaeger, *Paideia* 136–149.
 Linforth 194–206.
 Masaracchia 246–272.
 Ostwald, *Nomos*.

Schmid-Stählin I, 1, 367–368.

Treu, *Von Homer* 273–276.

Vlastos, *CPh* 41 (1946) 65–83.

Vlastos, *CPh* 42 (1947) 156–178.

(WJH)

Xenophanes van Kolophon

1. INLEIDING

1.1 LEWE EN WERK

Xenophanes is gebore in die Ioniese stad Kolophon. Met die verowering van dié stad deur die Perse onder Harpagos, het hy hom, na vele reise deur die Griekse wêreld, eindelik in Elea gaan vestig, waar hy volgens Klemens van Alexandrië die Eleatiese skool van filosofie sou gestig het. (Maar vgl. Campbell 332).

Die datum van sy geboorte wat deur die meeste aanvaar word, hang saam met (i) wat hy in fr. 7D sê en (ii) die verowering van Kolophon. In fr. 7D sê hy dat hy vir 67 jaar deur Griekeland gereis het en 25 jaar oud was toe hy met sy reise begin het. As ons die verowering van Kolophon deur Harpagos op tussen 545 en 540 v.C. stel, kon hy tussen c. 570 en 565 gebore gewees het (vgl. Hammond, *A History of Greece* 275). Hy het ten minste 92 jaar oud geword, en uit Klemens van Alexandrië verneem ons dat hy nog gelewe het tydens Hierôn se heerskappy (478–467 v.C.)

Twee ander datums wat ook aangegee word, is dié van Thesleff (540–440) en Steinmetz (580–478). Vir Apollodoros se vroeë datum van 620 v.C. en die weerlegging daarvan, vgl. Woodbury, *Phoenix* 15, 1961, 134–155.

Van Xenophanes besit ons eerstens *elegieë* waarin hy die tradisionele temas daarvan nie net voortgesit het nie, maar gevul het met 'n nuwe filosofies-religieuse inhoud. Antieke bronne verwys ook na van sy verse as Σίλλοι en Παρώδιαi waarin kritiek en parodie oorheersend was, veral rondom die opvatting van die goddelike.

Verder sou hy ook 'n gedig περί φύσεως geskryf het. Ten slotte vermeld Diog. Laertios 9,20 ook twee eposse — een oor die stigting van Kolophon, die ander oor dié van Elea.

Die didaktiese element in sy gedigte val sterk op, en hy word dan ook deur baie as *digter-filosoof* bestempel (vgl. Deichgräber). Dat hy onder die invloed van Parmenides gestaan het word vandag deur sommiges aanvaar ná Reinhardt se werk oor Parmenides. Maar hy geld ook as *religieuse* denker-digter (vgl. veral Jaeger, 'Xenophanes'): nie net was Parmenides sy groot inspirasie nie, maar sy teologiese denke het ook sy wortels in sy polemieë teen Homeros en Hesiodos se *ontmoralisering* van die gode (vgl. Rudberg).

Diog. Laertios 9,18 se bewering dat hy sy gedigte voorgedra het (ἐρραψώδει τὰ ἑαυτοῦ), het ook die gedagte laat ontstaan dat hy 'n professionele rapsodis was. Adrados II,78 is dus reg as hy sê dat ons voor die gevarieerde persoonlikheid van Xenophanes ietwat onseker en verbysterd staan.

TESTIMONIA

Diels-Kranz, *Die Fragmente der Vorsokratiker* I, 113–139.

Edmonds, *Greek Elegy and Iambus* I, 182–191.

Gentili-Prato 144–165.

LITERATUUR

(i) *Datering en Lewe*

Burn, *Lyric Age* 342–344.

Campbell 331–333.

Ebner, *Giornale di Metafisica* 19 (1964) 797–812.

Gigante, *PP* 35 (1970) 236–240.

Gomperz, *PhW* 52 (1932) 1411–1414.

Steinmetz, *RhM* 109 (1966) 13–73.

Talamo, *PP* 28 (1973) 343–375.

Thesleff, *On dating Xenophanes*.

Woodbury, *Phoenix* 15 (1961) 134–155.

(ii) *Denke* (algemeen)

Babut, *AC* 43 (1974) 83–117.

Deichgräber, *RhM* 87 (1938) 1–31.

Guthrie I, 360 e.v.

Jaeger, *Xenophanes*.

Rudberg, *SO* 26 (1948) 126–133.

Vgl. ook die kommentaar oor frr. 1 en 2D, en verder Schwabl & Wiesner, *Forschungsberichte*: 1. 'Die Eleaten: Xenophanes 1957–1970' vir verdere literatuur.

(JHB)

2. FRAGMENTE VAN XENOPHANES

(a) Fr. 1D (1B, 1E, 1G–P, 1W)

Betoon ontsag vir die gode

νῦν γὰρ δὴ ζάπεδον καθαρὸν καὶ χεῖρες ἀπάντων
καὶ κύλικες· πλεκτοὺς δ' ἄμφιτιθεῖ¹ στεφάνους,
ἄλλος δ' εὐῶδες μύρον ἐν φιάλῃ παρατείνει·
κρητῆρ² δ' ἔστηκεν μεστὸς ἐὺφροσύνης·
ἄλλος δ' οἶνος ἐτοῖμος,³ ὃς οὐποτε φησι προδώσειν,
μείλιχος ἐν κεράμοισ' ἄνθεος ὀζόμενος·
ἐν δὲ μέσοισ' ἀγνὴν ὁδμὴν λιβανωτὸς ἵησιν,
ψυχρὸν δ' ἐστὶν ὕδωρ καὶ γλυκὺ καὶ καθαρὸν
παρκέεται⁴ δ' ἄρτοι ξανθοὶ γεραρή τε τράπεζα
τυροῦ καὶ μέλιτος πίονος ἀχθομένη·
βωμὸς δ' ἄνθεσιν ἂν τὸ μέσον πάντῃ πεπύκασται,
μολπὴ δ' ἄμφις ἔχει δώματα καὶ θαλίη.

5

10

1. Dindorf: ἀμφιτιθεῖς Athen.A

2. Schneidewin Hermann: κρητῆρ Athen.codd.

3. Musurus: ἄλλος δ' οἶνός ἐστιν ἔτοιμος Athen.codd.: ἄλλος δὲ οἶνος ἔτυμος Eustath. in Od.p.1633,53: οἶνος δ' ἐστὶν ἔτοιμος Hermann Ludwig

4. Wackernagel: πάρεκνεται Athen.codd.: πάρεκνεται West

χρῆ δὲ πρῶτον μὲν θεὸν ὑμνεῖν εὐφρονας ἄνδρας
 εὐφήμοις μύθοις καὶ καθαροῖσι λόγοις,
 σπείσαντάς τε⁵ καὶ εὐξαμένονες τὰ δίκαια δύνασθαι 15
 πρήσειν — ταῦτα γὰρ ὧν ἐστὶ προχειρότερον —
 οὐχ ὕβρις⁶ πίνειν δ' ὁπόσον κεν ἔχων ἀφίκοιο
 οἴκαδ' ἄνευ προπόλου μὴ πάνυ γηραλέος.
 ἀνδρῶν δ' αἰνεῖν τοῦτον ὃς ἐσθλὰ πίων⁷ ἀναφαίνει,⁸
 ὥς οἱ⁹ μνημοσύνη καὶ τόνος¹⁰ ἀμφ' ἀρετῆς, 20
 οὗ τι μάχας διέπει¹¹ Τιτῆνων οὐδὲ Γιγάντων
 οὐδὲ τε¹² Κενταύρων, πλάσματα¹³ τῶν προτέρων,
 ἧ στάσις σφεδανάς.¹⁴ τοῖς οὐδὲν χρηστὸν ἔνεστιν·
 θεῶν δὲ προμηθεὶν αἰὲν ἔχειν ἀγαθήν.¹⁵

BRON

Athenaios 462c.

1. VERSMAAT

Die versmaat is die *elegiese distichon* — vgl. by Archilochos 7D.

Let op

- (i) sunizesis by θεῶν (24). Om dié rede het Scaliger δέ in die teks bygevoeg.
- (ii) In reël 22 moes τι ingevoeg word en πλασμάτων προτέρων vervang word met πλάσματα τῶν προτέρων (*metri causa*).

5. Athen.codd.: δὲ Bergk

6. Musurus: ὕβρεις Athen.codd.

7. Athen.CE: ἐσθλὰ πιω Athen.A: ἐσθλ', ἃ πίων Ludwig: ἐσθλ' εἰπών Fränkel: ἐσθλ' ἐπίων Untersteiner

8. Athen.codd.: ἀναφαίνει Hermann

9. Schneidewin: ὥς ἡ Athen.CE: ὡση Athen.A: ὥς οἱ Koraës: ὅσος ἡ Casaubon: ὥς ἡ Ahrens: ὅσση Hermann: ὥς ἡ Allen

10. Koraës: τὸν ὃς. Athen.codd. Musurus Stephanus: πόνος Schneidewin: λόγος (νόος) Hermann

11. Athen.CE: διέπειν Athen.A: διέπη Hartung: διέπων Fränkel

12. Musurus Camerarius: om.Athen.codd.: τι add. Meineke: γε Schneidewin: τὰ Hartung Hermann: κε Kalinka: αὖ Bergk

13. Schweighäuser: πλάσμα τῶν Athen.codd.: φλάσματα Hermann

14. Osann: φενδόνας Athen.A: φλεδόνας Scaliger ap. Stephanum: φλεδονῶν Hermann

15. Athen.codd.: ἀγαθόν Francke: χρεῶν ... ἀγαθήν Fränkel

2. KOMMENTAAR

- 1 γάρ: wys vorentoe na reëls 13 e.v. Vir γὰρ δὴ vgl. Struktuur.
 ζάπεδον: = δάπεδον, 'n vorming wat toegeskryf word aan populêre etimologie: δάπεδον is gesien as διάπεδον wat in Aiolies ζάπεδον word (ζα- = δια-). Dié vreemde vorm kom elders slegs voor op 'n inskripsie van Paros (*IG XII* (5), 215). Vgl. veral West, *Studies* 188.
 καθάρων: predikatief. Defradas meen die weglaat van ἐστί verleen meer waardigheid en statigheid aan die begin. καθάρων gaan verder saam met sowel χεῖρες as κύλικες. καθάρων is 'n belangrike sleutelwoord in die gedig, en kom weer in reëls 8 en 14 voor: dit gaan van fisiese reinheid oor tot moreel-religieuse reinheid: vgl. Bowra, *EGE* 122 en Defradas 74.
- 2 ἀμφιτιθεῖ: Bergk se verbetering op die MSS se ἀμφιτιθείς = Ionies vir ἀμφιτίθησι. Hierdie Ioniese vorm kom ook voor in *Mimn.* fr. 1,6D. Ons moet egter hier ἄλλος (παῖς) of τις veronderstel ἐν 'n tweede objek 'ons' of 'die gaste' of 'ons hoofde' naas στεφάνους. Lg. kom voor in Eur. *IA* 1531: στέφανον ἀμφὶ κάρᾳ ἀμφιθεῖναι.
- 4 ἐυφροσύνης: die effek staan in die plek van die oorsaak (die wyn), aldus Kamerbeek-Verdenius. Dit wys heen na εὐφρονας ἄνδρας in reël 13. Vgl. verder Solon fr. 3, 10 en fr. 20D. Vgl. ook οἶνον ἐύφρονα in Hom. *Il.* 3, 246.
- 5 προδῶσιν: 'te kort sal skiet'. Hdt. 7, 187, 1 gebruik dieselfde metafoor vir riviere wat sal opdroog: προδοῦναι τὰ ῥέθρα τῶν ποταμῶν.
- 6 μείλιχος: nie 'gentle' nie (Campbell), maar 'wat vriendelik stem'.
 ἄνθος: die gen. is afhanklik van ὀζόμενος. Vir die blomgeur van wyn, vgl. Hom. *Od.* 9,210–211: ὀδμὴ δ' ἡδεῖα ἀπὸ κρητῆρος ὀδώδει, / θεσπεσίη, en veral Alk. fr. 92(b): ἄνθος ὄσδοντα.
- 7 λιβανωτός: die kathartiese en religieuse betekenis van wierook beklemtoon ἀγνήν wat die idee van rituele reinheid omvat. Campbell verwys na Sappho fr. 44,30 en 2,3–4 L–P; Hdt. 1,183,2; 2,40,3; en Pind. fr. 122,3 Snell.
- 8 ὕδωρ: die water se kwaliteit word onderstreep omdat dit met die wyn gemeng word.
- 9 γεραγή: Campbell en Gerber meen die tafel word gepersonifiseer omdat γεραγός net voorkom as 'imposant' van mense (Hom. *Il.* 3,

170 en 211). LSJ se 'table of honour' word allerweë afgewys. Defradas vertolk die woord as 'koninklik'.

- 10 τυροῦ: gen. na analogie van μεστός (4).
- 11 πεπύκασται: pf.pass. van πυκάζω, wat verband hou met πυκνός ('dig op mekaar'), d.w.s. 'iets dig op mekaar dek'. Die blomme het dus die altaar dig op mekaar versier.
- 12 μολπή: Herter 35–36 wys daarop dat die woord hier nie musiek in die algemeen beduie nie, maar, in navolging van Hom. *Il.* 1, 472 e.v., op die paian self dui. Dit bring hom by die probleem van ἔχει: hoe kan die paian se klanke die huis reeds vul in reël 12 as eers in reël 13 die voorskrif vir sy wese of inhoud gegee word? Usener se oplossing was ἔχοι, maar Herter wys ook daarop dat hierdie voorstel nooit byval gevind het nie, sodat die probleem vir hom onopgelos bly, of ons moet volgens hom aanneem dat reël 13 'soll eine Vorstellung von dem Paian geben, der selber nicht reproduziert wird' (36). Hy laat die gedig drie haltplekke van die simposion navolg (vgl. hiervoor pp. 37–40) sodat ons hier 'n dramatiese-mimetiese vorm *in statu nascendi* voor ons het, wat in die Hellenisties-Romeinse tyd gebruiklik was.
ἀμφὶς ἔχει: = ἀμπέχει, 'omring', 'insluit', of 'rondom vul.'
- 14 εὐφήμοις en καθαροῖσι het religieuse krag. Vgl. die Interpretasie. μύθοις en λόγοις is waarskynlik dieselfde. Bowra, *EGE* 123–124 en *Problems* 4 wil tog 'n verskil aandui: 'tales' teenoor 'themes'.
- 16 ταῦτα: daar is onder kommentatore verskil van mening of dit na εὐξαμένους of πρήσσειν terugverwys. Defradas verdedig die verbinding met πρήσσειν — vgl. sy betoog op p. 76, wat Gerber, *Euterpe* 245 wil steun. Defradas wys o.a. daarop dat dit geensins van belang is om te sê dat die *gebed* ons eerste plig is nie (προχειρότερον; vgl. Hudson-Williams), maar dit is die objek van dié gebed: die moontlikheid om reg te handel. ταῦτα kan egter na die hele voorafgaande (σπείσαντας ... πρήσσειν) verwys.
γὰρ ὦν: 'want inderdaad', 'want tog' — 'n verduidelikende parentese (vgl. Denniston 447).
- 17 οὐχ ὕβρις: 'dit gaan nie te ver nie'. West en Gentili-Prato behou die manuskriplezing ὕβρεις ('onregverdige dade') om met τὰ δίκαια (15) te balanseer.

δ(έ) lewer stilistiese probleme sodat Bergk en Bowra dit bv.

skrap. Gerber maak beswaar teen so 'n weglating. Sowel Defradas as Herter 36–37 én Kamerbeek-Verdenius meen dat πίνειν só (met δ') gekontrasteer word met ὑμνεῖν (13) én die gedagte van piëteit wat tot nog toe na vore geroep is. Adrados stel σ(ε) i.p.v. δ(έ) (bevestig deur ἀφίκοιο) voor. West, *Studies* 189 argumenteer ook vir die behoud van δ(έ).

- 18 μή: as gevolg van die voorwaardelike krag van die frase. Vir dieselfde gedagte van reël 18 sien Herakleitos fr. 117D–K: ἀνήρ ὁκόταν μεθυσθῇ, ἄγεται ὑπὸ παιδὸς ἀνήβου σφαλλόμενος, οὐκ ἐπαίων ὅκη βαίνει, ὕγρην τὴν ψυχὴν ἔχων.
- 19 αἰνεῖν: die meeste kommentatore sê dat die infinitief hier imperatiwiese funksie het. Gerber verwys hiervoor na Theogn. 113 e.v.: μήποτε ... ποιῆσθαι .../ἀλλ' ... φεύγειν. Maar dis ook moontlik om die infinitief afhanklik van χρεή (13) te stel (vgl. só ook Defradas 77), sodat αἰνεῖν parallel aan χρεή δὲ ... ὑμνεῖν is. M.a.w. die δ(έ) in 'Ἀνδρῶν δ' αἰνεῖν τοῦτον dien om die *tweede* kontras te stel teenoor πρῶτον μὲν θεὸν ὑμνεῖν, met οὐχ ὕβρις πίνειν δ' as *eerste*. Neem ons αἰνεῖν as imperatief kan ons δ' αἰνεῖν as kontras net op οὐχ ὕβρις πίνειν sien en πίνειν δ' as kontras op πρῶτον μὲν. In elk geval het ons hier 'n orde van die fases van die simposion: (1) σπονδὴ καὶ (2) εὐχή, (3) παιάν, (4) τὸ πίνειν, (5) τὸ διέπειν.

ὃς ἐσθλὰ πῶν ἀναφαίνει: Fränkel, *EGP* 327 n. 3 maak hierteen beswaar omdat (i) die woordorde verkeerd is; en (ii) ἀναφαίνει twee objekte het — ἐσθλὰ en die ὥς-sin; en (iii) die wet van Hermann verbreek word deur 'n trogeïese sesuur in die derde voet. Sowel Defradas 77 as Gerber het dié besware deeglik weerlê: ἐσθλὰ se plasing voorop is beklemtonend; die wet van Hermann is nie absoluut nie, en dieselfde sesuur vind ons in reël 17 en in fr. 34 D–K. Dis moontlik om soos Defradas ὥς te verklaar as 'omdat' na αἰνεῖν, óf om te vertaal 'wat, tydens die gedrink, edele (temas) uit soos sy (οἱ vir ἡ = Schneidewin) herinnering en sy entoesiasme (τόνος vir τὸν ὃς = Schneidewin) vir deug hom in staat stel'. ἐσθλὰ verwys na die morele en religieuse inhoud, en nie na die kwaliteit van die voordrag nie (Campbell).

πιών: die aor.part. dui hier gelyktydige tyd aan; vgl. Barrett, Eurip. *Hipp.* 214.

- 20 μνημοσύνη: die bedoeling van die woord is 'geïnspireerde

herinnering' en is 'n baie belangrike element in die opvatting van die digterlike roeping van die Griekse digters; vgl. hiervoor Barkhuizen, *Etimologisering* 37–39, en Defradas, *REG* 75, 1962, 61.

τόνος van Schneidewin vir MSS se τὸν ὅς het in dié sin geen parallel nie, maar Pind. *P.* 11,54: ξυναῖσι δ' ἄμφ' ἄρεταῖς τέταμαι steun dié konjektuur. Schneidewin het ook πόνος voorgestel (vgl. Pind. *O.* 5,15: ἄμφ' ἄρεταῖσι πόνος) wat deur Adrados nagevolg word. Allen en Bowra verdedig die MSS-lesing: '... praise this man who after drinking tells noble thoughts as his memory serves, and the man who tells about excellence'.

- 21 διέπειν (A) en διέπει (CE) word in die MSS gegee. Dié wat διέπειν lees, laat dit afhang van ἀγαθόν (24), wat egter 'n emendasie is. Dis daarom beter om διέπει te lees, soos bv. Campbell, Defradas, Adrados e.a.

Τιτήνων (οὐδὲ) Γιγάντων: Xenophanes het hier waarskynlik Hesiodos se *Theog.* 617 e.v. in gedagte, terwyl ons weet dat *Titanomachia* en *Gigantomachia* titels van epiese gedigte was. Vgl. Sanford, *CPh* 36, 1941, 52–57 en West by Hes. *Theog.* 617–719; Dörig-Gigon, *Der Kampf der Götter und Titanen*; Vian, *La guerre des Géants*.

- 22 Κενταύρων: vgl. Hom. *Od.* 21, 295–304 oor die dronk gedrag van een van die Kentaure in die paleis van Peirithoüs.
- 23 χρηστόν: die eerste gebruik van die woord; dit kom nie in Homeros voor nie, en sluit die begrippe van sowel 'nuttigheid' as 'morele goedheid' in.
- 24 θεῶν ... προμηθεῖν ... ἀγαθήν: Fränkel, *EGP* 327, n. 3 meen dié frase is onsin en stel voor χρῆων ... ἀγαθήν: 'one should always have a good purpose before one's eyes'. Maar in werklikheid maak dit goeie sin (vgl. Herter 37 met n. 14, Verdenius, *Mnem.* 9, 1956, 136, en Ziegler 294 n. 6) en daarom behou die meeste uitgawes die MSS se θεῶν: 'n mens moet ontsag hê vir die gode, d.w.s. nie verkeerde of immorele dinge van hulle vertel nie — soos bv. genoem in reëls 21–22. Ook Pindaros (*O.* 1, 36; 9,35; *N.* 7,20) verwerp bv. verhale wat die gode te na kom. Ook is dit nie nodig om ἀγαθόν te lees nie. Die inf. ἔχειν kan ὁφ van χροή (13) ὁφ van χρηστόν afhanklik wees (vgl. Defradas 78 en Gerber 247, en veral Ziegler 294 n. 6). Vir ἀγαθόν vgl. Verdenius, *Mnem.* 9, 1956, 136; en vir ἀγαθήν van die MSS vgl. Herter, *WS* 69, 1956, 37, wat

vir sowel die behoud van ἀγαθήν asook vir die inhoud verwys na die parallel *Iambl. vit. Pyth.* 100: ἔτι πρὸς τούτοις περὶ τε τοῦ θεοῦ καὶ περὶ τοῦ δαιμονίου καὶ περὶ τοῦ ἥρωικοῦ γένους εὐφημον τε καὶ ἀγαθήν ἔχειν διάνοιαν. Hiermee is die manuskriplezing ἀγαθήν op sterker voet geplaas, en veral deur Ziegler 294 n. 6 se sterk argument. Vgl. ook Defradas, *REG* 75, 1962, 362–363 wat daarop wys dat Xenophanes dan verder ἄμεινον sou gebruik het i.p.v. ἀγαθόν, en vgl. ook West, *Studies* 189. Sien voorts ook Eur. *Alc.* 1054: ἐγὼ δὲ σοῦ προμηθίαν ἔχω vir hierdie konstruksie met προμηθείην. Vir προμηθείη, vgl. Defradas, *REG* 75, 1962, 362–363.

3. STRUKTUUR

3.1 Daar word gewoonlik aangeneem dat op grond van γὰρ 'n koeplet aan die begin weggeval het. Kamerbeek-Verdenius wys egter daarop dat γὰρ hier reël 13 voorberei, en Denniston 243 wys op γὰρ δὴ se idiomatiese gebruik 'arresting attention at the opening of a narrative'. Vgl. ook Ziegler 292 n. 3 vir die eenheid en afgerondheid van die gedig.

3.2 Die gedig val in 'n klas van die *simpotiese* elegie met adhortatiewe funksie, wat o.a. wil leer hoe opgetree moet word tydens 'n *sumposion* (drinkparty of banket). Vgl. Bowra, *Problems* 2; Fairbanks 56–59; Tolles; Herter 33–34 met n.4; Trümpf en Bielohlawek, *WS* 59, 1940, 11–30.

3.3 Die gedig bestaan uit twee gelyke dele van 12 reëls elk, waarvan deel A die voorbereiding beskryf, met die uitsondering van μολπή wat aan die einde van A reeds vooruit na deel B verwys; deel B adviseer hoeveel gedrink en welke liedere gesing behoort te word. Die twee dele word duidelik afgemerk — afgesien van inhoud — deur vῦν γὰρ δὴ (1) en χρῆ δέ (13).

3.4 DEEL A

Ons vind in hierdie deel 'n groot aantal *woordresponsies* (dieselfde of verwant) wat die funksie het om verskeie aspekte te impliseer:

(1) *gewydheid en reinheid*:

- (a) καθαρὸν (1) — prominent in die middel van reël 1
— καθαρὸν — aan die einde van 8

- oorgedra tot die tweede deel καθαροῖσι (14), wat die belangrikheid van dié begrip onderstreep (vgl. die kommentaar op reël 1), wat dan
- (b) inhoudelik opgeneem word deur ἀγνήν (7) en in religieuse sin weerklank vind in
- (c) λιβανωτός (7) en βωμός (11).
- (2) *oorvloed en vreugde* (feestelikheid):
- (a) μεστός εὐφροσύνης (4) — lg. weer opgeneem in die tweede deel, εὐφρονας (13)
- (b) οὐποτέ ... προδῶσιν (5) (litotes vir oorvloed)
- (c) ἀχθομένη (10)
- (d) μολπή ... θαλίη (12). Let op hoe lg. paar, wat die vreugde-element impliseer, beklemtoon word deur die sg. 'omramings-tegniek'.
- (e) ἀμφὶς ἔχει δώματα (12) (vertrek is *vol* sang en vreugde)
- (f) παντὶ πεπύκασται (altaar *oorlaai* met blomme).
- (3) *soetheid en welriekendheid* van *blomme* en *wyn* en *heuning* en *water*:
- (a) στεφάνους (2) antisipeer ἄνθεος (6) en ἄνθεσιν (11)
- (b) εὐῶδες (3) — ὀζόμενος (6)
— ὀδμήν (7)
- (c) μείλιχος (6) — γλυκύ (8)
— μέλιτος (10).

Let ook op bepaalde woordordening:

- (a) ζάπεδον καθαρόν καὶ χεῖρες
- (b) ψυχρόν ὑδωρ γλυκὺ + καθαρόν
- (c) ἄρτοι ξάνθοι γεράρη τε τράπεζα
- (d) μολπή δώματα θαλίη

3.5 DEEL B

Die religieus-filosofiese karakter van hierdie deel, wat deur καθαρὸς κτλ van deel A voorberei is, vind uitdrukking in veral:

- εὐφήμοις ... καθαροῖσι (14)
εὐξαμένους τὰ δίκαια (15)

ἔσθλά (19)
 ἀρετῆς (20)
 οὐδὲν χρηστόν (23)
 προμηθεῖν ... ἀγαθὴν (24).

Soos reeds aangedui, gaan die advies van Xenophanes oor twee sake: die hoeveelheid wyn en die tipe lied. Dié twee sake word soos volg ingebed:

- (a) 13–14 Ontslag vir die godheid d.m.v. eerbiedige en rein liedere — *die Paian*
- 15–16 — waarby 'n *plengoffer* en *gebed* om τὰ δίκαια δύνασθαι πρήσσειν ingebou word wat die sing van die paian *voorafgaan*. (Bowra, *Problems* 7; *EGE* 123 meen ten onregte dat die Ioniese paian van Xenophanes verskil van die Attiese waar die plengoffer en gebed die paian voorafgegaan het. Maar uit die aor. participia σπείσαντες εὐξαμένους blyk duidelik dat dit ook hiér die ὑμνεῖν *voorafgaan* — 'Ons moet sing nadat'. Bowra laat hom mislei deur πρῶτον. Vgl. só ook Herter 35 n. 8 met verwysing oor die gebruik van die aor. participium en afwysing van Bowra se standpunt. σπονδὴ ἐν εὐχῇ geskied ook hier, soos normaalweg vóór die paian).
- (b) 17–18 Matigheid in *wyngebruik* — nie in oormaat nie (οὐχ ὕβρις).
- (c) 19–23 Die aanprysing van dié man wat nie 'n *skolion* sing wat (i) *gevegte*, waarby gode betrokke is, as tema het nie, want dit is verdigsels van vorige digters, of (ii) van *opstande* vertel nie, want dit is nie nuttig nie.
- (d) 24 Slot-*gnomê*: ontsag vir die gode te alle tye. (Vir die algemene karakter van die slotvers, sien Herter 37 met n. 14).

4. INTERPRETASIE

4.1 Xenophanes was digter-filosoof én rapsodis, en sy twee elegieë, 1 en 2, maar veral 1, sy banket-elegie, illustreer die feit in besonder. Soos Kallinos, Turtaios en Solon deeglik aangedui het, was

die elegie by uitstek 'n ekshortatiewe genre, en gebruik ook Xenophanes hierdie genre om in fr. 1 en 2D sy filosofies-religieuse leerstellinge so wyd moontlik bekend te maak. (Defradas, *REG* 75, 1962, 346 is byna die enigste wat hierdie bepaalde *doel* aan Xenophanes se twee elegieë onder bespreking toeskryf. So sien Bowra in hierdie gedig bloot 'n beskrywing van 'n tradisionele *aristokratiese banket* waartydens die digter self ποταρχῶν was. Vgl. ook só Jaeger, *Paideia* 170–171). Die *geleentheid* van hierdie banket-elegie kan dan gesien word as 'n *bepaalde geleentheid* (νῦν, 1) en wel in die lig van Xenophanes se hele persoonlikheid as digter-denker-filosof, as ποταρχῶν van 'n banket van 'n filosofiese thiasos, aangesien hy ook in die antieke tyd beskou is as stigter van 'n filosofiese skool. Dit is die oortuigende teorie van Defradas. Vgl. Campbell 334, Gerber, en veral ook Herter se studie.

4.2 Die materiële voorbereidings (1–12)

Die gedig beskrywe dié deel van die banket waar die δείπνον verby is, die tafels verwyder is, die eetsaal opgeruim (νῦν γὰρ ... ζάπεδον καθρόν) is, en kranse en parfuum uitgedeel word (2–3) ter voorbereiding van die drink- en sanggedeelte, ná die plengoffer (gewoonlik aan Zeus Sôtêr) en gebed. Die brood en tafel met kaas en heuning (9–10) is daar om die dors (vir die wyn) aan te wakker (vgl. naas Xenophanes ook Plato se *Symposium*, Anakreon fr. 96D, die elegie op 'n papiirus in die Berlynse Museum — BKT, V, ii, pp. 62–63; vgl. Bowra, *Problems* 3 —, en Ion fr. 2D). Die taak van die ποταρχῶν was om die verhouding van wyn en water te bepaal, hóéveel gedrink word, en wat gesing moet word (vgl. Theogn. 211–212, 479–496, 497–498, 499–502, 509–510, 627–628, 1039–1040; Anakreon fr. 96D; Kritias fr. 4. Hierteenoor vertoon Alkaios fr. 332 L–P ongewone omstandighede: νῦν χρὴ μεθύσθην καὶ τινα πὲρ βίαν/πώνην, ἐπεὶ δὴ κάτθανε Μύρσιλος).

Maar, terwyl dié banket-elegie dus die tradisionele elemente en orde vertoon van die Griekse banket, het dit 'n eie en unieke karakter, omdat, soos aangedui, dit in diens gestaan het van Xenophanes se religieus-filosofiese denke. Dit blyk reeds uit die noukeurige beskrywing van en klem wat aan die materiële voorbereiding verleen word, en wat 'n bepaalde *stemming* (vgl. Herter 40) aan die geheel verleen. Die kernwoord in die eerste reël in die sentrale posisie is καθρόν — wat, soos aangedui, weerklank vind in die καθρόν van die water (8) en καθαροῖσι van die liedere (14) waardeur die hele gedig die lug van

'n reinheidsritueel adem wat deurloop na 'n reinheidsreligie en -moraal (vgl. hier veral Bowra, *EGE* 122–123; Defradas, *REG* 75, 1962, 351 e.v.; Herter 40–41). Hierdie atmosfeer van rituele reinheid word verder versterk deur drie ander aspekte: (1) dié van die *wierook*, bestempel as ἀγνὴν ὀδμὴν λιβανωτὸς ἦσι (7). ἀγνὴν wys heen op reinheidsritueel, en in verbinding met wierook wat reeds lank in die oosterse godsdienste en by die Grieke in religieuse seremonies gebruik word, beteken dit *rein* en *reinigend* (vgl. Moulinier, *Le Pur et l'Impur*; Hdt. 1, 183, 198; 2, 40, 87; Aristoph. *Nu.* 426; *V.* 96; *Ra.* 871; Defradas 75; *REG* 75, 1962, 352). (2) Die βωμός in die middel van die vertrek. Dié aspek skep egter sy probleme, want 'n altaar in die eetvertrek is abnormaal in Griekeland (vgl. Herter 41–42, en Defradas, *REG* 75, 1962, 353), sodat veronderstel is dat die altaar hier òf (i) geïmproviseer is (aldus Ugolini, gesitueer deur Untersteiner 100) òf (ii) dat dit hier sou gaan om 'n fees aan 'n bepaalde god in 'n religieuse heilighdom (François 170), òf (iii) βωμός = ἐστία (Herter 42–43), òf (iv) dat die altaar in werklikheid tog 'n offerande impliseer, en dat die vleis t.w.v. die reinheidsatmosfeer vervang is met 'n blomme-offer (Defradas, *REG* 75, 1962, 353), wat dus nie dekoratief is nie, maar 'n *simboliese funksie* het (Cumont 42 e.v.). Die sentrale posisie van die altaar (τὸ μέσον weerspieël ἐν ... μέσσοις van die wierook: *beide* rituele elemente se *sentraliteit* word dus beklemtoon) wys dus heen op 'n essensiële funksie: dit is volgens Defradas 'n reunie van 'n thiasos rondom 'n altaar (*REG* 75, 1962, 353 — en vgl. ook Herter 43 wat meen dat 'n *sumposion* soos hiërdie in die οἶκος van 'n 'Vereinigung' kan plaasgevind het waar 'n altaar veronderstel kan word. Campbell 335 dink aan 'n klein terracotta-altaar — wat ook rondgedra kon word; Herter 43 — vir die wierook). Dat in elk geval die hele ritueel hier 'n besondere diep betekenis verkry is duidelik, hétsky religieus (Jaeger, *Paideia* 170; Herter) hétsky filosofies (Defradas). (3) Die tafel: γεραρή ... τράπεζα. Alhoewel Defradas, *REG* 75, 1962, 354 γεραρή sien as 'koninklike' (fees), meen hy ons moet dit herlei na γέρας, 'n geskenk aangebied as 'n teken van eer aan 'n godheid — as 'n offergawe — soos in Hom. *Il.* 4, 48–49: οὐ γὰρ μοί ποτε βωμὸς ἐδεύετο δαιτὸς εἴσης, / λουιβῆς τε κνίσσης τε τὸ γὰρ λάχομεν γέρας ἡμεῖς (vgl. ook γεραίρω in Pind. *O.* 5, 5 e.v. en Eur. *El.* 712; Bakch. 2,13; 4, 3 en 13; 6,14 en 13,225). γεραρός sou dan die idee van 'n religieuse offerande kon impliseer. τράπεζα sou dan in dié geval op 'n tafel met offergawes dui, 'n betekenis wat wel goed gedokumenteer is (vgl. Defradas, *REG* 75, 1962, 355 n. 2 en LSJ s.v. γεραρός). Die wierook en altaar met blomme suggereer só 'n betekenis.

4.3 Die voorskrifte i.v.m. *paian*, *skolion* en *gedrink*, die *plengoffer* en *gebed*.

4.3.1 Die tweede deel begin met die oproep om θεὸν ὑμνεῖν (13–14).

François meen dié enkelvoud dui op 'n banket ter ere van 'n bepaalde god, maar Defradas (*REG* 75, 1962, 356 en *Les Élég.* 76) meen dis beter om dit in verband te bring met Xenophanes se leerstelling oor monotheïsme, soos blyk uit fr. 23 D–K: εἷς θεός, ἔν τε θεοῖσι καὶ ἀνθρώποισι μέγιστος, terwyl θεῶν (24) verwys na die gode van die tradisionele mitologie (só ook Ziegler 293). Dié *paian* moet gesing word deur εὐφρονας ἄνδρας, waardeur εὐφροσύνης (4) opgeneem word en dus primêr dui op die vrolike feesgenote. Defradas meen egter dat ook hier dit verder kan dui op εὐφρονεῖν wat pas by lede van 'n filosofiese thiasos. Ziegler 293 met n. 4 handhaaf dieselfde gedagte en meen dat ons hier 'n oorgang het van εὐφρων na σώφρων sodat Xenophanes hiermee die latere filosofiese leerstelling sou antisipeer dat ware geluk en vrolikheid alleen op sedelikheid gebaseer kan word. Net soos Defradas, wys ook Ziegler op die noue verband tussen εὐφρων en die εὐφημοὶ μῦθοι en καθαροὶ λόγοι, waardeur εὐφρων in religieus-morele sin die juiste gesindheid aandui. Hier lê die klem ook op εὐφημοὶ en καθαροί (en nie soseer op 'n onderskeid al dan nie tussen μῦθοι en λόγοι soos Bowra wil nie) — beide hoort tuis in religieuse verband — soos Bowra, *Problems* 6 dit aangedui het — dit moet vry wees van daardie ἀθεμίστια ἔργα wat valslik aan die gode toegeskryf word.

4.3.2 Vóór die *paian* volg die *plengoffer* en *gebed* (15–16), en ook hier

vertoon Xenophanes sy onderskeid. Die *gebed* gaan by hom nie om gesondheid, welvaart en dít waarvoor gewoonlik gebid word nie, maar die τὰ δίκαια δύνασθαι πρήσσειν — iets wat ons vóór Xenophanes nie van hoor nie, alhoewel in Solon fr. 1, 7–8D, in sy *gebed* aan die Muses, daar 'n morele ondertoon is, om nl. nie welvaart met onreg te verkry nie. Ziegler 293 meen dat hierdie δύνασθαι 'die innere Kraft zum sittlichen Handeln, die seelische Erhebung bedeute'. Hy verwys bv. ook na Ps. 51:12. Ná Xenophanes het ons hierdie diepsinnige gebedsinhoud by Pind. *O.* 13,115, en Plato *Phdr.* — die slotgebed van Sokrates. Bowra, *Problems* 7–8; *EGE* 125 meen τὰ δίκαια is hier *nie* moreel nie, maar dat dit bloot tuis hoort in die tradisionele aristokratiese sin van δίκη, die juiste orde, en hy bring dit in verband met die verwerping deur Xenophanes van die μάχαι en στάσιαι in die godeverhale. Vgl. hierteen Defradas, *REG* 75, 1962, 358, en veral nota 1, waarin hy wys dat as dít die betekenis van

Xenophanes se gebed was, ons eerder τὰ νόμιμα i.p.v. τὰ δίκαια sou verwag het.

Maar vgl. nou Gagarin, *CPh* 69, 1974, 193, wat dit op die *sumposion* betrek.

4.3.3 Die 'drink' (17–18) is nie ὕβρις nie, maar die *matigheid* wat sedert Homeros voorgehou word, geld ook vir Xenophanes (vir parallelle vgl. Bowra, *Problems* 2 e.v.; Bielohlawek, *WS* 58, 1940, 11 e.v.) en pas geheel in by die sterk religieuse ondertoon van sy elegie.

4.3.4 Die *rapsodis* of *individuele sanger*: Xenophanes se *mitekritiek* (19–23)

Xenophanes beveel in hierdie geval aan dat die σκόλια van die sanger(s) gekenmerk word as ἐσθλά en ἀρετή. Bowra verleen aan hierdie twee terme 'n *sosiale* konnotasie en verwys hiervoor na Theognis 1167–1168 — en verbind Xenophanes se denke in dié verband aan die aristokratiese deugde van sy tyd. Die feit dat hy dié begrippe nie nader omskrywe nie, is omdat hulle volkome begrypbaar was as die aristokratiese denke van die tyd. ἐσθλός is vir Bowra sinoniem met ἀγαθός, en dui op die tradisionele kwaliteite van die aristokrasie. Maar sowel Herter, asook Ziegler en Defradas in navolging van Bielohlawek e.a. (vgl. ook Jaeger, *Die Theologie der frühen griechischen Denker* 54) sien in Xenophanes 'n geestesgenoot nie van die konserwatiewe aristokraat Theognis, óf Hesiodos nie, maar van Pindaros en Aischulos met hul sterk *morele* denke. Eisenstadt wys bv. daarop dat Xenophanes nie die tradisionele gode as sodanig veroordeel nie, maar die immoraliteit wat aan hulle gekoppel is: 'Xenophanes' disapproval is based on his conviction that stories about divine immorality adversely affect human morality' (144). In die lig van die hele gedig sover én wat veral oor die gebed gesê is, moet ons aan hierdie begrippe (ἐσθλά) 'n *morele* konnotasie toeken. Xenophanes is in hierdie opsig 'n 'Revolutionär des Geistes' (Ziegler se titel. Vgl. Bielohlawek se 'geistiger Revolutionär' — téén Bowra, *Problems* 13: 'that his contemporaries did not regard him as a revolutionary').

Die negatiewe sy van Xenophanes se *morele* oordeel van die σκόλιον is die verwerping van μῦθοι/λόγοι wat handel oor μάχας (21) en στάσις (23) — d.w.s. uit 'n eties-morele gesigspunt. En hy verwerp dit op grond van twee redes: (a) dit is πλάσματα τῶν προτέρων en (b) οὐδὲν χρηστόν.

As norm vir die aanvaarding van die sages en mites — waardeur die hoorders kan weet of hulle πλάσματα is of nie — is die eienskap van χρηστόν: Xenophanes beweeg hier op dieselfde vlak as Pindaros (vgl. *O.* 1,36: ἀντία προτέρων, wat Pindaros aanhaal as hy 'n gesuiwerde weergawe van Pelops vertel) en Plato: (i) elke verhaal (of geskiedenis) is onwaar, 'n versinsel, as dit die waardigheid van die gode aantas en hulle as vals voorstel, en dit gebeur veral waar vertel word van hulle stryd met hulle gelykes soos in die Titanomachie of Gigantomachie — en (ii) netsoos Anakreon (fr. 96D), verwerp hy drinkliedere met στάσις (23) as onderwerp (d.w.s. die στασιωτικά), omdat hy bekommerd is oor die εὐνομία van die stad. (Herter n. 53 verwys in dié verband ook na Eur. fr. 282,27 N² waarin εὐνομία ook gekarakteriseer word as die afwesigheid van μάχαι en στάσεις).

4.3.5 Xenophanes sluit af met 'n algemene *gnomê* wat nie gerig is net teen epos en sage of bepaalde rapsodiste nie, maar hy stel sy σοφίη (=fr. 2D) teen alles wat die hoër magte te na kom. So lewe daar in hierdie elegie 'die Glut eines Reformers' (Herter 47; Fränkel, *EGP* 328 se stelling dat die gedig hier afbreek sonder die positiewe aanbevelings word allerweë afgewys).

4.3.6 Ten slotte moet ons egter daarop let dat Athenaios Xenophanes se elegie aanhaal as 'n voorbeeld van 'n *sumposion* wat πλήρες πάσης θυμηδίας is, en moet ons in die lig hiervan én die θαλίη en εὐφρων/εὐφροσύνη van die gedig self én saam met Herter 48 Bowra se gedagte sterk afwys asof Xenophanes hier 'reference to gaiety' (*Problems* 12) weglaat en 'the seriousness but not the gaiety of the occasion' (*Problems* 11) beklemtoon.

LITERATUUR

- Barkhuizen, *Etimologisering by Pindaros* 37–39.
 Biellohlawek, *WS* 59 (1940) 11–30.
 Bowra, *EGE* 121–127.
 Bowra, *Problems* 1–14.
 Campbell 333–336.
 Defradas, *Les Élégiques grecs* 74–78.
 Defradas, *REG* 75 (1962) 344–365.
 Dörig & Gigon, *Der Kampf der Götter und Titanen*.
 Eisenstadt, *Hermes* 102 (1974) 144.
 Fairbanks 56–59.
 Fränkel, *EGP* 326–328.
 Gagarin, *CPh* 69 (1974) 193.
 Gerber, *Euterpe* 243–247.

- Herter *WS* 69 (1956) 33–48.
Jaeger, *Paideia* I, 170–171.
Kamerbeek-Verdenius 92–93.
Marcovich, *Ill.Class.Stud.*3 (1978) 1–26.
Sanford, *CPh* 36 (1941) 52–57.
Trümpf, *ZPE* 12 (1973) 139–160.
Verdenius, *Mnem.* 9 (1956) 136.
Vian, *La guerre des Géants*.
West, *Studies* 188–189.
Ziegler, *Gymn.* 72 (1965) 289–302.

(JHB)

(b) Fr. 2D (2B, 2E, 2G–P, 2W)

Kundigheid die ware deug

Ἄλλ' εἰ μὲν ταχὺτῆτι ποδῶν νίκην τις ἄροίτο
ἢ πενταθλεύων, ἔνθα Διὸς τέμενος
παρ Πίσαιο ῥόῃσ' ἐν Ὀλυμπίῃ εἵτε παλαίων
ἢ καὶ πυκτοσύνην ἀλγινόεσσαν ἔχων,
εἵτε τι¹ δεινὸν ἄεθλον, ὃ παγκράτιον καλέουσιν,
ἀστοῖσιν κ' εἴη κυδρότερος προσορᾶν²
καί κε προεδρίην φανερὴν ἐν ἀγῶσιν ἄροίτο
καὶ κεν σῖτ' εἴη³ δημοσίων κτεάνων
ἐκ πόλιος⁴ καὶ δῶρον, ὃ οἱ κειμήλιον εἴη·
εἵτε καὶ ἵπποισιν, ταῦτά κε⁵ πάντα λάχοι
οὐκ ἔων ἄξιος ὥσπερ ἐγὼ· ῥώμης γὰρ ἀμείνων
ἀνδρῶν ἢ δ' ἵππων ἡμετέρη σοφίη.
ἄλλ' εἰκῇ μάλα τοῦτο νομίζεται, οὐ δὲ δίκαιον
προκρίνειν ῥώμην τῆς ἀγαθῆς σοφίης.

5

10

-
1. Athen.A (maar Gentili-Prato rapporteer εἰττέι): τὸ Wakefield
2. Jacobs: προσεραν Athen.A
3. Turnebus: σιτειη Athen.A: σιτοῖη Casaubon: σίτησιν Kaibel
4. Schneidewin: πόλεως Athen.A
5. Schweighäuser: κ'εἰ Athen.A: χ'ἅπαντα Casaubon

οὔτε γὰρ εἰ πύκτης ἀγαθὸς λαοῖσι μετεῖη⁶ 15
οὔτ' εἰ πενταθλεῖν οὔτε παλαιμοσύνην,
οὐδὲ μὲν εἰ ταχυτῆτι ποδῶν, τόπερ ἐστὶ πρότιμον,
ῥώμης ὅσος ἀνδρῶν ἔργ' ἐν ἀγῶνι πέλει,
τούνεκεν⁷ ἂν δὴ μᾶλλον ἐν εὐνομίῃ πόλις εἴη·
σμικρὸν δ' ἂν τι πόλει χάρμα γένοιτ' ἐπὶ τῷ, 20
εἴ τις ἀεθλεύων νικῶ Πίσαιο παρ' ὄχθας·
οὐ γὰρ πιαίνει ταῦτα μυχοὺς πόλιος.⁴

BRON

Athenaios 10.413f.

1. VERSMAAT

Vir die *elegiese versmaat* sien by Archilochos fr. 7D.

In reël 11 het ons sunizesis by ἔών.

2. KOMMENTAAR

1 ἄλλ': dit stel die eie mening teenoor dié van andere; vgl. Denniston 21.

μὲν: Gerber meen ons het hier nie die begin van die gedig nie, want μὲν kontrasteer hier met 'n vorige stelling. Vgl. ook Degani-Burzacchini 115. Sowel Kamerbeek-Verdenius as Campbell verskil hiervan. Eersgenoemde wys daarop dat 'de teenstelling "geestelike prestasies staan minder hoog aangeschreven" blijft onuitgesproken', terwyl laasgenoemde ooreenkomstig die eggo πὰρ Πίσαιο ῥοῆς (3) met Πίσαιο παρ' ὄχθας (21) dit waarskynlik maak dat ἄλλ' die aanvang van die gedig is.

ταχυτῆτι ποδῶν: omdat Xenophanes in die gedig nie die ὅπλων δρόμος noem nie, meen Bowra, *EGE* 128 dat dié gedig dateer uit voor 520 v.C. toe dié soort wedren eers in Olimpia ingestel is. Defradas 79 se verklaring dat dit ingesluit word by die algemene term ταχυτῆτι ποδῶν (d.w.s. enkel- en dubbelwedrenne, langafstand- en wapenwedlope) vind steun by Campbell en Gerber. Fränkel, *Wege* 337 steun beide standpunte. Vir

6. Stephanus: λαοῖσιν ἔτ' εἴη Athen.A: λαοῖσιν ἐνείη Wakefield: λαοῖσιν ἐπεῖη Schweighäuser

7. Athen.codd.: τοὔνεκεν Defradas Gentili-Prato

die verskillende spele sien Gardiner, *Athletics*, Harris, *Greek Athletes* en Finley-Pleket, *The Olympic Games*.

- 2 πενταθλεύων: die vyfkamp het bestaan uit ἄλμα (spring), δίσκος, δρόμος, πάλη (stoei) en ἄκων (spiesgooi).

ἐνθα: scil. ἐστίν.

Διὸς τέμενος: die 'Altis'. Vgl. Geerebaert, II, 45.

- 3 Πίσας: gen. van 'n manlike woord Πίσης, wat nêrens anders voorkom nie (vgl. Fatouros), en nê eers in LSJ opgeneem is nie. Uit ὄρησι en ὄχθας moet ons dit as ekwivalent van die 'Alpheus' sien as 'die rivier van Pisa', wat volgens Pausanias die naam van 'n klein dorpie, en volgens Strabo en Stephanus van Bisantium die naam van 'n bron was naby Olimpia in Elis.

- 4 πυκτοσύνην ... ἔχων: Gerber meen dis 'n parafrase vir πυκτεύων, maar Defradas 37 wys daarop dat die suffiks -σύνη op 'n opvallende kwaliteit dui in die sin van 'n ἀρετή: 'die natuurlike begaafdheid in die bokskuns'. Kamerbeek-Verdenius vertaal ἔχων met 'beheers'. Hierdie uitdrukking is waarskynlik ontleen aan Hom. *Il.* 23, 653 (πυγμαλῆς ἀλεγείνης) en Hes. *Theog.* 214, 226 (ἀλγινόεσσαν).

- 5 τι: Campbell en Gerber meen dit het 'n sarkastiese toon: 'sodanige ...'

παγκράτιον: 'n kombinasie van stoei en boks. Die gedagte is om op elke wyse die oorhand te probeer kry.

- 7 προεδρίην ... ἐν ἀγῶσιν: die reg om in die eerste ry te sit in die teater, 'n ereplek wat aan belangrike persone toegeken is; vgl. hiervoor Hdt. 6, 57, 2; 9, 73, 3; 1, 54, 2; Aristoph. *Eq.* 575–576; Plato *Leg.* 9, 881b. Vgl. ook Bowra, *Problems* 31.

- 8 οἴτ(α): een van die vroegste verwysings na die gebruik om verdienstelike burgers op staatskoste (δημοσίων κτεάνων, gen. van oorsprong) in die raadhuis te laat eet, bekend as die οἴτησις ἐν Πρυτανείῳ. Solon het die aantal maaltye vir 'n enkele persoon beperk (Plut. *Sol.* 24) en die ἄρτος met die geringere μᾶζα vervang (Athen. 4, 137e); vgl. ook die weerklank van δημοσίων κτεάνων in Sol. 3, 12 (κτεάνων ... δημοσίων). Xenophanes se mening word later deur Sokrates herhaal in Plato *Apol.* 36d: 'n arm burger wat 'n *diens* aan die staat bewys, verdien dié voorreg bo 'n Olimpiese wenner. Vgl. Bowra, *Problems* 31–34.

9 δῶρον, ὃ οἱ κειμήλιον εἶη: 'n duidelike ontlening aan Hom. *Od.* 1,311 (δῶρον ... ὃ τοι κειμήλιον ἔσται). Volgens Diogenes Laertios 1,55 het Solon dié δῶρον beperk tot 500 drachmas. Vgl. Bowra, *Problems* 34–35.

10 ἵπποισιν: scil. νίκην τις ἄρουτο.

10–11 καὶ ... οὐκ ἔών: Kamerbeek-Verdenius en Verdenius, *Mnem.* 9, 1956, meen dat die participium emfaties is: omdat die oorwinning met die perde die meeste in aansien was, noem Xenophanes dit die laaste om die teenstelling groter te laat uitstaan. Verdenius 234 vertaal: 'even if his victory will be with horses (which won a man the highest fame among the Greeks) ...'. Sowel Van Groningen 88 as Gerber 248 verstaan dit anders. Gerber meen dat dié item eers nou genoem word omdat Xenophanes minder waarde daaraan heg omdat — soos Van Groningen reeds aangedui het — die oorwinning berus op die krag van perde en nie van die atleet self nie. Xenophanes se opmerking in reël 17 dat die voetwedloop τόπερ ἐστὶ πρότιμον is, help nie veel nie omdat hy uitdruklik in reël 18 sê ῥώμης ὅσος ἄνδρῶν ἔργ' — d.w.s. die belangrikste waar dit gaan om die atleet se *eie* prestasie, nie met perde nie. Beide opvattinge lyk aantreklik, maar teen Verdenius pleit die betekenis van 10–12: Xenophanes stel sy σοφίη teen die ῥώμη van ἄνδρῶν, wat vir die atleet baie voorregte verkry. Maar selfs deur die oorwinning met perde (d.w.s. d.m.v. die ῥώμη ἵππων) verkry hy ál dié voorregte — maar onverdiend. Fränkel, *Wege* 336 n. 1, verwys na Dittenberger, *Inscriptionen von Olympia* wat die opmerking maak dat vroeër daar ook die mening bestaan het dat die perde, en nie die besitters nie, die eer moes ontvang. In Xenophanes se tyd was dit die onwaardigste ἀγών.

11 ἔών: konsessief: 'alhoewel', 'ofskoon'.

12 σοφίη: Bowra sien dit as Xenophanes se filosofiese en kritiese digkuns wat hy geskryf het, Campbell, Defradas en Gerber as sy poëtiese vaardigheid. Miskien is Kamerbeek-Verdenius meer korrek (en nader aan Bowra) as hulle dit vertaal met 'kundigheid' wat sowel sy tegniese vaardigheid as sy morele, politieke en religieuse kennis van sake omvat. Vir σοφία as digterlike vaardigheid sien veral Maehler, *Auffassung* 94; Bowra *Problems* 17–18 en Davison 290–294.

- 13 εἰκῆ: 'na willekeur' of 'arbitrêr', die eerste voorbeeld van hierdie woord; vgl. Fatouros, Defradas 80, en Fränkel, *EGP* 329.
τοῦτο: verwys na die superioriteit van sportprestasies.
- 14 ἀγαθῆς: daar is ook 'n *slegte* σοφίη wat tevrede is met die tradisionele mitologie — fr. 1, 21–23. ἀγαθὴ het hier dus morele implikasies, contra Bowra, *Problems* 18.
- 15 ἀγαθός: moet geneem word met πενταθλεῖν, παλαιμοσύνην (16) en ταχυντῆτι (17). Gerber wys na die goeie voorbeeld hiervan in Pind. *O.* 6,17: μάντιν τ'ἀγαθὸν καὶ δουρὶ μάχνασθαι.
- 17 μέν: emfaties (Denniston 362); vgl. μέν in reël 1.
- 18 ὅσσοι(α): (πρότιμον) ἔργων ὅσσα, 'wat die meeste in aansien is van daad van menslike (ἀνδρῶν) krag'.
- 19 τούνεκεν ἄν δὴ μᾶλλον ἐν εὐνομίῃ: vgl. Solon fr. 3, 31–32 (met kommentaar). Lumpe wys tereg daarop dat Xenophanes hier aanknoop by Solon se *Eunomia*-elegie (3). Hy wys ook op die voorkoms van die woorde ἄστοί, δημόσια κτεάνα en μυχός in beide elegieë. Vertaal εὐνομίῃ met 'goeie orde'.
- 20 πόλει χάσμα: miskien met Hom. *Il.* 24, 706 (μέγα χάσμα πόλει) in gedagte.
ἐπὶ τῷ: 'daarby'. Dit antisipeer die volgende frase en is waarskynlik neutrum (vgl. ταῦτα in 22), ἐπὶ τούτῳ.
- 21 νικάω: = νικάοι.
Πίσσο παρ' ὄχθας herinner aan Hom. *Il.* 12, 313: Ξάνθοιο παρ' ὄχθας.
- 22 μυχοὺς πόλιος: die stad se skatkamer (skatkis). Die beloninge aan die atlete *ontneem* eintlik geld uit die skatkis, sodat ons hier 'n voorbeeld van *litotes* het. Xenophanes kon hier Hes. *Op.* 225–237 in gedagte gehad het waar die voorspoed van die stad toegeskryf word aan die eerbied wat die regters vir geregtigheid het. Xenophanes se bedoeling moet seker ook wees dat sy σοφίη die μυχοὺς πόλιος wel volmaak. Op welke wyse word nie aangedui nie. Campbell 339 voorsien 'n antwoord op hierdie vraag deur sy mening dat 'Xenophanes must mean ... that poetic art brings glory to the city'. Bowra, *Problems* 30 e.v. meen verder dat Xenophanes bedoel dat elke burger sy stad moet probeer verryk eerder as verarm. Die teks ondersteun nie een van hierdie

vertolkings nie. Vir die verband tussen εὐνομία en rykdom, vgl. Pind.O.13,6–9.

3. STRUKTUUR

3.1 Die gedig is opgebou in 'n *parallele* ring (of spiraalvorm: vgl. Van Groningen, *Composition* 89) wat opwerk tot die kern van die gedig.

3.2 DEEL 1

In die *eerste deel* (rondom 'n priamel gebou, 1–12, met die klimaks by ῥώμης ... σοφίῃ) wys Xenophanes op die hoë waarde wat geheg word aan sportprestasies, in hierdie geval, veral in die Olimpiese spele. Vier uitstaande voorregte word aan die oorwinnende atleet toegeken: meer *roem* as sy medeburgers (6), die *voerste sitplek* by teateropvoeringe (7), *vry maaltye* in die raadshuis (8), en 'n *kosbare geskenk* (9). Hy beskryf of vermeld dié nommers waarin 'n man se krag (ῥώμη ἀνδρῶν) op die proef gestel word: ταχυτῆτι ποδῶν (1), πενταθλεύων (2), παλαίων (3), πυκτοσύνην (4), en παγκράτιον (5 — let op dat elke reël een item of voorreg bevat). Die klimaks van die eerste deel vind gestalte in reëls 11b–12. Hier word 'n nommer bygevoeg waarin die ῥώμη ἔππων ter sake is. Selfs as hy met perde se krag sou wen, verkry hy al dié voorregte — maar *onverdiend* in vergelyking met Xenophanes self. Want in laasgenoemde se geval is nie ῥώμη die ἀρετή nie, maar sy σοφίη: want sterker en beter as die ῥώμη van *mans* of *perde* is sy σοφίη.

Die eerste deel vertoon dus 'n *stygende opboulyn*:

- (a) Die ῥώμη ἀνδρῶν in die verskillende nommers: resies (1), vyfkamp (2), stoei (3), boks (4), stoei en boks (5).
- (b) Die voorregte wat dit meebring: groter roem (6), voorste sitplek (7), vry maaltye (8), geskenk (9).
- (c) Ook 'n oorwinning met die ῥώμη ἔππων bring dit alles (b) mee, *al verdien hy dit nie* want σοφίη is beter as ῥώμη ἀνδρῶν ἢ δ' ἔππων.

3.3 DEEL 2

Vanuit hierdie kernpunt beweeg Xenophanes op dieselfde gedagte terug (vgl. ἀλλ', 13, wat die teenpool aandui van die voorafgaande) na die slot. Maar in dié slot, nadat hy weer die oorwinnings in die spele noem, vermeld hy nou, in teenstelling met die voorregte wat atlete verkry, die nadeel daarvan vir die πόλις.

Eers begin hy dan weer by sy kern:

- (c) Mense oordeel sportprestasies εἰκῆ en nie regverdig nie — οὐ δὲ δίκαιον (vgl. Gagarin 193) as hulle dié ῥώμη (ἀνδρῶν ἢ δ' ἵππων) bo die ἀγαθὴ σοφίη stel (13–14).
- (a) Die ῥώμη (hier vergestalt in die woord ἀγροθός as teenvoeter vir die ἀγαθή wat die kenmerk van sy σοφίη is) in die spele: boks (15), vyfkamp en stoei (16), snelheid, voetresies (17) — wat beter is as enige ῥώμη ἀνδρῶν in die spele (18). Hierdie reël toon weer eens aan dat vir Xenophanes dit basies gaan om die ῥώμη ἀνδρῶν, en dat vir hóm dit belangriker is as die ῥώμη ἵππων, ten spyte van die feit dat *in die algemeen* die oorwinning met perde later hoër geag is.
- (b) Die nadeel daarvan (=a) vir die stad: dit gee die stad nie εὐνομίη (19), min vreugde (σμερδὸν ... χάριμα, 20), maak die koffers leeg (οὐ ... παίνει ... μυχοῦς = litotes, 22).

3.4 In sy geheel gesien vertoon die gedig dan die volgende patroon:

- A 1–5 Die ῥώμη ἀνδρῶν in die spele (1–5).
- B 6–9 Die *voorregte* wat dit hulle bring (6–9).
- C 10–12 σοφίη is beter as dié ῥώμη ἀνδρῶν en selfs as die ῥώμη ἵππων (10–12).
- C 13–14 Dis 'n onreg om ῥώμη ἀνδρῶν bo σοφίη te stel — wat ἀγαθή is (13–14).
- A 15–18 Die ῥώμη ἀνδρῶν in die spele (15–18).
- B 19–22 Die *nadele* wat dit vir die stad bring (19–22).

3.5 'n Parallele ringpatroon ontstaan met (a) *ring-herhaling* van (i)

Πίσσο ῥοῆσ' (3) met Πίσσο παρ' ὄχθας (21), van (ii) ῥώμης ... σοφίη (11–12) met ῥώμην ... σοφίης (14), van (iii) ῥώμης ... ἀνδρῶν (11–12) met ῥώμης ... ἀνδρῶν (18), van (iv) εἰ ... ταχυτῆτι ποδῶν (1) met εἰ ταχυτῆτι ποδῶν (17), van (v) νίκην ... ἄροιτο (1) met ἐν ἀγῶσιν ἄροιτο (7) en ἐν ἀγῶνι (18); en (b) die *stilistiese afwisseling* van die spele-nommers: (i) πενταθλεύων (2) teenoor πενταθλεῖν (16), (ii) παλαιῶν (3) teenoor παλαισμοσύνην (16), en (iii) πυκτοσύνην (4) teenoor πύκτης (15).

(Van Groningen meen dat Xenophanes op drieërlei wyse die hoë waardering van sportprestasies aanval in spiraalvorm:

- (a) 1–12 = hierin noem hy 6 nommers
- (b) 13–19 = hierin noem hy 4 nommers
- (c) 20–22 = hierin gekondenseer tot 1 algemene term ἀεθλεύων).

4. INTERPRETASIE

Die belangrike vraag wat nog oorbly in ons beskouing van dié gedig is dié na die wese en betekenis van (i) Xenophanes se kritiek én, wat daarmee ten nouste saamhang, (ii) wat sy σοφίη behels.

4.1 Die probleem ontstaan met Jaeger 171–173 se gedagte dat

Xenophanes in hierdie gedig 'n nuwe konsep van *aretê* formuleer, wat van groot belang is vir die Griekse kultuurgeskiedenis. Xenophanes se gedig weerspieël volgens Jaeger 'n totaal ander wêreld as dié van die ou aristokratiese waarin die hoogste ideaal die Olimpiese oorwinnaar was; en waarin daar die onvermydelike botsing te sien is tussen twee geestelike vyande: die ou aristokratiese kultuur en die nuwe filosofiese ideaal van die mensheid. Xenophanes se doel was om vir die welvaart van die stad die tradisionele ideaal van manlikheid te vervang met die nuwe filosofiese mens, deur aan te dui hoe eersgenoemde die stad se welvaart skaad en laasgenoemde dit baat. In hierdie sin is σοφίη *intellektuele kultuur* — want dit is die mag van die intellek wat geregtigheid en goeie orde skep. Met Turtaios fr. 9D as voorbeeld vorm Xenophanes se fr. 2D die laaste in 'n ontwikkeling van die politieke konsep van ἀρετή: eers 'dapperheid', dan 'geregtigheid', en nou ten slotte 'wysheid'. In hierdie *aretê* ontdek die filosofie sy eie belangrikheid vir die gemeenskap. Filosofie is niks anders as 'n kulturele krag nie.

4.2 Hierteen het veral Bowra hom gewend (*EGE* 127–135; *Problems*

15–37). Hy wys daarop dat σοφίη hier Xenophanes se *filosofiese* en *kritiese digkuns* self is wat sig nie téén die aristokrasie en sy ideale wend nie, maar juis die δίκη en εὐνομία van die aristokratiese stadstaat wil beskerm teen die algemene hoë waardering van sportprestasies, *want* dit gaan in laasgenoemde om die 'idolization of athletic victors' (25). Xenophanes se beswaar is tweërlei van aard:

- (i) *moreel* — omdat die atleet verafgod word — met voldoende verwysings na sulke gevalle — en dit alleen kan lei tot ὕβρις wat die wettige orde van δίκη en εὐνομία omvergooi. Bowra wys daarop dat selfs Pindaros in die volgende eeu telkens waarsku dat menslike prestasie (veral dié van die atleet) 'n *grens* moet eerbiedig anders kom dit tot ὕβρις.
- (ii) Maar Gagarin 193 wys ook op *sosiaal-politiese* besware vervat in Xenophanes se kritiek, nl. die sosiale en politieke mag wat deur atlete — veral onder tiranne — verkry of probeer verkry is deur atletiese prestasies. Xenophanes was dus *nie* 'n rewolusionêre

denker in dié sin van die woord nie. Hy was inteendeel deel van 'n aristokratiese gemeenskap waarin hy 'n sosiale en morele plig gehad het om dit te beskerm teen die ὕβρις van instellings soos die hoë agting van sportprestasies.

4.3 Fränkel, *EGP* 329–330 neem 'n neutrale standpunt in en verwys na Xenophanes in hierdie verband as utilitariër (so ook Babut): alleen dit wat nuttig is vir die goeie orde van die stad moet nagejaag word.

4.4 Die opvatting dat Xenophanes *rewolusionêr van gees* was vind egter by sekere kritici (Bielohlawek, Jaeger, Herter, Defradas en Ziegler o.a.; vgl. literatuur by fr. 1D) van Xenophanes se denke sterk steun teen Bowra. So meen Ziegler bv. dat Xenophanes aanstoot moes gegee het aan sowel die adelkring deur sy mitekritiek as aan die tiranne (veral Hierôn) met sy sportkritiek. Alhoewel sy gedig nie die enigste is nie, bevat dit wel die skerpste kritiek teen die hoë agting vir sportprestasies. Ook hierin is hy 'n 'Revolutionär des Geistes' (Ziegler) in sy kritiek teen die hoogskatting van fisiese ῥώμη as (aristokratiese) *aretê*. In sy eie tyd was hy 'n stem van een wat roep in die woestyn.

Ziegler 302 merk op dat, van die talle wenner bekend uit die gedigte van Simonides, Bakchulides en Pindaros, slegs enkellinge soos bv. Diagoras van Rhodos, Aratos van Sikyon, Duris van Samos, en Gorgos van Messenia, wat uitgeblink het in die ἀρετή van ῥώμη ἀνδρῶν (en Hierôn, Therôn en die ander tiranne wat met die perde geseëvier het), hulle later betoon het as grootse soldaat, veldheer, staatsman, wetgewer of filosoof — 'n feit wat Polubios self uitgewys het (7, 10, 2).

4.5 Die belangrikste *navolging* van hierdie gedig is Eur. fr. 282 N²:

κακῶν γὰρ ὄντων μυρίων καθ' Ἑλλάδα
οὐδὲν κάκιον ἐστὶν ἀθλητῶν γένους,

en Isokrates (*Panegyricus Or.* 4, 1) waar atlete beloon word maar nie dié wat vir die gemeenskap se welvaart werk nie.

LITERATUUR

Babut, *AC* 43 (1974) 83–117.

Bowra, *EGE* 127–135.

Bowra, *Problems* 15–37.

Campbell 337–339.

Davison, *From Archilochus* 290.

- Defradas, *Les Élégiques grecs* 79–81.
Degani-Burzacchini 114–117.
Donlan, *Historia* 22 (1973) 147.
Fränkel, *Wege* 335–337.
Fränkel, *EGP* 328–330.
Geerebaert, I, 44–47.
Gerber, *Euterpe* 247–249.
Jaeger, *Paideia* I, 171–173.
Kamerbeek-Verdenius 94–95.
Lumpe, *RhM* 98 (1965) 378.
Maehler 94.
Marcovich, *ICS* 3 (1978) 1–26.
Snell, *Entdeckung*⁴ 129–130, 169.
Van Groningen, *Composition* 89.
Verdenius, *Mnem.* 9 (1956) 234.
Ziegler, *Gymnasium* 72 (1965) 289–302.

(JHB)

Theognis van Megara

1. INLEIDING

1.1 LEWE EN WERK

Megara, oorwegend bergagtig en vasgedruk tussen Attika in die noordooste en Korinthe in die suidweste, was een van die belangrikste stigters van kolonies in die sewende eeu. Êrens in die tweede helfte van die eeu het dit onder die tirannie of alleenheerskappy van 'n sekere Theagenes te staan gekom wat c. 640-c. 620 geregeer het.

Nadat Theagenes uit Megara verdryf is, volg daar in die laat sewende eeu en die eerste derde van die sesde eeu bittere *stasis* of politieke stryd tussen die aristokrate of oligarge en die laer 'volk', en in hierdie tydperk van swakheid moes Megara sy suidwestelike gebied aan Korinthe afstaan, en het dit ook die eiland Salamis aan Athene verloor. Teen 570 het die volk sekere regte in hierdie politieke stryd verkry, maar het daar nog geen 'demokrasie' tot stand gekom nie.

Die verdere stryd tussen die oligarge en die 'demokrate' vind dikwels neerslag in die digter Theognis, of liever in die elegiese poësie, die

sg. *Theognidea*, wat later — eg sowel as oneg — aan Theognis toegeskryf is. Dit is meesal moeilik om tussen eg en oneg te onderskei, maar die meerderheid van die verse wat ons sal aanhaal of behandel is waarskynlik van Theognis self afkomstig. Theognis se *floruit* word deur sommige antieke bronne, o.a. Eusebios en die Suda, in ongeveer die middel van die sesde eeu v.C. geplaas; maar dit is ewe waarskynlik dat hy vanaf ongeveer die middel van die sesde eeu tot die vroeë vyfde eeu gelewe het, d.w.s. c. 550 tot c. 490 of selfs c. 480 v.C. (kyk Highbarger). Van die besonderhede van sy lewe weet ons heel weinig, wel dat hy Sparta, Euboia en Sicilië besoek het. Volgens o.a. Plato se *Wette* 1, 630a, was hy 'n burger van *Siciliese* Megara, maar dit hoef niks meer te impliseer as dat hy 'n tyd lank — moontlik in ballingskap — daar vertoef het en selfs burgerskap daar verkry het nie. Oor die probleme vgl. Gerber, *Euterpe* 268 ('Home') en 268 e.v. ('Date').

Oor die probleem van die gemengde outeurskap van die *Theognidea*, kyk kortliks Campbell 344–347, *OCD*² 1056 e.v. en Lesky 170 e.v.; vgl. ook reëls 19–23.

Theognis, van oorsprong ongetwyfeld 'n aristokraat, was 'n groot voorstander van die ou aristokrasie en hulle ideale, in teëstelling tot die *dêmos* en die ommekeer wat hulle in aristokratiese maatstawwe teweeggebring het. Vele van sy verse is gerig tot 'n sekere Kurnos, seun van 'n aristokraat Polupaos, bv.:

'Kurnos, die stad is nog steeds 'n stad, maar sy volk is voorwaar andere, wat voorheen niks van regspraak of wette geweet het nie, maar bokvelle om hulle sye stukkend gedra het en buitekant hierdie stad soos herte geleef het. En nou is hulle 'edeles', seun van Polupaos, en dié wat voorheen adellik was, is nou laag. Wie kan dit aanskou en verdra?' (53–58).

Die misere van armoede is 'n steeds wederkerende tema in die werk (bv. 179–182, 383–392, 619–620), en dit (armoede) word die 'moeder van *amêchaniê*' genoem (385). Andersyds word rykdom nou hoër geag as goeie afkoms: so sê hy aan Kurnos dat in die teel van diere ons die rasegte (*eugeneas*, 184) soek, maar 'in die huwelik gee 'n adellike man nie om om die laaggebore dogter van 'n laaggebore man te trou as die vader hom 'n groot som geld gee nie' (185–186).

Die skrywer is hoogs bekommerd oor die welsyn van die stad (bv. 43–52, 757–758), en hy waarsku teen die gevare van 'n tirannie (51–52, vgl. 1181–82) en van die 'hubristiese' leer van die Perse

(775–776) alhoewel hy die gevaar in reëls 763–764 afgewys het by die drink van wyn — (wyn speel 'n groot rol in sy verse). Die waardes van die adel is prominent in sy verse, bv. die gevaar van *hubris* (o.a. 39–42, 151–154, 1101–1104) en die ideaal van Dikē en geregtigheid (131–132, 145–148, 197–208). Steeds beveel hy verder die middeweg aan, bv. 219–220, 335–336, 593–594 (vgl. Solon). Aan opregte vriendskap heg hy groot waarde, terwyl 'n slegte of 'n valse vriend vir hom 'n gruwel is (113–114, 115–116, 119–128, 575–576).

Tiperend van die liriek van die argaïese tydperk is die skrywer se opvatting van die 'vanity of human wishes', met die mens totaal afhanklik van die gode (bv. 133–142), asook sy pessimisme oor die menslike lewe:

'Van alle dinge is dit inderdaad die beste vir aardse wesens om nooit gebore te geword het nie, nog die felle strale van die son te aanskou het nie; indien tog gebore, om die poort van Hades so spoedig moontlik deur te gaan en onder 'n hoop grond te lê' (425–428).

Blykbaar was die digter om politieke redes ook 'n tyd lank in ballingskap, en indien wel sal sy pragtige verse in 1197–1202 daarheen verwys (ballingskap blyk uit 332, 346–348 en 783–788):

'Ek het die skril roepstem van die kraanvoël gehoor, seun van Polupaos, wat aan sterflinge kom boodskap dat dit nou ploegtyd is; en dit het my hart swart geslaan om te dink dat ándere nou my blomryke velde besit, en die muile nie vir my die juk van die ploeg trek nie, omdat ek 'n haatlike seereis maak'.

Verse 847–848 impliseer hoop op herstel van aristokratiese heerskappy.

Die teks van die *Theognidea* is in meer as 40 MSS oorgelewer, en is die eerste Griekse elegiese werk wat op 'n manuskrip-oorlewering gebaseer is. Die belangrikste MSS is die volgende:

- A = Parisinus van die vroeë 10de eeu, c. 900–930 (voorheen Mutinensis)
- O = Vaticanus graecus 915, van c. 1300–1311
- X = Londinensis in die Britse Museum, van c. 1300–1305 (met slegs vss. 1–276).
- Ur = Vaticanus Urbinas graecus 95, van c. 1430
- I = 'n Venetiese MS van c. 1450
- D = Parisinus graecus 2379, van c. middel 15de eeu.

o = verlore kopie waarvan X, D, Ur en I afstam.

p = verlore kopie wat as model vir O gebruik is.

Vir 'n *stemma codicum*, vgl. Diehl-Young xx; vgl. ook xxviii en West se uitgawe, xi–xii vir dië lys van manuskripte.

TESTIMONIA

Edmonds, *Greek Elegy and Iambus* I, 216–229.

Hudson-Williams 82–103.

LITERATUUR

Bowra, *EGE* hfst. 5.

Campbell 343–347 (met 'n kort literatuuropgaaf oor die outeursprobleem op p. 347).

Fränkel, *EGP* 401–425 (met 'n algemene kensketsing op pp. 422–425).

Gerber, *Euterpe* 268–270.

Highbarger, *TAPhA* 68 (1937) 88–111.

Hudson-Williams 1–81.

Lesky 168–171.

Oost, *CPh* 68 (1973) 186–196.

Van Groningen, *Theognis*.

Wender 89–95 (Inleiding), 97–147 (vertaling).

West, *Studies* 40 e.v., 149 e.v.

(CAvR)

2. FRAGMENTE VAN THEOGNIS

(a) REËLS 39–52

Slegte heersers ruïneer 'n stad

Κύρνε, κύει πόλις ἦδε, δέδοικα δὲ μὴ τέκη ἄνδρα

εὐθυντήρα κακῆς ὕβριος ἡμετέρης.

ἄστοι μὲν γὰρ ἔθ' οἶδε σαόφρονες, ἡγεμόνες δὲ

τετράφεται πολλήν εἰς¹ κακότητα πεσεῖν.

40

1. A: ἐς ODUr

οὐδεμίαν πω, Κύρυν', ἀγαθοὶ πόλιν ὤλεσαν ἄνδρες·
 ἀλλ' ὅταν ὑβρίζειν τοῖσι κακοῖσιν ἄδη,
 δῆμόν τε φθείρουσι² δίκας τ' ἀδίκοισι διδοῦσιν³ 45
 οἰκείων κερδέων εἵνεκα καὶ κράτεος,
 ἔλπεο μὴ δηρὸν κείνην πόλιν ἀτρεμέεσθαι,⁴
 μηδ' εἰ νῦν κεῖται πολλῇ ἐν ἡσυχίῃ,
 εὖτ' ἂν τοῖσι κακοῖσι φίλ' ἀνδράσι ταῦτα γένηται,
 κέρδεα δημοσίῳ σὺν κακῷ ἐρχόμενα. 50
 ἐκ τῶν γὰρ στάσις τε⁵ καὶ ἔμφυλοι φόνοι ἀνδρῶν
 μούναρχοί θ'· ἄ⁶ πόλει μήποτε τῇδε ἄδοι.

1. VERSMAAT

Elegiese koeplet (vgl. by Archil. fr. 7D) met sunizesis in κερδέων (46).

2. KOMMENTAAR

- 39 Die gedig begin met 'n asundeton wat (i) dit as 'n eie onafhanklike gedeelte afmerk, maar (ii) tewens ook te verklaar is uit die gnomologiese aard van die werk van Theognis in sy geheel. Die onafhanklikheid bly dus steeds relatief van aard.

κύει: die woord word slegs hier metafories i.v.m. 'n πόλις gebruik. Die gebruik van metafoor is die belangrikste kenmerk van Theognis se styl (vgl. Wender 91).

ῆδε: 'n aanduiding dat Theognis en Kurnos burgers van dieselfde stad was. Let op die alliterasie (κ en δ) en assonansie in die koeplet 39–40 en in 42, 45 en 46.

- 40 39–42 = 1081–1082b, maar dáár word reël 40 vervang met ὑβριστήν, χαλεπῆς ἡγεμόνα στάσιος. Vgl. hiervoor Heineman 594.

εὐθυντήρα: een wat regspraak lewer, en dan veral een wat onreg bestraf (met heenwyse na 'n moontlike τύραννος), of 'verdraaide'

2. A: φθείρωσι ceteri codd.

3. A: διδῶσιν ceteri codd.

4. codd.: ἀτρεμείσθαι Wackernagel: ἀτρεμεῖσθαι Bergk: ἄτρεμ' ἔσεσθαι Schoemann: ἀτρεμέ' ἦσθαι Young

5. AO: στάσις ἐστί ο

6. Ahrens: μούναρχοι δέ AO: μούναρχος δέ p: μούναρχοί τε: Leutsch

regspraak regstel; vgl. Solon fr. 3, 36 (37)D oor eunomie: εὐθύνει δὲ δίκας σκολίας.

κακῆς: die begrip hiervan word herhaal in κακότητα (42), κακοῖσιν (44, 49), κακῶ (50), en dui die grondtoon van die gedig aan. Daarmee word die verderflike karakter van die ὕβρις beklemtoon, en moet Van Groningen gesteun word as hy Kroll se gedagte dat dit bloot 'n stopwoord is, verwerp.

ὕβρις: epies vir ὕβρεως.

ἡμετέρης: Gerber vind dit vreemd dat Theognis hom só vereenselwig met die κακοί (44). MS O het dan ook 'n variant-lesing ὑμετέρης, waardeur die blaam oorgedra word op Kurnos alleen. Van Groningen meen dat die eerste persoon aandui dat die digter hom *tot op hierdie punt* identifiseer met die sosiale groep waartoe hy behoort, sodat Gerber se probleem daarmee opgelos sou kan word (vgl. Campbell 351). Gerber meen nietemin dat Theognis 'feels that the aristocrats as well as the ruling middle-class are jointly guilty' (275).

Vgl. ook Campbell: 'Theognis includes his fellow-aristocrats and himself among the guilty'. Die rede waarom hy dít doen lê in die feit dat hulle deur hulle slappe houding dinge so ver laat verloop het.

- 41 ἄστοι: 'n tegniese term wat die bevolking in die algemeen aandui en teenoor die ἡγεμόνες gestel word. Vir hierdie kontras vgl. ook Solon fr. 3, 6 e.v.

σαόφρονες: epies vir σώφρονες. Theognis bedoel hiermee dat die ἄστοι nog vry is van ὕβρις.

- 42 τετράφαται: pf. med. 3de pers. mv. van τρέπω. Dit word hier gevolg deur die inf. (πείθειν), wat volgens Van Groningen 'n *gevolg* uitdruk, soos in Hom. *Od.* 4, 260–261 (ἐπεὶ ἤδη μοι κραδίη τέτραπτο νέεσθαι/ ἄψ οἶκονδ'), *Od.* 9, 12–13 (σοὶ δ' ἔμὰ κήδεα θυμὸς ἐπετράπετο στονόεντα/εἵρεσθ'), en Thuk. 2, 65, 10 (οἱ δ' ὕστερον ... ἐτράποντο καθ' ἡδονὰς τῷ δήμῳ καὶ τὰ πράγματα ἐνδιδόναι).

Vertaal: 'Maar die leiers het hulle afgewend met die gevolg dat hulle in groot boosheid verval het.' Hudson-Williams vertaal 'are set upon, inclined to', en Kamerbeek-Verdenius 'is geneigd'.

Wender het 'but those in charge are turning, stumbling into evil

ways.' Volgens LSJ s.v. τρέπω I 2 (Passief en Medium) 'to turn in a certain direction', kan ons sê dat die leiers dus 'n ander koers of rigting ingeslaan het weg van wysheid af na dade van ὕβρις en boosheid. (Marchant vertaal ἐτρόποντο in Thuk. 2, 65, 10 met 'they set themselves to'). Vir πεσεῖν vgl. Van Groningen 28 wat vertaal: 'hulleself geslinger het'.

κακότητα: Van Groningen vertaal met 'perversiteit' teenoor Kroll wat 'ellende' verkies na analogie van Solon fr. 3, 7 e.v. (veral ἄλγεα πολλὰ παθεῖν). Vertaal: 'boosheid'. Eersgenoemde wys egter daarop dat die antitese tussen ἀστοί en ἡγεμόνες sy verlengstuk vind in dié tussen σαόφρονες en κακότης. Verdenius 354 n. 5 steun Van Groningen hierin. Vgl. 360 waar dit 'ellende' beteken.

- 43 οὐδεμίαν: vertaal dit in die oorspronklike sin van οὐδὲ μίαν, 'selfs nie één'.

ἀγαθοί: die morele betekenis domineer hier oor die polities-sosiale; anders Verdenius 354 n. 4. Die teenvoeter van die goeies is die κακοί wat (i) die volk ruïneer en (ii) geregtigheid onregverdiglik toepas. Die ἀγαθοί en κακοί dui hier dus op die (morele) goeies en slegtes onder die heersende aristokrasie.

ὠλεσαν het volgens Van Groningen feitlik gnomiese krag wat 'n algemene waarheid weergee soos dit ervaar is in sy tyd. Maar met πω moet ons vertaal: 'het nog nooit één stad tot 'n val gebring nie'.

- 44 τοῖσι κακοῖσιν: datief by ἄδη. Vir die gedagte van ὕβρις, sien Halberstadt 199 en n. 8.
- 45 φθείρουσι ... διδοῦσιν: die lesing van A; ander MSS het φθείρωσι en διδῶσιν wat eerder na die korreksies van 'n kopieerder (aldus Gerber) lyk omdat die indikatief vreemd is na ὅταν (Van Groningen, Gerber). Drie oplossings is moontlik: (a) plaas 'n komma na 46 en beskou 45–46 as parentese: die beswaar is dat sulke parentesies seldsaam is in die vroeë digkuns; (b) plaas 'n kommapunt na 46 en verdeel 43–50 in twee gelyke dele elk met 'n 'wanneer ook al' sin (Young, Gerber): hiermee ontstaan 'n asundeton in 47 waaroor sterk gedebatteer word of dit enige sin het; (c) die beste oplossing is dié van Van Groningen wat wel 'n komma na 46 lees, maar φθείρουσι en διδοῦσιν as participia datief in ooreenstemming met κακοῖσιν van 44 lees: hiermee word sowel (i) die probleem van die indikatiewe na ὅταν of dan

45–46 as parentese, asook (ii) die asundeton van 47 uit die weg geruim. Vertaal dan: ‘Maar wanneer dit die slegtes behaag (geval) om met hubris op te tree, hulle wat sowel die volk ruïneer (korrup maak) as ...’

φθείρουσι: nie onderdrukking nie, maar korrupsie is hier ter sprake. Hierdie korrupsie is naamlik vanweë hulle onwettige beloftes (Van Groningen).

δίκας ... διδοῦσιν: ‘hulle verleen regstoegang tot’ die ἀδίκοισι, d.w.s. aan slegte mense wat nie dié reg verdien nie.

47 ἔλπεο: ‘verwag’.

κείνην: volgens Van Groningen bevat dié voornaamwoord hier ‘n psigologiese ondertoon: die digter het wel sy eie πόλις in gedagte, maar druk homself uit in algemene terme — ‘n πόλις wat hy as’t ware op ‘n afstand plaas.

ἀτρεμέσθαι: slegs hier in die medium. Dit is die lesing van byna al die MSS, maar verskeie emendasies is al voorgestel: ἄτρεμ’ ἔσεσθαι (Schoemann); ἀτρεμέ’ ἦσθαι (Young) of ἀτρεμας ἦσθαι (Hudson-Williams). Carrière, Garzya, Adrados en Van Groningen behou die lesing en aanvaar dat Theognis hier die medium gebruik. Die praesens beklemtoon die *duur*, versterk deur δηρόν.

50 κέρδεα: in apposisie tot ταῦτα (49). Vir δημοσίῳ κακῷ vgl. Solon fr. 3, 26: δημόσιον κακὸν ἔρχεται οἴκαδ’ ἐκάστω.

51 ἐκ τῶν neem eerder ταῦτα (50) op as ἀνδράσι (49), want die onheil is a.g.v. dade, nie persone nie.

στάσεις ... ἔμφυλοι φόνοι: vgl. hier Solon fr. 3, 18 e.v.: στάσιν ἔμφυλον.

52 μούναρχοί θ’· ᾠ: AO lees μούναρχοι δέ en p μούναρχος δέ. Laasgenoemde is waarskynlik ‘n korreksie van AO omdat ons só ‘n *schema pindaricum* moet aanneem (Allen, Young, Gerber), ‘n mv. gevolg deur ‘n enkelvoudige ww. Die meeste aanvaar Ahrens se μούναρχοι θ’· ᾠ sonder punktueering na ἀνδρῶν (51), met Hdt. 3, 82, 3 as goeie parallel. Kamerbeek-Verdenius neem μούναρχοι as τύραννοι.

3. STRUKTUUR

3.1 Kroll, Van Groningen, Adrados, Fränkel en Wender o.a. skei reëls 39–42 van 43–52. Van Groningen meen dat ten spyte van dieselfde politieke situasie wat in beide weerspieël word, ons moet aanneem dat Theognis verskeie gedigte oor die politieke situasie geskryf en saamgebind het. Hy meen verder dat elke deel 'n spesiale of besondere reaksie van die digter weerspieël, en die ondertoon van 43–52 heftiger en gevoelvoller is as in 39–42. Daarby kan miskien gewys word op 1081–1082b wat 39–42 herhaal met enkele variasie. Carrière, Highbarger, Garzya, Young, Dawson, Gerber en West neem dit as één gedig op. Gerber meen 43–52 is 'n uitbreiding op 39–42. Vgl. Campbell 350: 'These lines have been divided so as to form two poems, 39–42 and 43–52, but it seems preferable to regard 43–52 as a generalisation prompted by the particular situation described in 39–42, and to take πόλει ... τῆδε (52) as rounding off the poem with an echo of πόλις ἦδε (39).'

3.2 Ons kan die gedeelte dan ook dienooreenkomstig in twee dele verdeel:

- A 39–42 Metafoor: hierdie stad (πόλις ἦδε) is swanger aan 'n tiran vanweë die leiers se perversiteit.
- B 43–52 Motivering deur middel van *asundeton*.
 - (a) 43 Goeie leiers bring geen stad tot 'n val nie.
 - (b) 44–50 Slegte leiers se ὕβρις, wins- en magsug bring 'n stad en sy bevolking tot 'n val.
 - (c) 51–52a Rede: die gevolge van hulle dade is opstande, moorde en tiranne.
 - (d) 52b Slotwens: dat sulke dade hierdie stad (πόλει ... τῆδε) nie sal geval nie.

3.3 Fränkel, *Wege* 72 het reeds op die uitbreidingsstyl van 44–50 gewys. Dawson wil 'n sterk pouse of stop na κράτεος (46) plaas waardeur hy 'n chiasme vasstel in 44–50. Die patroon is egter nie heeltemal chiasities nie: a b c b a c b (ook Friedländer 579 met n. 2 stel 'n te eenvoudige a b a skema voor):

a	44	(i) ὅταν ὑβρίζειν τοῖσι κακοῖσιν ἄδη
b	45	(ii) δῆμον τε φθείρουσι
c	46	(iii) κερδέων εἵνεκα
b	47	(iv) μὴ δηρὸν ... πόλιν ἀτρεμέεσθαι
a	49	(v) εὐτ' ἂν τοῖσι κακοῖσι φίλ' ... γένηται
c	50	(vi) κέρδεα
b	50	(vii) δημοσίῳ ... κακῶ.

Daarby moet ons ook die slotwens kontrasteer met 44, waarmee dit 'n parallelle patroon vorm, kontrasterend in inhoud: τοῖσι κακοῖσιν ἄδη (44) teenoor πόλει μήποτε ... ἄδοι; en wys op die direkte kontras 43:44 tipies van die argaiëse styl; vgl. Friedländer 579 (= *pendulum*-styl).

4. INTERPRETASIE

Die gedigte van Theognis het as politieke agtergrond dieselfde klassestryd (aristokrasie en volk) as dié van Solon, en hierdie gedig is dan ook waarskynlik gebaseer op Solon se gedigte, *veral* fr. 3D, in styl, struktuur en toon (vgl. Jaeger 195; Adrados II, 171 n. 2, 116; Highbarger). As konserwatiewe aristokraat (Fränkel, *EGP* 401) waarsku hy teen diegene onder die regerende aristokrasie (Verdenius en Dawson spreek hulle uit teen Highbarger, Carrière en Gerber se gedagte dat die 'wealthy commons' nou regeer), wat die volk korrup maak uit wins- en magsmotiewe, en is hy bekommerd oor die vernietigingsgang (vgl. Highbarger 346), wat deur hul dade na vore tree: ὑβρις-κέρδος-κράτος gaan eenvoudig lei tot στάσις, φόνος en ten slotte: μούναρχοι. Die vrede en kalmte waarin die stad nou nog verkeer lê aan die oppervlakte; onderlangs kook dit en die uiteinde is die verskyning van die εὐθυνητήρ wat die saak van die volk verdedig en veral in Griekeland die doodsklok gelui het vir die aristokratiese régime. Die sterk metafoor van die stad wat swanger is aan dié εὐθυνητήρ, en geboorte aan hom wil skenk, beklemtoon die plofbare politieke situasie van Theognis se tyd. En ook die alliterasie Κύρνε, κύει en die woord δέδοικα voorop wil hierdie erns en gevaarpunt onderstreep. Daarom sluit hy die gedig af met die hoop dat die stad nie aan dié korrupsie deel sal hê nie, en nie blind sal wees vir dié gevaar nie.

LITERATUUR

Adrados, II, 116, 171.
Burn, *Lyric Age* 253.

- Campbell 350–352.
 Dawson, *AJPh* 72 (1951) 189 (resensie van Carrière se Budé-uitgawe).
 Fränkel, *EGP* 403–404.
 Fränkel, *Wege* 71–72.
 Friedländer, *Hermes* 48 (1913) 579.
 Gerber, *Euterpe* 275–276.
 Heinemann, *Hermes* 34 (1899) 594 e.v.
 Highbarger, *AJPh* 50 (1929) 344.
 Hudson-Williams 176–177.
 Jaeger, *Paideia* 5, 195, 184–186.
 Kamerbeek-Verdenius, 75–77.
 Trever, *CPh* 20 (1925) veral 128–132.
 Van Groningen, *Theognis* 26–31.
 Verdenius, *REG* 73 (1960) 352–355.
 Wender 89 e.v.

(JHB)

(b) REËLS 133–142

Die menslike beperktheid

- Οὐδείς, Κύρν', ἄτης καὶ κέρδεος αἴτιος αὐτός,
 ἀλλὰ θεοὶ τούτων δώτορες ἀμφοτέρων
 οὐδέ τις ἀνθρώπων ἐργάζεται ἐν φρεσὶν εἰδώς 135
 ἐς τέλος εἴτ' ἀγαθὸν γίνεται¹ εἴτε κακόν.
 πολλάκι γὰρ δοκέων θήσιν κακὸν ἐσθλὸν ἔθηκεν,
 καὶ τε δοκῶν² θήσιν ἐσθλὸν ἔθηκε κακόν.
 οὐδέ τῳ ἀνθρώπων παραγίνεται³ ὅσα θέλησιν⁴.
 ἴσχει γὰρ χαλεπῆς πείρατ' ἀμηχανίης. 140
 ἄνθρωποι δὲ μάταια νομίζομεν, εἰδότες οὐδέν
 θεοὶ δὲ κατὰ σφέτερον πάντα τελοῦσι νόον.

1. AO: γίνεται p: κίννται Edmonds

2. codd.: δοκέων Leutsch

3. AO: παραγίνεται p

4. AO: ἐθέλησιν p

1. VERSMAAT

Elegiese koeplet met sunizesis in θεοί (142).

2. KOMMENTAAR

- 133 ἄτης καὶ κέρδεος: 'van mislukking en voordeel (sukses)'. Die verwysing is hier in beide gevalle na *materiële* mislukking of sukses.
- 134 δώτορες: vir dié gedagte van die gode as gewers vgl. Solon fr. 1, 64D: δῶρα δ' ἄφυκτα θεῶν, en Hom. *Il.* 24, 527 e.v. van Zeus se twee πίθοι: δῶρων οἷα δίδωσι, κακῶν ἕτερος δὲ ἑάων (528).
- 135 ἐν φρεσὶν εἰδώς: vgl. Hom. *Il.* 2, 301: τόδε ἴδμεν ἐνὶ φρεσίν, en Darcus 167.
- 136 ἐς τέλος: adverbiaal. Die subjek van γίνεται is dus ἔργον of ἔργμα, gesuggereer deur ἐργάζεται (135).
- 137 Van Groningen se ἔργμα (sien 136) as die veronderstelde substantief by κακόν en ἐσθλόν is meer waarskynlik as Hudson-Williams se gedagte aan τέλος.
- 139 ὅσσα θέλῃσιν: sonder ἄν (vgl. Kallin. 1, 13); vgl. vir dieselfde gedagte ook Theogn. 617: οὐ τι μάλ' ἀνθρώποις καταθύμια πάντα τελεῖται, en Hom. *Il.* 18, 328: οὐ Ζεὺς ἀνδρεσσὶ νοήματα πάντα τελεῖται.
- 140 ἴσχει κτλ.: 'Want die beperkinge van sy vermoeiende hulpeloosheid verhinder hom (om dit te realiseer)'.
- πεῖρατ' ἀμηχανίης: só ook in 1075–1078. Dit is die beperkinge wat opgelê word ooreenkomstig die menslike swakheid. Vir ἀμηχανίης, vgl. by Archil. fr. 67a,1D. Vertaal: 'bande van hulpeloosheid'.
- 141 νομίζομεν: 'bedink' of 'koester', en dit dui op 'n algemene reël of gewoonte.

3. STRUKTUUR

Van Groningen en Gerber wys op die ringpatroon tussen reëls 141–142 en 134–135. Maar net soos in die geval van 44–50 het ons ook in hierdie volledige gedig (133–142) 'n ringvormige strukturering:

A 133–134 (eerste koeplet) : die gode skenk 'n mens sy voor-
spoed en sy teenspoed.

- B 135–136 (tweede koeplet) : hierteenoor is die mens onkundig oor hoe 'n saak vir hom sal verloop.
- C 137–138 (derde koeplet) : motivering met voorbeeld: dinge verloop dikwels totaal anders as wat hy beplan.
- D 139–140 (vierde koeplet) : vir die mens verloop dinge nie soos hy beplan nie; *rede*: sy lewe word begrens deur ἀμηχανίη.
- E 141–142 (vyfde koeplet)
- 141 (i) heksameter : ons mense lewe in onkunde en beplan vergeefse dinge.
- 142 (ii) pentameter : die gode beskik alles (d.w.s. — ook die mens se planne).

Daar is interne rym in die pentameter (reëls 134, 136, 140, 142); vgl. ook by 173–178.


4. INTERPRETASIE

- 4.1 (a) Die eerste koeplet word dus weer in kort ($\frac{1}{2}$ koeplet) opgeneem deur die laaste deel van die vyfde en het as die eerste tema: *Die gode beskik oor die mens se wel en weë*. In 833–836 weerspieël die digter 'n ander siening: dáár is nie die gode nie, maar die mens self — sy geweld, winsbejag en ὕβρις die oorsaak van sy val vanuit voorspoed na teenspoed. Maar 833–836 het waarskynlik 'n meer politieke situasie as agtergrond terwyl ons hier 'n meer religieus-filosofiese uitspraak het. Theognis weerspreek homself nie soseer nie as wat hy in 833 e.v. meer spesifiek wil wys op die ruïnerende uitwerking van die mens se βίη, κέρδος en ὕβρις in 'n bepaalde situasie, soos bv. dié van 39–52. Vgl. Van Groningen, Appendix IV oor Theognis se opvatting van die gode.
- (b) Die tweede koeplet word ewenseer in kort herhaal, nou deur die eerste deel van die laaste koeplet, en het as die tweede tema: *die mens se beperkte insig en hulpeloosheid*. Hierdie is 'n tipiese en algemene tema by sowel Theognis (vgl. o.a. 401–405) as in die Griekse denke en verskeie parallelle afgesien van Theognis self kan aangedui word: bv. Arch. fr. 5; Hom. *Od.* 18, 328; Solon fr. 1, 63–70; Pind. *O.* 7, 25 e.v.; *P.* 10, 27; *O.* 12, 7–9. (Vir 'n vergelyking tussen Solon en Theognis vgl. veral Jaeger, *Paideia* I, 200–202). Vgl. verder veral Da

Rocha Pereira, *E Clás* 10, 1966, 336–357; Green, *HSCP* 46, 1935, 1–36; Pfeiffer, *Philol.* 84, 1929, 137–152. Uit laasgenoemde vgl. o.a. p. 140: 'Es ist von den frühen Ioniern immer wieder betont worden, dass bei den Menschen kein Wissen sei — νόος οὐκ ἐν ἀνθρώποισιν — das οὐδὲν εἰδότες ist fast stereotyp'.

- (c) Die derde koeplet bevat 'n verduidelikende uitbreiding op (b).
- (d) Die vierde koeplet herhaal weer die tema van (b): dinge verloop anders as wat die mens beplan — en die digter voeg as *rede* by die belangrike begrip van ἀμηχανίη, waaronder ons dié tema kan saamvat.

4.2 Hieruit blyk dus hoedat die hele gedig konsentries opgebou is rondom die twee basiese temas wat hierbo uiteengesit is:



LITERATUUR

- Adrados, II, 177 met nn. 1 en 2.
 Bowra, *EGE* 159–161.
 Darcus, *Glotta* 57 (1979) 167 e.v.
 Fränkel, *EGP* 405.
 Friedländer, *Hermes* 48 (1913) 586–587.
 Gerber, *Euterpe* 282.
 Hudson-Williams 183.
 Jaeger, *Paideia* 200–202.
 Van Groningen, *Theognis* 55–57.
 Verdenius, *REG* 73 (1960) 357–358.

(JHB)

(c) REËLS 173–178

Die vloek van armoede

Ἄνδρ' ἀγαθὸν πενίη πάντων δάμνησι μάλιστα,
καὶ γήρως πολιοῦ, Κύρνε, καὶ ἡπιάλου.
ἦν δὴ χρὴ φεύγοντα καὶ ἐξ βαθυκήτεα¹ πόντον
ρίπτειν καὶ πετρώων, Κύρνε, κατ' ἡλιβάτων.
καὶ γὰρ ἀνὴρ πενίη δεδμημένος² οὔτε τι εἰπεῖν
οὔθ' ἔρξαι³ δύναται, γλῶσσα δέ οἱ δέδεται.

175

1. VERSMAAT

Elegiese koeplet, met sunizesis in πετρώων (176).

2. KOMMENTAAR

173 ἄνδρ' ἀγαθόν: 'n voortreflike man. Campbell 357 meen — met verwysing na ἀγαθόν — dat 'the advice is meant for fellow aristocrats'.

πάντων: deelsgenitief by μάλιστα.

δάμνησι: die vorm is Homeries.

174 γήρως: genit. van τὸ γῆρας, ouderdom (γήραος). Gerber 284 meen dat 'it is better to take γήρως and ἡπιάλου in apposition to πάντων than to supply μᾶλλον from μάλιστα' (vgl. ook Van Groningen, *Theognis* 68–69). Die alternatief is egter ewe goed moontlik.

ἡπιάλου: 'koors', moontlik malaria.

175 καί: 'selfs'.

βαθυκήτεα: 'n ἄπαξ λεγόμενον, 'met diep gate', 'diepgapend'.

1. Plut. (1039f) A, Luc. (*Tim.* 26; *de Merc. Cond.* 5; *Apol.* 10), Porph. (in Hor. *Epist.* 1.1.45), Clem. (*Strom.* 4.23.3), Stob. (4.32.38) A: μεγακήτεα Plut. o, Hermog. (*Progymn.* 4 p.8.21 Rabe), Apthon. (*Progymn.* 4 p.8.12 Rabe), Stob.SM, schol. Thuc.(2.43.5), Elias (*Proleg.philos.* 6)

2. codd.: πεπεδημένος Artem.1.32

3. A: οὔτ' ἔρξαι I: οὔδ' Artem.1.32

- 176 ῥίπτειν (of ῥίπτειν): onoorganklik: 'jouself werp', 'spring'.
καί: dui 'n alternatief aan; vgl. Denniston 292.
ἡλιβάτων: die betekenis van die woord is onseker. Homeros en Hesiodos gebruik dit altyd met verwysing na rotse.
- 177 καὶ (γὰρ ἀνὴρ): lees καί (met nadruk, vgl. Denniston 108–109) soos in alle MSS, teenoor πᾶς (γὰρ ἀνὴρ) in alle antieke sitate.
τι: 'iets' in die sin van 'iets belangriks', toegelig deur reël 268.
- 178 γλώσσα ... δέδεται: vgl. 669 e.v.: εἶμι δ' ἄφωνος/χρημοσύνη: 'Ek is sprakeloos weens armoede'. Kyk verder onder par. 3.
- Young (Teubner-tekst) e.a. verbind reëls 179–180 en 181–182 met reëls 173–178, maar dit is hoogs twyfelagtig. Verdenius, *REG* 73, 1960, 358–359 n. 4 handhaaf die eenheid van 173–178.

3. STRUKTUUR EN INTERPRETASIE

In die eerste koeplet spesifiseer Theognis armoede as die aller-grootste euwel wat oor 'n ἀνὴρ ἀγαθός of voortreflike (= aristokratiese) man kan kom.

In die tweede koeplet beklemtoon hy die afskuwelikheid van armoede deur by wyse van ironie die wyses aan te toon waardeur die voortreflike man armoede kan 'ontsnap' (by implikasie tot die dood toe): deur op see in die 'diepgapende' water te spring, of op land van 'n rots af.

In die laaste koeplet, motiveer en brei hy sy stelling uit tot enige mens (man), καί ... ἀνὴρ wat die prooi van armoede is. Ons kry nou ringkomposisie (vgl. πενίη ... δάμνησι, 173 en πενίη δεδμημένος, 177) waarmee die digter terugkeer na sy stelling in die eerste koeplet om te verduidelik *waarom* armoede so 'n groot euwel is.

Dit blyk nou dat die slagoffer van Armoede 'niks belangriks kan sê of doen nie, ja, sy *tong is sprakeloos*' (lett. is hy 'tongue-tied'). Let daarop hoe die onvermoë van die arm man, om iets van belang *te sê* of hoegenaamd iets *te sê*, beklemtoon word aan die einde van reëls 177 en 178. Die gawe van wel ter sprake te wees het 'n hoogs belangrike rol in die lewe van die Griek gespeel. Sonder (goeie) spraak was hy sosiaal niksbeduidend.

Young 12 vestig die aandag op die interne rym in elke pentameter: 'nota in uno quoque pentametro hemistichia inter se consonantia'; vgl. πολιοῦ — ἡπιάλου, πετρέων — ἡλιβάτων, δύνεται — δέδεται. Dit

kom in die daaropvolgende pentameters 180 en 182 ook voor, maar dit beteken nog nie dat reëls 179–180 en 181–182 by 173–178 gevoeg moet word nie.

LITERATUUR

Campbell 356–357.

Gerber, *Euterpe* 284.

Hudson-Williams 186–187.

Van Groningen, *Theognis* 68–70.

Verdenius, *REG* 73 (1960) 358–359.

(CAvR)

(d) REËLS 183–192

Geld verbaster afkoms

Κριούς μὲν καὶ ὄνους διζήμεθα, Κύρνε, καὶ ἵππους
 εὐγενέας, καὶ τις βούλεται ἔξ ἀγαθῶν
 βίησεσθαι.¹ γῆμαι δὲ κακὴν κακοῦ οὐ μελεδαίνει 185
 ἐσθλὸς ἀνὴρ, ἦν οἱ χρήματα πολλὰ διδῶ,²
 οὐδὲ γυνὴ κακοῦ ἀνδρὸς ἀναίνεται εἶναι ἄκοιτις
 πλουσίου, ἀλλ' ἀφνεὸν βούλεται ἀντ' ἀγαθοῦ.
 χρήματα μὲν³ τιμῶσι· καὶ ἐκ κακοῦ ἐσθλὸς ἔγῃμε
 καὶ κακὸς ἔξ ἀγαθοῦ· πλοῦτος⁴ ἔμειξε⁵ γένος. 190
 οὕτω μὴ θαύμαζε γένος, Πολυπαῖδι, ἀστῶν
 μαυροῦσθαι· σὺν γὰρ μίσγεται ἐσθλὰ κακοῖς.

1. VERSMAAT

Die *elegiese koeplet*. Let op die sunizesis in 188: ἀφνεόν.

1. Stob.(4.22.99) SMA: κτήσεσθαι Stob.(4.29.53) SMA: κτήσεσθαι Stob.(4.30.11) SMA

2. Xen.ap. Stob.(4.29.53) SMA: φέρη Stob.(4.22.99) SMA

3. codd.: γὰρ Stob.(4.29.53) SMA

4. AO: πλούτου ο

5. edd.: ἔμειξε Stob.SMA

2. KOMMENTAAR

183 κριούς ... ὄνους ... ἵππους: vermelding van diere wat deel was van die adellike lewe wat gebaseer was op landbou en telery. Die wol van Megara was beroemd; vgl. Plut. *de Cup. Div.* 7,526 c (Διογένης ἐπέσκωψεν εἰπών, Μεγαρέως ἀνδρὸς βελτίον εἶναι κριὸν ἢ υἷὸν γενέσθαι) en Aelianus *VH* 12,56. Oor wolgoedere as die stapelproduk van Aigina, vgl. ook Aristoph. *Ach.* 519 en Xen. *Mem.* 2, 7, 6. Pausanias 1, 44, 3 verwys na die heiligdom van Demeter μαλοφόρος te Nisaia, die oostelike hawe van Megara. μέν: korreleer met δέ (185).

184 εὐγενέας: as die essensiële begrip word dit aan die begin van die reël geplaas, met enjambement. Dit gaan saam met al drie selfstandige naamwoorde. Vir dieselfde gedagte, vgl. Plut. *pro Nobil.* 1, 7, 196; Eur. *Andr.* 1279; Soph. *El.* 25. Let ook op die klem op ἀγαθὼν aan die end van die reël.

τις: soos in Kallinos 1, 5 (= ἕκαστος).

βούλεται: 'verkies', soos in 145, 188, 582.

184–185 ἔξ ἀγαθῶν/βήσεσθαι: veral twee betekenis-moontlikhede bestaan i.s. βήσεσθαι:

- (i) aor. med. soos βήσето in Homeros (Garzya, wat dan vertaal 'van 'n goeie ras kom') — met ἔξ ἀγαθῶν as objek van βήσεσθαι (vir die medium pleit ook Renehan, *Greek Lexicographical Notes* I, 52);
- (ii) aor. pass. (Van Groningen, Adrados, Fränkel wat vertaal 'gepaar word met', of 'geteel word van'). In elk geval word dit nie as fut. opgeneem nie. Vgl. egter Hudson-Williams 188: 'It is also possible to regard it as a future; ... the use of the future infinitive with βούλομαι, πείθω, δέομαι, etc., is well attested; βουλόμενοι ἔξ αὐτέων παιδᾶς ἐκγενήσεσθαι Hdt. 4.111'. Terwyl βήσεσθαι die lesing is van Stob. 4, 22, 99, lees Stob. 4, 24, 53 κτήσασθαι en in 4,30,11 κτήσεσθαι, wat ook die wisseling aoristus of futurum weerspieël. Van Groningen meen dat die lesing κτήσασθαι die passief eerder as die medium van βαίνω suggereer. Die passief-betekenis veronderstel dat die vertaling lui: 'elkeen wil dat die ooie/merries gepaar word met ramme/ hingste van 'n goeie ras', en die medium-betekenis dat 'elkeen wil hê hulle moet paar met ooie/merries van 'n goeie ras'.

- 185 κακὴν κακοῦ: ' 'n vrou van lae geboorte van 'n vader van lae geboorte'.
οὐ μελεδαίνει: vgl. ook μνηστεύει δ' ἐκ κακοῦ ἐσθλὸς ἀνὴρ (1112).
- 186 διδῶ: juridies gesien gee die vader die bruidskat, maar die onderwerp is waarskynlik κακή, nie κακός nie. Só interpreteer Carrière, Garzya, Adrados, Van Groningen en Gerber. Dit vind steun in Stob. 4, 22, 99 se φέρει i.p.v. διδῶ, ἐν die feit dat in 187 die vrou ook ἀναίνεται, alhoewel ook hier dit juridies die vader is wat die huwelik bepaal.
- 187 κακοῦ ἀνδρός moet gelees word saam met ἄκοιτις, nie γυνή nie.
- 188 πλουσίου: enjambement, waardeur die belangrikheid van die woord, soos εὐγενέας in 184, aan die begin van die reël onderstreep word.
ἀφνεὸν ... ἀγαθοῦ: veronderstel ἄνδρα en ἀνδρός.
- 189 χρήματα: die woord word beklemtoon nie alleen deurdat dit aan die begin van die reël staan nie, maar ook deur die *emfatiese* μέν. Carrière lees in navolging van Stobaeus dan ook ten onregte γάρ. χρήματα kan teen die tyd van Theognis wel as 'geld' vertaal word.
ἐγήμε: gnomiese aoristus.
- 190 πλοῦτος: die asundetón plaas die konklusie in sterk reliëf.
ἔμειξε: gnomies, en in 'n negatiewe betekenis 'verbaster' — vgl. Wender se vertaling: 'Wealth has mongrelized ... breeding ...' (160 n. 6) — sodat γένος hier feitlik sinoniem is met εὐγένεια, en ἀστών, d.w.s. die ἀγαθοί.
- 192 σὺν ... μίσγεται: tmesis, wat net vier keer in Theognis voorkom (Gerber, *Euterpe* 286).
ἐσθλὰ κακοῖς: hierdie kontraspaar (vgl. 355) verkry meer effek deur die naasmekaar plasing daarvan, soos ook in 189, maar hier nog meer aan die slot van die reël en van die gedig.

3. STRUKTUUR

3.1 Die hele gedig is gebou op die begrippe 'sleg' en 'goed' en die kontras 'goed/sleg'; vgl. κακὴν κακοῦ ... ἐσθλός (185 e.v.), κακοῦ (187), ἀγαθοῦ (188), ἐκ κακοῦ ἐσθλός (189), κακός ἐξ ἀγαθοῦ (190) en ἐσθλὰ κακοῖς (192).

3.2 Die opbou van die gedig is drieledig van aard:

A	183–185a	:	beeld uit die dierelewe: teling geskied op die prinsipe van edele met edele;
	B	185b–188	: beeld uit die menslike verbintenis wat in kontras hiermee staan:
	185b–186	(a)	'n edele man trou met 'n vrou van lae geboorte <i>vir geld</i> ,
	187–188	(b)	'n edele vrou met 'n man van lae geboorte <i>vir geld</i> .
C	189–192	:	Slotkwatryn wat <i>konkluderend</i> van aard is:
	189a	(a)	Geld is die hoogste motief.
	189b–190a	(b)	Edel en lae geboorte vermeng.
	190b	(c)	Geld verbaster die adel.
	191–192a	(d)	Die adel versleg vanselfsprekend.
	192b	(e)	Edel en lae geboorte vermeng.

3.3 A en B staan dus in duidelike kontras met mekaar (= *pendulum*-styl). In B word die geldmotief by mense se verbintenis sterk beklemtoon (χρήματα πολλά, 186; πλουσίους, 188; ἀφνεόν, 188). Dié geldmotief en die verderflike uitwerking daarvan word in C breedvoerig uitgewerk. Let op hoe C(a) dié motief voorop stel, en (b)–(e) in 'n chiasiese patroon gestel word: (b) en (e) wys op die vermenging van goeies en laes van geboorte, terwyl (c) en (d) die 'verbastering' en 'verslegting' van die adel deur geld aanroer. Vgl. die interne chiasme: ἔμειξε — γένος: γένος — μαυροῦσθαι. Die ringpatroon met Κύρνε ~ Πολυπαῖδη rond die gedig ten slotte af.

4. INTERPRETASIE

In navolging van Solon, het ook Theognis, soos Pindaros, vasgehou aan die *aretai* van *dikē* en πλοῦτος/ὄλβος as kenmerke van die aristokrasie. Theognis lê egter ook klem op die adellike afkoms, die rassuiwerheid.

Vgl. Denniston se goeie nota by Eur. *Electra*, p. 253, oor die verband tussen rykdom en afkoms van die 6de eeu tot met Aristoteles; en vgl. Lesky, *History of Greek Literature* 169 en 183: 'One takes pains to get suitable mates for horses, asses and sheep, but now marriages are contracted in which the old inheritance of blood is lost. This complaint arises from the conviction (forcefully expressed in 535) of

the absolute permanence of inherited abilities, a cornerstone of aristocratic philosophy which we shall find again in various contexts.' Vgl. ook reëls 535–538 hieronder. Dat al hierdie drie aspekte van die aristokratiese *aretê* onder die nuwe orde (die verdeling van ekonomiese mag onder die verskillende sosiale klasse) bedreig is, blyk duidelik uit Theognis se gedigte. In gedigte soos 39–52, 53–68 bekla hy die sug na geld en mag ten koste van die geregtigheid, en in bostaande gedig die uitwissing van die edele afkoms deur dieselfde motief van geldsug. Sy konklusie χρήματα μὲν τιμῶσι is 'n opstandige verwyt teen die nuwe orde, wat só die inherente adellike bloed van die ἀγαθοί aantast: πλοῦτος (onder die nuwe orde) ἔμειξε γένος (van die adel). Al wat hy kan doen is om 'n beroep te maak op dié dinge wat nog altyd eie aan die adel was: hulle ware insig in die adel van hulle diere. Dáár tree hulle eie aan die adel op: 'adel uit adel' is die enigste prinsipe vir die handhawing van 'n goeie ras. Hierdie openingsbeeld veronderstel die voltooiing daarvan: só moet die adel ook optree in hulle huweliksverbintenisse om die ἀγαθοί te kan handhaaf. Maar die nuwe bedeling van πλοῦτος bewys die teendeel: σὺν γὰρ μίσγεται ἐσθλὰ κακοῖς — en die einde is katastrofies vir die ware aristokratiese ideaal: γένος ... ἀσπῶν/μαυροῦσθαι.

LITERATUUR

- Adrados II, 181 en n. 1.
 Bowra, *EGE* 147–149.
 Burn, *Lyric Age* 248–249.
 Fränkel, *EGP* 405.
 Friedländer, *Hermes* 48 (1913) 591.
 Gerber, *Euterpe* 284–286.
 Jaeger, *Paideia* I, 200–203.
 Lesky 169.
 Van Groningen, *Composition* 169.
 Van Groningen, *Theognis* 72–75.
 Verdenius, *REG* 73 (1960) 352–361.
 Wender 159–160.

(e) REËLS 197–208

Straf van diegene wat rykdom onregverdig verkry

Χρῆμα δ' ὁ μὲν Διόθεν καὶ σὺν δίκη ἀνδρὶ γένηται
καὶ καθαρῶς, αἰεὶ παρμόνιμον τελέθει.
εἰ δ' ἀδίκως παρὰ καιρὸν ἀνὴρ φιλοκερδέϊ θυμῷ
κτῆσεται, εἴθ' ὄρκῳ πὰρ τὸ δίκαιον ἐλών, 200
αὐτίκα μὲν τι φέρειν κέρδος δοκεῖ, ἐς δὲ τελευτὴν
αὐθις ἔγεντο κακόν, θεῶν δ' ὑπερέσχε νόος.
ἀλλὰ τὰδ' ἀνθρώπων ἀπατᾷ νόον· οὐ γὰρ ἐπ' αὐτοῦ¹
τίνονται μάκαρες πρῆγματος ἀμπλακίας.²
ἀλλ' ὁ μὲν αὐτὸς ἔτισε³ κακὸν χρέος οὐδὲ φίλοισιν 205
ἄτην ἐξοπίσω παισὶν ἐπεκρέμασεν.⁴
ἄλλον⁵ δ' οὐ κατέμαρψε⁶ δίκη· θάνατος γὰρ ἀναιδὴς
πρόσθεν ἐπὶ βλεφάροισ' ἔζετο κῆρα φέρων.

1. VERSMAAT

Die *elegiese koeplet*, met sunizesis in reël 202, θεῶν.

2. KOMMENTAAR

Onderstaande kommentaar moet steeds teen die agtergrond van die artikel van Huijing en van Raalte geraadpleeg word.

197 χρῆμα: 'rykdom'. Gewoonlik is dit die meervoud χρήματα wat 'rykdom' beteken. Die enkelvoud het egter volgens die geleerde Pollux (2de eeu n.C.) die betekenis rykdom 'onder die Ioniërs'. Kyk verder Huijing en van Raalte (afgekort tot H-vR) 7–8.

δ(έ): inseptief; vgl. by Solon fr. 3, 1D: ἡμετέρη δὲ πόλις ... Kyk egter H-vR 8.

1. ἐπ' Vat.Urb.gr.160: αὐτοῦ Jacobs: ἔτ'αὐτούς Aa: ἐκάστου Geel: ἔτ'αὐτως Kalinka Young

2. codd.: ἀμπλακίης o

3. edd.: αὐτὸς ἔτισε A: αὐτοὺς τίσε o

4. A: ὑπεκρέμασεν O: ὑπερκρέμασεν Boeckh

5. codd.: αὐτὸν Camerarius

6. A correxit manus secunda: κατάμαρψε A

σὺν δίκη: vgl. H-vR 9.

γένηται: 'ten deel val'; so bv. in Homeros *Od.* 3,228 e.v., *Il.* 13,659; konjunktief sonder ἄν; vgl. voorbeelde bo, bv. Kallinos fr. 1, 13. Kyk ook H-vR 9–10 oor καθαρώς.

- 198 παρόνιμον: vir die gnomê (spreuk), 'rykdom komende van die gode is blywend', vgl. Solon fr. 1, 9–10D; Pind. *N.* 8, 17; Eurip. fr. 354, 2–3 Nauck².

τελέθει: sogenoemde Ioniese iteratief (poëties), verwant aan τέλομαι = ἔσομαι en τέλλω, 'opkom', 'ontstaan'. Dit kan beteken 'ontstaan', maar ook (soos hier) 'om te wees'.

- 199 παρὰ καιρόν: waarskynlik nie (soos Gerber dit vertolk) 'not at the proper time' nie, maar 'verby die juiste maat', d.w.s. buitensporig van omvang, soos deur die samehang vereis word. Soos Gerber vertolk ook Van Groningen, *Theognis* 78 die begrip *kairos* hier egter as die 'juiste moment', maar minstens twee van die passasies waarna hy verwys steun nie sy vertolking nie. Dit is eerstens Aisch. *Pr.* 507: καιροῦ πέρα, wat deur LSJ korrek vertaal word as 'beyond measure'; vgl. Groeneboom se kommentaar daarop: 'onder καιρός verstaat men 'de juiste maat'' (waarby hy dan twee verwysings na Pindaros en Euripides onderskeidelik gee). Die tweede passasie in Van Groningen kom uit *Theognis* self, reël 401, waar καιρός teen μηδὲν ἄγαν gestel word: μηδὲν ἄγαν σπεύδειν· καιρός δ' ἐπὶ πᾶσιν ἄριστος ἐργασίων ἀνθρώπων, d.w.s. 'moenie oorywerig in enigiets wees nie; die juiste maat is die beste in alle menslike werke'. Verder verwys Van Groningen na Aisch. *Ag.* 365: πρὸ καιροῦ, wat egter beteken 'short of the mark' (vgl. die kommentare van beide Fraenkel en Denniston-Page).

- 200 κτήσεται: volgens Gerber is dit 'n 'Homeric short-vowel subjunctive' vir κτήσεται. Dit kan wel gewoon die futurum indikatief wees, maar die parallel γένηται (in 197) suggereer dat dit hier 'n konjunktief is.

ὄρκῳ: hier beteken die woord ἐπιρκία, 'valse eed' (so o.a. ook in Herodotos 6,86). Kyk verder H-vR 10–11.

- 201 αὐτίκα... ἐς ... τελευτήν: vgl. Solon fr. 1, 28: ἐς τέλος en 1, 29D: ἀλλ' ὁ μὲν αὐτίκ' ἔτεισεν, ὁ δ' ὕστερον. Die frase staan aan die einde van die vers net soos in 607 en 755.

δοκεῖ: Kyk H-vR 11–12.

202 ἔγεντο = ἐγένετο.

θεῶν δ' ὑπερέσχε νόος: 'en die gees van die gode kry die oorhand (oor hom)' — onoorganklike gebruik van ὑπερέχω. ὑπερέσχε is 'n gnomiese aoristus; vgl. ook ἔτισεν (205), ἐπεκρέμασεν (206) en κατέμαρψε (207). καταμάρπτω beteken 'vang', 'gryp', 'inhaal' (metafoor van die renbaan).

203 ἀλλὰ τὰδ': Kyk H-vR 12–13.

203 ἐπ' αὐτοῦ (πρήγματος, 204): vgl. oor die teksprobleem Gerber 286 en Van Groningen 79. Die MSS-lesing ἔτ' αὐτοῦς word gewoonlik geëmendeer tot ἔτ' αὐτως (= *eodem modo*) (Kalinka) of ἐπ' αὐτοῦ (Vat.Urb.gr.160, Jacobs). Eersgenoemde is paleografies meer aanvaarbaar, en gee voldoende sin, maar dan bly πρήγματος in reël 204 in die lug hang, of dit moet met ἀμπλακίας saamhang wat onaanvaarbaar is. Die lesing ἐπ' αὐτοῦ ... πρήγματος, 'ten tye van die daad self', 'dadelik', word gevolg deur o.a. Hudson-Williams, Garzya, Van Groningen en West, en dit is die mees aanvaarbare korreksie.

205 χρέος: Kyk H-vR 14.

207–208 θάνατος ... ἐπὶ βλεφάροισ' ἔζετο: vgl. Hom. *Il.* 10, 26: ὕπνος ἐπὶ βλεφάροισιν ἐφίζανε. Van Groningen, *Theognis* 80 let daarop dat Θάνατος en Ὑπνος broers is en soortgelyk optree. Kyk verder H-vR 14–15 oor reël 207.

208 κῆρα φέρων: van ἡ κῆρ, genit. κηρός (nie van τὸ κῆρ, 'hart', nie). Van Groningen let daarop dat in hierdie konteks κῆρ nie, soos dikwels, sinoniem met θάνατος is nie: 'θάνατος est le fait même du décès, κῆρ son résultat inévitable et décisif, sa fatalité'. κῆρ kan met '(doods)lot' of bloot met 'lot' vertaal word.

3. STRUKTUUR

3.1 Reëls 197–208 het met die eerste oogopslag geen opvallende struktuur nie, behalwe dat dit in twee groepe of helftes van 6 verse elk verdeel kan word, nl. 197–202 en 203–208. Hiervan gaan 197–202 in hoofsaak oor die verkryging — veral onregverdigde verkryging — van rykdom, terwyl 203–208 in hoofsaak gaan oor die verskillende wyses waarop kwaaddoenery gestraf word.

Die skeiding tussen die twee helftes word formeel gemerk deur die kontras tussen θεῶν ... νόος in reël 202b en ἀνθρώπων ... νόον in 203a.

3.2 Die inhoudelike struktuur is soos volg:

- A 197–202: (a) Tese, 197–198: rykdom afkomstig van Zeus is blywend.
(b) Antitese, 199–202: rykdom onregverdig verkry bring rampe.

(a) en (b) vorm 'n tipies argaïese *pendulum*.

- B 203–208: (a) Algemene stelling, 203–204: die straf van die gode uitgebrei in —
(b) 205–206: die straf kom oor die kwaaddoener self;
(c) 207–208: die ander word deur sy (doods)lot ingehaal, en wel vóórdat (πρόσθεν beklemtoon aan begin van 208) Dikē hom kan gryp.

Die tweede helfte word blykbaar triadies ook *formeel* in drie groepe van 2 reëls elk verdeel, 203–204, 205–206 en 207–208, waarvan die eerste twee groepe met ἀλλ(ά) begin en die laaste met ἄλλον. Die beswaar, dat die digter dan al drie keer ἀλλά sou moet gebruik het, gaan nie op nie: vgl. die triadiese struktuur in Mimnermos fr. 2, 11–15D oor die drie nadele van die ouderdom (verlies van eiendom, kinderloosheid en siekte) in 'n reeks verbind met ἄλλοτε (11), ἄλλος (13) en ἄλλος (15). Al hang in laasgenoemde reeks die woorde 'etimologies' saam, maak dit geen verskil aan ἀλλά (203) — ἄλλ' (205) — ἄλλον (207) nie. Klank en klanknabootsing speel hier die oorwegende rol, telkens aan die begin van 'n reël.

3.3 Let verder op die kontras tussen φέρειν κέρδος in 201 en κῆρα φέρων in 208 (met weerklank in φιλοκερδέϊ, 199). Hierdie soort kontras, dikwels met 'n herhaling van 'n woord of woorde, is tipies van die argaïese Griekse liriese poësie.

3.4 Ten slotte is daar waarskynlik omraming tussen (σὺν) δίκη in die eerste koeplet (197) en δίκη in die laaste koeplet (207).

4. INTERPRETASIE

4.1 Daar is opvallende ooreenstemminge tussen die inhoud en strekking van bostaande passasie, i.v.m. die onregverdigte verkryging van rykdom, en dié van Solon fr. 1D, veral reëls 3–32. Daar is natuurlik ook verskille, en wat die ooreenstemminge betref is dit nie seker of Theognis (of die skrywer van bostaande passasie) direk deur Solon beïnvloed is en of hulle deur 'n gemeenskaplike bron

beïnvloed is nie. Vgl. ook Highbarger, *AJPh* 50, 1929, 345–346 wat dit ook met fr. 1D, 3 e.v. vergelyk. Volgens Winter (Highbarger 346 n. 15) bevat Theognis se gedig 'n hoër religieuse lering. Wilamowitz, *SuS* 268 e.v., meen anders, dat Solon later gepopulariseer is, en dat Theognis sy model 'bederf' het. Hierteenoor betoog Verdenius, *REG* 73, 1960, 360 n. 1.

4.2 In reëls 205–206 kry ons te doen met die nog steeds aktuele religieus-etiese probleem, hoe mens verklaar dat sommige mense groot onreg pleeg en blykbaar nie deur die gode daarvoor gestraf word in hul eie persoon gedurende hul eie leeftyd nie. Hesiodos het reeds vroeër (c. 700 v.C.) in die oorgelewerde Griekse letterkunde die oplossing gegee dat die suksesvolle onregverdige persoon in sy nageslag, d.w.s. sy kinders en kindskinders, gestraf sal word; vgl. *Werke en Dae* 280–285: 'Want elkeen wat regverdigheid ken en gewillig is om regverdig te spreek, aan hom gee vérsiende Zeus welvaart; maar elkeen wat opsetlik lieg wanneer hy getuienis lewer en vals sweer, en aldus geregtigheid (δίκη) skaad en ongeneeslike skade berokken, daardie man se geslag bly later verswak agter (d.w.s. kwyn later weg). Dit gaan later beter met die geslag van 'n man wat sy eed hou'.

Wanneer die digter van ons Theognis-passasie nou sê dat 'een man betaal sy slegte skuld self, en laat nie later verderf oor sy liewe kinders kom nie' (205–206), dan kom dit voor asof die digter afwysend staan teen die leer dat die nageslag vir die oortredings van die (voor)vader moet betaal. Dat dit wel sy houding is, blyk uit reëls 731–752 (indien dit van dieselfde skrywer is) waarin die digter hom sterk uitspreek teen die leer dat selfs die regverdige kinders van 'n onregverdige vader vir sy oortredings die skuld moet betaal.

4.3 Ten slotte let ons op 'n interessante verhaal in Herodotos 6,86 wat oor dieselfde tema gaan en invloed van blykbaar sowel Hesiodos as Theognis toon. Herodotos laat 'n sekere Leutuchides van Sparta die volgende verhaal aan die Atheners vertel. 'n Ryk man het van Milete na Sparta gekom en die helfte van sy rykdom in silwer aan 'n sekere Glaukos gegee om dit te bewaar, aangesien hy die hoogste reputasie vir geregtigheid (δικαιοσύνη) in Sparta gehad het. Hulle het ook die kentekens (σύμβολα) afgespreek waarmee die geld later teruggeëis kon word.

Na lang verloop van tyd het die seuns van die Milesiër die geld by Glaukos met die nodige kentekens kom teruggeis. Hy het voorgegee dat

hy niks van die hele saak weet nie, maar darem na Delphi gegaan om die orakel te raadpleeg. Die Puthia het hom die volgende antwoord gegee:

'Glaukos, seun van Epikudides, vir die hede wel (τὸ μὲν αὐτίκα, vgl. αὐτίκα μὲν in Theognis reël 201) is dit voordelig om deur 'n valse eed (ὄρκῳ in beide Herodotos en Theognis met dié betekenis) skatte te win en buit te maak. Sweer maar: die dood wag tog 'n man wat sy eed hou en dié een wat dit nie hou nie. Maar — 'n eed het 'n seun, 'n naamlose een, wat geen hande nog voete het — maar snel haal hy u in, en dan sal hy aangryp u hele geslag en u hele huis en dit vernietig. Dit gaan later beter met die geslag van 'n man wat sy eed hou' (die laaste reël is 'n sitaat uit Hesiodos se *Werke en Dae* 285).

Volgens Herodotos se verhaal het Glaukos toe vergifnis van Apollo gevra, maar die Puthia het geantwoord dat om die god op die proef te stel dieselfde is as om die daad te begaan. Glaukos het toe die geld aan die Milesiër se kinders teruggegee; maar, sê Leutuchides aan die Atheners, daar bestaan vandag géén nakomeling van Glaukos en daar is geen huis wat beskou word as die huis van Glaukos nie — hy is met wortel en tak uitgeroei.

Uit die verhaal blyk dat vir die Grieke, altans van die Argaïese tydperk, dit een van die grootste skandes was dat oneer oor 'n huis kom en die familie (geslag) heeltemal uitsterf. Vir Theognis of ons digter egter was hierdie soort 'geregtigheid van die gode' nie aanvaarbaar nie: 'n man moes in sy eie persoon vir sy oortredings betaal of (vroeg?) deur die doods(lot) daarvoor gestraf word voordat Geregtigheid hom ingehaal het (reëls 207–208).

LITERATUUR

Gerber, *Euterpe* 286–287.

Highbarger, *AJPh* 50 (1929) 341–359.

Hudson-Williams 189.

Huijing en van Raalte, *Lampas* 14 (1981) 5–16 (afgekort as H-vR), met 'n uitvoerige literatuurlys, pp. 15–16.

Van Groningen, *Theognis* 77–81.

(CAvR)

(f) REËLS 351–354

Die vloek van armoede

(Vgl. reëls 173–178.)

᾽Α¹ δειλὴ πενίη, τί μένεις προλιποῦσα παρ' ἄλλον
 ἄνδρ' ἰέναι, μὴ δὴ μ'² οὐκ ἐθέλοντα φίλει,
 ἀλλ' ἴθι καὶ δόμον ἄλλον ἐποίχεο, μηδὲ μεθ' ἡμέων
 αἰεὶ δυστήνου τοῦδε βίου μέτεχε.

1. VERSMAAT

Elegiese koeplet, met sunizesis in ἡμέων (353).

2. KOMMENTAAR

351 ᾗ: dit kom by Homeros altyd voor in verbinding met 'n vorm van δειλός, en altyd ook aan die begin van die reël soos hier: vgl. *Il.* 11,441 en 816, en ander passasies waarna Van Groningen 141 verwys.

πενίη: kyk onder Interpretasie.

351–352 μένεις: 'stel jy uit'. Campbell let daarop dat daar geen ander voorbeeld is van μένω + infinitief met die betekenis 'uitstel' nie, maar dat die *konstruksie* voorkom in Aisch. *Eu.* 677: μένω δ' ἀκοῦσαι, 'ek wag om te hoor'. Hy vergelyk ook Aisch. *A.* 459: μένει δ' ἀκοῦσαι, 'wag om te hoor'. Van Groningen 141 verwys verder (vir die konstruksie met die infinitief en die betekenis 'wag') na *Eu.* 732 (afgesien van 677): δίκης γενέσθαι τῇσδ' ἐπλήκοος μένω, en veral na Soph. *Ph.* 836: πρὸς τί μενοῦμεν πρᾶσσειν; hy verwys egter verkeerdelik na Hom. *Il.* 4,427 en Pind. *P.* 3,16 waar ons nie dieselfde konstruksie as hier het nie, maar 'n akkusatief en infinitief na μένω met 'n ander subjek as dié van μένω. Vgl. Van Groningen 141 vir die drie moontlike vertolkings van reël 351.

προλιποῦσα: veronderstel με.

1. codd.: ὦ befgm (inferior.codd.)

2. Bekker: μ' ἦν δὴν ... φίλει A: τί δὴ μ' O: τί δὲ δὴ μ' p: φιλεῖς ο: μὴ λῆ μ' ... φιλεῖν Bergk: μὴ δὴν μ' Hudson-Williams: μὴ ὦν δὴν Young

353–354 ἡμέων ... βίου μέτεχε: normaalweg neem die ww. μετέχει die deelsgenitief van die ding (soos hier) en die datief (*commodi*) van die persoon. Hier word die datief vervang deur μετά met die genitief; vgl. σύν met die datief in Soph. *El.* 1168: ξὺν σοὶ μετείχον τῶν ἴσων (Van Groningen 142).

3. STRUKTUUR

Die kwatryn volg 'n parallelle opbou-patroon:

- A 351–352 (a) in die vorm van 'n vraag: παρ' ἄλλον ἄνδρ' ἵεναί;
 (b) en 'n negatiewe bevel: μὴ ... φίλει
 B 353–354 (a) in die vorm van 'n bevel: ἀλλ' ἴθι κτλ.
 (b) en 'n negatiewe bevel: μηδὲ ... μέτεχε.

Let daarop dat A(a) en B(a) dieselfde tema het. Vgl. ook die chiasme ἄλλον ἵεναί: ἴθι ... ἄλλον. Daar val 'n klem op ἄλλον aan die einde van reël 351, en op ἀλλ' aan die begin van 353 waarin dit verder versterk word deur die tweede ἄλλον.

Kyk verder onder Interpretasie.

4. INTERPRETASIE

4.1 Let daarop dat πενίη, Armoede, hier — in teëstelling tot πενίη in reëls 173–178 (kyk bo p. 172) — gepersonifieer word, en wel as Vrou (die personifikasie is blykbaar volledig, en nie bloot 'plus ou moins' soos Van Groningen 142 dit stel nie). Die basiese funksie van die personifikasie is om die armoede uit te beeld as 'n lastige vrou in 'n liefdesverhouding waarvan die digter ontslae wil raak — en nie kán nie. Sy moet hom verlaat en 'n ander man soek, sy moet hom nie teen sy sin bemin nie, sy moet na 'n ander huis gaan, en sy moenie sy rampspoedige lewe met hom deel nie.

Vir die personifikasie, vgl. die vertaling van Wender 109:

'Ah Poverty, you slut! Why do you stay?
 Why love me when I hate you? Please betray
 Me for another man, and be his wife;
 Why must you always share my wretched life?'

4.2 Die twee temas, wat eintlik twee kante van dieselfde saak is, is:

- (i) A(a) en B(a): die gedagte dat Armoede (as vrou) hom *moet verlaat vir 'n ander*,
 (ii) A(b) en B(b): die gedagte dat Armoede hom *nie* (soos 'n vrou) *moet aankleef nie*.

Let ten slotte op die herhaling van swaarmoedige η-klanke in die stuk (7 keer) — sou dit doelbewus deur die digter só aangewend gewees het?

LITERATUUR

Campbell 365.

Hudson-Williams 200.

Van Groningen, *Theognis* 141–142.

(CAvR)

(g) REËLS 355–360

Standvastigheid in teëspoed

Τόλμα, Κύρνε, κακοῖσιν, ἐπεὶ κάσθλοῖσιν ¹ ἔχαιρες,	355
εὐτέ ² σε καὶ τούτων μοῖρ' ἐπέβαλλεν ἔχειν·	
ὥς δέ περ ³ ἐξ ἀγαθῶν ἔλαβες κακόν, ὥς δέ καὶ αὖθις ⁴	
ἐκδῦναι πειρῶ θεοῖσιν ἐπευχόμενος.	
μηδὲ λίην ⁵ ἐπίφαινε· κακὸν δέ τε, Κύρν', ἐπιφαίνων ⁶	
παύρους κηδεμόνας σῆς κακότητος ἔχεις.	360

1. VERSMAAT

Elegiese koeplet, met sunizesis in 358: θεοῖσιν.

2. KOMMENTAAR

355 τόλμα: Theognis gebruik hierdie woord met die akk. (591; vgl. Eur. *Hec.* 333; Plato *Lg.* 872e), deelwoord (442; vgl. Hom. *Od.* 24, 162; Eur. *Hipp.* 476), en infinitief (81; vgl. o.a. Hom. *Il.* 8, 424; *Od.*

1. p: κ'έσθλοῖσιν AO: κέσθλοῖσιν Carrière

2. codd.: οὔτε A: οὐ τέ Van Groningen: εὐτέ Carrière Young West

3. codd.: ὥς δέ πρην Ahrens: ὥσπερ δ' Hermann

4. A: αὖτις p

5. codd.: μηδὲ λίαν O: μηδ'άνην Geel: μηδὲ δύνη Nauck: μὴ πενίην Bergk

6. Wopkens Brunck: ἐπιφαίνειν codd.

9, 332; Soph. *Ai.* 528; Arist. *Nu.* 550). Hier lyk die gebruik absoluut te wees — met die datief *κακοῖσιν* lokatief in funksie (= ἐν κακοῖς; vgl. 330) — soos meestal in Grieks (vgl. o.a. Hom. *Il.* 10, 232: ἐν φρεσὶ θυμὸς ἐτόλμα; Aisch. *Pr.* 237: ἐγὼ δ' ἐτόλμησ'; en Theog. 555: χρὴ τολμᾶν ... ἐν ᾧ λγαι ...). Alhoewel ἐσθλοῖσιν ἔχαιρες die konstruksie kon beïnvloed het (Van Groningen), is dit normaal genoeg daarsonder.

κάσθλοῖσιν: = καὶ ἐσθλοῖσιν, met καί beklemtonend: 'ook' (by die hele bysin), soos in reël 356 (maar alleen by τούτων).

- 356 εὔτε: 'toe'. Van Groningen verdedig οὗ τέ (teenoor die 'banale' εὔτε) deur οὗ as 'n lokatiewe genitief te neem wat omstandighede uitdruk (soos by Soph. *El.* 1259; *Ph.* 1049): 'soos', 'na gelang'. Paleografies en semanties is daar uiteindelik weinig te kies tussen οὔτε en εὔτε.

τούτων: sc. τῶν ἐσθλῶν. Die deelsgenitief veronderstel iets soos τινά (Van Groningen), of ἔχειν in die sin van μέτεχειν.

ἐπέβαλλεν: vgl. 1188: εἰ μὴ μοῖρ' ἐπὶ τέρμα βάλοι. Die werkwoord is meer toepaslik op ongeluk (Hudson-Williams), en word gewoonlik onpersoonlik gebruik (Van Groningen: vgl. Hdt. 2,180,1: τοὺς Δελφοὺς δὲ ἐπέβαλλε τεταρτημόριον παρασχεῖν ('dit het die Delphiërs ten deel geval om 'n kwart te voorsien'). Vgl. ook Eur. *Med.* 1113–1114; asook TGL IV,1527B.

- 357 ὥς δέ περ: = ὥσπερ δέ (tmesis); vgl. ook Hom. *Od.* 19,385: ὥς σὺ περ; *Il.* 5,806: ὥς τὸ πάρος περ.

ἐξ ἀγαθῶν: 'ná die goeie' soos by 836: ἐξ ἀγαθῶν ἐς κακότητ' ἔλαβεν (vgl. Van Groningen) eerder as 'ná die goeie dae' (Carrière) of die onmoontlike 'van goeie manne' (Edmonds) — die gode of μοῖρα (356, 358) stuur immers die goeie of kwade.

- 358 ἐκδῦναι: die gewone vorm van die aor. 2 infin. van ἐκδύω, teenoor die epiëse ἐκδύμεν (bv. Hom. *Il.* 16,99); die betekenis is 'uitkom (van)', 'weggaan (van)' (+ gen.), en 'ontsnap (uit)', 'vermy' (+ akk.), maar hier absoluut gebruik: 'ontsnap', 'ontkom', of (in seevaardertaal) 'opduik'. Van Groningen herlei die beeld na 'n swemmer wat gevaar loop om te verdrink, en Hudson-Williams suggereer ontsnapping uit 'a sea of troubles'; maar geeneen verskaf 'n parallel vir so 'n gebruik van ἐκδύναι nie. Vgl. egter Eur. *IT* 602 waar ἐκδύναι κακῶν in 'n seevaart-konteks voorkom. Vgl. ook Plato *Phd.* 109d: ἐκδὺς καὶ ἀνακύψας

τῆς θαλάσσης, waar dit egter net dui op verskyning uit die see, nie ontkoming nie. ἐκδύναι kan egter ook die betekenis dra van die ontslaeraak van iets wat hinderlik is, waarvoor daar ook parallele in Grieks bestaan: τὸ γῆρας ἐκδύς (Aristoph. *Pax* 336); γῆρας ἐκδύνειν (van 'n slang wat vervel: Arist. *HA* 549b26).

359 μηδὲ λίην: die tema van matigheid verskyn weer in 372, 559 en 592.

ἐπίφαινε: intransitief gebruik: 'laat blyk', 'vertoon'; volgens Van Groningen kom die aktiewe gebruik eers in κοινή-Grieks voor. Vir die gedagte vgl. 989–990: πῖν' ὁπόταν πίνωσιν ὅταν δέ τι θυμὸν ἀσηθῆς, / μηδεὶς ἀνθρώπων γινῶ σε βαρυνόμενον; Pind. fr. 42 Snell: ἀλλοτρίοισιν μὴ προραίνειν, τίς φέρεται / μόχθος ἄμμιν; Eur. fr. 460 Nauck²: εἰ δ' οὖν γένοιτο, χρὴ περιστεῖλαι καλῶς / κρύπτοντα καὶ μὴ πᾶσι κηρύσσειν τάδε; fr. 553 Nauck²: ἐκμαρτυρεῖν γὰρ ἄνδρα τὰς αὐτοῦ τύχας / εἰς πάντας ἀμαθές, τὸ δ' ἐπικρύπτεσθαι σοφόν.

κακόν κτλ.: met die lesing ἐπιφαίνων (part.) is κακόν 'n seldsame voorwerpsakkusatief; met die lesing ἐπιφαίνειν moet 'n ἐστὶ by die adjektiewiese κακόν veronderstel word (soos by Van Groningen 143, wat egter in sy teksweergawe op p. 142 ἐπιφαίνων behou), asook 'n asindetiese verbinding met reël 360. In die eerste oplossing is die gebruik van die akk. uitsonderlik; in die tweede oplossing is die sin minder natuurlik en treffend (*pace* Van Groningen: 'ἐπιφαίνων ... une phrase plus faible'; 'T'asynète accentue la force de l'argument'): 'dit is tog sleg, Kurnos, om te laat blyk: jy't min vertroosters' is nie so effektief as 'en as jy tog leed laat blyk, Kurnos, het jy min vertroosters' ...

δέ: hier 'want' nie.

360 κακότητος: 'ellende', 'ongeluk'; vgl. die kommentaar by 42.

3. STRUKTUUR

3.1 SKEMA

- | | |
|-------------------|---|
| Koeplet A 355–356 | (a) Positiewe oproep tot τλημοσύνη in teëspoed ná vreugde.
(b) Rede: na vreugde kom smarte as lewenswet. |
| Koeplet B 357–358 | (b) Lewenswet herhaal: na vreugde kom smarte. |

- (a) Positiewe oproep om uit smarte te kom met hulp van gode.

- Koeplet C 359–360 (a) Negatiewe oproep: géén vertoon van smarte.
(b) Rede: só vind 'n mens geen vertrooster.

3.2 LET OP

- (i) die antitese in τόλμα ... κακοῖσιν : ἐσθλοῖσιν ἔχαιρες (355) en ἐξ ἀγαθῶν : κακόν (357);
(ii) die chiastiese τόλμα κακοῖσιν — ἐσθλοῖσιν ἔχαιρες : ἐξ ἀγαθῶν — ἐκδῦναι πειρῶ (sc. τούτων τῶν κακῶν);
(iii) die omraming met κακοῖσιν (355) en κακότητος (360).
(iv) die herhaling ἐπίφαινε en ἐπιφαίνων (359).

4. INTERPRETASIE

4.1 Die eerste koeplet (355–356) verduidelik aan Kurnos (en ander) dat voorspoed en teëspoed, geluk en ellende mekaar afwissel na gelang die noodlot, μοῖρα, die mens behandel. Kurnos word aangeraai om te volhard in teëspoed nes hy in voorspoed verheug was. In reël 355 stel κακοῖσιν en ἐσθλοῖσιν die antitese, en τόλμα en ἔχαιρες, aan die begin en einde van die reël, omsluit die gedagte. Die tweede reël van die koeplet stel Kurnos se huidige situasie in teëspoed, wat in die volgende koeplet weer opgeneem word. Dit is onnodig om Kurnos se omstandighede te identifiseer (Theognis presiseer nie die κακόν of ἀγαθόν in hierdie reëls nie), maar dit sou dalk, soos Van Groningen 144 suggereer, met die onsekere en wisselende ekonomiese, politieke en sosiale situasie van die adel in hierdie tyd verband gehou het (vgl. ook Lesky 169). Belangriker is die digter se raad aan Kurnos: volharding en gebed.

4.2 Die derde koeplet (359–360) gee verdere inhoud aan die begrip τόλμα. Dit behels die aanvaarding van wat die noodlot stuur, en die besef dat net die gode hierdie lot kan verander (356–358), maar nou word bygevoeg dat die individu ook enige vertoon of blyke van ongeluk of leed moet vermy. In Fränkel se woorde is τόλμα 'a specific form of courage and resistance ... a strong and composed attitude of mind; a spirit of resistance which sets the oppressed on his feet again' (EGP 421). Die reëls is dus nie pessimisties of fatalisties nie (vgl. bv. oor Archil. fr. 7, 10D: τλήτε, en Theog. 442). Eienaardig vir ons is die rede wat Theognis vir dié optrede verskaf: vertoon van ongeluk verdryf ander se simpatie — juis wanneer dit benodig word. Dit is 'n

praktiese oorweging (aldus Fränkel 421), maar hou sekerlik ook verband met die gedagte dat net die gode hulp kan verleen; ander mense kan tog nie help nie; sulke vertoon van ellende is dus nutteloos en eintlik 'n teken van swakheid. Theognis bepleit dus individuele τόλμα in die aangesig van die universele natuurwette.

LITERATUUR

Fränkel, *EGP* 421.

Hudson-Williams 200–201.

Lesky 168–171.

Van Groningen, *Theognis* 142–144.

(WJH)

(h) REËLS 425–428

Waarom nog lewe?

Πάντων ¹ μὲν μὴ φῦναι ἐπιχθονίοισιν ἄριστον,	425
μηδ' ἐσιδεῖν ² αὐγάς ὀξέος ³ ἡλίου,	
φύντα δ' ὅπως ὤκιστα πύλας Ἀῖδαο περῆσαι,	427
καὶ κεῖσθαι πολλὴν γῆν ἐπαμησάμενον ⁴ .	

1. VERSMAAT

Elegiese koeplet.

2. KOMMENTAAR

425 πάντων ... ἄριστον: vanweë die skeiding tussen die twee val daar 'n sterk klem daarop aan die begin en die end van

1. codd.: ἀρχὴν μὲν getuies behalwe Klemens

2. codd.: ἰδέειν Sext.Emp.Pyrrh. hypot.3.231: ἐπιδεῖν Paroem. Gr.2.148.4: ἐσορᾶν Clem. Strom.3.15.1

3. codd.: ὀξέας Stob. (4.52.30) A

4. codd.: ἀπαμησάμενον Stob.A: γαίαν ἐφεσσάμενον Sext.Emp.: ἐπιεσσάμενον Bergk

die reël, terwyl πάντων nog verder beklemtoon word deur die daaropvolgende μέν.

425–426 φύναι ... / ... ἐσιδεῖν: ingressiewe aoristus (Van Groningen).

426 αὐγάς ... ἡελίου: 'n Homeriese formule, bv. *Od.* 2,181: ὑπ' αὐγάς ἡέλιου.

ὄξέος: gaan grammaties saam met ἡελίου. Vertaal dit egter saam met αὐγάς: 'die skerp strale van die son'; vgl. *Hom. Il.* 17,371–372: αὐγή/ἡελίου ὄξεϊα. (Vir ander parallelle passasies, kyk Van Groningen 169). Die skerp, brandende strale van die son in Griekeland was, en is tot vandag toe, bekend.

427 πύλας Ἀΐδαο περήσαι: 'n Homeriese formule, vgl. *Il.* 5,646 en 23,71: πύλας Ἀΐδαο περήσειν / περήσω, wat ook in *Theognis* 906 weer opduik: εἰς Ἀΐδαο περᾶν.

428 κεῖσθαι: van 'n dooie gesê reeds in *Hom. Il.* 5,467: κεῖται ἀνὴρ en 16,541: κεῖται Σαπηιδών.

ἐπαμυσάμενον: van ἐπαμάομαι, '(vir jouself) ophoop', d.w.s. 'selfmoord pleeg'. Vgl. *Hom. Od.* 5,482; Hudson-Williams 205–206: 'dig a grave for yourself'.

Vir enkele parallelle pessimistiese passasies in ander skrywers, kyk Campbell 366; vollediger in Van Groningen 169–170.

3. STRUKTUUR EN INTERPRETASIE

Die kwatryn bestaan uit twee temas wat twee kante van die saak is; dit word telkens in die heksameter vervat en dan in die pentameter uitgebrei:

Tema A 425:	nie gebore te geword het nie	_____	a
426:	nie die sonlig te aanskou het nie.	_____	
Tema B 427:	gou na Hades te gaan	_____	b
428:	begrawe te lê onder 'n hoop.	_____	

Let op dat 425 en 428 die tema d.m.v. 'n (a) realistiese beskrywing weergee, terwyl 426 en 427 dit (b) metafories weergee.

Net soos in reëls 351–354 oor armoede, kry ons weer 'n herhaling van swaarmoedige η-klanke in die stuk (7 keer) — toevallig?

LITERATUUR

Campbell 366.

Hudson-Williams 205--206.

Van Groningen, *Theognis* 169--171.

(CAvR)

(i) REËLS 441--446

Standvastigheid in teëspoed

Οὐδείς γὰρ¹ πάντ' ἐστὶ πανόλβιος· ἀλλ' ὁ μὲν ἐσθλὸς
τολμᾷ ἔχων² τὸ κακὸν κοῦκ ἐπίδηλος ὅμως³.
δειλὸς δ' οὔτ' ἀγαθοῖσιν ἐπίσταται οὔτε κακοῖσιν⁴
θυμὸν ἔχων μίμνειν. ἀθανάτων δὲ⁵ δόσεις
παντοῖαι θνητοῖσιν ἐπέρχοντ'· ἀλλ' ἐπιτολμᾶν
χρὴ δῶρ' ἀθανάτων, οἷα διδοῦσιν, ἔχειν. 445

1. VERSMAAT

Elegiese koeplet.

2. KOMMENTAAR

441 γάρ: inseptief want daar is duidelik geen verbinding met die voorafgaande reëls nie.

1. A: om.O: τοι p

2. AO: ἔχειν o

3. O: ὅμως A

4. A: κακοῖσιν ... ἀγαθοῖσιν o

5. O: τε Ap

πάντ(α): accusativus respectus, 'in alles', met adverbiale krag: 'in alle opsigte', 'geheel en al'. Vgl. 897: Ζεὺς εἰ πάντ' ἀνδρεσσι ... χαλεπαίνει; Hom. *Od.* 8, 214: πάντα γὰρ οὐ κακὸς εἰμί. Die gedagte keer terug in Bakch. 5, 54 en A.P. 12, 96.

442 τολμᾶ: vgl. by reëls 355 en 1029.

ἔχων: die deelwoord met τολμᾶ gee die betekenis: 'die dapper man volhard as hy teëspoed as deel van sy lot kry of verdra', vgl. Hom. *Od.* 24, 162: ἐτόλμα βαλλόμενος: 'hy't dit verduur om geslaan te word', 'terwyl hy geslaan word'. Die ander tekslesing ἔχειν as prolatiewe infinitief by τολμᾶ (soos in 81, 377 en meer dikwels in Grieks) sou beteken: 'hy waag/verduur om teëspoed te hê/verdra' — 'n minder bevredigende interpretasie. ἔχειν beteken hier 'verdra', soos in 232: ἦν (= ἄτην) ἄλλοτε ἄλλος ἔχει.

ἐπίδηλος: gewoonlik 'duidelik', maar hier 'vertonend', 'terwyl hy dit ... vertoon', met ἔχων τὸ κακὸν veronderstel. Vgl. Hdt. 8, 97, 1: θέλων μὴ ἐπίδηλος εἶναι; Aristoph. *Eccl.* 661: κλέπτων ... ἐπίδηλος; en ook ἐπιφαίνων, 359.

ὁμως: 'nietemin'; dit versterk eintlik die konsessiewe καί(περ); vgl. 1029 en Mimn.fr.1,6. Vgl. LSJ s.v. ὁμως; Van Groningen 177.

443 ἀγαθοῖσιν ... κακοῖσιν: die datief dui die omstandighede aan.

444 θυμὸν ἔχων: 'terwyl hy sy gevoelens ... beheer', d.i. gelyk aan θυμὸν ἴσχων; vgl. Hom. *Od.* 15, 445: ἔχετ' ἐν φρεσὶ μῦθον.

μῖμνειν: intransitief 'wag', 'uithou', 'standvastig bly', 'n militêre term: vgl. Hom. *Il.* 15, 727: Αἶας δ' οὐκέτ' ἔμμνει.

ἀθανάτων: subjektiewe genitief.

445 ἐπέρχοντ(αι): in metaforiese sin soos in 728: κακὸν γῆρας ἐπερχόμενον.

446 οἷα: d.w.s. alle δῶρα, goed én sleg, alhoewel τολμᾶ en ἐπιτολμᾶν wys dat Theognis hoofsaaklik aan τὰ κακά dink.

ἔχειν: = φέρειν, 'verdra', soos in 442. Van Groningen 178 vestig die aandag op die grondgedagte van besitting ('un espèce de "possession durable"').

3. STRUKTUUR

3.1 SKEMA

A	441–442	a	gnomê: niemand is πανόλβιος nie.	}
		b	die ἐσθλός volhard ten spyte van teëspoed en wys dit nie (οὐκ ἐπίδηλος).	
B	443–445	b	die δειλός vertoon in voorspoed én teëspoed gebrek aan selfbeheersing (οὐτ' ... θυμὸν ἔχων) en geduld (οὔτε ... μίμνειν).	}
		a	gnomê: die gode gee	
	445a		verskeie dinge aan die mensdom.	
C	445b–446		oproep: ons moet alles wat hulle gee behou/verdra.	

3.2 LET WEL

- (i) chiasme: gnomai (441 ~ 444–445) omraam die antitese: ἐσθλός/τολμᾷ ἔχων τὸ κακὸν κοῦκ ἐπίδηλος (441–442) ~ δειλὸς ... οὐτ' ἀγαθοῖσιν ... οὔτε κακοῖσιν / θυμὸν ἔχων μίμνειν (443–444);
- (ii) die herhalings in οὐδεις ... πάντ' ... / τολμᾷ ἔχων τὸ κακὸν (441–442) ~ παντοῖαι θνητοῖσιν ... ἐπιτολμᾶν / ... δῶρ' ... ἔχειν (445–446), telkens met verskil in betekenis.

4. INTERPRETASIE

Die tema is basies dieselfde as in reëls 355–360, nl. stille τόλμα in teëspoed. Maar daar is nou bykomstige gedagtes: die mens moet verwag dat hy absolute geluk nooit sal beleef nie; uiterlike vertoon van ongeluk in teëspoed verraaï 'n swakkeling of lafaard. Die gedagte kom vóór Theognis (bv. Hom. *Il.* 24, 527 e.v.; Archil. fr. 67a D) en ook elders by Theognis voor: τολμᾶν χρῆ τὰ διδοῖσι θεοί ... / ῥηιδίως δὲ φέρειν ἀμφοτέρων τὸ λάχος (591–592).

Hierdie reëls kom ook in effens gewysigde vorm in 1162 a–f voor.

LITERATUUR

Hudson-Williams 206.

Van Groningen, *Theognis* 177–179.

(j) REËLS 699–718

Die mag van rykdom

Πλήθει δ' ἀνθρώπων¹ ἀρετὴ μία γίνεται² ἥδε,
 700 πλουτεῖν τῶν δ' ἄλλων οὐδὲν ἄρ' ἦν ὄφελος,
 οὐδ' εἰ σωφροσύνην μὲν ἔχεις³ Ῥαδαμάνθυος αὐτοῦ,
 πλείονα δ' εἰδείης⁴ Σισύφου Αἰολίδεω⁵,
 ὅς τε καὶ ἐξ Ἀΐδεω⁶ πολυῖδρήσιν ἀνῆλθεν,
 πείσας Περσεφόνην αἰμυλίοισι λόγοις,
 705 ἦ τε βροτοῖς παρέχει λήθην, βλάπτουσα νόοιο⁷.
 ἄλλος δ' οὐπω τις τοῦτό γ' ἐπεφράσατο⁸,
 ὄντινα δὴ θανάτοιο μέλαν νέφος ἀμφικαλύψῃ⁹,
 ἔλθῃ δ' ἐς σκιερὸν χῶρον ἀποφθιμένων¹⁰,
 κυανέας τε πύλας παραμείψεται, αἶ τε θανόντων
 ψυχὰς εἰργουσιν καίπερ ἀναινομένας·
 710 ἀλλ' ἄρα κακέϊθεν¹¹ πάλιν ἤλυθε Σίσυφος ἥρως¹²
 ἐς φάος ἡελίου σφῆσι πολυφροσύναις·
 οὐδ' εἰ ψεύδεα μὲν ποιοῖς¹³ ἐτύμοισιν ὁμοῖα,
 γλῶσσαν ἔχων ἀγαθὴν¹⁴ Νέστορος ἀντιθέου,

1. codd.: πᾶσιν δ' ἀνθρώποις Stob. (4.31.3) SMA

2. codd.: γίγνεται Stob.SMA

3. A: ἔχεις O: ἔχει Stob.MA p.c.

4. codd.: εἰδείῃ Stob.SMA

5. A Stob.SMA: αἰολίδου σισύφου o

6. codd.: αἶδαο o

7. AO: νόημα p

8. AO: ἐφράσατο o

9. AO: ἀμφικαλύψοι o

10. codd.: ἀποφθιμένος A

11. codd.: καὶ κείθεν Bekker

12. A: πάλιν ἤλθε σισύφορος γ' ἥρως O: σίσυφος πάλιν ἤλυθεν ἥρως p

13. AO: ποιεῖς o

14. codd.: ἀγανὴν Hecker

ώκύτερος δ' εἴησθα πόδας ταχέων Ἀρπυιῶν 715
καὶ παίδων Βορέω¹⁵, τῶν ἄφαρ εἰσὶ πόδες.
ἀλλὰ χρῆ¹⁶ πάντα¹⁷ γνώμην ταύτην¹⁸ καταθέσθαι,
ὥς πλοῦτος πλείστην πᾶσιν ἔχει δύναμιν.

1. VERSMAAT

Elegiese koeplet met sunizesis in Αἰολίδεω (702) en Ἀτδέω (703).

2. KOMMENTAAR

699 πλήθει: dat. van die persoon wat oordeel: 'vir die meerderheid', 'na die oordeel van die meerderheid' (soos Aisch.Pers. 413–414: πλήθος ἐν στενῷ νεῶν / ἥθροισεν) ten spyte van Stobaeus 4, 31 se πᾶσιν δ' ἀνθρώποις.

δ': dui op die binding van hierdie reëls met die gedig as groter geheel, alhoewel hierdie gedeelte 'n aparte 'carmen integrum' (Young) is. Vgl. Van Groningen 274.

ἀρετή: in Theognis altyd 'voortreflikheid' (Van Groningen); die mitologiese *exempla* versinnebeeld hier die spesifieke ἀρεταί: insig en geregtigheid (Rhadamanthus), vindingrykheid (Sisuphos), welsprekendheid (Nestor), en vlugheid van voet (Harpye, Boreadai)

γίνεται: 'blyk te wees'; vgl. by Mimn. fr.1,4.

700 πλουτεῖν: die idee verskyn ook by Hes. Op. 686: χρήματα γὰρ ψυχὴ γίνεται δειλοῖσι βροτοῖσιν, en in die spreekwoord χρήματ' ἀνὴρ (Alk. fr. 360L-P; Pind. I. 2, 11 met die scholia).

οὐδὲν ἄρ' ἦν ὄφελος: ἄρ(α) beteken hier met die imperf. 'kennelik', 'soos dit blyk', asof 'n bestaande verskynsel nou eers besef word; vgl. Denniston 36–37; Van Groningen 274–275; Hudson-Williams 221: 'to denote a broken illusion' (soos by Hom. Il. 10, 46; Soph. Ph. 1082).

15. AO: βορέου ο

16. AO: ἀλλὰ γε p

17. codd.: πάντως A

18. codd.: ταύτην γνώμην πάντας Stob.SM (-ως Stob.A): ταύτη Bergk

701–702 εἰ ... ἔχοις ... εἰδείης: die optatief is potentialis: ‘as jy ... sou kon’.

σωφροσύνην ... ῥαδαμάνθυος: seun van Zeus en Europa, en broer van Minos met wie hy oor die siele in Hades geoordeel het. Sy wysheid en geregtigheid kom voor o.a. by Pind. *P.* 2, 73–74, *O.* 2, 75 en Ibuk. fr. 28P. Plato (*Ap.* 51a) laat Sokrates hom die ware regter noem: ὡς ἀληθῶς δικαστής. Vgl. verder Roscher, IV, kol. 77–86.

αὐτοῦ: ‘self’, ‘persoonlik’.

702 πλείονα δ’ εἰδείης Σισύφου: oor Sisuphos vgl. ook Alk. fr. 38, 5 L-P. Reeds by Homeros is hy κέρδιστος ἀνδρῶν (*Il.* 6, 153), en by Hesiodos αἰολόμητις (fr. 10, 2 Merkelbach-West); vgl. ook Pind. *O.* 13, 52: πυκνότατος παλάμαις; Aristoph. *Ach.* 391: (sy) μηχαναί. Die formule Σίσυφος Αἰολίδης verskyn by Hom. *Il.* 5, 154, Alk. fr. 38L-P, en Hor. *Carm.* 2, 14, 20 (*Sisyphus Aeolides*).

703 ὅς τε: die partikel is kousaal in effek; vgl. Denniston 522.

καί: beklemtonend: ‘selfs’.

πολυῖδρίσιν: ‘vindingrykheid’, ‘veelwetendheid’; vgl. Alk. fr. 38, 7L-P, waar dit meer negatief ‘listigheid’ beteken (soos in Homeros).

704 Περσεφόνην: koningin van Hades; vgl. Pind. *O.* 14, 20; *I.* 8, 55; Eur. *Alc.* 357. Vir die verhaal van Sisuphos se besoek aan Hades, vgl. Pherekud. 119 (= *FGrHist* I, 92) en Roscher, IV, kol. 958–972. Sisuphos het voor sy dood sy vrou Meropê versoek om met sy dood nie die gebruikelike begrafnisrites uit te voer nie. By sy aankoms in Hades het hy Pluto oorreed om hom na die bowêreld terug te laat gaan om Meropê te straf. Daar het hy geweier om terug te kom, en eers as ou man tot sterwe gekom.

705 βλάπτουσα νόοιο: die genitief is lokaliserend: ‘in die verstand’. Persephone kon ook die νόος teruggee: Hom. *Od.* 10, 494.

707 θανάτοιο ... ἀμφικαλύψη: dié formule kom in Homeros net so voor: πρίν γ’ ὅτε δὴ θανάτοιο μέλαν νέφος ἀμφεκάλυψεν (*Od.* 4, 180); θανάτου δὲ μέλαν νέφος ἀμφεκάλυψεν (*Il.* 16, 350). Die subjunkties druk onbepaaldheid (ὅγτινα) uit; vgl. ook ἔλθη (708).

708 ἔλθη: die onderwerp is ὅς van ὄντινα veronderstel.

ἀποφθιμένων: (pf. part. pass. van ἀποφθίνω) = τεθνηκότων.

- 709 παραμείψεται: subjunktief met kort bindvokaal, soos in Mimn.fr. 2,9D.
- 710 ἀναινομένης: twee betekenis is moontlik: 'al weier hulle' (om Hades binne te gaan) of 'al pleit hulle onskuldig', 'al ontken hulle' (hul aardse sondes). Die eerste, hul teësinigheid, is die waarskynlikste.
- 711 ἀλλ' ἄρα: 'en (maar) tog selfs'; vgl. Denniston 42.
- 712 σφῆσι: van σφῶν (= σφέτερος), αὐτοῦ; gewoonlik is dit die 3de pers. mv. besitlike vnw., maar daar is gevalle waar dit, soos hier, vir die enk. gebruik word: bv. Hes. *Theog.* 397–398: ἦλθε ... Στύξ ... / σὺν σοφοῖσιν παιδείσει. Die mv. πολυφροσύναις is soos in die geval van πολυῖδρίησιν (703) intensifierend.
- 713 εἰ ... ποιοῖς: opt. soos ἔχοις (701), εἰδείης (702) en εἶησθα (715). ψεύδεα ... ἐτύμοισιν ὁμοῖα: 'n epiese formule (vgl. Hom. *Od.* 19, 203; Hes. *Theog.* 27). ψεύδεα is nie altyd 'leuens' nie, maar ook 'versinsels' (Van Groningen 277).
- 714 Νέστωρ: Nestor se welsprekendheid word deur Homeros genoem: Νέστωρ ἡδυεπής, λιγύς Πυλίων ἀγορητής / τοῦ καὶ ἀπὸ γλώσσης μέλιτος γλυκίων ῥέεν αὐδὴ (*Il.* 1, 247–248).
ἀντιθέου: vgl. Hom. *Od.* 11, 512: Νέστωρ ἀντίθεος.
- 715 εἶησθα: Aioliese uitgang vir εἶης; vgl. οἶσθα, ἔχεισθα; Schwyzer, I. 662(d).
πόδας: akk. van betrekking.
Ἄρπυιῶν: oor die Harpye, een waarvan 'Snelvoet' (Ποδάργη) geheet het (Hom. *Il.* 16, 150; vgl. ook Hes. *Theog.* 267–268), sien Roscher, I, kol. 1842–1847 (met illustrasies). Die Harpye is in Homeros 'die grypers', gevleuelde vroulike wesens, wat met storms en skielike dood geassosieer word; vgl. Hudson-Williams 221.
- 716 παίδων Βορέω: d.w.s. die Boreadai, Zêtês en Kalaïs, sneller as die Harpye (Apoll. 1, 9, 21); vgl. Roscher, I, 1, kol. 797–803 (met illustrasies).
τῶν: = ὧν.
ἄφαρ: 'n uitsonderlike gebruik van die bywoord as byvoeglike nw. Hom. *Il.* 13, 814 bied dalk 'n analoë geval: ἄφαρ δέ τε χεῖρες ἀμύνειν εἰσί.

717 καταθέσθαι: 'neerlê'. Die metafoor is onduidelik. Die tradisionele interpretasie is '(vir hul) inprent' as 'n lewenswaarheid (Hudson-Williams, Edmonds, Carrière, Adrados, Garzya). As parallelle word opgegee Hdt. 7, 82: Ἀρταβάνου τοῦ γνώμην θεμένου; Andok. 3,21: τίνα γνώμην ἔθεντο; Semon. fr. 29, 4D: στέρνοισ' ἐγκατέθεντο en Dion. Halic. *Rhet.* 9, 4: ἐτόλμησε τοιαύτην γνώμην κατάθεσθαι εἰς μέσον. Vgl. LSJ s.v. κατατίθημι II 6, veral 'lay up in memory/as a memorial'. Van Groningen 277–278 verwerp die parallelle as ontoepaslik (maar vgl. LSJ ook by τίθημι A I 5, II 6, III 1), en die vertolking self op grond daarvan dat dit die laaste twee reëls sarkasties maak. Hy stel voor 'n militêre metafoor soos κατατίθεσθαι τὰ ὄπλα, waar die 'neerlê' beëindiging beteken. Vgl. LSJ s.v. κατατίθημι II 1, 2 en τίθημι A II 10. Dan is die betekenis: 'almal moet hierdie gedagte laat vaar'. Van Groningen vind dan geen sarkasme in die reëls, ook nie in die Sisuphos-*exemplum*, nie. Maar Theognis het reeds aan die begin van die gedeelte die algemene opvatting gegee: dit is vir die meeste mense 'n 'wet' (699–700), en *almal* moet dit so aanvaar (717–718); nie eers mitologiese voorbeelde sal dié mening verander nie. Theognis is nie noodwendig ironies of sarkasties nie: hy stel die waarheid soos hy die werklikheid sien.

718 Let op die alliterasie.

3. STRUKTUUR

3.1 SKEMA

- | | | | |
|---|----------|---|---|
| A | 699–700a | : | <i>gnomê</i> : die meeste mense beskou rykdom as die enigste <i>aretê</i> . |
| B | 700b–716 | : | hul geringskatting van ander waardes; mitologiese <i>exempla</i> : |
| | οὐδ' εἰ | | 1. wysheid, insig — Rhadamanthus (701) |
| | | | 2. vindingrykheid — Sisuphos (702–712) |
| | οὐδ' εἰ | | 3. welsprekendheid — Nestor (713–714) |
| | | | 4. snelheid van voet — Harpye, Boreadai (715–716). |

- C 717–718 : almal moet hierdie *gnomê* (as 'n 'wet') neerlê
[of: almal moet hierdie *gnomê* neerlê (= laat
vaar)].

(Vgl. Van Groningen 278).

3.2 Die herhaling van οὐδ' εἰ dien nie om twee groepe *exempla* (1 + 2 en 3 + 4) simmetries te bind nie, maar eerder om ná die langer *Sisuphos-exemplum* die hooflyn van die gedagtegang weer te bevestig. Die geheel word omraam deurdat die *gnomê* van reëls 699–700a in 717–718 herbevestig word (vgl. πλήθει ~ πάντας ... πᾶσιν; πλουτεῖν ~ πλοῦτος; ἀρετὴ μία ~ πλείστην δύναμιν) — of (as καταθέσθαι as 'laat vaar' vertolk word) deurdat die *gnomê* van die aanvang deur die slot verwerp word.

3.3 Carrière beskou in sy teksuitgawe (59, 116–117) reëls 703–712 as 'n latere interpolasie omdat die *Sisuphos-exemplum* daardeur baie langer as die ander *exempla* word, en so 'n *digressio* die gedagtegang en simmetrie van οὐδ' εἰ ... οὐδ' εἰ versteur. Van Groningen 278–279 verwerp egter hierdie besware: die spasie tussen οὐδ' εἰ in 701 en 713 is nie problematies nie, en dit is ongewens om 'n simmetrie wat die outeur dalk nie bedoel het nie, op die passasie af te dwing. Theognis is eenvoudig deur die storie bekoor en wou daaroor uitwei.

4. INTERPRETASIE

4.1 Hierdie gedig word met Turtaios fr. 9D vergelyk, waar verskeie vorms van ἀρετή ter sprake kom, ook die tema van rykdom. Daar is sterk ooreenkomste: vgl. bv. die geheel-opset van stelling-argument-stelling, die mitologiese *exempla*, en die negatiewe inkleding (οὐδ' εἰ in Turtaios se eerste nege reëls vier maal, in Theognis se reëls twee maal); asook spesifieke woorde: Turtaios 13: ἥδ' ἀρετὴ ... ἐν ἀνθρώποισιν ~ 699: πλήθει ἀνθρώπων ... ἀρετὴ ἥδε; Turt. 8: γλώσσαν δ' Ἀδρήστου μειλιχόγηρυν ἔχοι ~ 714: γλώσσαν ἔχων ἀγαθὴν Νέστορος; Turt. 4: νικῶν δὲ θεῶν Θρηίκιον Βορέην ~ 715–716: ὠκύτερος ... Ἀρπυιῶν καὶ παίδων Βορέω. Vgl. Reitzenstein, *Epigramm und Skolion* 78; Carrière 116–117; Van Groningen 279; Highbarger 351.

Maar verskille is ewe duidelik. Van Groningen 279 wys daarop dat Turtaios se betoog positief is: fisiese moed is die beste ἀρετή;

Theognis, daarenteen, beskou rykdom *nie* as die beste ἀρετή nie; waar Turtaios die jong stryder oproep tot die soort ἀρετή wat die krisissituasie van sy πόλις vereis, fokus Theognis met satiriese oog en afkeur op die algemene opvatting oor rykdom. Verder, soos Highbarger 351 meld, is die hoogste ἀρετή vir Turtaios fisies, vir Theognis moreel en intellektueel. Die verskille tussen die twee digters se gedigte is radikaal, en Theognis se reëls is dus meer as 'n 'médiocre variation' (Carrière 117): die passasie reflekteer 'n verandering van opvatting by Theognis (en die samelewing?) oor wat ἀρετή behels.

4.2 Die mitologiese *exempla* is bedoel as 'bewys' vir die goeie uitwerking van deugde soos wysheid en insig, kennis, wel-sprekendheid en snelvoetigheid, maar ook as aanduiding van die dwaasheid van die massa se siening van rykdom as die enigste ἀρετή. Die lesse van die *exempla* ten spyt, verkies almal rykdom. Hesiodos het reeds rykdom en ἀρετή in verband gebring (*Op.* 313) en gewaarsku teen die onregverdigde verkryging van rykdom (*Op.* 319–334; vgl. die kommentaar op Solon fr. 1D, 3D). Ook elders in Theognis se poësie kom die tema van rykdom en die verband daarmee met ἀρετή ter sprake (145–148, 149–150, 523–524, 683–686, 903–930, 931–932, 933–938, 1117–1118; vgl. 173–178 oor die armoede; en sien die bespreking van Fränkel, *EGP* 417–421).

Die besondere *exempla* wat deur Theognis ter illustrasie gekies is, was baie bekend en reeds eksemplaries vir hulle afsonderlike karaktereienskappe of prestasies. Theognis konsentreer ook op die tradisionele eienskappe of prestasies in die sleutelwoorde σωφροσύνην (701); πλείονα δ' εἰδείης (702), πολυῖδρήσιν (703), αἰμυλίοισι λόγοις (704) en πολυφροσύναις (712); ἐτύμοισιν (713), γλῶσσαν ἐν ἀντιθέον (714); ἐν ὠκύτερος ... πόδας ταχέων .../... ἄφαρ ... πόδες (715–716). Tog is daar twee dinge wat opval: die oorheersende aandag aan Sisuphos, en die groepering met οὐδ' εἰ (701, 713).

Die *excursus* oor Sisuphos is sekerlik te wyte aan Theognis se belangstelling in die verhaal ter wille van die verhaal (vgl. Struktuur). Maar ons moet aanvaar dat die Sisuphos-*exemplum* ook sy tema meer as die ander *exempla* gepas het. Om mee te begin, is die bepaalde verhaal van Sisuphos wat gekies is nie die meer gewone een van sy latere straf in die onderwêreld nie. Pherekudes (fl. c. 550 v.C., en dus 'n tydgenoot van Theognis) is naas Theognis die vroegste skrywer wat die verhaal van Sisuphos se ontvlugting uit Hades

opteken (vgl. Roscher, IV, kol. 961–962). (Die strafverhaal kom daarenteen reeds by Hom. *Od.* 11, 593 voor; vgl. Roscher, IV, kol. 964–965). Die doel van die keuse en die lang uiteensetting van besonderhede (sonder enige verwysing na Sisuphos se uiteindelijke lot in Hades) moes wees om Sisuphos se ἀρετή te beklemtoon. Hier, sê Theognis, is 'n geval waar iemand (Sisuphos) met sy kennis en vindingryke gebruik daarvan die dood vrygespring het. En dit is seker die grootste prestasie en prys vir 'n sterfling. Dat Sisuphos later tóg (en juis vir sy bedrog) gestraf is, is vir Theognis nie relevant nie.

Die prestasie van Sisuphos is groter as dié van Nestor en die Harpye en Boreadai — ten minste in die oë van Theognis. En hier word die groepering deur middel van οὐδ'εἰ relevant. Rhadamanthus en Sisuphos het albei met hul intellektuele vermoëns die dood oorwin: eersgenoemde het uiteindelik as regter in Hades opgetree, en Sisuphos het uit Hades ontsnap (onthou: Theognis ignoreer die strafverhaal). Hierdie *exempla* word deur die eerste οὐδ'εἰ (701) saam gegroepeer. Die prestasies van Nestor (ten spyte van ἀντιθέου) en die Harpye en Boreadai (wat as lede van die Argonaute-ekspedisie Phineios uit die kloue van die Harpye gered het) is in Theognis se waardesisteem laer. Hierdie *exempla* word deur die tweede οὐδ'εἰ (713) saamgesnoer.

Die Sisuphos-*exemplum* is dus geen ydele *digressio*, of voorbereiding vir 'n ontbrekende oproep tot *carpe diem* (Fränkel, *EGP* 419 n. 43; vgl. Van Groningen 279) nie. Dit vorm die fokus van Theognis se betoog.

LITERATUUR

Fränkel, *EGP* 417–421.

Henderson, *QUCC* 44 (1983) 83–90.

Highbarger, *AJPh* 50 (1929) 350–351.

Hudson-Williams 220–222.

Roscher, *Lexikon der griechischen und römischen Mythologie*.

Van Groningen, *Theognis* 274–279.

(WJH)

(k) REELS 731–752

Pleidooi vir die geregtiges

Zēu pátēg, eíthe yévoito theós filía toís hén álitóis
 yúβdēn áðēiv, kal spivn toúto yévoito filáon
 θυιῶ, σxήtαiα éðγa ηεtá φgeí θ' óotis áθειgής!
 éðγaύsouto thewv ηηδév óπιsθήενος,
 avtón éπειta πάλιν teíotai² κακά, ηηδ' éτ' óπιsσω
 πατρός áταoθαλάiα παoi yévoivto κακόν.
 αιδέs ó' óit' áδίκου πατρός tά δίκαια voevútes
 ποιωv, Kgovón, ovv xóλov áςθήενoi,
 éς ágchής tά δίκαια ηεt' áστοiouv φιλέovtes,
 ηηtίν vπeββάσιν avtiúvειv παtέγωv.
 taut' éτη ηκακάgεσσι θεoίς φιλά. vύv ó' ó ηέν
 égδwv éκφeyει, tó κακόν ó' áλλoς éπειta φέγει.
 kal toút', áθavάtwv βασιλέv, πws éστι δίκαιov,
 éðγwv vótis ávñg éκtós éwv áδίκwv,
 ηηtίν vπeββάσιν καtέχwv ηηθ' ³ ógkov áλιδόν,
 áλλá áδίκαιoς éwv ηηtá δίκαια πάθñ;
 tís dh vεκ βgótós áλλoς, ógwn πdós toútov, éπειτα
 áπot' ávñg éκtós kal áταoθαλός, ovte tει tει ávδpός
 ovte tει vάθavάtwv ηηvín áλγυθήένος,
 tóbδñ πλoύv óπwv κeκοδñtēvov, ol δέ. δίκαιοi
 tóbδxovtai χαλάειñ teígδñtēvov πειññ;

1. Bergk: δι' αὐτὰ φγεῖ δ' ο (θ') A: ηετὰ φgeí δ' ο (θ') O: αθ' /// / / / / / ηα A²: ἀμνηs Camerarius: vύφηνas Peek: éðγa ηεtá φgeí vótis áθειgής Hudson-Williams: éðγa ηεtá φgeí θ' óotis áμνηs Carrière: <δ' > éðγa ηεtá φgeí θ' óotis áμνηs Edmonds: éðγa t' áταtá φgeí δ' óotis t' áθηνñs Diehl-Young Van Groningen: éðγa ηεtá φgeí δ' óotis t' áθηνñs West

2. edd.: τίovι codd.: τίovι Carrière Hudson-Williams
 3. codd.: ηηδ' Bekker

750

745

740

735

1. VERSMAAT

Elegiese koeplet.

2. KOMMENTAAR

731–732 φίλα ... φίλον: ‘behaaglik’; volgens Van Groningen 285 dui die neut. mv. (ook in 741) op meer as net wat onmiddellik volg: dit behels die hele verdere ontwikkeling; m.a.w. waar φίλα na dinge in die algemeen, of derglike dinge betrek, is φίλον ‘n bepaalde voorbeeld daarvan, nl. τοῦτο κτλ. Dié gebruik van die mv. kom ook voor by o.a. Hdt. 1, 4: δῆλα γὰρ ὅτι οὐκ ἂν ἡρπάζοντο; Pind. *O.* 1, 52: ἐμοὶ δ’ ἄπορα εἰπεῖν; vgl. *P.* 2, 81: ἀδύνατα; *P.* 1, 34: ἐοικότα, maar die enkelvoud is meer normaal: vgl. Hom. *Il.* 22, 42: αἶθε θεοῖσι φίλος ... γένοιτο; *Od.* 1, 82: τοῦτο φίλον μακάρεσσι θεοῖσι. Uit Kühner-Gerth II,66–68 blyk dit dat die meervoud geen bepaalde betekenis het nie, en dus hier *metri causa* is (Verdenius in korrespondensie).

μέν: gevolg deur καί i.p.v. δέ, dui hier ‘n verdere aspek of argument in ‘n komplekser en gevarieerde geheel aan (Van Groningen); vgl. Denniston 374.

732 ἀδεῖν: vgl. 44: ἄδη.

καί: adversatief: lei ‘n teenoorgestelde wens in.

σφιν: = θεοῖς.

τοῦτο: antisipeer τεῖσαι (735).

733 σχέτλια ἔργα: vgl. Hom. *Od.* 9, 295: σχέτλια ἔργ’ ὀρόωντες; Hes. *Op.* 238: οἷς ... μέμλε ... σχέτλια ἔργα. Die oorgelewerde lesing is δι’ ατά φρεσι δ’(θ)ῶστις αθ ... ησ. MS. O se μετὰ φρεσί is verkieslik bo die onmetriese διατά, en δ’ is in ‘n eienaardige posisie, maar O se θ’ is ook nie bevredigend nie. Vir die korrupte laaste woord is ook geen algemeen aanvaarde oplossing gebied nie: Bergk se ἀθειρής (hy vergelyk ἀθειρίζω, ἐθειρίζω) lyk die beste, maar daar is geen sekerheid oor presies wat Theognis oorspronklik geskryf het nie. Vgl. die bespreking van Van Groningen 285–286.

734 ἐργάζοιτο: vir die opt. met εἴθε, vgl. Goodwin § 1507–1515.

ὀπιζόμενος: hier met die gen. θεῶν, in Hom. met die akkusatief.

735 αὐτόν: beklemtonend: ‘hyself’.

ἔπειτα: met die gedagte van opeenvolging: 'dán (daarna)'; vgl. LSJ s.v. ἔπειτα I; vgl. ook 747.

πάλιν τεῖσαι: = ἀντιτίνειν (740); vgl. παλίντιτα ἔργα, Hom. *Od.* 1, 379. Vir die vorm τει-, vgl. LSJ s.v. τίνω.

κακά: met τεῖσαι word die akk. gewoonlik gebruik vir die straf of vonnis wat betaal word, terwyl die genitief die ding waarvoor gestraf word, uitdruk; die akk. kom egter i.p.v. die genitief ook voor, soos hier; vgl. Hom. *Il.* 1, 42: τείσειαν Δαναοὶ ἐμὰ δάκρυα σοῖσι βέλεσσι; *Od.* 24, 352: ὕβριν ἔτισαν (vgl. *Il.* 21, 134; 11, 142); Aisch. *Ag.* 537: διπλᾶ δ' ἔτεισαν Πριαμίδαί θάμάρτια.

736 πατρὸς ἀτασθαλίας κτλ.: vir die gedagte, vgl. Solon fr. 1, 31–32D.

737 παῖδες: i.p.v. παῖδας (soos αὐτόν, 735 in 'n akk. en inf.-konstruksie), word die nom. gebruik in kongruensie met die bysin οἷτ' ... νοεῦντες ποιῶσιν (d.w.s. attraksie van die antesedent tot die naamval van die betreklike vnw.)

τὰ δίκαια: akk. by νοεῦντες en ποιῶσιν.

νοεῦντες: Ioniese sametrekking; vgl. φιλέοντες (739); τὰ δίκαια φιλεῦντες (385).

739 ἐξ ἀρχῆς: 'vanaf die begin' (Edmonds, Carrière, Garzya, Adrados); of 'in beginsel', 'geheel en al' (Van Groningen).

741 νῦν δ(έ): 'maar in werklikheid'.

743 καὶ τοῦτ': 'ook', 'en daarby', 'en verder', lei die argument in; vgl. bv. Aristoph. *Pl.* 8, 17.

744 ἀνήρ: nom. i.p.v. akk. deur attraksie na die betreklike vnw. ὅστις (= εἷ τις ἀνήρ).

745 κατέχων: (vir κατέχοντα; vgl. ἀνήρ): 'koester', met die primêre gedagte van 'besit', 'onderwerp', 'beheer', 'terughou' steeds teenwoordig; vgl. Van Groningen 289; Hudson-Williams 223.

μηθ': as nagedagte bygevoeg; vgl. Denniston s.v. τε I(4) (iii).

746 μή: 'tog', na μή en μήθ' (745): 'ten spyte van die feit dat ... nie'.

748 ἄξιοι(ο): die opt. potentialis met κε(v) (= ἄν).

749 τευ: = τινός (ook 750).

751 κεκορημένος: die passief van κορέννυμι neem die gen.: δαιτὸς κεκορήμεθα θυμὸν ἔτσης, Hom. *Od.* 8, 98; κεκορήμεθ' ἀέθλων, *Od.*

23, 350; κεκορημένος ἦτορ ἔδωδῃς, Hes. *Op.* 593; πολέμου ἐκόρεσθεν, Aristoph. *Pax* 1283; maar ook (alhoewel meer seldsaam) die datief: κριθαῖσι κορεσθείς, Theogn. 1269; ὕβρι, Hdt. 3, 80; κορέει κύνας .../ δημῷ καὶ σάρκεσσι, Hom. *Il.* 8, 379–380.

3. STRUKTUUR

3.1 Hierdie passasie (731–752) word as een gedig beskou (Edmonds, Diehl-Young, West), maar ook as twee (731–742 en 743–752) (Carrière, Van Groningen, Hudson-Williams). 'n Analise van die gedagtegang steun albei opvattinge, en bied dus geen oplossing nie.

3.2 SKEMA

- A 731–732a *Gnomê* in vorm van 'n wens:
Die gode verontagsaam skurke (ἀλιτροῖς) se ὕβρις.
- B 732b–36 *Versoek* (of téénwens): die skuldige moet vir sy daed boet en nie sy kinders nie.
- C 737–740 *Presisering*: sulke kinders wat die regverdiges bedink en doen, Zeus se toorn vrees en geregtigheid onder hul medeburgers liefhet, moet nie vir onregverdiges vaders se oortredings boet nie.
- D 741–742 *Herhaling* van teenwens: mag dít die gode se aandag geniet.
- E 742–743 *Die werklike situasie*: die skuldige ontsnap en 'n ander dra die gevolg (ongeluk).

3.3 Hierdie gedeelte vertoon 'n volledige eenheid met 'n direkte en duidelike gedagtegang. Vgl. Van Groningen 288. Die sentrale idee is dat die onregverdiges ongestraf floreer terwyl sy kinders ná hom daaronder ly. Woord- en gedagteherhalings voer die argument antiteties voort: τοῖς ... ἀλιτροῖς/ὕβριν ἀδεῖν (731–732) — σχέτλια ἔργα (733) — θεῶν μηδὲν ὀπιζόμενος (734) — πατρὸς ἀτασθαλίαι (736) — ἀδίκου πατρὸς (737) — ὑπερβασίην ... πατέρων (740) — ἔρδων/ἐκφεύγει (741–742) teenoor παισὶ γένοιτο κακόν (736) — παῖδες ... τὰ δίκαια νοεῦντες/ποιῶσιν (737–738) — σὸν χόλον ἄζόμενοι (738) — τὰ δίκαια μετ' ἄστοῖσιν φιλέοντες (739) — τὸ κακόν ... ἄλλος ... φέρει (742). Die geheel word omraam deur γένοιτο θεοῖς φίλα (731) en ταῦτα ... θεοῖς φίλα (741) en die opsommende νῦν δ' ὁ μὲν ἔρδων/... φέρει (741–742).

3.4 Die sentrale idee van die tweede gedeelte is dat die onskuldige en regverdige ongeluk verduur. Ook hier vind ons 'n logiese gedagtegang:

- F 743–746 *Vraag* na die regverdigheid van die onskuldige mens: Is dit dan nie onregverdig dat die regverdige man wat geen oortreding en geen skuldige eed koester, tog ly nie?
- G 747–752 *Gevolg*: die geloofwaardigheid van die gode word in twyfel getrek as die onregverdige in hoogmoed floreer maar die regverdige in armoede vergaan.

Die antitese van die δίκαιος teenoor die ἄδικος en hulle onderskeie 'belonings' is ook hier teenwoordig (744–747 en 751–752 teenoor 749–751). Maar die woordherhalings is met woorde in die eerste gedeelte: ὑπερβασίην (740, 745); ἀλιτροῖς (731) en ἀλιτρόν (745); ἄζόμενοι (738) en ἄζοιτο (748); ἀτασθαλίας (736) en ἀτάσθαλος (749); θεῶν μηδὲν ὀπιζόμενος (734), σὸν χόλον (738) en οὔτε τευ ἀθανάτων μῆνιν ἀλευόμενος (750); ὕβριν (732) en ὕβριζή (751). Hierdie herhaling is egter geen bewys vir die eenheid van die twee gedeeltes nie: dit kan ewewel dui op 'n latere toevoeging waarin die idee verder uitgebou is; vgl. Carrière 118. Van Groningen 290–291 se mening is onder die omstandighede die mees aanvaarbare: die twee gedeeltes is onafhanklike eenhede maar deel van 'n reeks, 'n groter geheel.

4. INTERPRETASIE

Die tema van die twee gedeeltes is die skynbare gebrek aan belangstelling by die gode om regverdigheid te beloon en onregverdigheid te straf. Dit is 'n verskynsel wat in Theognis se tyd (en ook in ander tye) van ekonomiese polarisering tussen rykes en armes al te sigbaar was: die onregverdiges gedy, die regverdiges gaan ten gronde. Maar die twee gedeeltes bied verskillende gesigspunte van die tema. Reëls 731–742 fokus op die verskynsel dat die onregverdiges ongestraffloreer en in hoogmoed hulle sukses geniet; terwyl ander, veral hul kinders, daarvoor boet; reëls 743–752 stel die teenoorgestelde: die regverdiges en onskuldiges kry van die gode geen beloning nie, maar word deur armoede oorweldig. Ons merk dat Theognis die geluk en ongeluk van die onregverdiges en regverdiges onderskeidelik in terme van geldelike welvaart en sukses meet.

Dit is al genoem dat Theognis die eerste Griekse skrywer was om teen hierdie verskynsel in die menslike bestaan te protesteer (Croiset, aangehaal deur Carrière 118); Carrière onderskryf die oorspronk-

likheid en die eenvoud en direktheid (téén Kroll se kritiek van losse komposisie) van Theognis in hierdie reëls; vgl. ook oor reëls 197–208).

LITERATUUR

Carrière 118–119.

Hudson-Williams 222–223.

Van Groningen, *Theognis* 284–291.

(WJH)

(1) REËLS 825–830

Treur oor julle vaderland in gevaar

Πῶς ὑμῖν τέτληκεν ὑπ' αὐλητῆρος αἰεῖδεν 825
 θυμός; γῆς δ' οὔρος φαίνεται ἐξ ἀγορῆς,
 ἥτε¹ τρέφει καρποῖσιν ἐν εἰλαπίναις φορέοντας²
 ξανθῆσιν³ τε κόμαις⁴ πορφυρέους στεφάνους.
 Ἄλλ' ἄγε δῆ, Σκύθα, κείρε κόμην, ἀπόπανε⁵ δε κῶμον,
 πένθει δ' εὐώδη χώρον ἀπολλύμενον. 830

1. VERSMAAT

Elegiese versmaat met vokaalverkorting van -αι in φαίνεται (826) — vgl. Rupprecht, *Einführung in die griechische Metrik*, München 1950, p. 19. Vgl. by Arch. fr. 7D vir dié versmaat.

2. KOMMENTAAR

825 ὑμῖν: datief van besit. Uit die verband blyk dat die 'julle' 'n groep sumposion-gangers is.

αὐλητῆρος: nie 'fluit' nie (Wender, Adrados e.a.), maar fluit-speler. Vgl. Van Groningen 211.

1. codd.: ἥ τε West

2. codd.: ῥοφέοντας Edmonds

3. codd.: ξανθαῖς ἀμφί Schneidewin

4. codd.: κεφαλαῖς Carrière: πλοκάμους Morel

5. corr. A^f: ἀπόπανε A

- 826 (τέτληκεν) θυμός: vgl. Hom. *Il.* 1, 227: τέτληκας θυμῶ, en *Od.* 18, 135: τετληότι θυμῶ en kommentaar by Arch. fr. 7D en 67a D. Hier is die θυμός egter die subjek, soos by Arch. fr. 67a D.

οὔρος: Ionies vir ὄρος.

